# DIE ONTPLOOIING VAN DIE SOSIALISERINGSPROSES BINNE ENKELE SUBSISTEME VAN DIE SAMELEWING

deur

JAN HENDRIK VAN DEN BERG M.A.(T.H.O.D.)

Proefskrif ingedien ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

In die Departement Sosiologie en Kriminologie aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Promotor: Prof. dr. J.P. van der Walt

Potchefstroom
Januarie 1977

## VOORWOORD

By die afhandeling van hierdie navorsing, betuig ek my hoogste dank aan die Here vir Sy genade.

Dit is 'n aangename voorreg om my promotor, prof. dr. J.P. van der Walt, hoof van die Departement Sosiologie en Kriminologie aan die P.U. vir C.H.O. te bedank vir sy hulp en leiding met die aanvanklike beplanning, die skryf en die voltooiing van hierdie proefskrif. Ek is hom ook innig dankbaar dat hy my belangstelling gewek het vir en my aan= dag gevestig het op die kennisbydrae wat die opvoedkundige sosiologie te lewer het tot die sosiologie en die opvoeding in die algemeen.

Die vriendelike hulpvaardigheid en hartlike medewerking van die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek - in besonder mnr. C.J.H. Lessing en mev. E. Kilian, word be= sonder hoog op prys gestel.

Voorts verdien die tegemoetkomendheid en belangstelling van my kollegas in die Departement Sosiologie en Kriminologie aan die P.U. vir C.H.O. vermelding. In die besonder erken ek die deurgaanse besielende belangstelling van dr. J.E. Kruger - senior lektor in die departement.

'n Dankwoord aan my voogouers, mev. en wyle prof. J.H. van Wyk deur wie se onbaatsugtige toedoen ek in staat gestel is om my akademies tot hiertoe te bekwaam. Ek bring in

dankbare herinnering die vormende invloed wat hulle op my lewe gehad het.

Aan my vrou Marie en die kinders sê ek baie dankie dat hulle in stilte veel ontbeer het tydens my studie.

Die vertroue is dat hierdie navorsing 'n bydrae - hoe beskeie en gebrekkig dit ookal mag wees - sal lewer tot die bestaande opvoedkundig-sosiologiese kennissisteem.

Die skrywer

Potchefstroom
Januarie 1977

## INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD (i)

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 1 |
| 2. | Die sosiologiese aard van die onderwerp | 3 |
| 3. | Die omvang van die probleem | 6 |
| 4. | Afbakening van die studieterrein en die doel van die navorsing | 9 |
| 5. | Metode van ondersoek | 13 |
| 6. | Enkele probleme ervaar tydens die navorsing | 13 |
| 6.1 | Begripsontleding | 14 |
| 6.2 | Reduksie | 14 |

HOOFSTUK 2

HOOFLYNE VAN DIE PRE-SOSIOLOGIESE ONTWIKKELING VAN DIE SISTEEMTEORIE

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 15 |
| 2. | Die formulering van 'n algemene sisteemteorie | 18 |
| 3. | Regmatige plek van die sisteembegrip in die definisie van die sosiologie | 22 |
| 4. | Ontwikkeling van die sosiologiese sisteem=teorie in die pre-sosiologiese tydperke | 24 |
| 4.1 | Die Grieke | 24 |
| 4.1.1 | Die individu in die samelewingsisteem | 25 |
| 4.1.2 | Die organismiese model | 26 |
| 4.2 | Die Romeinse denke | 30 |
| 4.2.1 | Samelewingsleer van die Romeine | 30 |

4.2.2 Kosmopolitanistiese en makro-sisteembegrip 32
4.3 Die vroeg-Christelike sosiale denke 34
4.3.1 Universele ekumenisiteit 35
4.3.2 Die sisteembegrip in die Koninkryksbeskouing 36
4.3.3 Die organiese analogie in die Koninkryksbe= skouing 37
4.4 Die middeleeuse sosiale denke 40
4.4.1 Die ordebegrip in die samelewingsleer van die skolastici 40
4.4.2.1 Augustinus (354-430 n.C.) 42
4.4.2.2 Johannes van Salisbury (1115-1180) 43
4.4.2.3 Thomas Aquinas (1125-1274) 44
4.5 Die tydperk van die renaissance 45
4.6 Die tydperk van die verligting 48
4.6.1 Die natuur-analogie: die meganiese kousaliteit as sisteem 48
4.6.2 Die meganiese kousaliteit as sisteem 49
5. Samevatting 52

HOOFSTUK 3

DIE SOSIOLOGIESE ONTWIKKELING VAN DIE SISTEEMTEORIE

1. Inleiding 55
2. Die samelewingsleer van die pioniers in die sosiologie 56
2.1 Auguste Comte (1789-1857) 56
2.2 Herbert Spencer (1820-1903) 61
2.3 Resente organisiste 66
2.4 Enkele absurditeite in die organismiese ana= logie 68
2.5 Die bydrae van Spencer se organisisme tot die struktuur-funksionalisme in die sosiologie 71

| | | |
|---|---|---|
| 2.5.1 | Struktuur en funksie | 71 |
| 2.5.2 | Die aansluiting tussen die organismiese analogie en die struktuur-funksionalisme | 77 |
| 2.5.3 | Beslag van die sisteembenadering of -teorie binne die struktuur-funksionalisme | 82 |
| 3. | Die huidige stand van die sisteem-begrip: die Parsoniese konsepsie | 93 |
| 4. | Samevatting | 100 |


HOOFSTUK 4

ANALISE VAN DIE SOSIOLOGIESE SISTEEMTEORIE IN SY HUIDIGE STAND


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 104 |
| 2. | Kenmerke van sosiale handeling | 105 |
| 3. | Groep, kollektiwiteit en sisteem | 108 |
| 4. | 'n Struktuur-funksionele analise van die sosiale sisteem | 115 |
| 4.1 | Struktuur van die sosiale sisteem | 115 |
| 4.1.1 | Status, posisie en rol | 115 |
| 4.1.2 | Rolle | 122 |
| 4.1.2.1 | Die begrip *rol* in historiese perspektief | 123 |
| 4.1.2.2 | Die rolbegrip: enkele definisies en verwante fasette | 124 |
| 4.1.2.3 | Rolgedrag of rolprestasie | 127 |
| 4.1.2.4 | Rolvariasie: formele en komplementêre rol | 130 |
| 4.1.2.5 | Rolkonflik | 133 |
| 4.1.2.6 | Rolversterking | 141 |
| 4.1.3 | Norme | 143 |
| 4.1.3.1 | Sosiale norme | 144 |
| 4.1.3.2 | Enkele nadere omskrywings van norme | 144 |
| 4.1.3.3 | Die funksies van norme | 146 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.1.3.4 | Norme en sanksies | 146 |
| 4.1.3.5 | Die bron en gesag van norme en die rol van die lewensbeskouing | 147 |
| 4.1.4 | Waardes | 153 |
| 4.1.4.1 | Waardes en die kultuur | 153 |
| 4.1.4.2 | Enkele omskrywings van *waardes* | 155 |
| 4.1.4.3 | Die funksies van waardes | 158 |
| 4.1.4.4 | Gevolgtrekking | 159 |
| 4.1.5 | Groepe, sub-groepe of kollektiwiteite | 160 |
| 4.2 | Die funksies van sosiale sisteme | 166 |
| 4.2.1 | Die funksie-begrip | 166 |
| 4.2.2 | Basiese werking van die sosiale sisteem | 168 |
| 4.2.3 | Funksionele differensiasie op makro- en mikro-vlak | 171 |
| 4.2.4 | Die funksionele probleme afsonderlik beskou | 173 |
| 4.2.4.1 | Die funksie van patroonhandhawing en span=ningsbeheer | 173 |
| 4.2.4.2 | Die funksionele probleem van doelbereiking | 176 |
| 4.2.4.3 | Die funksionele probleem van adaptasie of aanpassing | 177 |
| 4.2.4.4 | Die funksionele probleem van integrasie | 178 |
| 4.3 | Mikro- en makro-strukturele en funksionele subsisteme | 180 |
| 5. | Samevatting | 184 |


HOOFSTUK 5

DIE SOSIALISERINGSPROSES AS FUNKSIONELE SOSIALE SUBSISTEEM


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 189 |
| 2. | Enkele omskrywings van die begrip sosialise=ring | 190 |
| 3. | Voortvloeiende aspekte nader belig | 197 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Internalisering | 197 |
| 3.2 | Die plastisiteit of vormbaarheid van die kind | 200 |
| 3.3 | Die gepatroneerdheid van sosialisering | 202 |
| 3.4 | Sosialisering as leerproses | 204 |
| 3.5 | Die betekenis van sosialisering vir die individu | 211 |
| 3.6 | Die universaliteit van die pedagogiese werk= saamheid en die taak van die samelewing t.o.v. die opvoedkundige lewensterrein | 216 |
| 4. | Sosialisering as funksionele subsisteem | 225 |
| 5. | Die struktuur van die samelewing | 229 |
| 5.1 | Die skeppingsorde | 230 |
| 5.1.1 | Die natuurryk en kultuurryk | 231 |
| 5.1.2 | Kosmiese dimensies | 231 |
| 5.1.2.1 | Die kosmiese dimensie van modaliteite | 232 |
| 5.1.2.2 | Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture | 235 |
| 5.1.2.3 | Die kosmiese dimensie van waardes | 236 |
| 5.1.2.4 | Die kosmiese dimensie van gebeure of gebeur= tenisse | 237 |
| 5.2 | Die sosialiseringsgebeure binne die samele= wingsorde | 238 |
| 5.3 | Sosialisering binne 'n spesifieke samelewing of gemeenskap | 244 |
| 6. | Die bydrae van enkele sosiale prosesse tot die ontplooiing van die sosialiseringsgebeure in die samelewing | 252 |
| 6.1 | Wisselwerking of interaksie | 252 |
| 6.2 | Die sosiale proses van verandering | 259 |
| 6.3 | Die sosiale proses van kultuurvorming | 263 |
| 6.3.1 | Wat is kultuur? | 264 |
| 6.3.2 | Gevolgtrekking | 269 |
| 6.3.3 | 'n Christelike kultuurbeskouing | 271 |

6.3.3.1 Kultuurvorming as puur menslike aktiwiteit 271
6.3.3.2 Kultuurvorming is roepingsvervulling in opdrag van God 273
6.3.3.3 Kultuur en die sonde 273
6.3.3.4 Kultuur en godsdiens 275
6.3.3.5 Kultuur en die verskeidenheidsbeginsel 276
7. Samevatting 278

## HOOFSTUK 6

## DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE HUISGESIN AS STRUKTURELE SUBSISTEEM

1. Inleiding 282
2. Omskrywing van die huisgesin 284
3. Die unieke struktuur van die huisgesin 287
3.1 Bestemmings- en funderingsfunksie 288
3.2 Die gesinsgesagstruktuur 290
4. Die funksies van die huisgesin 292
4.1 Interne en eksterne funksies 292
4.2 Kern- en periferale funksies 295
5. Die opvoedingstaak van die huisgesin 299
6. Die huisgesin as sosiale sisteem 305
6.1 Basiese strukturele rolverdeling in die huisgesin 306
6.2 Die funksionele probleme van die huisgesin as sosiale subsisteem 309
6.3 Die fases of stadia in die ontplooiing van die sosialiseringsgebeure 312
6.3.1 Die oraal-afhanklikheidstadium gepaard met die orale krisis of geboorte 313
6.3.2 Die liefdegehegtheidstadium gepaard met die anale krisis 314

| | | |
|---|---|---|
| 6.3.3 | Die latente fase gepaard met die oedipale krisis: die betekenis van identifikasie | 317 |
| 6.3.4 | Die volwasse- of genetaliteitsfase gepaard met die adolessensiekrisis | 324 |
| 7. | Leertoestande of -voorwaardes | 326 |
| 7.1 | Diskriminasie | 327 |
| 7.2 | Vergoeding/beloning en straf | 328 |
| 7.3 | Beheer oor die effekte van frustrasie | 329 |
| 8. | Samevatting | 331 |


HOOFSTUK 7

DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE SKOOL AS STRUKTURELE SUBSISTEEM

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 334 |
| 2. | Omskrywing van die skool | 336 |
| 3. | Ontleding van die skool | 338 |
| 3.1 | Struktuur van die skool | 338 |
| 3.2 | Die gesagstruktuur van die skool | 341 |
| 3.3 | Kenmerke van die Christelike skool | 342 |
| 3.4 | Die funksies van die skool | 344 |
| 4. | Die sosialiseringstaak van die skool | 348 |
| 4.1 | Rolontsluiting deur die skool as sosiale subsisteem | 350 |
| 4.2 | Die identifikasieprogram in die skool | 357 |
| 5. | Samevatting | 360 |


HOOFSTUK 8

DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE KERK AS STRUKTURELE SUBSISTEEM

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 364 |

2. Wat is die kerk? 366
3. Die struktuur van die kerklike instituut 370
4. Die gesagstruktuur van die kerk 372
5. Die funksies van die kerk 372
5.1 Die Koninklike amp 373
5.2 Die Profetiese amp 374
5.3 Die Priesterlike amp 374
5.4 Die amp van die gelowige 374
6. Die kerk as sosiale sisteem 374
6.1 Mikro-sosiologies 375
6.1.1 Struktuur of strukturele komponente 375
6.1.2 Funksionele probleme 376
6.1.2.1 Patroonhandhawing en spanningsbeheer 376
6.1.2.2 Doelbereiking 377
6.1.2.3 Adaptasie of aanpassing 377
6.1.2.4 Integrasie 377
6.2 Makro-sosiologies 378
7. Die sosialiseringstaak van die kerk 378
8. Samevatting 389

HOOFSTUK 9

SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING

1. Inleiding 393
2. Inhoudelike oorsig 395
2.1 Die historiese ontwikkeling van die sisteem=teorie 395
2.2 Teoreties-prinsipiële uiteensetting 401
2.2.1 Algemene sisteemteorie 401
2.2.2 Die sosiologiese sisteemteorie en sosiali=sering 402

| | | |
|---|---|---|
| 2.3 | Empiries: die sosialiseringstaak van die huisgesin, skool en kerk | 408 |
| 3. | Bevindings en aanbevelings | 409 |
| 4. | Ten slotte | 413 |

FIGURE

| | | |
|---|---|---|
| Figuur 1: | Funksies in sosiale sisteme | 170 |
| Figuur 2: | Rolverdeling in die huisgesin | 308 |

BRONNELYS 415

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1. INLEIDING

Die hedendaagse samelewing kom al meer en meer in die greep van verwarring, ontreddering, en ontgogelende wanorde op alle lewensterreine en wat uiteindelik kulmineer in matelose en ontsenuende ellende en 'n troostelose gees van defaitisme. Sedert die sondeval is die mens gekonfronteer met sy eie sondige natuur en sy eie onvolkomenheid wat aangeblaas word deur die omringende en benouende destruktiewe mag van die sonde wat hom daagliks in 'n rykdom van herkenbare en on=herkenbare gedaantes voordoen.

In hierdie in sonde vervalle wêreld en samelewing, staan die Christen-mens egter ook gekonfronteer met 'n Goddelike mandaat om te beheers, te bewerk en te bewaak. Dit is 'n positiewe opdrag aan die individuele mens om kultuurskepper, kultuurdraer en kultuurhandhawer te wees, maar ook aan die groepe of verbande waarin hy hom bevind. Die mens moet hom dus ook kollektief hiervoor beywer. As aksiesentrum mag die mens hom dus nie in askese afsonder nie. Al is hy nie *van* hierdie wêreld nie, is hy immers *in* hierdie wêreld. As aksiesentrum is die mens nie maar soos 'n klip in die wêreld nie. Dit is *hier* waar sy roeping tot hom kom. Positief is die Christen-mens en sy basiese groepe en in=stellings dus *antiteties*, d.w.s. *reformatories* ingestel teenoor sy wêreld.

Wesenlik beteken dit dat elke Christen *opvoeder* is en dat elke samelewingsverband 'n opvoedingstaak het. Die mens moet egter allereers die stryd teen sy eie verdorwenheid en onvolkomenheid aansê en oorwin. Hy moet derhalwe eers *self* opgevoed word alvorens hy hom in sy opvoedingsroeping tot die wêreld en andere kan wend.

Hierdie *opvoeding* is 'n sosiale aktiwiteit wat nie vanself en uit jouself outomaties ontplooi nie. Dit geskied primêr in groepsverband en staan in die sosiologie bekend as *sosialisering* - 'n gebeure wat universeel in die tyd, d.w.s. van die wieg tot die graf duur en in die ruimte, d.w.s. in *alle* tussenmenslike kontakte voltrek word. Dit begin by die wieg: "Die kind as afhanklik, hulpbehoewend, onvolwasse, onvolmaak en sy bestemming is volwassenheid, selfstandig= heid, volkome toegerustheid vir elke goeie werk, heiligheid sodat hy as mens God sal vrees en dien en verheerlik". (Van der Walt, s.j., p.3).

Die mens word dus aan die begin van 'n lang en komplekse lewe gestel - 'n lewe wat hoë eise aan hom gaan stel en om hierdie lewe te kan leef, waarlik te kan leef, volgens sy roeping, moet hy leer en opgevoed, d.w.s. gesosialiseer word.

As motivering vir hierdie navorsing het die vraag gedien hoedat die sosiologie 'n bydrae kan lewer om die omvattende opvoedingsverskynsel ***sistematies*** te bestudeer en in die proses sekere moontlike knelpunte en leemtes bloot te lê.

Hierin stel die navorser hom op die Christelike standpunt, met erkenning van die feit dat daar ook ander uitgangspunte bestaan waarin sekere nuttige en bruikbare waarheidsmomente opgesluit is en waarvan ook gebruik gemaak is waar en indien van toepassing.

## 2. DIE SOSIOLOGIESE AARD VAN DIE ONDERWERP

Dat die sosiologie in die opvoedingsverskynsel geïnteres= seerd behoort te wees en ook inderdaad is, behoef weinige indien enige betoog. Hiervan getuig die magdom sosiologiese lektuur oor hierdie onderwerp. Nie slegs getuig die enorme hoeveelheid sosiologiese navorsing wat in hierdie verband gedoen is en steeds gedoen word van die intense belang wat die sosiologie by die sosialiseringsverskynsel het nie, dog gaan daar 'n appèl, hoewel soms implisiet, uit van die hulp= wetenskappe van die sosiologie, selfs van die opvoedkunde, om die opvoedingsverskynsel in sosiologiese konteks te be= studeer.

Die belangstelling van die sosiologie in die opvoedings- en sosialiseringsgebeure, word verder na sy duidelikste geïl= lustreer deur die totstandkoming van die opvoedkundige sosiologie, of beter gestel, die *sosiologie van die opvoeding* as 'n aspeksosiologie.

Ten einde hierdie stelling toe te lig, word 'n kort uiteen= setting gegee van die studieterrein van die sosiologie soos vervat is in wat bekend staan as die ensiklopedie van die

sosiologie:

Die probleem van die individualiteit van die samelewings=vorme, die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurte=nisse, d.w.s. van hulle individuele struktuur, is die tipiese terrein van die werksaamheid van die sosiologie. In die lig hiervan definieer Van Dijk (s.j., p.17) dan die sosiologie as "wetenschap van de feiten der menselijke samenleving *als zodanig*, van het groepsleven *als zodanig*, van het *wezen* der groepsvormen etc.".

Hierdie definisie omlyn die studieterrein van die sosiologie na sy wydste en wys heen na die ensiklopedie van die sosio=logie wat uiteenval in drie hoofafdelings (Van Dijk, s.j., p.207-208), naamlik:

- Die wysgerige sosiologie wat die teorie is van die normatiewe struktuurprinsipes met hulle onderlinge verhouding en samehang.

- Die positiewe sosiologie of teorie van die posi=tiewe samelewingsvorme wat tot taak het die onder=soek na die verskeidenheid vorme binne die same=lewing in hulle dinamiese bestaan, onderlinge vervlegting en beïnvloeding soos hulle deur menslike aktiwiteit tot stand kom en onderhou word. Die positiewe sosiologie word verder onderverdeel in die sosiografie en die positiewe sosiologie in engere sin.

- Die spesiale sosiologieë, aspeksosiologieë of toegepaste sosiologieë wat bepaalde aspekte bestudeer, of anders gestel, hulle rig hulle studie tot 'n besondere lewensterrein, d.w.s. aspekte van die sosio-kulturele werklikheid soos die van die godsdiens, die ekonomie, die reg, die kultuur, taal, kuns, onderwys e.d.m. en ondersoek hierdie aspekte binne en vanuit die totaliteit van die samelewingsvorme.

'n Aspeksosiologie of spesiale sosiologie rig die aandag gevolglik in die eerste plek nie op die totaal van die samelewing sonder meer nie, maar op 'n bepaalde aspek en in 'n bepaalde deur daardie aspek gekwalifiseerde lewensterrein; dus op 'n bepaalde sektor van die samelewingsmosaïek.

Die opvoedkundige sosiologie as 'n spesiale sosiologie, waarom dit in hoofsaak in hierdie navorsing gaan, rig der=halwe sy aandag op die *pedagogiese* werksaamheid binne die samelewing, d.w.s. die verhoudinge, handelinge en gebeurte=nisse wat daaruit voortvloei en waarbinne sekere groepe meer bepaald as sosiale sisteme na struktuur en funksie hulle opvoedingstaak verrig. Verder die invloed van die wissel=werking tussen hierdie groepe op die samelewingstotaliteit en kultuur en die rol van die norme en die feite in hierdie verband.

## 3. DIE OMVANG VAN DIE PROBLEEM

Die probleem m.b.t. die ontplooiing van die sosialiserings=gebeure sentreer in die sosiologie veral om vyf fasette:

3.1 Eerstens gaan dit in die bestaande navorsing en literatuur, veral die Amerikaanse literatuur, hoofsaaklik om die pragmatistiese van die doeldienlike van die sosia=liseringsgebeure as normatiewe aktiwiteit of handeling. Die sosialiseringsgebeure word dus, getrou aan die soge=naamde neutraliteitspostulaat (Johnson, 1971, p.2), asmede onder invloed van die positivistiese eksperimentalistiese metode, veelal as 'n sogenaamde *proses* bestudeer.

3.2 Ten spyte van die uiters bruikbare en toepaslike, epogmakende struktuur-funksionele sosiologiese sisteemteo=rie, word dit as 'n gemis aangevoel dat hierdie teorie se toepassingsmoontlikhede nog nie voldoende ontgin en geëksploiteer is in soverre dit die ontleding van die siste=matiese ontplooiing van die sosialiseringsgebeure in en deur die verskillende sosiale sub-sisteme in die samele=wingstotaliteit betref nie.

3.3 Derdens het die gedagterigting dat alle vorme van opvoeding, waarby onderwys ingesluit is, kognitiewe *leer* veronderstel en dat die kenakte nie slegs vir verstandelike ontwikkeling gereserveer is nie, nog nie voldoende inslag gevind nie. *Alle* vorme van onderwys en opvoeding gaan dus gepaard met die bybring of bemeestering van die een of

ander vorm van kennis, kundighede en vaardighede. By die vorming hiervan speel nie net kenaanleg, kentalente, ken=aktes en kenfunksies 'n rol nie, maar die *hele* mens met sy liefde, begeerte, wilsvolharding, vertroue, hoop, blydskap en teleurstellings (Stoker, 1969, p.279).

3.4 Vierdens word die sosiologiese beskouing van die pedagogiese werksaamheid in sy universaliteit in die same=lewing dikwels oorsien. Dit is so dat oral waar daar mense is, is daar sprake van kontak, d.w.s. van wisselwerking of interaksie, van mense wat leiding gee aan mense wat leiding aanvaar. Hierdie leiding wat aanvaar word, gaan immer gepaard met 'n sekere soort en hoeveelheid *kennis*, wat verskillende vorme van onderwys en deel van die opvoedings=gebeure is. Enkele skrywers stel hierdie universele gebeure en aktiwiteit direk en indirek, bewustelik en onbewustelik, formeel en informeel soos volg: "All contacts are parts of a process of education" (Hayes, 1928, p.652) en "education touches life at every point" (Ottaway, 1964, p.5). Ten basis van hierdie proses lê die fundamentele faktor van gesag in die opvatting van die universaliteit van die peda=gogiese werksaamheid.

In hierdie verband moet duidelik onderskei word tussen 'n volwassene wat leer aan die een kant en 'n onvolwasse kind wat leer aan die ander kant. By die kind dien die akkumula=tiewe kennis, kundighede en vaardighede vir verstandelike en persoonlikheidsontwikkeling. By die volwassene is dit ook leiding wat gegee en ontvang word, dog die volwassene word

nie *slimmer* in die sin en betekenis as die skoolkind nie; die volwassene *oriënteer* hom volgens hierdie kennis, kun= dighede en vaardighede en pas dit toe in sy praktiese lewensituasies. In alle gevalle lê die gesagsfaktor ten grondslag van die proses van leiding wat gegee en aanvaar word. 'n Verruiming van die opvoedkundige definisie van opvoeding as *afhandelbare* gebeure is dus hier van toepassing. Die sosiologie verbreed die horisonne van die opvoedingsge= beure in hierdie verband aansienlik. Gielen (1968, p.36) illustreer dit aan die hand van die volgende indeling:

- <u>Sosiopedagogiek (opvoedkundige sosiologie):</u>
  Hierdie onderafdeling omvat die sosiale aspek vir sover dit voorkom in en *spesifiek* is vir groepe wat permanent van aard is soos die gesin, staat, kerk, e.d.m. In hierdie groepe is nie alleen sprake van *saam-werk* nie, maar meer nog van *saam-leef*.

- <u>Globopedagogiek:</u>
  Dit omvat die sosiale aspek vir sover dit sig vertoon in en spesifiek is vir die losse, min of meer toeval= lige en nie-nouliks permanente groepe, soos sport, vrye tyd in die algemeen en nuwe vorme van skool of skoling soos die bedryfsjeug e.d.m.

- <u>Andragogiek:</u>
  Dit omvat die sosiale aspek vir sover daar in welke opsig ookal met *nog-nie-volwassenes* te make is wat daarom pedagogiese steun verlang, o.a. volwasse vorming in die algemeen.

- Kultuurpedagogiek:
  Hierdie onderafdeling omvat die sosiale aspek vir sover dit enersyds die kultuurskepping beïnvloed en andersyds via 'n algemeen aanvaarde kultuurpatroon pedagogiese sisteme vaslê.

3.5 Laastens moet gewys word op die oorbeklemtoning van die sogenaamde *funksieverlies* van die huisgesin. Meer knelpunte as wat dit regverdig, word op die drumpel van hierdie verskynsel gelê waardeur dit tot skuifmeel verhef word vir iedere knelpunt en wanpraktyk in die gesinslewe. Toegegee dat daar wel 'n *funksieverskuiwing* t.o.v. die huis=gesin plaasgevind het, het die sosiologie nietemin juis 'n ontsaglike taak om naamlik teen die Amerikaanse geïnstigeerde teorie van relativering van die huisgesin tot aan die grense van 'n nulliteit toe, luidkeels aan die hand van Skrif en belydenis en daaglikse belewing die onontneembare en onver=vreembare regte en funksies van die huisgesin te bly ver=kondig (Duvenage, 1971, p.16).

## 4. AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN EN DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die titel van hierdie proefskrif impliseer 'n afbakening van die studieterrein en wel om die volgende redes:

4.1 Uit die aard van die universele omvang van die pedago=giese werksaamheid in die samelewing en kultuur, was afba=kening van die studieterrein onvermydelik.

4.2 Aangesien van die sosiologiese sisteemteorie gebruik gemaak is, impliseer dit reeds dat die sosialiseringsge= beure slegs nagevors sal word soos wat dit *sistemies*, d.w.s. binne en deur permanente sosiale sisteme of samelewings= vorme ontplooi. Selfs in hierdie verband was verdere af= bakening nodig en aangesien in die strukturele orde van die samelewing veral drie samelewingstrukture, naamlik die huis= gesin, die kerk en die skool en tot 'n mindere mate die staat e.a. hulle besig hou met die opvoedende werksaamheid (Van der Walt, 1959, p.250), is slegs eersgenoemde drie samelewingsvorme aan 'n sistemiese analise onderwerp ten einde aan te toon hoedat hulle afsonderlik en gesamentlik hulle opvoedings- en sosialiseringstaak volvoer.

4.3 Soos reeds aangetoon, lê hierdie probleemstelling binne die studieterrein van die opvoedkundige sosiologie en is dit derhalwe 'n *aspek-sosiologiese* navorsing wat dus reeds 'n afbakening veronderstel.

Met betrekking tot die doel van hierdie navorsing, val dit uiteen in 'n algemene, verwyderde en besondere doel.

Die algemene doel is om aan te toon hoedat hierdie navorsing 'n kennisbydrae tot die sosiologie in die algemeen te lewer het. Op die sosiologiese aard van die probleem is trouens reeds gewys in die vooraf= gaande.

Die verwyderde doel is om aan te toon hoedat hierdie

navorsing die bestaande kennis van die opvoedkundige sosiologie as 'n aspeksosiologie verruim. Verder word aangetoon hoedat die krisis in die samelewings= totaliteit en kultuur vanweë knelpunte op die opvoed= kundige lewensterrein in wisselwerkende beïnvloeding met die huisgesin, kerk en skool ervaar word en onder meer gemanifesteer word in gesags- en ander probleme waarvoor die hele samelewing as klankbord dien en die rimpels op feitlik alle lewensterreine te bespeur is.

Die onmiddellike doel is om aan te toon hoedat die sosialiseringsgebeure of -proses in die samelewing en kultuur binne bogenoemde samelewingsvorme as sosialise= rende instansies, waartoe hulle tewens uitstekend toe= gerus is, op teoreties-wetenskaplike wyse deur die sosiologiese sisteembenadering bestudeer kan word om sekere vraagstukke aan die kaak te stel en moontlike oplossings daarvoor aan te bied.

Ten einde die sosiologiese sisteemteorie in perspektief te plaas, moes die beslag en ontwikkeling daarvan in hooflyne nagespeur word tot in die hede en 'n uiteenset= ting gegee word van die huidige stand van die teorie. Vervolgens is die sosialiseringsgebeure as funksionele sub-sisteem van die samelewing ontleed en ten slotte is gewys op die sosialiseringstaak van die huisgesin, skool en kerk as strukturele sub-sisteme van die samelewing binne die raamwerk van die opvoedkundige funksionele sub-sisteem van die samelewing.

Ten einde aan bostaande doel uitvoering te gee, is die gegewens tematies om drie grondgedagtes, d.i. histo= ries, teoreties en empiries met ter sake hoofstukke, soos volg gerangskik:

Hoofstuk 1:

Inleiding en probleemstelling

HISTORIES:

Hoofstuk 2:
Hooflyne van die pre-sosiologiese ontwikkeling van die sisteemteorie

Hoofstuk 3:
Die sosiologiese ontwikkeling van die sisteemteorie

TEORETIES:

Hoofstuk 4:
Analise van die sosiologiese sisteemteorie in sy huidige stand

Hoofstuk 5:
Die sosialiseringsproses as funksionele sub-sisteem

EMPIRIES:

Hoofstuk 6:
Die sosialiseringstaak van die huisgesin as struk= turele sub-sisteem

Hoofstuk 7:

Die sosialiseringstaak van die skool as struktu=rele sub-sisteem

Hoofstuk 8:

Die sosialiseringstaak van die kerk as strukturele sub-sisteem

Hoofstuk 9:

Samevattende slotbeskouing.

## 5. METODE VAN ONDERSOEK

In hoofsaak is hierdie navorsing die resultaat van litera=tuurstudie waarin gebruik gemaak is van boeke, wetenskaplike tydskrifartikels, proefskrifte en verhandelings om die ken=nis van die onderwerp op te diep.

Kompilasie is gebruik om die kennis en gegewens uit die lite=ratuurbronne saam te voeg. Die doel hiervan is om ook insig en perspektief te verkry uit die bestaande bronne van inlig=ting en dit wetenskaplik tot 'n eenheidsbeeld te voeg, ten einde tot 'n sintese van die reeds bestaande en beskikbare kennis van die studie-onderwerp te kom.

## 6. ENKELE PROBLEME ERVAAR TYDENS DIE NAVORSING

Die belangrikste probleme wat met die navorsing ervaar is, kan tot twee gereduseer word, naamlik:

## 6.1 Begripsontleding:

Begrippe is sover moontlik in die teks ontleed. Hier was die probleem egter ook van tweërlei aard:

Eerstens is moeite ondervind om suiwer Afrikaanse ekwivalente vir sekere begrippe op te spoor of te skep.

Tweedens opereer die sosiologie uiteraard onder andere met begrippe waarvan die betekenisse meerduidig of meersinnig is vanweë òf populêr-onwetenskaplike om=gangsbetekenisonderskeidings òf vanweë die multi-dissiplinêre gebruik en hantering daarvan, waardeur aan 'n begrip 'n bepaalde vakwetenskaplike betekenisonder=skeiding toegeken word. As gevolg van hierdie twee redes verg sommige begrippe dikwels 'n nadere kwalifi=sering. In hierdie gevalle moes die betekenis daarvan in sosiologiese konteks omskryf of verklaar word. Begrippe wat in hierdie verband genoem kan word, is onder andere: *rol, status, rolbesetting* of *-repertoire, struktuur, funksie, waardes, norme* e.d.m.

## 6.2 Reduksie

'n Tweede probleem is ondervind om nie te swig voor die versoeking om vanweë die wydlopendheid van vele sub-temas verstrik te raak in interessante, dog vir die onderhawige tema, irrelevante dwaaltemas nie. Moeite is gevolglik onder=vind om prioriteitseleksies uit sub-temas te maak en dit te reduseer sonder om van die hoofmomente te elimineer in die proses.

## HOOFSTUK 2

## HOOFLYNE VAN DIE PRE-SOSIOLOGIESE ONTWIKKELING VAN DIE SISTEEMTEORIE

### 1. INLEIDING

Ten aanvang slegs 'n opmerking, naamlik dat aangesien die sisteembenadering in hierdie navorsing 'n prominente plek inneem in die analise en oplossing van vraagstukke wat rondom die sosialiseringsproses figureer, is dit gepas dat besondere aandag aan die begrip en opvatting van *sisteem* in 'n volle hoofstuk gegee word en by name wel in sy histo= riese konteks d.m.v. analogieë en daarna in sosiologiese konteks, vereers deur die hooflyne van die pre-sosiologiese ontwikkeling van die sisteemteorie na aanleiding van ana= logieë in die verskillende tydvakke in die menslike ge= skiedenis.

Selfs wanneer die algemeen-semantiese gebruiksveld van die woord *sisteem* blootgelê word, d.w.s. sonder die gebruik daarvan binne spesifiek vakwetenskaplike konteks, waardeur daaraan 'n bepaalde spesifiekheid-in-betekenis verleen word, behoef die feit dat die woord *sisteem* as sleutelbe= grip in die wetenskaptaal en daarom ook in die woordeskat van die sosiologie opgeneem is, geen breedvoerige betoog nie.

Schoonees e.a. (1965) meld onder andere die volgende heen= wysings van die woord *sisteem*:

"Groep voorwerpe of onderdele wat volgens 'n ordende beginsel saamwerk; groep feite, idees, stellings, wat 'n logiese geordende geheel vorm; stelsel. Samehangende ge= heel van eenderse of gelyksoortige eenhede".

Aansluitend gee Kruyskamp (1961) onder andere die volgende verklarings vir die woord *sisteem*, soos afgelei van die Grieks-Latynse woord *systema*:

"Stelsel, geleed geheel van bij elkaar behorende delen of eenheden, geschikt volgens een ordenend beginsel; logisch geordend geheel van begrippen en stellingen; er zit geen systeem in: het is stelselloos, gaat niet volgens een plan of regels; samenhangend geheel van ge= lijkzoortige eenheden ..."

Stoker (1969, p.135) sê op heel bondige wyse dat 'n sisteem in wetenskaplike konteks 'n teoretiese samestelling van 'n gegewe samehang is.

Om aan die verklarings sentrerende om die begrip *sisteem* egter 'n enigsins meer sosiologiese ter saaklikheid te verleen, word ook die volgende omskrywing van Fairchild (1967, p.315) gegee:

"An aggregate of related interests or activities. There is the assumption of an organization of parts or phases in orderly arrangement. Whatever the system, its related

character is identified by harmony in operation and the integration of its structure".

Heeltemal sinvol in aansluiting by hierdie omskrywings, is dan Bierens de Haan (1959, p.9) se uitspraak wanneer hy die studieterrein van die sosiologie soos volg omlyn:

"Dit bewustzijn van geheel, van samenhang en interpendentie, is echter het essentiële der sociologie", terwyl Timasheff (1967, p.39) daarop wys dat "this concept of system is one of the key concepts used in science. System is spoken of in relation to many diversified things - the stellar system, of which the sun is a part, the solar system of which Mother Earth and the planets are parts. The word system designates everything that may be conceived as a whole, consisting of interdependent and semi-autonomous parts".

Uit die bostaande kan samevattend afgelei word dat die be=grip *sisteem* die volgende aksentueer: samehangende geheel van komponente of eenhede; interafhanklikheid van same=stellende dele, waarvan die aktiwiteit of funksies geïnte=greer is in diens van die geheel; planmatige en harmoniese organisasie van gelyksoortige dele en aanverwante aktiwiteite en funksies. Opvallend is die sentrale plek wat die orga=niese ordebeginsel binne die teoretiese sisteemontleding beklee.

## 2. DIE FORMULERING VAN 'N ALGEMENE SISTEEMTEORIE

In die lig van die bostaande is dit volgens Ludwig von Bertalanffy (1967, p.115-118) te begrype dat daar in resente tye 'n nuwe dissipline gepostuleer is, by name die *algemene sisteemteorie* wat 'n interdissiplinêre of multidissiplinêre sisteemteorie is, waaruit elke dissipline sy individuele sisteemteorie formuleer. Die ontwikkeling kon egter ook andersom gewees het: die analogiese gebruikmaking van ver= skeie vakwetenskaplike sisteemteorieë het aanleiding gegee tot die konstruering van 'n algemene omvattende sisteem= teorie, d.w.s. die formulering van beginsels wat vir sisteme in die algemeen geld.

Mitchell (1970, p.8) beklemtoon eweneens die belangrikheid van die sisteemteorie as intellektuele instrument vir die sosiologie, dog wys ook daarop dat die sosiologie nie as gevolg daarvan die monopolie het op die gebruik van hierdie teorie nie. Hy verwys implisiet na die algemene sisteem= teorie wanneer hy sê: "Many departments of knowledge make use of this idea. Thus the crystallographer studies a crystal as a system of molucules, and a physiologist regards an organism as a system of cells" (Mitchell, 1970, p.8).

Veral geld volgens Von Bertalanffy (1967, p.117-118) drie redes vir die formulering van so 'n algemene sisteemteorie, naamlik:

2.1 Die ontdekking van die bestaan van verskeie isomorfieë,

d.w.s. strukturele gelykvormighede binne interdissiplinêre studievelde. Hierdie ooreenkomste of analogieë tussen die beginsels wat die gedrag van uiteenlopende studie-eenhede in verskillende vakwetenskappe bepaal, is toe te skryf aan die feit dat hierdie eenhede almal in sekere op=sigte as "sisteme" beskou kan word, d.w.s. as "complexes of elements standing in interaction" (Von Bertalanffy, 1967, p.117). Sisteemisomorfieë bestaan immers tussen biologiese sisteme, 'epi-organismes' soos dieregemeenskappe en menslike gemeenskappe. Verdere parallelle kan ook ge=tref word met die fisiese of anorganiese wêreld, vanweë die ordelike samehang en holistiese welsyn in alle gevalle, soos hierbo aangetoon.

Dit blyk dus dat 'n algemene sisteemteorie 'n bruikbare instrument sou kon wees - enersyds om modelle te voorsien wat in verskillende studievelde toegepas kan word en ander=syds om te waak teen vae en absurde analogieë wat ontwik=keling in verskillende studievelde gestrem het i.p.v. dit te bevorder. In die loop van hierdie en volgende hoofstuk sal aangetoon word hoedat die natuuranalogieë, beurtelings gebaseer op die fisiese of anorganiese, sowel en veral as op die ryk van die organiese of biologiese, aanleiding gegee het tot die formulering van die epogmakende struktuur-funksionele teorie en in resente tye tot die in sommige kringe kontroversiële of omstrede sosiologiese sisteem=teorie of ontledingswyse.

2.2 'n Tweede rede vir die formulering van 'n algemene

sisteemteorie is die feit dat die klassieke wetenskap hoogs suksesvol was in die ontwikkeling van 'n teorie van *ongeorganiseerde of gedesorganiseerde kompleksiteit*, af=komstig van die statistiek, die wette van verandering en die wette van termodinamika. Vandag egter kom die wetenskap in die algemeen en die sosiologie in die besonder, te staan voor die probleem van *georganiseerde kompleksiteit*. Daar bestaan immers 'n semantiese konnotasie of betekenisverband tussen die begrippe *organisasie, organisme, organiseer* en *georganiseerd*. Begrippe soos *organisasie, heelheid* of *geheel, beheer* of *kontrole, selfbeheer, differensiasie* e.d.m. is vreemd aan die konvensionele fisika, dog tree oral tevoor=skyn in die biologiese, gedrags- en sosiale wetenskappe en is trouens onmisbaar in die bestudering van lewende organis=mes. Al was *organisasie* vreemd aan die klassieke meganis=tiese wêreld, soos o.a. die klassieke fisika, meganika en elektro-dinamika, is die geval heel anders in die moderne fisika. Atome, kristalle of molekules word tans beskou as *organisasies*. So ook word organismes per definisie beskou as georganiseerde dinge. Kenmerkend van organisasie, d.w.s. van 'n lewende organisme en tewens van die samelewing, is eienskappe soos groei, geheel, differensiasie, hiërargiese orde, beheer, kompetisie e.d.m. Alhoewel sodanige kenmerke nie in die konvensionele fisika voorkom nie, is die sisteem=teorie wel in staat om met hierdie kenmerke te handel. (Von Bertalanffy, 1967, p.127).

Dit wil dus voorkom asof 'n basiese probleem van die moderne wetenskap die behoefte aan 'n algemene teorie van organisa=

sie is. Die algemene sisteemteorie lê in beginsel die riglyne hiervoor neer deurdat dit onder andere in staat is tot die voorsiening van definisies vir basiese konsepte.

2.3 In die derde en laaste plek wys Von Bertalanffy (1967, p.118) daarop dat sekere mistastinge t.o.v. die al= gemene sisteemteorie en dus ook t.o.v. die sosiologiese sektor van die teorie, uit die weg geruim behoort te word. Die belangrikste wanopvatting, naamlik dat die algemene sisteemteorie 'n soeke is na vae en kunsmatige analogieë tussen fisiese, biologiese en sosiale sisteme, word in hierdie en volgende hoofstukke ontleed en krities beskou. Bestaande analogieë is nie die belangrikste rede vir die formulering van die algemene sisteemteorie nie, aangesien daar net soveel indien nie meer nie, verskille as ooreen= komste tussen die betrokke entiteite wat as analogieë be= studeer word, bestaan. Sisteemwette is slegs van toepas= sing in soverre isomorfieë bestaan, d.w.s. korresponderende abstraksies en konseptuele modelle wat toegepas kan word op verskillende verskynsels. Dit beteken dus nie dat fisiese sisteme, organismes en menslike gemeenskappe die= selfde is nie. As voorbeeld ter verduideliking hiervan, dien die toepassing van Newton se swaartekragwette op 'n appel, die planetestelsel en die verskynsel van seegolwe. Dit beteken naamlik dat 'n bepaalde teoretiese sisteem op al drie genoemde entiteite van toepassing is en nie dat daar besondere ooreenkomste tussen appels, planete en oseane t.o.v. 'n groot getal ander aspekte bestaan nie. Ook op die stremmende invloed wat hierdie dwaling op die

ontwikkeling van die sosiologiese sisteemteorie uitgeoefen het en steeds uitoefen, word verder aan in hierdie navorsing gewys.

Dit is verder voor-die-hand-liggend dat elke wetenskap eerstens 'n sisteem is en by name 'n sisteem van kennis (Stoker, 1969, p.135), dog elke wetenskap rig hom op sy beurt met behulp van sy sisteem van metodes op 'n spesifieke faset van die werklikheid wat tewens as sisteem harmonies ingeskakel is by die ganse kosmiese sisteem. Die geskape werklikheid is dus na sy geheel ook saamgestel en opgebou uit komponente - vanaf die mikroskopies-kleine tot by die massief-grote, in harmoniese, interafhanklike samehang, organisasie en orde, elkeen volgens bou en funksie soos wat God as die Argitek van Sy skepping, 'n plek en taak daaraan toegeken het.

## 3. REGMATIGE PLEK VAN DIE SISTEEMBEGRIP IN DIE DEFINISIE VAN DIE SOSIOLOGIE

Aandag is reeds gevestig op die prominente plek wat bostaande definisies, indien nie esplisiet nie, dan wel implisiet, aan die begrip orde in die sisteem toeken. Die hoë mate van prioriteit aan die ordebegrip en -verskynsel word rasionaal indien daarop gelet word dat sonder orde en die ordelike samehang van komponente, daar van sisteem, altans blykens die aangehaalde definisies, regstreeks, of dan by implikasie, geen sprake kan wees nie.

Met die uitlig van die begrip *orde* word 'n mens meteen direk gekonfronteer met die brand- en fokuspunt binne die studie-objek van die sosiologie - bedoelende hiermee die samele=wingsorde as integrale deel van die kosmiese orde en wat weer uiteenval in die feitelike of funksionele en die nor=matiewe orde. Van Dijk (s.j., p.204) sê in hierdie verband: "Wie structuur zegt, verwijst daarmee naar de idee van orde", waarmee hy bedoel dat die struktuur van 'n samele=wingsverhouding die bou-orde daarvan is wat aan die aspekte van die werklikheid weer hulle funksies aanwys. Van Dijk (s.j., p.203) gee op grond hiervan voorkeur aan die same=vattende omskrywing van die sosiologie as struktuurteorie van die samelewing. Aangesien struktuur sonder funksies egter sinloos is, lê die eieaard en die eenheid van groeps=norme, verhoudinge en handelinge in die samelewing vas in die funksioneel-strukturele totaliteitsorde daarvan en word uitsluitend daardeur bepaal (Van Dijk, s.j., p.204).

Bierens de Haan (1959, p.9) verwys in aansluiting by die struktuur- en ordebegrip by implikasie na die sosiologiese konsepsie wat tans as die sisteemteorie bekend staan wanneer hy die sosiologie definieer as die wetenskap wat 'n antwoord soek op die vraag na die struktuur, wese en samehang van die samelewing, asmede na die kragte wat die beweging en ont=wikkeling van die samelewing in groter en kleiner verband beheers.

Die introduksie van die sosiologiese sisteemteorie sou, soos dit trouens oorwegend die geval is met enige vernuwende wetenskaplike teorie, vir die nodige drama en trauma op

sosiaal-wetenskaplike gebied sorg. Vele van die vernuwende fasette en aspekte is en word tewens steeds dermate gekenmerk aan kontroversiële interpretasies, dat dit enigsins moeilik val om in die debat wat dit in sosiaal-wetenskaplike kringe laat ontketen het, te onderskei tussen die waas van venyn en eerlike kommer. Gevolglik is Timasheff (1967, p.230) se waarskuwing dat daarteen gewaak moet word om te veel neologismes in die term *sisteem* as kunsmatige begrip in te plant, klaarblyklik tydig en gepas. Die gevaar hiervan is dat dit die opponente van die sisteemteorie in staat kan stel om die kontemporêre sistematiste te beskuldig van onwetenskaplike en onverstaanbare koeterwaals - 'n soort van niksseggende verbalisme onder die dekmantel van wetenskaplike vernuwing. Die geringer-making van hierdie waarskynlikheid verg 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die sosiologiese sisteemteorie. 'n Bad in die geskiedenis is immers altyd verfrissend.

## 4. ONTWIKKELING VAN DIE SOSIOLOGIESE SISTEEMTEORIE IN DIE PRE-SOSIOLOGIESE TYDPERKE

### 4.1 Die Grieke

Alhoewel die meeste skrywers in die vakliteratuur oor die geskiedenis van die sosiologie na die ontwikkeling van die denke voor die ontstaan van die sosiologie verwys as die ontwikkeling van die sosiale denke, word in hierdie navorsing voorkeur verleen aan die benaming *pre-sosiologiese fase*, aangesien hierdie verskraalde begrip 'n seleksie van gedagtes veronderstel sodat dit 'n suiwerder nuttigheids=

waarde verkry t.o.v. die ontwikkeling en latere toepassing van die sisteembegrip in die sosiologie as sodanig (Boskoff, 1972, p.1). Anders gestel impliseer die begrip *pre-sosio=logiese fase* as vertrekpunt reeds spesifiek die sosiologie as fokuspunt.

Sover terug as die klassiek-Griekse en na alle waarskynlik=heid nog verder terug in die geskiedenis van die sosiale denke, is besin oor die idee van geheel, organiese samehang, orde, verandering en funksies in die samelewing (Goddÿn, 1963, p.32). "Common-sense thinking about interhuman life occurs even in the simplest of societies" (Kilzer & Ross, 1954, p.1).

Dit is in die gang van die geskiedenis duidelik dat die mens van vroeg af reeds sy mandaat van God tot kultuur=vorming, d.w.s. soos opgesluit in die kultuuropdrag tot be=heersing, bewerking en bewaking van die skepping - ook op die gebied van die sosiale - met hartstogtelike ywer aange=pak het. Op die mens se eksplorasietog deur die samelewing waardeur hy hom wou toerus met 'n geskikte lewens- en wêreldbeskouing, d.w.s. antwoorde wou kry op teisterende vrae omtrent God, mens en wêreld, het hy hom onvermydelik gekonfronteer met die samehangsverskynsel in die samelewing en 'n evaluering van sy eie posisie daarbinne.

4.1.1 Die individu in die samelewingsisteem

Plato (Chambliss, 1954, p.166) konstateer reeds in die 4$^{e}$ eeu v.C. omtrent die individu:

"God created him for the whole and not the whole for the sake of him" en verder: "There can be no freedom, for the individual or for the group, without order".

Plato beweer dus reeds dat die individu slegs in die same=lewing ten volle gestalte bereik as mens en raak hy reeds aan die uiters delikate aard van die balans tussen vryheid en orde - 'n snaar waarop vandag nog, veral onder die veldwinning van die liberalisme, getokkel word (Duvenage, 1972a, p.81-105).

### 4.1.2 Die organismiese model

Alhoewel die sisteemteorie en -begrip soos wat vandag daar=onder in die sosiologie verstaan word, nie eksplisiet in die beskouinge van die vroegste denkers van die pre-sosio=logiese fase aangetref word nie, blyk dit tog dat hierdie denkers ruimskoots gebruik gemaak het van die sogenaamde organiese analogie om die sisteemidee te illustreer. In hierdie navorsing sal aangetoon word dat die organiese analogie in meer as een opsig die basis sou vorm vir die ontwikkeling van die sosiologiese struktuur-funksionele teorie wat nou verwant is aan die teorieë wat veral in die biologie gebruik is en word. Die bioloog begin met die struktuur van die gesonde organisme en gaan voort deur aan te toon hoedat die verskillende dele van die liggaam as organisme funksioneer ten einde die organisme in stand te hou, byvoorbeeld hoe die hart volgens sy struktuur funk=sioneer om bloed aan die liggaam te voorsien en hoe die

bloed suurstof na die verskillende organe en weefsels ver=voer en afvalstowwe verwyder. Uit hierdie grondliggende ontledingswyse sou die resente sisteemteorie ontwikkel. Die analogie is daarin geleë dat die sosioloog die gesonde *sosiale sisteem* as vertrek- en uitgangspunt neem en dan voortgaan deur aan te toon hoedat die komponente van die sisteem funksioneer om die sisteem as geheel in stand te hou (Schneider, 1969, p.23-24).

Dit is opvallend dat, soos reeds gestel, hierdie analogie sy wortels ver terugvind in die ontwikkeling van die sosi=ale denke. Die half-legendariese Griek, Aesop, wat waar=skynlik in die 6e eeu v.C. geleef het, het hierdie organiese analogie soos volg in een van sy fabels geïllustreer (Sorokin, 1928, p.197):

Die voete, die hande en die mond, tesame met die ander lede van die liggaam het fout gevind met die maag omdat dit niksdoende parasiteer op die werk van die ander lede. Gevolglik het hulle begin staak om die maag te voed, met die onvermydelike resultaat dat hulle self begin verswak en mettertyd onbevoeg geword het om te funksioneer. Hierdie ervaring het hulle geleer dat al die lede van die liggaam interafhanklik op mekaar berus vir hulle krag en funksies.

Die grondslag wat as vertrekpunt dien vir die bio-organis=miese interpretasie van sosiale verskynsels, is te vinde in die feit dat die mens 'n organisme is en as sodanig voorwerp is van biologiese wette. Dit is die rede waarom baie

teorieë van die verlede gepoog het om sosiale verskynsels te interpreteer as variasies van lewensverskynsels. Die buitengewone ontwikkeling van die biologie in die moderne tydvak, sou verdere momentum verleen aan die biologiese interpretasie in die sosiologie.

Sorokin (1928, p.197) wys daarop dat die organiese konsepsie van die samelewing terugdateer tot die tydperke van die antieke Hindu, Sjinese, Grieke en Romeine, terwyl Bogardus (1957, p.288) soos volg in breë trekke wys op die indruk= wekkende stamboom van die organiese analogie:

> "The Greek writers, the Hebrews before them, the Founder of Christianity, made references to the likeness between human society and plant and animal life".

Die Griekse denkers was in meer as een opsig profete van hulle tyd. Die Griekse staatslewe het reeds in ontbinding verkeer toe Plato sy utopiese resep vir 'n gesonde samele= wing tot in die fynste besonderhede uitgewerk het (Bierens de Haan, 1959, p.13). Plato se aandrang op die harmonie van die geheel - hetsy individueel of sosiaal - was die sleutel tot sy begrip van moraliteit (Chambliss, 1954, p.166). Met hierdie gedagterigting, naamlik dat die geheel groter is as die dele, gee Plato verder beslag aan die or= ganismiese teorie wat vir baie jare in die sosiologie as populêre skool sou voortbestaan en wat 'n monumentale bydrae sou lewer tot die ontstaan van die struktuur-funk=

sionalisme. In hierdie verband beweer Plato (Chambliss, 1954, p.168) o.a. dat die samelewing 'n organisme is, ge= kenmerk deur differensiasie, subordinasie en bo alles, deur integrasie. Sekere organe in die liggaam is belangriker as andere, dog die meeste van die organe is onontbeerlik of onmisbaar. Mense vorm gemeenskappe of samelewings a.g.v. onderlinge behoeftes wat ontstaan uit spesialisasie en die verdeling van arbeid. Sommige lede van die samelewing beklee posisies van groter verantwoordelikheid en tewens groter aansien as andere. Almal is egter noodsaaklik vir die samelewingsgeheel. Eenheid groei uit verskeidenheid. 'n Gesonde samelewing is 'n samelewing waarin elke orgaan sy doelmatige funksie vervul waardeur die harmonie van die geheel gedien en verseker word.

In hierdie holistiese siening van Plato is onmiskenbaar die kiem van die biologies-organismiese samelewingsteorie vervat, dog is verder ook duidelik opgesluit 'n evolusionistiese verklaring van die ontwikkeling van die samelewing vanaf homogeniteit na heterogeniteit, wat die grondslag vorm van 'n latere epogmakende teorie wat o.a. die verbeelding van een van die pioniers van die sosiologie, naamlik Herbert Spencer, sou aangryp (Chambliss, 1954, p.168; Kilzer & Ross, 1954, p.2-3).

In sy "Politics" maak Aristoteles eweneens van die organiese analogie gebruik wanneer hy die menslike siel en liggaam in vergelyking bring met die hoëre en laere klasse in die staat of samelewing en die harmonie in die mens vergelyk met die

harmonie wat daar in die staat behoort te heers (Sorokin, 1928, p.198).

## 4.2 Die Romeinse denke

Die vroeë geskiedenis van die Romeinse sosiale denke is so ongedifferensieerd t.o.v. mites en feite dat dit weliswaar bykans onmoontlik is om presies te bepaal wanneer Rome as 'n staatkundige gemeenskap begin vorm aanneem het (Chambliss, 1954, p.206).

In die algemeen blyk dit egter dat die Hellenisties-Romeinse filosofie vanaf ongeveer die 4e eeu v.C. in sy denksisteem 'n voorkeurplek aan die samelewing toegeken het as onder= werp van besinning en diskussie (Bierens de Haan, 1954, p.14).

### 4.2.1 Samelewingsleer van die Romeine

Hoofsaaklik is dit die Epicuriese en Stoïsynse skole wat in hierdie tydperk as forum gefigureer het vir die vergestalting van 'n samelewingsleer wat, alhoewel dit in 'n groot mate 'n teruggrype na en voortsetting van die Helleense denke was, tog binne die Romeinse sosiale en politieke milieu 'n mate van rypwording en beleënheid ondergaan het. Dit het daartoe gelei dat hierdie skole se voortreflikste bydrae daarin geleë is dat dit enersyds as reservering gedien het vir die gees= tesnalatenskap van Plato en Aristoteles, terwyl dit ander= syds die weg berei het vir die inslag van die Christelike sosiale konsepte soos liefde, diens en broederskap tussen

mense (Bogardus, 1957, p.148).

Daar kan derhalwe met reg beweer word dat die Romeinse tydvak in die ontwikkeling van die sosiale denke 'n brug gespan het tussen die klassiek-Aristoteliaanse era in die sosiale denke en die vroeg-Christelike tydvak. Hiermee word egter hoegenaamd nie bedoel dat Skrifmatige beginsels en uitsprake kenmerkend was van die eksponente van die Hellenisties-Romeinse denke nie. Inteendeel - Epicurus het self beweer dat die wêreld nie die werk van gode is nie en beheers word deur blind-werkende wette. Die siel leef volgens hom nie voort na die dood nie en die Epicuriste beweer voorts dat die mens na alle sye selfstandig, vry en outonoom is (Vloemans, 1947, p.130-131). Hulle het egter sekere menslike deugde beklemtoon wat ook vandag nog binne 'n Christelike beskouing as deugde gereken word (Bogardus, 1957, p.145), alhoewel dit by die Epicuriste die vrug was van 'n bloot humanistiese mens- en lewens- en wêreldbe= skouing.

Vir die ontplooiing van die onderhawige tema is dit egter nie ter sake om hier in te gaan op die dwaling van hierdie skole vanuit Skrifmatige beginsels nie. Die insluiting van die Romeinse beskouinge is bloot ter bevestiging van die aanvanklike hipotese dat die sisteembegrip sentraal staan sedert die vroegste ontwikkeling van die sosiale denke. By die uitsprake en formulerings van die Epicuriste sowel as die Stoïsyne blyk dit dan ook wel die geval te wees soos verder aangetoon sal word.

### 4.2.2 Kosmopolitanistiese en makro-sisteembegrip

Demokritos sowel as Epicurus verwys na die samehang van die natuur op kousaal-meganistiese wyse en gaan uit van die beskouing dat die wêreld slegs 'n beperkte onderdeel van die universum is (Vloemans, 1947, p.131).

In hierdie naturalisties-kousaal-meganistiese beskouing is, alhoewel implisiet, dog nie daarom minder duidelik nie, 'n makro-sisteembeskouing opgeneem. Dit is opmerklik dat die rasionalisme en optimisme van die verligting etlike eeue later, juis in hierdie meganisties-naturalistiese opvat= ting tot uiting sou kom (Bierens de Haan, 1959, p.24).

Bogenoemde beskouinge van die Epicuriste is deur die Stoïsyne verder ingebou in 'n wyer uitkringende kosmopoli= tanisme. "Man is not only a citizen of the world; he is a part of the fabric of the universe" (Rogers, 1913, p.146) en verder "everything flows of necessity from the nature of the whole" (Rogers, 1913, p.134). Die Stoïsyne het die Platoniese geloof verwerp dat daar ideë bestaan onafhanklik van mense en van die sigbare wêreld. Hulle het geglo dat die heelal 'n eenvoudige organisme is, besiel deur een wêreldstelsel, soos 'n mens ook 'n liggaam is wat deur 'n menslike siel besiel word. Die siel self is 'n buitengewoon fyn liggaamlike substansie wat alles deurdring en wat in 'n hoëre mate in die mens en in mindere mate in die dier en lewelose voorwerpe aangetref word (Duvenage, S.C.W., 1975, p.77).

Hierdie geheel of wêreldsiel is die goddelike rede, die heilige Logos, wat alle mense op 'n eienaardige wyse met en aan mekaar verbind. Net soos die kinders van één vader één gesin vorm, so vorm die mense as redelike wesens, as kinders van die één Logos, één groot, suiwer, geestelike en dus internasionale gemeenskap (Vloemans, 1947, p.146). Net so min as wat die mens as natuurlike onderdeel van die kosmos hom aan sy natuurbestemming kan onttrek, kan hy hom buite die verband van die wêreldgemeenskap stel en dit is ook slegs binne hierdie gemeenskap dat daar van pligte sprake kan wees (Vloemans, 1947, p.146). Die mens se sosiale verbondenheid word hier dus analoog gestel met die natuurverbondenheid, die natuurlike samehang. Die blote gebruik egter van die begrip *pligte* in hierdie konteks om 'n faset van die sosiale posisie van 'n persoon binne 'n gemeenskap aan te dui, kan in meer as een opsig beskou word as 'n antisipasie van die huidige gebruik van die be= grip *pligte* in sisteem-sosiologiese konteks om meer bepaald te verwys na *rol* as die dinamiese struktuurkomponent van enige sosiale sisteem (Johnson, 1971, p.16).

Die Stoïsynse keiser, Marcus Aurelius, verklaar o.a. dat "living should consist in passing from one social act to another. This is a social world; men exist for the sake of one another" (Bogardus, 1957, p.144). Keiser Marcus Aurelius het reeds die opvallende analogie tussen die orde= like samehang, integrasie, differensiasie en interafhanklik= heid van dele waarvan so vele voorbeelde in die natuur aangetref word, en die menslike samelewing, deurskou, maar

dan ook besef dat die werklike analogie op 'n meer abstrakte of sistemiese vlak gesoek moet word. "God is social and persons are part of God's universe. Each person is part of the *social system*, and hence every act of a person is an integral phase of social life. Inasmuch as the intelligence of the universe is social, human society functions as a phase of the cosmic co-ordination. We are all co-laborers and co-operators. That which is harmful to the swarm, is likewise harmful to the individual" (Bogardus, 1957, p.144).

Uit die Hellenisties-Romeinse tydvak in die ontwikkeling van die sosiale en pre-sosiologiese denke, is derhalwe nie slegs 'n kosmopolitanistiese plasing van die mens onder=skeibaar nie, dog ook 'n makro-funksionalistiese siening, waarin die mens beskou word as deel van die groot makro-sosiale sisteem, alleen waarbinne hy bepaalde pligte het, m.a.w. 'n bepaalde rol het om te vervul. Die inspirasie tot hierdie alhoewel nog baie elementêre, dog sistemiese siening van samehang en interafhanklikheid in die samele=wing, was die orde en samehang wat in die natuur in die een of ander vorm opgemerk is. Ook is 'n mate van ontwikkeling van die sisteemkonsep sedert die beskouinge van die Grieke merkbaar.

## 4.3 Die vroeg-Christelike sosiale denke

Die fundering van die Christelike sosiale denke vind ons in die leerstellinge van Jesus en die Apostels in die Nuwe Testament. Daar is in die vorige afdeling reeds op gewys

dat die denke in die Hellenisties-Romeinse periode in beperkte sin en met sekere belangrike serwitute, antisipatories was m.b.t. die vroeg-Christelike sosiale beskouinge. "They opened the way for the reception of the Christian social concepts of love, service, brotherhood of man" (Bogardus, 1957, p.148). Die aksente wat in die Romeinse periode gelê is op die universele verskynsel van samehang en orde, sou die akker berei vir die inslag van hierdie gedagtes. God bestier die gang van die geskiedenis om die koms van Sy Koninkryk voor te berei en is dit opvallend hoe die voorafgaande tydvakke as inkubasieperiodes gedien het om die klimaat en milieu te help skep vir die leerstellinge van Jesus en die Apostels t.o.v. eenheid en verskeidenheid, samehang en interafhanklikheid, soos in die volgende paragrawe toegelig word.

### 4.3.1 Universele ekumenisiteit

Waar die sogenaamde heilige Logos die één enkele saambindende asmede differensiële faktor was in die universele kosmopolitanisme as makro-sosiale sisteem in die denkraamwerk van die Stoïsynse skool, hef die Christelike leerstellinge hierdie diskriminerende faktor wat onderskei tussen wys en onkundig, op en stel 'n nog universeler ekumenisiteit daar, met beklemtoning van universele menslike broederskap deur die media van geloof en vertroue as saambindende faktore, eerder as die beoefening van die rede (Barnes, 1958a, p.14).

### 4.3.2 Die sisteembegrip in die Koninkryksbeskouing

Met die leerstellinge van Jesus breek 'n nuwe sosiale orde aan, daarin dat "He (Jesus) dealt with personalities rather than with institutions. He looked to the individual rather than to the mass. He emphasized functions rather than structures" (Bogardus, 1957, p.150). Dit wil egter nie 'n individualisme bedoel, daarin dat die individu slegs ter wille van homself bestaan nie. Inteendeel, die Koninkryk van God, wat eers gesoek moet word (Matt. 6:33), is die allesomvattende en allesinsluitende makro-sisteem, maar hierdie Koninkryk begin in die hart van die individu (Lukas 17:21; Bogardus, 1957, p.151). Sentraal staan ook in die Christelike leerstellinge die ordebegrip as karak=teristiek van die sosiale sisteem, waarna ten aanvang van hierdie hoofstuk verwys is. "Behind all the teachings of Jesus, there is the concept of a perfect human order" (Bogardus, 1957, p.151).

Broederskap is kenmerkend van die Christelike sosiale sis=teem waarvoor die realisering van die gesinsliefdesnorm ten grondslag lê van die onverbreeklike gesinsolidariteit, soos wat dit opgesluit lê in die religieuse liefdeswet. "Want elkeen wat die wil doen van my vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder" (Matt. 12:50). En verder:"The Kingdom, therefore, is to include all the human beings who worship God in spirit and in truth and who at the same time love their fellow men in justice and co-operative living" (Bogardus, 1957, p.151). Hierdie liefde is kosmopolitaans. "All peoples are entitled to know the

meaning of Christian love. Both Jew and Gentile shall feel its warming glow" (Bogardus, 1957, p.153). In Sy Profetiese rede sê Jesus self: "En hierdie Evangelie van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies" (Matt. 24:14).

### 4.3.3 Die organiese analogie in die Koninkryksbeskouing

Volgens die huidige konsepsie van die sosiale handelings=teorie vind die sosiale sisteemteorie sy wortels in die struktuur-funksionalisme (Martindale, 1967, p.449), wat op sy beurt uit die organiese sisteemteorie gegroei het. "The fundamental explanatory model of functionalism is that of the organic system" (Martindale, 1967, p.449). Alhoewel later in hierdie hoofstuk meer op besonderhede ingegaan sal word op die organiese teorie, word hier kortliks aangestip dat dit die holistiese gedagterigting verteenwoordig waar=volgens die harmoniese samehang tussen die dele van die sosiale sisteem as geheel vooropgestel word. Die dele ont=leen hulle betekenis aan die geheel (Bierens de Haan, 1959, p.45) - 'n gedagterigting wat, soos aangedui, reeds by die Grieke aanwesig was. Hierdie beskouing is op die biologie gebaseer. Soos die verskillende organe in die lewende organisme na struktuur en funksie afsonderlik en gesamentlik ter wille van die voortbestaan en ontwikkeling van die ge=heel organisme funksioneer, so is die samelewing ook 'n organisme waarin die funksionering van verskillende struk=ture of eenhede harmonies en gekoördineerd plaasvind om die samelewing in stand te hou en balans en ontwikkeling te verseker (Schneider, 1969, p.23).

Sommige denkers, soos o.a. Herbert Spencer, het hierdie analogie so ver gevoer dat die samelewing in alle opsigte met 'n organisme geïdentifiseer is. Hierdie benadering of verklaringswyse van die sosiale werklikheid het die grond=slag gevorm van wat in die ontwikkeling van die sosiolo=giese skole en teorieë bekend staan as die organisisme (Martindale, 1967, p.52), waarbinne ook voorsiening gemaak is vir 'n evolusionistiese beskouing van die samelewing. Van hierdie konkrete analogiese model is later deur die struktuur-funksionalisme weggebreek, dog die *teorie* as so=danig, het behoue gebly. Die kontemporêre sisteemteorie huldig steeds die standpunt dat die bioloog en die sosioloog van dieselfde *tipe teorie* gebruik maak, naamlik dat die samelewing 'n sisteem is en dat 'n biologiese organisme insgelyks 'n sisteem is (Timasheff, 1967, p.39).

Nou is dit iets van hierdie organiese model wat in die Christelike leerstellinge reeds aangetref word. Bogardus (1957, p.151) beweer in dié verband dat uit die leerstel=linge van Jesus afgelei kan word dat die ideale samelewing organies is. Ter stawing van hierdie afleiding, word ver=wys na die gelykenis van die mosterdsaad (Mark. 4:30), waarin die Koninkryk van God vergelyk word met 'n mosterd=saad wat die kleinste is van al die soorte saad, dog wat, as dit gesaai word en opkom, groei tot die grootste van al die groentesoorte. Treffender is die analogie miskien waar Jesus die organiese eenheid van Sy kerk aan die dissipels verduidelik: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra veel vrug" (Joh. 15:5).

Of waar Hy Sy dissipels onderrig aangaande die hart van die mens as die oorsprong van sy werke: "Want aan die vrugte word die boom geken" (Matt. 12:33-35).

'n Verdere illustrasie van die organiese analogie vind ons in die leerstellinge van die apostel Paulus: "The first and perhaps the greatest figure in this development was Paul. He proclaimed the doctrine of love, the organic nature of society ..." (Bogardus, 1957, p.164). Bogardus (1957, p.164) wys eweneens op Paulus se toepassing van die biologies-organiese analogie: "Paul taught the organic unity of mankind. In the perfect Christian order each person has a specific function to perform which is a part of the whole process". In sy brief aan die Korinthiërs (I Kor. 12:12-31; Kilzer & Ross, 1954, p.2) maak Paulus eksplisiet van die organiese analogie gebruik om die harmoniese eenheid-in-verskeidenheid in die gemeente as geloofsgemeenskap te illustreer. In hierdie bekende Skrifgedeelte gebruik Paulus die menslike liggaam as organiese model om die harmoniese interafhanklikheid en ewe belangrikheid van die lede te illustreer"sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie" (I Kor. 12:25).

Hierdie enigsins kursoriese oorsig dui daarop dat die hele gedagte van 'n sistemiese analise van die samelewingsorde reeds in die heel vroegste Christelike leerstellinge as toepaslike analogiese ontledingswyse aanwesig was.

## 4.4 Die middeleeuse sosiale denke

Algemeen staan die denke van hierdie tydperk tot en met die renaissance bekend as die skolastiek, wat in 'n groot mate 'n herlewing van sekere Aristoteliaanse beskouinge was (Bierens de Haan, 1959, p.15). Na die val van Rome is die streng Romeinse neiging tot organisasie en administrasie in= gebou en opgeneem in die kerk en die gevolg daarvan was die magtige kerk van Rome met sy strakke en onbuigsame hiërar= giese struktuur (Bogardus, 1957, p.160). Die kerk word ge= volglik die kultuurdraende, oorkoepelende en dominerende mag in universalistiese sin (Bierens de Haan, 1959, p.15).

Die kerkvaders tree in hierdie era sterk en prominent na vore en gee gestalte aan hierdie deur die kerk gedomineerde denkwyses waarin die aandag van die mensdom gerig en voor= berei word op die komende wêreld.

### 4.4.1 Die ordebegrip in die samelewingsleer van die skolastici

As gevolg van die bovermelde strakke sosiale struktuur, het die ordebegrip uiteraard 'n sentrale plek daarin beklee en sou dit ten beste geïllustreer kon word aan die hand van die orde en samehang in die biologiese organisme. "The history of medieval thought shows that ... the comparison of mankind and social groups to an animate body, was gene= rally adopted and stressed" (Von Gierke, 1900, p.103-104). As reaksie op die sosiale wanorde wat die vroeë middeleeue gekenmerk het, ontwikkel in hierdie era onder die regime van

Karel die Grote, verskeie opvoedkundige bewegings, asmede die feodale stelsel met 'n sterk geïntegreerde karakter en sy bepaalde sosiale stratifikasie en hiërargie in drie klasse, t.w. die adel, die kerklikes en die boerestand (Bogardus, 1957, p.171), waardeur 'n enigsins funksionele karakter aan die samelewing verleen is. Opvallend in die middeleeuse tydvak, is die algehele harmonie tussen die individu en die sosiale (Barnes, 1958a, p.19). Die sko= lastici weef hulle beskouinge om hierdie bestaande orde wat hom ook geleen het tot 'n (vir daardie tyd altans) redelike mate van sistematiese analise van die samelewing= struktuur.

Die sosiale aard van die mens het gevolglik besondere ak= sent ontvang gedurende die middeleeuse denke. Die mens kan nie gelukkig bestaan sonder 'n ordelike samelewing nie. Hiervoor is die staat onontbeerlik, alhoewel daar ook in die samelewingsleer plek ingeruim word vir ander fundamen= tele groepe in die samelewing, waaronder die huisgesin en die familie wat o.a. deur Augustinus beskou is as die begin en die element van die samelewing (Kilzer en Ross, 1954, p.103). Naas die huisgesin kom die staat as een van die basiese vorms van die samelewing. Augustinus reduseer egter die beeld en funksies van die staat ten einde in die same= lewing plek te maak vir die kerk wat afsonderlik van, dog meerwaardig as die staat is (Chambliss, 1954, p.250). Die Rooms-Katolieke kerklike instituut beklee in die samele= wingsleer van die skolastiek dus 'n oorwoekerende posisie waaraan al die ander groepe, groepsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse onderworpe is.

### 4.4.2 Die organiese analogie in die denke van die skolastici

Dit blyk dat die vernaamste verteenwoordigers van die sko= lastiek die organiese analogie as populêre teorie aangewend het om die harmoniese samehang en interafhanklikheid van die dele van die toenmalige samelewing en veral van die kerk as die totalitêre, te illustreer. In hierdie verband word ter toeligting slegs kortliks na die beskouinge van enkele verteenwoordigers verwys.

#### 4.4.2.1 Augustinus (354-430 n.C.)

Augustinus verleen momentum aan die kerklike totalitarisme met sy uitspraak: "All Christians are members of one commonwealth" (Kilzer & Ross, 1954, p.108), waarmee die Rooms-Katolieke kerkinstituut bedoel word. Hy dra die Ro= meinse konsep van die *republica* of staat oor op die gemeen= skap van die Christene wat alle nasionale en linguïstiese grense deursny (Kilzer & Ross, 1954, p.108). Verder maak Augustinus in sy prediking oorwegend gebruik van die or= ganiese analogie (waarvoor hy 'n besondere voorliefde ge= openbaar het) om die eenheid, solidariteit en interafhank= likheid van dele in die kerk te illustreer:

"You see how each of the members of our body has its own function. The eye sees but hears not; the ear hears but sees not; the hand works, but neither hears nor sees; the foot walks but does not hear or see or do what the hand does. When all members do their work in harmony and health all rejoice in each other" (Kilzer & Ross, 1954, p.108).

Augustinus wys verder daarop dat Christus die hoof van die kerk is. Die liggaam van hierdie hoof is die kerk - nie slegs die kerk van sý land nie, maar die kerk van die hele wêreld; nie slegs die kerk van sý eeu nie, "but from Abel down to those who shall be born to the end of time and believe in Christ, the whole assembly of saints belonging to one commonwealth, which commonwealth is Christ's body, of which Christ is the head" (Kilzer & Ross, 1954, p.108).

4.4.2.2 Johannes van Salisbury (1115-1180)

Die teokratiese leer van die staat word breedvoerig bloot= gelê deur Johannes van Salisbury, wat 'n Britse kerklike was. In sy leerstellinge maak hy o.a. van die mees gede= tailleerde analogie tot dusver tussen die individuele orga= nisme en die staat gebruik. Hy meen dat in die samelewing klasse en groepe gevind word wat analogies korrespondeer met die siel, denke en hart sowel as met die ander mee= werkende organe in die individuele persoon (Barnes, 1958a, p.18). Alhoewel Johannes van Salisbury erken dat die same= lewing slegs analogies 'n liggaam of organisme kan wees (Kilzer & Ross, 1954, p.112),plant hy egter deur hierdie op die spits dryf van sy analogie die saad vir die latere dwalinge van die sosiologiese organisiste deurdat hy oor= tree in wat Schneider (1969, p.24) tereg soos volg teen waarsku:

"It is very important, however, not to make the mistake of considering society as a direct analogy of the body; that is, it is not valid to think of the society as possessing

a nervous system, a circulatory system, or a brain". Die verband tussen die biologie en die sosiologie lê in hierdie opsig volgens Schneider in die feit dat hulle albei gebruik maak van dieselfde *tipe* teorie, naamlik die struktuur-funk= sionele. Johannes van Salisbury implementeer juis teen hierdie waarskuwing in, sy organiese analogie direk soos volg: Die prins is die politieke liggaam, die priesterdom is die siel, die senaat is die hart, die regters en admi= nistrateurs is die sintuiglike organe, die soldate en funk= sionarisse is die hande, die finansiële amptenare is die maag en ingewande, terwyl die boerestand of landvolk die voete is (Barnes, 1958a, p.18; Kilzer & Ross, 1954, p.112).

#### 4.4.2.3 Thomas Aquinas (1125-1274)

Thomas Aquinas was 'n getroue dissipel van Johannes van Salisbury in soverre dit die toepassing van die organiese analogie op die staat betref. Hy werk egter hierdie analo= gie in fyner besonderhede uit en verleen ook 'n meer funk= sionele karakter aan sy konsepsie van die samelewing (Barnes, 1958a, p.20-21) waarin die abstrakte sisteemgedagte wat die organiese analogie laat wegneig van sommige absurde toe= passings en daarvan 'n meer bruikbare teorie maak, sentraal staan. Hy beskou o.a. die samelewing as "a system of personal relationships arising out of common action for common ends" (Chambliss, 1954, p.269). Indien 'n balansstaat vanuit die oogpunt van die sosiale sisteembenadering opgestel moet word ten einde 'n waardebepaling te maak van die sosiolo= giese bydrae van Thomas Aquinas, sal hierdie definisie van hom van die samelewing, stellig sonder veel teenspraak 'n

prominente inskrywing aan die batekant regverdig. Die be=langrike aksenteverskuiwing in hierdie definisie is naamlik vanaf die konkrete individue na die *sisteem* van persoonlike verhoudings, as resultaat van sosiale *handeling*. Soos later sal blyk, is dit juis dié begrippe waarmee die kontemporêre sisteemteorie opereer. Die nastrewing van gemeenskaplike doeleindes waarop die handelinge gerig is, asmede die interafhanklike verhoudings tussen mense in verskillende groepe, waaronder die gesin, die dorp en die staat, konstitueer die abstrakte sisteem wat aan die samelewing 'n bepaalde eenheidsorde verleen (Kilzer & Ross, 1954, p.117).

Aquinas se funksionele siening van die samelewing vind ook vergestalting in sy beskouinge oor arbeidsverdeling in die samelewing, waarin hy boere, argitekte, onderwysers, regs=geleerdes, ambagslui, arbeiders e.d.m. onderskei, waarby die samelewing as geheel profiteer of baat (Kilzer & Ross, 1954, p.117).

## 4.5 Die tydperk van die renaissance

Gedurende die tydperk van die renaissance tree op vele terreine - nie minder op die terrein van die pre-sosiolo=giese denke nie - vele nuwe en verrassende beskouinge na vore. Die feit dat volgens populêre opvattings die renaissance sy romantiek in hoofsaak ontleen aan en sy dramatiese herlewing gewoonweg geïdentifiseer word met die skouspelagtigheid wat gepaard gegaan het met uitvindings en prestasies op natuurwetenskaplike en tegnologiese gebied,

gee dikwels daartoe aanleiding dat die vernuwing en ontwa=king op die gebied van die sosiale denke verkeerdelik onder=skat of totaal misken word. Hierdie wanopvatting kan ver=klaar word uit hoofde van die skouspelagtigheid van die natuurwetenskaplike deurbrake, dog al sou die sosiale denke slegs as klankbord gedien het vir hierdie aangrypende skou=spel, wil dit nie sê dat dit ongeaffekteerd gebly het nie. Genoemde prestasies het trouens hewige reaksie op sosiale gebied ontlok en die aanvanklik onskuldige rimpelinge wat dit op die oppervlak van die sosiale see veroorsaak het, sou wel=dra gedy tot oorweldigende golwe van verandering.

Die ou wêreldbeeld van die skolastiek het in sy voeë begin kraak. Binne die kader van nuwe sienswyses, word ook meer en ander fasette van die organiese analogie belig en toe=gepas. Die skeppende mens tree in sy substansiële wesenheid en onskendbare individualiteit na vore om as ondeelbare element die eintlike bestanddeel van die wêreldbou te vorm. Die mens word nou bestempel as die mikro-kosmos, die ewe=beeld van die kosmos-monade: in die mens is die gehele universum werksaam - die universum skep en ontwikkel hom in die menslike organisme; die wêreldsiel dink, voel en wil in die menslike siel wat 'n mikro-kosmiese spieëlbeeld van die universum is (Vloemans, 1947, p.272). God het opgegaan in die universum of wêreldgeheel; die universum is goddelik; die mens is die universum in die kleine, m.a.w. die mens is God (Vloemans, 1947, p.272). Vanuit hierdie antropologie wat hom by uitstek leen tot 'n organistiese beskouing van die samelewing, konstrueer die sosiale denkers van die

renaissance hulle samelewingsleer.

Kenmerkend van hierdie tydvak is die aanval en kritiek op die middeleeuse leer van die superioriteit van die kerk bo die staat. Marsiglio van Padua (1220-1342) was hierin een van die leidende figure. Hy beskou die siviele staat as onontbeerlik vir menslike orde en gerief. In sy illustrasie hiervan beklemtoon hy die organiese eenheid en funksionele karakter van die samelewing deur die organiese analogie op omvattende wyse uit te lê, waarin die ses onderskeibare range of professies volgens hom korrespondeer met die sisteme van organe in die individuele organisme (Barnes, 1958a, p.21-22).

Die kragbegrip en kragmonstering van die ontwakende mens wat as skepper in die geestelike kosmos te staan kom, tree sterk op die voorgrond en hierdie kragbegrip het die ganse Euro=pese wêreldbeskouing deursuur. Die wêreld is nie langer 'n reusagtige skaakbord waarop die buitewêreldse God sonder teenspeler vir tydverdryf sy ondeurgrondelike skuiwe maak nie; die wêreld is één lewende organisme, 'n voortdurende skeppingsproses. Hierdie skeppingskrag word in die renaissance tot simbool van die lewe en is deur geweldenaars=figure op die spits gedryf. In die denke en geskrifte van Nicollo Machiavelli (1469-1527) kom dit o.a. ondubbelsinnig tot uitdrukking (Vloemans, 1947, p.273).

Ten opsigte van die ontwikkeling van die sosiale denke, lê die bydrae van die renaissance verder daarin dat dit as

katalisator gedien het vir en grootskaalse momentum verleen het aan die gedagterigtings van die daaropvolgende verlig=tingsperiode.

## 4.6 Die tydperk van die verligting

Die ontwakende geesdrif van die renaissance op verskeie terreine van die sosiale denke, sou in die era van die sogenaamde verligting sy hoogtepunt bereik. Veral a.g.v. die revolusionêre prestasies en deurbrake op die gebied van die natuurwetenskap, waarin die sogenaamde skeppende mens met sy onaantasbare intellek astronomiese hoogtes bereik het, kom die natuur en die natuurlike wetmatigheid in die brandpunt van aktualiteit te staan. Aan die menslike intellek wat die naspeurwerk in hierdie verband gedoen het, word buitengewone prioriteit toegeken. In hoofsaak staan die 17e en 18e eeu, die tydperk waarin hierdie epogmakende vindingrykheid en prestasies soos 'n stroomversnelling deur die are van die eeue gebruis het, bekend as die tydperk van die verligting.

### 4.6.1 Die natuur-analogie: die meganiese kousaliteit as sisteem

Die sosiale kontrakteoretici, waaronder Thomas Hobbes (1588-1679) het, alhoewel hy ook reeds 'n aanhanger was van die sogenaamde meganiese kousaliteit, en wat in die volgende paragraaf toegelig word, in sy inleiding tot die "Leviathan", die staat 'n "artificial man" genoem en in sy illustrasie hiervan het hy o.a. gebruik gemaak van die organiese ana=logie en wel soos volg (Kilzer & Ross, 1954, p.180-181):

"Sovereignity is the soul of this artificial man, the magistrates and other officers are his joints, reward and punishments are the nerves, the wealth of the citizens are his strength, counselors are the memory, equity and law are his reason and will. Concord is health, sedition is sickness, and civil war is the death of this artificial man".

In hierdie verband verder, is dit interessant om daarop te let dat Rousseau reeds die samelewing as 'n sosiale sisteem sien wanneer hy sy "natural man" beskryf: "... the best social system is that which enables him to realize his potentialities to the fullest. Man is perfectible and social systems should be judged by the degree to which they facilitate his perfection" (Zeitlin, 1968, p.25).

### 4.6.2 Die meganiese kousaliteit as sisteem

Tot dusver is aangetoon hoedat die ordebegrip in die sisteem=teorie in die pre-sosiologiese tydvakke gedemonstreer is aan die hand van die organiese analogie waarin gebruik gemaak is van dieselfde tipe teorie, naamlik die struktuur-funksionele. In die tydperk van die verligting word die sistemiese same=hang en funksies in die samelewing steeds analogies bestu=deer en steeds geskied dit onder invloed van die natuur. Die analogiese model wat in hierdie tydvak sterk na vore tree, is weliswaar nie die organiese analogie soos tot dus=ver beskryf nie, dog dié van die meganiese kousaliteit waar=in eweneens 'n struktuur-funksionele benadering opgesluit is.

Goddijn (1963, p.32) verkies om na die struktuur-funksionele teorie wat in hierdie fase gebruik is, te verwys as proto-funksionalisme.

Die baanbreker in bostaande verband was Francis Bacon (1561-1628) wat die samehang van alle dinge - veral in die natuur - dog ook in die samelewing, verklaar aan die hand van die meganiese kousaliteit (Bierens de Haan, 1959, p.20).

In sy beantwoording van die vraag "why we may not say, that all *automata* have an artificial *life*?", plaas Hobbes (1971, p.59) as't ware die organiese model van die natuuranalogie in tru-rat wanneer hy die natuurmodel van die organiese analogie vervang deur die kultuurmodel van die meganiese analogie: "For what is the *heart*, but a *spring*; and the *nerves*, but so many *strings*; and the *joints*, but so many *wheels*, giving motion to the whole body, such as was intended by the artificer?" Die organiese en meganiese analogie is as variasies van die natuuranalogie ook analoog tot mekaar; albei wil samehang en interafhanklikheid demonstreer: soos die organe in diens van die organisme funksioneer, funksioneer die meganismes in diens van die masjien. Albei is derhalwe gebaseer op 'n struktuur-funksionele benadering. Bykans 100 jaar later sou George Berkeley in sy opstel "De Motu" 'n avontuur onderneem in die sogenaamde sosiale natuurkunde waarin hy sekere analogieë blootlê tussen die werking van sekere fisiese kragte in die materiële wêreld en die morele en psigologiese kragte wat tussen mense werksaam is. Hierdie analogie behels o.a. dat, net

soos die liggame van die sonnestelsel mekaar aantrek, so trek die denke van mense mekaar aan. Die fisiese sentrifu=gale kragte wat die samehang en orde in die sonnestelsel verseker, korrespondeer met menslike hartstogte en begeertes as sosiale kragte om die sisteem van orde in die verhoudinge tussen mense te verseker (Martindale, 1967, p.29).

John Locke (1632-1704) was 'n ewe sterk aanhanger van die natuurlike harmonie: die innerlike harmonie tussen egoïs=tiese en altruïstiese gevoelens korrespondeer volgens hom met die uiterlike harmonie in die natuur (Bierens de Haan, 1959, p.23).

Die funksionele benadering van die samelewing sou reeds ter sprake kom in die samelewingsanalise van Jean Bodin (1530-1596) wat die samelewing gesien het as 'n omvattende samestelling van kleiner konstituerende groepe, georgani=seer vir die doel van gemeenskaplike aktiwiteite (Barnes, 1958a, p.24), dog die funksionele beskouing van die same=lewing sou 'n groot stoot vorentoe kry in en deur die ana=litiese idees van die Franse ensiklopediste en die fisio=krate - "zij die de natuur willen laten heersen" (Bierens de Haan, 1959, p.33). As verteenwoordigers kan genoem word: Montesquieu, Voltaire, Rousseau, Quesnay, Turgot en Condorcet (Bierens de Haan, 1959, p.30-37). Die invloed van die fisiese omgewing op die samelewing domineer die sosiale denke. Die slagspreuk van Rousseau (1712-1778) as mondstuk van die ensiklopediste in sy verwoede tirade op die kultuur en beskawing, was byvoorbeeld "Trust Nature"

(Bogardus, 1957), p.203).

Die geloof in die natuurlike harmonie is uitermate versterk deur die natuurwetenskaplike deurbrake van Newton (Chambliss, 1954, p.348). Die blootlegging van o.a. sy bekende swaarte=kragwette waardeur die harmoniese en organiese samehang in die natuur bewaar word, gee aanleiding tot die opvatting dat die wetmatighede wat in en vir die natuur geld, van toepassing is op die hele lewe - ook op die samelewing. Die natuur word beheers deur die beginsel van die meganiese kousaliteit. Die natuur word derhalwe analoog gestel met 'n meganisme wat, indien dit eenmaal in werking gestel is, verder deur eie wetmatigheid en prosesse beheers word. So is die wêreld ook 'n groot masjien - deur God geskape en aan die gang gesit - en nou beweeg dit deur eie wetmatig=heid voort en verrig sy doelmatige funksies (Bierens de Haan, 1959, p.23-24). Ook die verhoudinge tussen mense word beheers deur onveranderlike natuurwette. Die wêreld en die samelewing stu vanself voort. Al wat die mens te doen staan, is "laissez faire, laissez passer" (Bogardus, 1957, p.203), waarin die oortuiging van die deïstiese outomatisme as voortvloeisel van die meganisties-naturalistiese opvatting van die verligting tot uitdrukking kom.

## 5. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om in breë trekke 'n oorsig te skets van hoe, sedert die vroegste tye in die geskiedenis, die mens, in sy besinning oor die samelewing, d.w.s. die

tussenmenslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, die ordeverskynsel daarin ontdek en vanuit verskeie gesigs=hoeke probeer verklaar het.

Ten aanvang is die algemene sisteembegrip in verskillende konnotasies bekendgestel, aangesien immers nie alle sisteme sosiale sisteme is nie. Daar bestaan meganiese, biologiese en chemiese sisteme. Eers wanneer die sisteem waarvolgens mense in groepe saamleef en -doen, in die oog kom, kan daar sprake wees van 'n sosiale sisteem "It becomes a *social system* when it relates to people" (Davis & Blomstrom, 1975, p.12).

In die stand van die pre-sosiologiese denke in al die tyd=vakke - vanaf selfs voor die Grieke, tot en met die ver=ligting - is die goue draad merkbaar van die een of ander vorm van sistemiese analise van die samelewingstruktuur. Omdat die mens so nou met die natuur saamleef, het hy hom=self en die sosiale orde in die natuur begin spieël. In die natuur, as deel van die skepping van God, staan die ordebeginsel t.o.v. dele en geheel; bou en funksies; same=hang en interafhanklikheid; integrasie en differensiasie, prominent uit.

Die sisteem wat as analogie gebruik is om die beginsel van orde, samehang, interafhanklikheid in struktuur en differen=siasie en integrasie van funksies te illustreer, was die organiese sisteem. Ook in die leerstellinge van Christus en

Paulus is byvoorbeeld gebruik gemaak van die sisteem in lewende organismes en die menslike liggaam om hierdie be= ginsel tuis te bring.

Veral in die tydperk van die verligting het die sogenaamde verligte mens met sy onaantasbare rede met hernude intel= lektuele belangstelling die natuurwetmatighede begin navors. Die organiese natuurlike samehang het die ryke verbeelding van die sosiale denkers aangegryp en is dit as model op die ordelike sosiale samehang toegepas. Hierdeur is die grond= slae vir die positivistiese bestudering van die sosiale verskynsels gelê, waarop verskeie positivistiese organisiste waaronder Auguste Comte en Herbert Spencer, sou voortbou om aan die bio-organisisme eventueel die status van 'n so= siologiese teorie te laat toekom vir die bestudering van sosiale verskynsels.

Soos in die hieropvolgende hoofstuk sal blyk, was die impak van die organismiese samelewingsleer van so 'n verreikende aard, dat dit onmiskenbaar sou voorteggo tot in die mees resente opvattinge binne die sosiologiese sisteemteorie.

## HOOFSTUK 3

## DIE SOSIOLOGIESE ONTWIKKELING VAN DIE SISTEEMTEORIE

### 1. INLEIDING

Noudat die pre-sosiologiese ontwikkeling van die sisteem=teorie in hooftrekke d.m.v. analogieë tussen die samelewing en die natuur aangetoon is, word in hierdie hoofstuk die sosiologiese ontwikkeling van die sisteemteorie aangetoon.

Die meganisties-naturalistiese en deïstiese samelewingsleer van die verligtingsperiode ten spyt, het dit díé voordeel in sy eie reg ten gevolg gehad, naamlik dat die samelewing, synde deel van die werklikheid, as sodanig voorwerp van wetenskaplike studie geword het. "And if even the most sacred of all spheres - that of man's spiritual life - was subject to natural laws, there was no reason why even it should not be subject to scientific study" (Martindale, 1967, p.32). Met hierdie uitspraak wil Martindale aantoon dat die metode waarvolgens die samelewing bestudeer sou word, reeds deur die sosiale denkers van die verligting gelê is, naamlik die positivistiese metode, d.w.s. na die model van die natuurwetenskap.

David Hume (1711-1776) se empirisme het hom reeds tot die oortuiging gebring dat dit wat die mens waarneem, slegs die feite is (Bierens de Haan, 1959, p.24). Die ensiklopediste sou die positivistiese grondslae verder uitwerk in 'n sis=teem van geloof in vooruitgang en die vervolmaakbaarheid

van die menslike geslag. Condorcet (1743-1794) presiseer as een van die direkte voorlopers van die sosiologie, die positivistiese grondslag verder met sy pleidooi vir die indiensstelling van die wetenskap van die bevordering van die geluk van die massas (Bierens de Haan, 1959, p.36; Barnes, 1958b, p.40).

## 2. DIE SAMELEWINGSLEER VAN DIE PIONIERS IN DIE SOSIOLOGIE

Die eintlike wegbereider van die sosiologie was Henri de Saint-Simon (1760-1825) wie se grootste bydrae daarin ge= leë is dat hy die grondlegger van die sosiologie, naamlik Auguste Comte, vertroud gemaak het met die teenrevolusionêre geskrifte van o.a. Maistre en De Bonald. Volgens hierdie skrywers was die samelewing self 'n organisme (Maus, 1965, p.9-10) wat voorrang bo die individu geniet.

### 2.1 Auguste Comte (1789-1857)

Auguste Comte, wat allerweë beskou word as die grondlegger van die sosiologie, het saam met ander pioniers waaronder H. Spencer, E. Durkheim en V. Pareto, in sy denksisteem reeds sekere elemente van die struktuur-funksionalisme geïsoleer, wat later tot 'n teorie saamgebind sou word (Goddÿn, 1963, p.32). 'n Historiese oorsig oor die ontwik= keling van die struktuur-funksionalisme in die sosiologie, sal dus meestal by Comte begin (Goddÿn, 1963, p.205). Vine (1966, p.326), in haar uiteensetting van die funksiona= lisme in die sosiologie, is eweneens van oortuiging dat die spoor van die funksionele skool in die sosiologie, by Comte begin.

Comte se sosiologie word beheers deur die onderskeiding van sosiale statika en sosiale dinamika. Volgens die betekenis=onderskeiding wat hy aan die begrip sosiale statika verleen, is dit in wese niks anders as 'n antisipering van die latere onderskeiding van struktuur en funksie waarop die sisteem=teorie berus soos wat o.a. Talcott Parsons dit sou sien nie. Sosiale statika word volgens Comte beheers deur die beginsel van "consensus universel", d.w.s. die algemene samehang tussen die verskillende dele van die sosiale orde (Bogardus, 1957, p.240). Bierens de Haan (1959, p.45) meen dat Comte hier reeds die begrip sosiale sisteem in gedagte gehad het. Trouens, wanneer Inkeles (1964, p.35) 'n beskrywing gee van hoe die struktuur-funksionele anali=tikus moet aandag gee aan die wyse waarop die verskillende strukture gekoördineer en geïntegreer word om die eenheid van die samelewing te verseker en te bewaar as 'n komplete sisteem (of organisme), haal hy Comte direk soos volg aan waar laasgenoemde verwys na die sosiale sisteem: "Sociology consists in the investigation of the laws of action and reaction of the different parts of the social system" (Martineau, 1855, p.457). In sy uiteensetting van Comte se beskouinge oor sosiale statika, verwys Abraham (1973, p.104) eweneens na bogenoemde uitspraak van Comte waarin hy dit as deel van die taak van die sosiologie beskou om 'n studie te maak van die wisselwerking tussen verskillende dele van die *sosiale sisteem.*

Die voorwerp van ondersoek van die sosiale statika is die wedersydse werkinge en teenwerkinge wat alle dele van die

sosiale sisteem op mekaar uitoefen - d.w.s. die sisteem van interafhanklikheid en interaksie. Daar bestaan dus 'n onderlinge harmonie en solidariteit, enersyds tussen die dele van die sisteem en die geheel-sisteem en andersyds tussen die dele van die sosiale sisteem onderling. Alles is van mekaar afhanklik en beïnvloed mekaar (Bierens de Haan, 1959, p.45). In meer resente sosiologiese terme binne die konteks van 'n sistemiese beskouing, beteken dit dat die struktuurkomponente van die sosiale sisteem inter= afhanklik van aard is, terwyl die holistiese kenmerk van die struktuur-funksionalisme in Comte se omskrywing van sosiale statika ook merkbaar is: die dele ontleen hulle betekenis aan die geheel; die studie van die samelewing gaan uit van die geheel (Coser, 1971, p.9).

Sosiale dinamika aan die ander kant, bestudeer die wette van vooruitgang en ontwikkeling in die samelewing. Volgens Comte is die sosiologie die studie van sosiale organisasie en sosiale ontwikkeling (Bogardus, 1957, p.240). In hierdie verband kan daar reeds op gewys word dat organisasies in die teoretiese raamwerk van die kontemporêre sosiologie as sosiale of maatskaplike sisteme bestudeer word waarin be= paalde kombinasies van verhoudings moet bestaan indien dit doeltreffend wil fungeer (Cilliers & Joubert, 1968, p.106).

Comte se beskouing van die ontwikkeling van die samelewing word deur Metta Spencer (1976, p.548) 'n *unilinear evolutionism* genoem, d.w.s. *alle* samelewings ontwikkel deur

bepaalde fases (teologiese, metafisiese en positiewe) en net soos die samelewing t.o.v. struktuur en funksie 'n eenheid uitmaak (*consensus universel*), so is ook dié *ontwikkeling* van die samelewing 'n eenheid: "... Comte conceived total society or humanity or mankind (including its past history as an entity) organic in character and forming a single unit", (Martindale, 1975, p.23).

- Organisisme en die sisteembegrip by Comte

Dit is merkwaardig om daarop te let dat die sosiologie van Auguste Comte steeds in 'n groot mate gebaseer is op die organiese analogie wat sy beslag, soos in die vorige hoof=stuk aangetoon is, in die pre-sosiologiese fase gekry het.

Barnes (1958c, p.85) wys daarop dat, alhoewel Comte nie breedvoerig uitgewei het oor die organiese konsepsie van die samelewing nie, aanvaar kan word dat hy die suggesties daargestel het vir vorm- en inhoudgewing deur die latere organisiste. Dit is egter duidelik dat die organiese leer vir Comte ook meer 'n werklikheid as 'n analogie was. In sy *Philosophy* (Barnes, 1958c, p.85) som hy sy beskouinge in hierdie verband soos volg op:

Die samelewing is 'n kollektiewe organisme in teenstelling met die individuele organisme of plant en besit die primêre organiese eienskappe van die *consensus universel*. In beide die samelewing en 'n organisme is 'n harmonie van struktuur en funksie te bespeur wat meewerk aan 'n gemeenskaplike doel

deur aksie en reaksie tussen die dele van die organisme en tussen die organisme en die omgewing. Hierdie harmoniese ontwikkeling bereik sy hoogste of finale stadium in die organiese evolusie. Hy was Herbert Spencer vooruit in sy opvatting dat sosiale vooruitgang gekenmerk word aan toenemende spesialisasie van funksies en 'n korresponderende tendens in die rigting van 'n meer perfekte aanpassing van organe. Hy beweer voorts dat versteuringe in hierdie har=monie, siektes of kwale van die sosiale organisme is en gevolglik studievoorwerp van die sosiale patologie is.

In sy *Polity* wei Comte verder uit oor die gelyksoortigheid van die individuele en sosiale organisme (Barnes, 1958c, p.85): Die gesin is die sosiale sel; sosiale kragte is die sosiale weefsel/spiere; in die staat (stad) word die so=siale organe aangetref; in die verskillende nasies kan die sosiale analogieë van die sisteem van organe in die biolo=gie gevind word. Die studie van die sosiale lewe is 'n deel van die groter studie van die lewe. Net soos die samelewing beskou word as 'n organisme, so word sosiale struktuur en verandering bestudeer soos in die anatomie en fisiologie (Hinkle & Hinkle, 1967, p.5). In hierdie ver=band skryf Aron (1974, p.90) dat so onmoontlik as wat dit is om die funksie van 'n orgaan te bestudeer sonder om dit in die konteks van die lewende skepsel te plaas, net so onmoontlik is dit om die politiek of die staat buite die konteks van die samelewing op 'n gegewe tydstip van ontwik=keling te bestudeer. Sosiale statika behels derhalwe ener=syds 'n anatomiese analise van die samelewingstruktuur op

'n bepaalde tydstip, terwyl dit andersyds 'n analise behels van die elemente wat die konsensus determineer, d.w.s. elemente wat individue tot 'n kollektiwiteit saambind; elemente wat die verskeidenheid van instellings tot 'n een=heid bind.

Comte wys egter ook op enkele verskille tussen die indi=viduele en sosiale organisme. Eerstens is die aard van die individuele organisme onveranderlik, terwyl die sosiale organisme in staat is tot grootskaalse verbetering en ont=wikkeling indien dit langs wetenskaplike beginsels gelei word. Tweedens laat die sosiale organisme 'n veel vryer verspreiding van funksies toe, gekombineer met 'n hoër graad van koördinasie van organe.

Die vertrekpunt vir sosiologiese studie is volgens Comte in alle opsigte die samelewingsgeheel, net soos die bioloog die organisme as geheel bestudeer (Hinkle & Hinkle, 1967, p.5). Dit is opvallend dat Comte reeds na die samelewings=geheel t.o.v. die spontane harmonie tussen die geheel en die dele, as 'n sosiale sisteem verwys. In sy *Positive Philo=sophy*, deel II, praat hy naamlik van die "spontaneous har=mony between the whole and the parts of the social system" (Coser, 1971, p.10).

## 2.2 Herbert Spencer (1820-1903)

Herbert Spencer beklee 'n heel besondere en merkwaardige plek in die ontwikkeling van die sosiologiese teorieë in

die algemeen en in die ontwikkeling van die struktuur-funksionele teorie in die besonder. Sy denksisteem ver=teenwoordig volgens Barnes (1958d, p.111) een van die in=drukwekkendste produkte van 'n enkele gees sedert die tyd van Aristoteles, terwyl hy wat geestesproduktiwiteit betref, onoortreflik is, selfs onder kontemporêre skrywers.

Die pioniersjare van die sosiologie word in 'n groot mate gekenmerk aan storm en drang wat aan puberteit herinner. In sy vroegste ontwikkeling neem dit die vorm aan van 'n reeks monistiese leerstellinge of een-idee-teorieë. House (1936, p.120) praat in hierdie opsig van "sociologies of one idea". Van al die sogenaamde een-idee-sosiologiese teorieë, was die organiese analogie gewis een van die populêrstes en invloedrykstes en dit is in aanmerkbare be=sonderhede ontwikkel en uitgebou deur Spencer.

- <u>Die organiese of organismiese analogie</u>

Siende dat dit wesenlik 'n monistiese of sydige teorie is, is dit miskien wenslik om van die organismiese of organi=sistiese teorie te praat. Hieroor later egter meer.

Benewens sy opspraakwekkende en omstrede evolusionistiese leerstellinge aangaande die menslike samelewing, waarop hier nie ingegaan word nie, bestee Spencer besondere aandag aan die verdere uitbouing en konseptualisering van die organismiese analogie. Alhoewel dit nie die oorspronklike breinkind van Spencer was nie, dog vanaf sy elementêre ont=

staan 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis het, soos in die vorige hoofstuk oor die pre-sosiologiese denke aangetoon is, is die organismiese analogie, in die woorde van Barnes (1958d, p.115), vir Spencer gereserveer om die aanbieder te wees van die eerste sistematiese ontwikkeling van die teorie. Daar kan derhalwe met reg beweer word dat Herbert Spencer sy debuut in die sosiologiese wêreld maak as or= ganisis.

Alhoewel daar etlike antinomieë in die uitsprake van Spencer te ontdek is, wend hy 'n moedige poging aan tot teoretise= ring en veralgemening van sy organiese analogie. Hy erken o.a. dat 'n klakkelose en ongekwalifiseerde identifisering van die samelewing met 'n organisme nie stand kan hou nie: "Of course, I do not say that the parallel between an individual organism and a social organism is so close, that the distinction to be clearly drawn in the one case may be drawn with like clearness in the other" (Spencer, 1968, p.200). Spencer erken voorts soos volg dat die bruikbaar= heid van sy analogie vir die sosiale wetenskappe te vinde is in 'n veralgemenende en nie in 'n partikulariserende toepassing nie: "To make better the parallel, and further to explain the nature of the Social Science, we must say that the morphology and physiology of Society, instead of corresponding to the morphology and physiology of Man, correspond rather to morphology and physiology in general" (Spencer, 1968, p.201).

In sy uiteensetting van die teorie ontdek Spencer etlike ooreenkomste tussen die samelewing en 'n biologiese orga= nisme, alhoewel hy ook erken dat daar etlike verskille bestaan.

Wat die ooreenkomste betref, behels dit o.a. die volgende (Timasheff, 1967, p.38; Sorokin, 1928, p.202; Martindale, 1967, p.67):

- Albei word a.g.v. groei deur die grootste deel van hulle bestaan, van die anorganiese wêreld onderskei.

- Tesame met en a.g.v. die groeiproses, neem albei toe in strukturele kompleksiteit.

- By albei word progressiewe differensiasie in struk= tuur, vergesel van 'n korresponderende differensiasie in funksies.

- Evolusie, wat albei moontlik maak, lê ten grondslag van die differensiasie in struktuur en funksies.

- Elke organisme is 'n samelewing in dié sin dat dit uit eenhede bestaan wat individueel leef. Op die= selfde wyse is die samelewing 'n organisme.

- In organismes, sowel as in die samelewing, kan die lewe van die aggregaat vernietig word, terwyl die eenhede ten minste vir nog 'n tydjie sal voortleef.

- In albei bestaan daar 'n interafhanklikheid van dele.

- Albei beskik oor 'n spesiale voedings- of onder=houdsisteem; 'n spesiale distribusiesisteem en 'n beheer- of kontrolesisteem.

Dit dan wat die belangrikste punte van ooreenkoms betref.

Wat die verskille tussen 'n organisme en die samelewing betref, verleen Spencer erkenning aan o.a. die volgende (Sorokin, 1928, p.202; Timasheff, 1967, p.38; Bogardus, 1957, p.294; Martindale, 1967, p.67):

- 'n Organisme is simmetries, terwyl die samelewing asimmetries is.

- 'n Organisme is 'n konkrete versameling of aggre=gaat, terwyl die samelewing 'n diskrete versameling is.

- In 'n organisme is die bewussyn in die senustelsel gesetel, terwyl dit in die samelewing deur die hele aggregaat versprei is.

- In 'n organisme bestaan die dele ter wille van die geheel, terwyl in die samelewing die geheel eerder bestaan ter wille van die voordeel van die individu.

'n Belangrike verskilpunt tussen die organismiese beskou=inge van Comte en Spencer is derhalwe dat Comte 'n holis=tiese uitgangspunt huldig, terwyl Spencer in sy siening 'n individualistiese of partikularistiese standpunt inneem.

## 2.3 Resente organisiste

In die ry van meer resente verteenwoordigers van die bio-organismiese teorie in die sosiologie, kan sonder veel moeite 'n indrukwekkende lys saamgestel word. Martindale (1967, p.465) wys tereg in hierdie verband daarop dat die gewildheid van die organisisme eers 'n afname begin toon het met die toename in populariteit van die funksionalisme en veral met die kontemporêre artikulasie van die struk=tuur-funksionele analise in sisteem-teoretiese konteks. Sorokin (1928, p.200-201) bespreek in hierdie opsig die interessante bydraes van o.a. P. Lilienfeld, A. Schäffle, R. Worms en J. Novicow en wys daarop dat selfs in die 20$^{e}$ eeu werke van o.a. La Ferriére, Kjellen en Roberts verskyn het waarin die beginsels van die bio-organismiese interpre=tasie beskryf word. Die kern van al hierdie beskouinge kan kortliks soos volg saamgevat word (Sorokin, 1928, p. 201):

- Die samelewing of 'n sosiale groep is 'n besondere soort organisme in die biologiese sin van die woord.

- Synde 'n organisme, openbaar die samelewing, wat essensiële kenmerke betref, die struktuur en funksies van 'n biologiese organisme.

- Soos 'n organisme, is die samelewing onderworpe aan dieselfde biologiese wette as daardie waardeur 'n biologiese organisme funksioneer en lewe.

- Die sosiologie is 'n wetenskap wat primêr gebaseer behoort te wees op die biologie.

- Die samelewing is niks meer as die hoogste klas organisme nie. "Lilienfeld indicates that there are five principal classes: the cell, tissue (com= plex of cells), organ (complex of tissues), person (complex of organs), and state or society (complex of persons)" (Sorokin, 1928, p.203).

- Die samelewing is wel in 'n enigsins geringer mate geïntegreerd as 'n organisme, dog in hierdie opsig is daar drie grade van organismes: "Plants which lack an ability to move in their parts and in their whole; animal organisms which have an ability to move as a whole; and social organisms, which can move in their whole as well as in their parts (individuals)" (Sorokin, 1928, p.203).

Dit wat betref die algemene stand en kenmerke van die sogenaamde bio-organismiese teorie in die sosiologie. Voordat daar egter in 'n volgende afdeling oorgegaan word tot 'n omlyning van die bydrae wat veral Herbert Spencer as eksponent van hierdie skool tot die ontwikkeling van die struktuur-funksionalisme en die sisteemteorie gelewer

het, moet gewys word op sekere vergesogte vergelykings of parallellismes in die organismiese teorie, wat in 'n groot mate bygedra het tot sy eventuele verlies aan populariteit. Ook in hierdie opsig word hoofsaaklik gekonsentreer op die uitgangspunte van Herbert Spencer.

## 2.4 Enkele absurditeite in die organismiese analogie

In die beskrywing van die ontwikkeling van die organismiese analogie sedert die vroegste tye tot hiertoe, het dit tel= kens geblyk dat daar in sekere gevalle ongangbare en on= houdbare en miskien té konkrete toepassings van die teorie gemaak is. Hierdie op die spits dryf van die organismiese analogie het in die pre-sosiologiese sowel as in die vroeë sosiologiese denke aanleiding gegee tot sekere absurditeite wat enigsins 'n vals noot in die simfonie laat opklink het. Onder invloed van die bedwelmende prestasies van die na= tuurwetenskap en veral van die biologie, is op analogiese wyse van sekere absurde voorbeelde gebruik gemaak wat van= weë die vergesogtheid daarvan, vanuit wetenskaplike oor= weginge nie kon stand hou nie. In 'n sekere sin is dit 'n herlewing, in ander gedaante, van die meganiese analogie, toe daar onder invloed van die prestasies van die fisiese wêreld en wetenskap - veral a.g.v. die deurbrake van Newton, oorgegaan is om die samelewing te bestudeer deur dit op meganistiese wyse analoog te stel met 'n masjien (Bierens de Haan, 1959, p.23-25).

Van hierdie ekstreme sogenaamde parallellismes tussen die samelewing en 'n organisme, sê Bogardus: "They appear

ridiculous when carried to an extreme to which Spencer him= self went when he compared the King's Council to the medulla oblongata (verlengde rugmurg), the House of Lords to the cerebellum (kleinharsings), and the House of Commons to the cerebrum" (grootharsings) (Bogardus, 1957, p.294-295).

Wanneer dus gepraat word van absurde parallellismes in die toepassings van die organismiese analogie, word o.a. na die bogenoemde konkretisering en ekstreme verbesondering van analoë strukture en funksies verwys. Voorbeelde van hierdie aard kom ruimskoots voor in die beskouinge van Spencer. In sy werk "Principles of Sociology" (Andreski, 1969, hfst. 1-10) word byvoorbeeld hoofstukke gewy aan vergelykings wat hy tref tussen die struktuur en funksies van organe wat kor= respondeer met strukture en funksies van instellings, orga= nisasies en individue in die samelewing. Hierin dek hy omtrent die hele strukturele en funksionele samelewingsorde soos die owerheid, die ekonomie, vervoer, regspleging e.d.m. en bring dit in ooreenstemming met organe en sisteme in die menslike liggaam.

Spencer hanteer sy teorie met oortuiging en gebruik sy ana= logie uiters ekstensief en kragtig - om dit eufemisties te stel. Gevolglik het kritiek teen sy stellings ook nie uit= gebly nie en was dit ook van 'n ewe ekstensiewe en uitda= gende aard. Spencer, alhoewel hy nie die ontwerper van die organismiese analogie was nie, maar tog die eerste persoon was wat daaraan die waarde en status van 'n wetenskaplike teorie besorg het, in die loop waarvan hy 'n bepaalde kon=

troversie of omstredenheid aan die teorie verleen het, is, in die woorde van Timasheff, gevange geneem deur die spook wat hy self opgejaag het (Timasheff, 1967, p.39).

Alhoewel hy self, saam met vele ander aanhangers van die organismiese analogie, erken het dat hulle nie bedoel het dat die samelewing werklik 'n organisme is nie, aangesien daar te veel substansiële verskille tussen die twee is, en dat die analogie derhalwe bloot dien ter illustrasie van die teorie (Sorokin, 1928, p.208), het hy tog in sy ant=woord op die vraag na wat die samelewing is, volhard met sy ondubbelsinnige vergelyking of identifisering: "Society is an organism" (Sorokin, 1928, p.202; Timasheff, 1967, p.38-39). Spencer se antwoord op aggressiewe en venynige kritiek teen sy stellings probeer hy ontwyk met die teenargument dat sy analogie bloot dien as 'n steier (*scaffold*) vir die bou van 'n struktuur van deduksies. Na voltooiing van die konstruksie, sou die steier verwyder word (Timasheff, 1967, p.38). Hierdeur verleen hy dus aan sy analogie 'n tydelike of *ad hoc*-karakter. As tydelike hulpmiddel vir die konstruering van 'n omvattende samele=wingsteorie, sou dit van die toneel verdwyn sodra die doel gedien is. Indien gelet word op die wyse waarop die orga=nismiese teorie tog uiteindelik oorsprong gegee het aan die struktuur-funksionalisme, soos verder aan in hierdie hoof=stuk aangetoon sal word, wil dit tog voorkom asof Spencer eerlik was in sy verweer. Aan die ander kant wys sekere skrywers en kritici daarop dat Spencer se verduideliking

heelwat teenstrydige elemente bevat (Bogardus, 1957, p.295). Die essensie vir 'n ontleding van genoemde teenstrydighede, ontbreek egter in hierdie navorsing. Dat daar in die be=skouinge van Spencer egter 'n fenomenale bydrae opgesluit is tot die ontwikkeling van die struktuur-funksionalisme en derhalwe tot die sosiologiese sisteemteorie, is 'n oor=tuiging wat deur die meeste sosioloë gedeel word.

## 2.5 Die bydrae van Spencer se organisisme tot die struktuur-funksionalisme in die sosiologie

Die venynige kritiek teen Spencer vanweë die kontroversiële aard van baie van sy idees ten spyt, het hy in meer as een opsig suggesties en riglyne daargestel vir 'n sinvolle konseptualisering van die struktuur-funksionalisme. In hierdie opsig lê sy grootste bydrae daarin dat hy meegehelp het aan die konstruering van 'n omvattende wetenskaplike samelewingsteorie waarbinne die belangrikste waarskynlik was dat hy aan die plek en taak van sosiale strukture of instellings of samelewingsvorme (groepe) duidelike promi=nensie verleen het in die ontleding van die samelewing (Bogardus, 1957, p.295).

### 2.5.1 Struktuur en funksie

Ten einde reg te laat geskied aan die bydrae van Spencer en ander organisiste tot die struktuur-funksionalisme moet vooraf kortliks besin word oor en rekenskap gegee word van die begrippe struktuur en funksie, aangesien daar nie al=gehele konsensus onder sosiaal-wetenskaplikes bestaan

betreffende die betekenisinhoude van hierdie twee kern=begrippe nie.

Ten aanvang van die vorige hoofstuk is reeds melding gemaak van Van Dijk (s.j., p.204) se uitspraak betreffende die begrip struktuur: "Wie structuur zegt, verwijst daarmee naar de idee van orde". In aansluiting by hierdie uitspraak van wat onder sosiale struktuur bedoel word, geld Coser & Rosenberg (1966, p.615) se verduideliking dat dit (struk=tuur) verwys na 'n stelsel van relatief stabiele en gepa=troneerde verhoudings van sosiale eenhede of groepe, terwyl met funksies bedoel word daardie gevolge van enige sosiale aktiwiteit wat die weg berei vir die aanpassing van 'n bepaalde struktuur of sy komponente. Alhoewel Durkheim, wat nie soos Spencer in die versoeking gekom het om die samelewing en 'n organisme met mekaar te vereenselwig nie, allerweë beskou word as die grondlegger van die funksiona=lisme, aangesien hy die eerste sistematiese formulering van die logika van 'n funksionele benadering in die sosiologie daargestel het (Goddÿn, 1963, p.33-40; Coser & Rosenberg, 1966, p.615), neem dit nie weg dat Spencer ook 'n pioniers=bydrae in hierdie opsig gelewer het nie.

Die funksionalisme as teorie in die sosiologie berus vir 'n groot mate op die biologiese wetenskappe vir sover dit die ontwikkeling van analogieë en konsepte betref. Dit is naamlik in die biologie dat daar sedert die middel van die vorige eeu dikwels na die relatief stabiele ordening van verhoudings tussen verskillende selle van 'n organisme

as die struktuur daarvan verwys is, terwyl andersyds na die gevolge van die aktiwiteite van verskillende organe in die lewensproses van die organisme verwys is as hulle funksies (Coser & Rosenberg, 1966, p.615). Spencer het in sy toepassing van die organismiese analogie ook nie bloot verwys na talle analogieë en ooreenkomste tussen die samelewing en 'n organisme nie, dog het die struktuur-funksionele teorie basies ingeplant deur te onthul dat dieselfde beginsel, dieselfde "definition of life" van toepassing is op albei (Coser & Rosenberg, 1966, p.615). Hy introduseer op eksplisiete wyse 'n funksionele benade= ring wanneer hy wys op die samehang en onskeibaarheid van struktuur en funksie en deur sy beklemtoning daarvan dat veranderinge in struktuur nie kan plaasvind sonder ver= anderinge in funksies nie (Spencer, 1966, p.621), met die gevolg dat die toename in die grootte van sosiale eenhede noodsaaklik lei tot progressiewe differensiasie in sosiale aktiwiteite (Coser, 1971, p.97). Goddÿn (1963, p.44) gee eweneens erkenning aan hierdie bydrae van Spencer deur daarop te wys dat die leer van die analogie tussen die samelewing en 'n organisme by Spencer die karakter van 'n wetenskaplike teorie verkry wat grotendeels gewikkel is in 'n funksionele terminologie.

Indien die bostaande in ag geneem word, verbaas dit geen= sins dat daar tans 'n herleefde kritiese belangstelling in en 'n herwaardering vir Spencerisme opvlam nie. Aanvanklik het die oortuiging klaarblyklik bestaan dat die gebrek aan lewensvatbaarheid van Spencer se teorieë van organisisme

en evolusionisme resulteer vanweë die sogenaamde onversoen= baarheid daarvan met die opkomende funksionalisme. Tans blyk dit egter dat die doemprofesieë en grafredes van selfs onder andere Parsons en Brinton enigsins voorbarig en in elk geval totaal voortydig was (Perrin, 1976, p.1339). Abrams (1968, p.68) beweer byvoorbeeld dat daar tussen Spencer se evolusionisme en die funksionalisme veel eerder sprake is van simbiose as kontradiksie, terwyl Carneiro (1968, p.124) die mening toegedaan is dat binne die breër konteks van die herleefde belangstelling in Spencer, daar nou ontdek is dat "he was also a thoroughgoing functiona= list".

Buckley (1967, p.11-14) vat die dispuut rondom die orga= nismiese analogie raak wanneer hy die toepassings daarvan soos volg verklaar: Daar behoort onderskei te word tussen die *organismiese* analogie en die meer algemene *organiese* model. Die organisasie en dinamiek van die individuele organisme verskil uiteraard van dié van 'n versameling van organismes wat 'n spesie of ekologiese sisteem saamstel. Baie van die volgelinge van Spencer het die organismiese analogie tot die uiterste geëksploiteer waarin hulle gesoek het na die sosiale analogie van die hart, brein, bloeds= omloop e.d.m. van die menslike organisme. Spencer self was baie versigtiger en het gewys op meer veralgemenende beginsels van ooreenkoms. Hy (Buckley, 1967, p.12) gaan dan voort deur Spencer soos volg aan te haal: "Here let it once more be distinctly asserted that there exist no ana= logies between the body politic and a living body, save

those necessities by that mutual dependence of parts which they display in common. Though, in foregoing chapters, sundry comparisons of social structures and functions to structures and functions in the human body have been made, they have been made only because structures and functions in the human body furnish familiar illustrations of struc= tures and functions in general".

Buckley (1967, p.12) wys voorts daarop dat dit juis "die onderlinge afhanklikheid van dele" is, blykens die bostaande verduideliking van Spencer, wat die samelewing soos 'n organisme maak. Hy beweer dat, alhoewel hy nie die orga= niese analogie wil verdedig nie, dit jammer is dat Spencer die samelewing met 'n individuele organisme geïdentifiseer het. Vele van die antinomieë in die model kon uitgeskakel gewees het en dit sou tewens baie sinvoller gewees het indien as uitgangspunt gedien het dat die samelewing soos 'n *spesie* is, daarin dat instandhouding sowel as verandering van struktuur by albei kenmerkende eienskappe onder bepaalde omstandighede is. Dit sou byvoorbeeld die probleem van die antinomie in die organiese analogie betreffende die af= sterwe van die individuele organisme, terwyl die samelewing daarenteen bly voortbestaan, in 'n groot mate opgelos of uitgeskakel het. Dit is klaarblyklik Spencer se aksentu= ering van die individu wat hom op hierdie dwaalspoor laat beland het. Vorentoe in hierdie hoofstuk is daarop gewys dat Comte 'n holistiese siening van die samelewing as 'n organisme gehad het teenoor Spencer se partikularistiese of individualistiese siening. Comte (Barnes, 1958c, p.85)

het dit duidelik in sy uiteensetting van *consensus universel* gestel dat die samelewing 'n *kollektiewe* samele= wing is in teenstelling met die individuele organisme of plant en beskik as gevolg daarvan oor die primêre organiese eienskappe van *consensus universel*. Davis (1949, p.26) huldig ook hierdie beskouing:

"Like an organism, a society is a system of relations, but relations between organisms themselves rather than between cells. It has like the organism a determined structure; and the parts of this structure when in operation contri= bute to the existence of the whole, giving it a continuity apart from that of the constituent individuals. It is this possession of a continuity and structure of its own that makes it impossible to reduce the study of society merely to a study of its individual members. It is like a house which, though composed of bricks, nails, mortar and pieces of lumber, cannot be understood purely in terms of these materials; it has a form and function as a complete house". Hierby kan ook die bevinding van Wilson & Kolb (1949, p.846) gevoeg word wat in hierdie verband soos volg lees: "Treated apart from the social structure the processes are so abstract that little can be said about them or little use made of them in research. Seen as functional elements within social systems they take on significance as the dynamic components which make society a going concern".

Dit blyk dus voor-die-hand-liggend te wees dat dit die verskynsel van die onderlinge samehang van struktuur en

funksie; die differensiasie en integrasie daarvan is, wat beswaarlik makliker en duideliker gedemonstreer kan word as aan die hand van 'n individuele lewende organisme t.o.v. strukturele en funksionele differensiasie en integrasie en wat toegegee moet word, 'n universele verskynsel, ook in die samelewing is, wat Spencer laat gryp het na die or=ganiese analogie. Gevolglik is dit noodsaaklik om aan te toon presies hoe die aansluiting tussen die organiese of organismiese analogie en die struktuur-funksionalisme tot stand gekom het.

### 2.5.2 Die aansluiting tussen die organismiese analogie en die struktuur-funksionalisme

Alhoewel miskien enigsins hipoteties, is in die vooraf=gaande paragrawe tog implisiet verwys na die aansluiting tussen hierdie twee skole in die sosiologie. Ten spyte daarvan dat vrylik erkenning verleen word aan hierdie feit, ag verskeie gesaghebbende skrywers dit nie nodig om uit te wei oor die aansluiting van die struktuur-funksionalisme met die organismiese analogie nie. Martindale (1967, p.465) toon egter op ondubbelsinnige wyse aan dat die organisisme plek gemaak het vir die funksionalisme en dat die funksio=nalisme sy besondere onderskeidende studie-objek bereik het deur die aan die organisme gelyke *sisteem* as voorwerp van studie te neem. "The transition from positivistic organicism to functionalism is made when the theoretical explanations of the sociologist turn from social criticism of actual historical societies or civilizations, conceived as organisms, to abstract formulation and the development

of the concept of system as an explanatory principle of theory". Dit blyk dus dat een van die mistastings van die organisiste was dat hulle hul tot spesifieke historiese gemeenskappe of beskawings beperk het wat hulle in besondere mate geleen het tot die toepassing van die organiese ana= logie.

Goddijn (1963, p.32) beweer dat pro-funksionalisme wel bestaan het in die beskouinge van die Grieke, die ensiklo= pediste, Comte, Spencer e.a., dog dat dit as outonome teorie alreeds 'n omvangryke en indrukwekkende stamboom het van 'n meer resente aard, waaruit die afleiding gemaak kan word dat hy dit nie nodig ag om die ontwikkeling van die funksionalisme so ver terug as die pre-sosiologiese tydperk na te speur nie; trouens, die indruk word gewek dat dit selfs nie belangrik is om by die pioniers van die sosiolo= gie te gaan soek na funksionele of dan kwasi-funksionele interpretasies nie. Aangesien die sosiologie ook histories gebonde is en die organiese analogie so ver terug in die geskiedenis sy beslag gekry het, is dit, al sou dit bloot wees ter wille van 'n historiese geheelbeeld, tog belangrik om die totale ontwikkeling van die struktuur-funksionalisme in oënskou te neem. Martindale (1967, p.448-449) maak daar geen geheim van dat die sisteemteorie as struktuur-funksio= nele benaderingswyse sy wortels in die organiese tipe van sisteem vind nie. "The true founders of functionalism were the positivistic organicists" en verder "the organic type of system is the primary model of functional interpreta= tion" (Martindale, 1967, p.448).

Timasheff (1967, p.221-223) vind ook die eerste spore van die funksionalisme primêr in die beskouinge van die orga=nisiste. Hy toon naamlik aan dat die konsepsie van die integrasie van dele in die geheel en van die interafhank=likheid van verskillende elemente van die samelewing na vore tree in Comte se *consensus universalis*; in Spencer se integrasie en differensiasie; in Cooley se organiese teorie en in Pareto se konsepsie van die samelewing as ekwilibrium.

Nisbet (1953, p.28) beweer dat die 20e eeuse opkoms van organisisme en daarmee saam ook die funksionalisme as die nakomeling daarvan, die reaksionêre resultaat is van die betekenisvolle intellektuele verset in die sosiale weten=skappe teen die rasionalistiese individualisme van die 18e en 19e eeu. Die sosiale groep vervang nou die individu as sleutelbegrip in die meeste sosiale wetenskappe en daarmee gepaardgaande vervang sosiale orde sosiale verandering as sleutelprobleem. Hy praat in dié verband van "... orga=nicism and its offspring, functionalism ..." (Nisbet, 1953, p.29).

Ook Buckley (1967, p.13) deel soos volg in die beskouing dat die hedendaagse funksionalisme in die sosiologie die moderne variasie van die biologiese model verteenwoordig: "Present-day functionalism in sociology represents the modern version of the biological model". Die aksent wat die moderne struktuur-funksionalisme lê op die strukturele en funksionele orde in die samelewingsisteem, maak volgens

Buckley (1967, p.13) gebruik van die organismiese model ter illustrasie van die noue samewerking van struktuurkompo= nente. "... the functionalists - who today typically emphasize *order*, cooperation and concensus - utilize the organismic model as the supreme example of the close cooperation of parts conserving a relatively fixed structure within close limits of deviation".

Bailey (1975, p.57) wys tereg daarop dat "basically, functionalism is the application of an organismic analogy to the social field". Een van die belangrikste raakpunte tussen die organisistiese en funksionalistiese beskouinge of teorieë, blyk die holistiese benadering te wees (Cohen, 1968, p.34), soos reeds kenmerkend was van die Comteaanse samelewingsleer. Funksionalisme is eweneens 'n ekwilibrium-teorie, gebaseer op die homeostatiese analogie van die organisme m.b.t. temperatuurbeheer (Bailey, 1975, p.57). Dit beteken dat enige lewende organisme oor beheerorgane beskik om 'n ekwilibrium te handhaaf byvoorbeeld t.o.v. temperatuurbeheer. Op dieselfde wyse beskik die samele= wing, soos later aangetoon sal word, oor sosiale beheer= meganismes om die ekwilibrium en voortbestaan daarvan te verseker.

Alhoewel resente funksionaliste enigsins onwillig is om hulle benadering met die organismiese analogie te assosieer, (Toburen, 1974, p.94) erken selfs Robert K. Merton (1957, p.21-22), wat naas Talcott Parsons die leidende sosiolo= giese funksionalis is, soos volg die organisismiese wortels

in sy benadering: "(Functional analysis) is more often explicitly adopted from the biological sciences, where the term function is understood to the *vital or organic proces= ses considered in the respects in which they contribute to the maintenance of the organism*".

Toburen (1974, p.94) konkludeer eweneens tereg ondubbelsin= nig dat "... functionalism still retains the major assump= tion of organismic theory: Any institution (stucture) or action (function) in a society is analyzed from the point of view of how it affects the society as a whole (system)".

Rex (1970, p.61) neem in bostaande verband 'n verdraagsame ingesteldheid in wanneer hy daarop wys dat kontemporêre sisteem-sosioloë nie té venynig en onsimpatiek in hulle veroordeling van die misvattinge van die organisistiese benadering moet wees deur o.a. neerhalend daarna te verwys as "the bad old days of the system builders" nie en voeg daaraan toe: "Whenever we find the terms *structure* and *function* in sociology, there we may be sure the writer has in mind some conception of society as an organism". Hy gaan dan voort deur te wys op die waardering wat Radcliffe-Brown (Rex, 1970, p.61-63) koester vir die bydrae wat die organisiste gelewer het tot die ontwikkeling van die struk= tuur-funksionele teorie in die sosiologie, terwyl Buckley (1967, p.43) die oorgang van die organisistiese teorie na die sisteemteorie simpatiek stel wanneer hy beweer: "Generally speaking, we might say that the modern concepts of system and organization are now taking over the duty of

the overworked and perhaps retiring concept of *organic*".

Coser & Rosenberg (1966, p.615) huldig ook die standpunt dat, al sou die organisisme se rol in die sosiologiese teorie uitgespeel wees, dit nie beteken dat die bydrae daarvan tot die ontstaan van die struktuur-funksionalisme onderskat of misken moet word nie. "Functionalism was brought into sociological thought by borrowing directly from and developing analogies for concepts in the biological sciences".

Hiermee is gepoog om aan te toon dat die struktuur-funksio=nalisme sy wortels vind in die organismiese analogie wat in elementêre vorm ver teruggryp in die geskiedenis van die sosiale denke. 'n Indringende vraag wat nog op beant=woording wag, is hoe die hedendaagse sisteemteorie 'n plek vind binne die struktuur-funksionalisme.

### 2.5.3 Beslag van die sisteembenadering of -teorie binne die struktuur-funksionalisme

Sonder om betrokke te raak by die intellektuele dispuut oor die outentiekheid al dan nie van en indien wel, oor die beslaggewers aan die struktuur-funksionalisme in die heden=daagse sosiologie, is dit in ooreenstemming met die aan=vanklike hipotese naamlik dat die sisteemteorie as 'n deur=lopende sosiologiese tema aansluiting vind in die oorgange van die geskiedenis, om aan te toon hoe die sisteemteorie sy beslag gevind het.

Goddijn (1963, p.8) meen dat die dubbelsinnigheid en meersinnigheid wat opgesluit is in die funksionalisme, as motief dien vir die misverstande en misplaaste kritiek sowel as waardering. Skrywer deel ook Goddijn (1963, p.8) se oortuiging dat indien funksionalisme slegs beteken dat elke sosiale sisteem 'n bepaalde samehang besit, en in bepaalde elemente uiteengelê kan word wat onderling en met die sosiale sisteem as geheel in verband gebring kan word, dan is die meeste sosioloë funksionaliste.

Inkeles (1964, p.37) betuig soos volg sy instemming met bostaande siening: "... every sociologist to a degree is something of a structural-functionalist. There are very few sociologists who would argue that there is no order or system in social life. It is doubtful that any sociolo= gist would deny that the continuation of social life requires that certain functions, such as the socialization of children, the control of violence, and the regulation of sex be performed by some social agency, or would propose that it is unimportant to know which does the job and how".

Die kwellende vraag is of die samehang van komponente en die differensiasie en integrasie van funksies nie juis die kernwaarheid van die struktuur-funksionalisme is nie - daarmee in gedagte houdend dat nòg struktuur, nòg funksies aan mekaar opgeoffer mag word. Daar is trouens reeds aange= toon dat Auguste Comte met sy *consensus universalis* uit= drukking gegee het aan die feit van die samehang en on= skeibaarheid van struktuur en funksies, terwyl Spencer

(Coser, 1971, p.97) in sy uiteensetting van integrasie en differensiasie ook die onskeibaarheid van struktuur en funksies beklemtoon.

Indien uitgegaan word van die standpunt dat die sosiologie die struktuur-funksionele teorie van die samelewing is, soos duidelik deur o.a. Eloff (1963, hfst. 4 en 5) uitge= stippel word, dan geld bostaande hipotese van Goddijn. Daar moet egter toegegee word dat die gevaar geleë is in 'n té simplistiese of oorvereenvoudigde verklaring van die samelewingsverskynsels, waartoe die struktuur-funksiona= lisme hom wel leen. Hierdie vanggat het heelwat slagoffers geëis in die wordingsgeskiedenis van die sosiologie, waar= onder aanhangers van die sogenaamde monistiese teorieë. Onder hierdie slagoffers tel groot name: die denkers van die verligting met hulle kousaal-meganistiese en naturalis= tiese beskouinge; die bio-organisiste waaronder Spencer met sy organismiese analogie; Durkheim met sy sosiolo= gistiese teorie van "social facts"; Giddings met sy impak van "consciousness of kind" e.d.m. (House, 1936, p.120).

Reeds by Charles H. Cooley (1864-1929) (Timasheff, 1967, p.145) se organiese teorie is 'n abstraheringsproses merk= baar, alhoewel hy sonder kwalifisering beweer dat die same= lewing 'n organisme is. Anders as Spencer en ander orga= nisiste, soek hy egter nie na gedetailleerde analogieë nie, dog plaas die aksent op die abstrakte of teoretiese verband, naamlik dat die samelewing ook 'n lewende geheel is, opge=

bou uit gedifferensieerde segmente, waarvan elk 'n spesiale funksie het. Cooley se organiese beskouing beklemtoon die eenheid van die geheel, sowel as van die besondere waarde van die individu en verklaar die een uit die ander (Cooley, 1967, p.35).

Lester F. Ward (1841-1913) het ook reeds volgens Buckley (1967, p.13) in ooreenstemming met die moderne sisteem=teorie 'n deurbraak gemaak deur die halwe waarheid van die analogie tussen die samelewing en 'n organisme raak te sien en ontdek die fundamentele verskille in beginsels van organisasie tussen sosio-kulturele sisteme aan die een kant en organismes en filogenetiese (stamgeskiedkundige) sisteme aan die ander kant.

George Gurvitch (Goddijn, 1963, p.9), in sy geïrriteerdheid a.g.v. die groot aandag wat aan die Amerikaanse funksiona=lisme gegee word, gaan so ver as om te beweer dat die funksionalisme niks nuuts gebring het nie en dat Parsons en Merton slegs vir Spencer herhaal het en dit nog op gebrekkige wyse. Wat meer is, Goddijn (1963, p.106) wys daarop dat selfs Parsons, wanneer hy in die konstruering van sy sosiale sisteemteorie uitdrukking wil gee aan die innerlike logiese samehang, hom nie heeltemal onthou aan die gevare van die geslote biologiese model nie. Dit is wel waar dat Parsons (Buckley, 1967, p.13-14) in sy funk=sionele analise van sosiale verandering waarin hy wil aantoon dat die sosiale sisteem 'n relatief stabiele

ekwilibrium handhaaf d.m.v. voortgesette prosesse wat in- en uitwendige bronne van veranderlikheid neutraliseer, aangesien dit die struktuur sal verander indien dit te ver gaan, hom wend tot 'n organiese illustrasie van *homeostasis*. Dit behoort egter duidelik te wees dat Parsons se voorbeeld juis dien om die *verskil* in kapasiteit tussen 'n organisme en die sosio-kulturele sisteem bloot te lê. Die organisme kan nie a.g.v. perkelose temperatuurverandering sy struk=tuur ooreenkomstig verander en bly voortleef nie. Daar kan derhalwe nie met Gurvitch saamgestem word dat die struktuur-funksionalisme niks nuuts gevoeg het by die bio-organisisme nie. Die ineenvloeiing van die struktuur-funksionalisme of die verweefdheid daarvan met die bio-organisisme is dus baie gelykmatig, dog dit bly steeds 'n vernuwing, 'n nuwe idioom, of soos Buckley (1967, p.13) dit stel: "the modern version" van die biologiese model. Sommige van die struktuur-funksionaliste se wegbreking van die organisisme was ook van 'n meer radikale en dramatiese aard as dié van andere. Durkheim, wat o.a. deur Goddijn (1963, p.33) gereken word as die grondlegger van die funk=sionalisme, was byvoorbeeld "een te scherpzinnig theoreti=kus om zich door de organische analogie te laten misleiden" (Goddijn, 1963, p.37).

Dit is in der waarheid die totstandkoming van die sosiolo=giese sisteemteoretiese benaderingswyse binne die struk=tuur-funksionalisme wat aan laasgenoemde 'n bepaalde outentiekheid en selfstandigheid verleen, sodat daar nie verder na die struktuur-funksionalisme verwys hoef te word

as maar 'n aanhangsel van die organisisme nie. Martindale (1967, p.449-450) verleen ruim erkenning hieraan wanneer hy sê dat die oorgang van positivistiese organisisme na funk= sionalisme bewerkstellig word wanneer die teoretiese ver= klarings wegbreek van werklike historiese gemeenskappe wat as organismes beskou word en die vorm begin aanneem van die abstrakte formulering en die ontwikkeling van die sisteembegrip as verklarende teoriebeginsel. Sodra die insig dus posgevat het dat die analogie tussen 'n biolo= giese organisme en die sosiale organisme (samelewing of groepe) daarin geleë is dat elkeen oor 'n bepaalde *sisteem* beskik waarvolgens struktuur en funksie tot uitdrukking kom en dat die gemeenskaplikheid derhalwe daarin opgesluit is dat in elk van die twee gevalle dieselfde tipe teorie dus vir analise kan geld, naamlik die sisteemteorie, en dat daar finaal gebreek word met die soek na konkrete ana= logieë van strukture en funksies tussen die samelewing en 'n organisme, dan juis is die aard van hierdie vernuwing van so 'n ingrypende aard, dat tereg van 'n outentieke teorie gepraat kan word. Die formulering van die sisteem= teorie bring dus die versoening teweeg tussen die oënskynlik onversoenbare opvattinge soos hierbo uiteengesit. Hierdie strydige opvattinge is naamlik dat die struktuur-funksio= nalisme enersyds beskou word as maar net nog 'n interpre= tasie van die uitgediende biologiese siening, sonder veel vernuwing, terwyl dit andersyds beskou word as wel 'n verdere teoretisering en abstrahering van die organiese model en dat dit wel sy wortels daarin terugvind, dog dat hierdie teoretisering en abstrahering van so 'n intensiewe en

ekstensiewe aard was, dat dit 'n totaal nuwe en anderse voorkoms en inslag aan die teorie besorg het - soveel so dat dit regverdiging verleen aan die verwysing na die struk=tuur-funksionalisme as 'n outentieke, selfstandige sosio=logiese teorie.

Alhoewel alle erkenning verleen word aan die kontemporêre uitbouing en verdere inkleding van die sisteemteorie in teoretiese konsepte, kom die eer vir die formulering van 'n sosiologiese sisteemteorie die Italianer Vilfredo Pareto toe. Sy belangrikste bydrae tot die sosiologiese teorieë is sy siening van die samelewing as 'n sisteem in ekwilibrium waarin hy 'n funksionele analise maak van die onderlinge afhanklikheid van die elemente van die sosiale sisteem (Mitchell, 1968, p.121). "This formulation allows sociology to forsake crude organicism without abandoning certain of organicism's sound propositions" (Timasheff, 1967, p.162). In die voorwoord van sy meesterwerk "The Social System" gee Parsons (1967, p.vii) self erkenning aan die baanbrekerswerk van Pareto en verklaar sy doel om verder uitdrukking te gee aan Pareto se voorneme om die sisteemteorie uit te bou binne die struktuur-funksionele benadering.

Pareto se sisteem is 'n geheel, bestaande uit interafhank=like dele waarvan verandering in die een deel, al die ander dele sowel as die geheel affekteer. Die materiële *molekules* van die sisteem is volgens Pareto die individue wat beïn=

vloed word deur sosiale kragte wat gekenmerk word aan konstante gemeenskaplike hoedanighede (Timasheff, 1967, p.162). By Pareto is daar dus nog 'n floue afskaduwing van die organismiese opvatting te bespeur.

Schneider (1969, p.23), wanneer hy 'n vooruitskouing gee oor die tipe teorie wat hy voornemens is om aan te wend, wys daarop dat daar vele interpretasies bestaan t.o.v. die sosiale sisteem, dog dat hy gebruik maak van die struktuur-funksionele, wat dieselfde *tipe* teorie is as wat deur die biologie gebruik word wanneer die organisme ontleed word, d.w.s. teoreties korrespondeer die struktuur en funksies van die sosiale sisteem met die struktuur en funksies van 'n organisme. Maritz (1967, p.147) meld o.a. in hierdie verband: "Die huidige sosiaal-wetenskaplike gebruik van die sisteembegrip herinner veel aan die organisme-begrip", aangesien dit nie daarin gaan om die samelewing as 'n so=genaamde oop sisteem nie.

In sy evaluering van Spencer se organiese analogie, trek ook Timasheff (1967, p.39) 'n parallel tussen die sosiale sisteem en 'n organisme t.o.v. dieselfde tipe teorie wat vir analise in albei gevalle geld. Hy stel dit soos volg: Die probleme waarmee Spencer geworstel het, is vandag opge=klaar. Die hedendaagse sosiologie aanvaar dat die samele=wing 'n sisteem is en dat 'n organisme ook 'n sisteem is. Die woord sisteem dui enige iets aan wat as 'n geheel beskou word wat uit interafhanklike en semi-outonome dele bestaan

(Timasheff, 1967, p.230). Hierdie feit is waar van die samelewing sowel as van 'n biologiese organisme en in hier=die opsig is die organiese analogie dus wel geldig en aan=vaarbaar. Trouens, Parsons (1949, p.32) verleen in soveel woorde erkenning aan hierdie parallel wanneer hy sê: "For the social system in question it is quite clear that it is that of *action* or perhaps better *actor-situation* in a sense analogous to the organism-environment frame of reference of the biological sciences". Alhoewel die ver=loop van die sosialiseringsgebeure in 'n latere hoofstuk ontleed word, is dit gepas om hier daarop te wys hoedat Lennard en Bernstein (1969, p.18) die teoretiese analogie tussen 'n sosiale en biologiese sisteem aanwend om in sisteemkonsepte uitdrukking te gee aan die sosialiseringsge=beure: "We believe that role-learning and mutual sociali=zation in social systems is analogous to the processes of growth, differentiation, and adaptation in biological systems; and that role-differentiation in social systems is equivalent to biological adaptation in biological systems".

Parsons (1969, p.9) wys egter duidelik daarop dat, alhoewel die sosiologiese sisteemteorie via die funksionalisme sy ankers terugvind in die organismiese analogie, die siste=matiste in hulle ontleding van sosiale sisteme slegs gebruik maak van dieselfde fundamentele *beginsel*, d.w.s. *tipe* teorie as die organisiste: "A fundamental principle about the organization of living systems is that their structures are differentiated in regard to the various exigencies imposed

upon them by their environments. Thus the biological functions of respiration, nutrition-elimination, locomation, and information-processing are bases of organ-systems, each of which is specialized about the exigencies of certain relations between the organism and its environment. We will use this principle to organize our analysis of social systems".

Dit word derhalwe duidelik dat nog 'n mistasting van die organisiste was dat hulle biologiese hoedanighede op 'n te vereenselwigende, konkrete en selfs klakkelose wyse na die sosiale oorgedra het. Die organisiste het nie die insig en deurskouing gehad dat die analogie of parallel opgesluit is in die aanwending van dieselfde *tipe teorie* nie, te wete 'n sistemiese analise van die samelewing op 'n soortgelyke basis as 'n sistemiese analise van 'n organisme m.b.t. die samehang en interafhanklikheid van die dele en daarmee ge=paard die differensiasie en integrasie van funksies in diens van die geheelsisteem.

Die inbouing van die sisteemteorie in die struktuur-funk=sionalisme as 'n verdere abstrahering daarvan, of anders gestel, die sistemiese interpretasie van die struktuur-funksionalisme, word eksplisiet deur Bailey (1975, p.57) uitgestippel wanneer hy sê: "More broadly, functionalism is concerned with the interrelationships and interdependence of parts of a social system" en verder "... for it is functionalism, as a social theory, which provides the context in which a more specifically systemic approach can

thrive" (Bailey, 1975, p.56).

Dit blyk derhalwe dat die sosiologiese sisteemteorie in sy huidige gedaante gerugsteun word deur die struktuur-funk= sionalisme waaruit dit kontekstueel gegroei het en dat die sosiale sisteem steeds struktuur-funksioneel bestudeer word.

Hoos (1972, hfst. 4), in sy uiteensetting van die modifise= ring van die struktuur-funksionalisme vanaf organisisme tot sisteemteorie, meen dat dit ook 'n tegnologiese fase deur= loop het, waarna hy verwys as 'n "technological transfer", aangesien sisteemanalise gedurende oorlogstydse operasies en maneuvers ingevoer is en daarna in lug- en ruimtevaart= programme - dus as fisiese sisteem. Hierna is dit in die V.S.A. oorgeplant op sosiale gebied en is die algemene sis= teemteorie omskep in 'n sosiologiese sisteem, wat uiteraard van 'n radikale aard was, veral in soverre dit die abstra= hering van begrippe en simbole betref.

Ten slotte verdien die baanbrekerswerk wat Pitirim A. Sorokin tot die ontwikkeling van die sosiologiese sisteemteorie by= gedra het, vermelding. As kollega van Talcott Parsons gee hy naamlik beslag aan die sisteem-sosiologiese denkraamwerk wat deur laasgenoemde verder in besonderhede uitgewerk sou word. In "Society, Culture and Personality" (1947, p.4) kies Sorokin interaksie as die eenheid waarbinne sosiale verskynsels ontleed behoort te word. Hy beweer hierin dat

die super-organiese ('n term wat hy van Spencer oorgeneem het) uitsluitlik geleë is op die terrein van interagerende mense en in die resultate van hulle interaksie (Timasheff, 1967, p.233). Met hierdie beskouing van Sorokin is groot=liks gestalte gegee aan die huidige stand van die sisteem=teorie in die sosiologie, soos verderaan sal blyk.

In verdere antisipasie van Parsons se drie komponente van die omvattende sosiale handelingsteorie, onderskei Sorokin (1947, p.63) tussen die persoonlikheid as die subjek van interaksie; die samelewing as die totaliteit van inter=agerende persoonlikhede en kultuur as die totaliteit van betekenisse, waardes en norme waaroor die interagerende persoonlikhede beskik, wat ook die "voertuie" verteenwoordig wat hierdie betekenisse objektiveer, sosialiseer en oordra. Hiervolgens kristalliseer die samelewing in sosiale groepe en sosiale sisteme (Timasheff, 1967, p.233).

Hiermee is 'n oorsig geskets van die ontwikkeling van die sisteemteorie in die sosiologie, dog voordat in die volgende hoofstuk oorgegaan word tot 'n analise van die huidige stand van die teorie, word ten slotte enkele opmerkings hier gemaak oor die Parsoniese sisteembegrip.

## 3. DIE HUIDIGE STAND VAN DIE SISTEEM-BEGRIP: DIE PARSONIESE KONSEPSIE

As gevolg van verskeie en soms ook uiteenlopende interpreta=sies van en bydraes tot die sisteemteorie, is 'n mate van

afbakening onvermydelik. In hierdie navorsing word, al=hoewel ook sinteties te werk gegaan word ten einde konsen=sus te bereik, die teorie in hoofsaak ontleed en toegepas soos dit tot uitdrukking kom in die beskouinge van Talcott Parsons, na wie reeds verwys is. Die Parsoniese konsepsie van die sosiale sisteem dien dus as breë raamwerk vir die uiteensetting van die teorie en wel om die volgende redes:

Parsons word allerweë beskou as die resente sosioloog wat die meeste slypwerk aan hierdie teorie gedoen het en dit daardeur toegerus het met 'n mate van soepelheid, veerkrag=tigheid en dinamiek, wat dit geskik maak vir toepassing op 'n besonder wye spektrum van sosiologiese analise. Joubert & Steyn (1971, p.271) verleen soos volg erkenning aan hierdie opvatting: "Die mees ontwikkelde konsepsie van maatskaplike sisteem is sonder twyfel dié van T. Parsons in wie se sosiologiese denke die begrip sentraal staan". Toburen (1974, p.89) verwoord hierdie opvatting soos volg: "Functionalism is often associated with systems theory and particularly with Talcott Parsons and his broad ranging, highly theoretical work".

Goddijn (1963, p.106) beskou Parsons se bydrae tot die huidige sosiale sisteemteorie as die sosiologiese kernstuk van sy algemene handelingsteorie a.g.v. die feit dat die algemene inhoud van sy sisteemteorie pas op die mees uiteen=lopende samelewings. Die sisteemteorie is derhalwe 'n sosiologiese teorie met welhaas onbeperkte toepassings=moontlikhede vir sosiologiese analise. Hierin openbaar die

teorie 'n vitaliteit soos inderdaad die sisteem wat dit wil bestudeer, self openbaar. Soos die voorvermelde stam= boom ook getuig, is die sisteemteorie in die sosiologie nie maar 'n kitsresep vir sosiologiese studie nie, maar die geboorteresultaat na 'n eeue-oue tydperk van intellek= tuele inkubasie waarin dit tot rypheid en wasdom gegroei het deur spanwerk en die toegewyde breinkrag van intellek= tuele meesters.

Hiermee wil geensins beweer word dat die sisteemteorie bo kritiek verhewe is nie. 'n Belangrike punt van kritiek wat dikwels daarteen ingebring word, is byvoorbeeld dat dit "die samelewingstruktuur sien as sistematies geslote, volgens die fisiologies-meganiese model van 'n organisme of termiet-staat. Die samelewingstruktuur word verab= soluteer tot 'n *sui generis* faktor of verskynsel. Ten einde 'n sistematiese geslotenheid te kan handhaaf, word daar veronderstel dat die samelewingstruktuur beskik oor middels soos sosialisering en sosiale kontrole waardeur die individu 'n *volmaakte* (aangepaste, goed funksionerende) rolspeler word" (Maritz, 1967, p.144). Afhangende van die ingesteldheid van die kritikus, kan hierdie beswaar seker as 'n punt van geldige kritiek geopper word, naamlik dat die sosiologiese sisteemteorie hom nog nie voldoende ont= worstel het aan die geslotenheid van 'n organismiese be= skouing nie, dog soos dit uit 'n volgende hoofstuk duidelik sal word, is dit juis die sosiale beheermeganisme wat as

sosialisering bekend staan en waaroor die sosiale sisteem beskik ten einde homself na binne en buite te handhaaf en aan te pas, wat die kern fokuspunt van hierdie navorsing is.

Verder, indien gemelde kritiek teen die ekwilibrium-begin=sel in die sosiale sisteem gemik is, wat wel die geval skyn te wees, dan is byvoorbeeld nadere kwalifisering van ekwilibrium vooraf nodig. Indien dit omskryf word soos o.a. deur Davis & Blomstrom (1975, p.13-14), gaan hierdie kritiek klaarblyklik nie op nie:

"In spite of its dynamic nature a social system tends to operate in some degree of *equilibrium*, which means a degree of accommodation and working harmony both among its parts and with its external environment. Equilibrium is inter=preted as a dynamic, continuously floating balance of interacting forces rather than a static state of complete harmony. This internal and external selfcorrecting tendency is called homeostasis". Dit is derhalwe duidelik dat daar grade van ekwilibrium bestaan en dat daar nie noodwendig sprake is van algehele of volkome harmonie nie.

Van den Berghe (1963, p.696) in sy definiëring van funk=sionalisme in sy mees gesofistikeerde vorm in terme van sewe basiese postulate of elemente, wys daarop dat die sosiale sisteem wel voorsiening maak vir verandering, maar dan op 'n graduele en nie revolusionêre wyse nie. Hy wys

ook verder daarop dat "although integration is never per= fect, social systems are fundamentally in a state of dynamic equilibrium, i.e., adjustive responses to outside changes tend to minimize the final amount of change within the system. The dominant tendency is thus towards stability and inertia, as maintained through built-in mechanisms of adjustment and social control" (Van den Berghe, 1963, p.696).

Wat meer is, Von Bertalanffy (1967, p.120) weerlê eweneens bogenoemde kritiek van Maritz (1967, p.144) en wel deur sy siening van oop en geslote sisteme. Von Bertalanffy beweer juis in teenstelling met Maritz dat "every living organism is essentially an open system. It maintains itself in a continuous inflow and outflow, building up and breaking down of components, never being, so long as it is alive, in a state of chemical and thermodynamic equilibrium but maintained in a so-called steady state which is distant from the latter". "Latter" verwys hier na geslote sisteme wat net voor die aanhaling ter sprake is.

In 'n vorige paragraaf is reeds daarop gewys hoe Parsons (Buckley, 1967, p.13-14) die relatief stabiele ekwilibrium van die sosiale sisteem analogies illustreer aan die hand van die organiese verskynsel wat as *homeostasis* bekend staan, d.w.s. deur die voortsetting van prosesse van "inputs" of toevoere en "outputs" of afvoere wat hierdie voortgesette "inflow" en "outflow" genoem word. In die or=

ganiese sisteem is hierdie voortgesette prosesse verant=woordelik vir die beheer van temperatuurfluktuasies en waardeur die voortbestaan van die organisme verseker word. Dit is juis hierdie dinamiese eienskappe wat aan die orga=nisiese sisteem 'n openheid en soepelheid verleen, wat daarvan 'n dienlike model maak vir die formulering van 'n sosiologiese sisteemteorie. Von Bertalanffy (1967, p.121) verwys na hierdie beginsel by oop sisteme as "equifinality". Wat geslote, anorganiese sisteme daarenteen betref, word die finale toestand ondubbelsinnig en uitsluitlik bepaal deur die aanvanklike toestande. As voorbeeld van so 'n geslote anorganiese sisteem geld byvoorbeeld dat in die beweging van 'n sonnestelsel word die posisies van die planete op enige gegewe tydstip ondubbelsinnig en uitsluit-lik bepaal deur hulle aanvanklike posisies. Geslote sisteme is dus sogenaamd geïsoleer van hulle omgewings (Von Bertalaffy, 1967, p.120). Ook t.o.v. 'n chemiese ekwili=brium berus die finale konsentrasies van die reaktanse natuurlik op die aanvanklike konsentrasies.

Waar die sosiologiese sisteemteorie dus eerder uit die or=ganiese vertakking van die natuuranalogie ontwikkel het as uit die fisies-chemiese of anorganiese, blyk dit dat dit juis die openheid van die organiese sisteem is teenoor die geslotenheid van die anorganiese sisteem, wat die verbinte-nis of naelstring van die sosiale sisteem met die organiese sisteem sinvol verklaar.

Om dan terug te keer tot die redes vir seleksies binne die teorie, moet gemeld word dat dit enersyds nie moontlik is om 'n gedetailleerde uiteensetting van die teorie hier weer te gee nie, terwyl dit andersyds, in die lig van die titel van hierdie navorsing, ook nie voor alles nodig is nie. As redes hiervoor, geld o.a. die volgende:

- Die sosiologiese sisteemteorie soos dit tans daar uitsien, leen hom nie tot simplistiese analise nie.

- Die teorie vertoon in homself verskillende ontwik= kelingsfasette wat nie almal hier ter sake is nie.

- Dit is 'n teorie om die presiese inhoud en betekenis waarvan, alhoewel soms subtiel uitgedruk, daar tog nog 'n mate van meersinnigheid en kontroversie in sosiologiese geskrifte heers.

- 'n Onnodig oordrewe dieptestudie van die teorie ontdek die gevaar om te beland in aktualiteits= dispute en akademiese probleemareas ten opsigte waarvan die teorie self nog nie tot wasdom en klaar= heid gekom het nie, waardeur die voorgenoemde redes geïntensiveer word met die inbegrepenheid van moont= like verwarrende en misleidende aksentverskuiwings in die navorsing tot gevolg.

In die lig van die bostaande is dit wat hier volg, gese= lekteerde en in die breë, algemeen aanvaarde en aanvaarbare

waarheidsmomente in die sisteemteorie soos wat dit sig leen tot toepassing op die sosialiseringsproses in die samelewing en lig kan werp op die sosialiseringstaak en -instansies wat as sub-sisteme op hierdie lewensterrein figureer.

## 4. SAMEVATTING

Die pioniersjare van die sosiologie word gekenmerk aan 'n soeke na 'n wetenskaplike metode of teorie waarvolgens die ordelike verhoudinge in die samelewing bestudeer en ver= klaar kan word.

Die verligting, waartydens op natuurwetenskaplike gebied geweldige en skouspelagtige vordering gemaak is, waardeur 'n bykans onaantasbare status aan die sogenaamde onfeil= bare menslike intellek toegeken is, het die bestudering van die samelewing in die brandpunt van aktualiteit en belang= stelling geplaas. Hiermee is die weg gebaan vir 'n positi= vistiese bestudering van sosiale verskynsels. Die orde in die ryk van die natuur word deur naspeurbare, onverander= like natuurwette bepaal. Die feite staan dus sentraal en die weg wat die sosiologie as die nuwe wetenskap van die samelewing moet volg om die orde en samehang, bou en funk= sies in die samelewing te bestudeer, is dié van die natuur= wetenskap.

Die natuuranalogie met sy twee vertakkinge, te wete die fisiese en organiese sou dan ook aanleiding gee tot die

formulering van 'n algemene sisteemteorie, d.w.s. waarvol=gens uitgegaan word van die geheel en sistematies bepaal word hoe die verskillende interafhanklike dele in diens van die geheel funksioneer. Weens sy geslotenheid is die anorganiese of fisiese sisteem egter nie geskik vir sosio=logiese analise nie. Die organiese sisteem daarenteen, wat homself in stand hou deur die beginsels van "equifina=lity" (Von Bertalanffy, 1967, p.121) en "homeostasis" (Buckley, 1967, p.13-14) wat beteken dat 'n ekwilibrium in die sisteem verseker word deur noodsaaklike af- en toevoere, vertoon uiteraard meer analogieë met die dinamiek, soepelheid en lewenskragtigheid van die sosiale sisteem en is hierdie holistiese natuurwetenskaplike model gevolglik ingespan vir die wetenskaplike bestudering van die samele=wing. Die metode van die biologie sou hom klaarblyklik die beste hiertoe leen. Comte het dan ook in sy konstruksie van 'n hiërargie van wetenskappe, aan die sosiologie 'n plek toegeken direk bokant die biologie wat as basis daar=voor sou dien (Timasheff, 1967, p.20).

Die gevolg hiervan was die geboorte van die bio-organis=miese analogie wat as teorie in die sosiologie altans, dermate met populariteit gelaai sou word, dat die rimpelings daarvan vandag nog op die oppervlak waarneembaar is. In die ontwikkeling en popularisering van die teorie, gepaard met die formulering, toetsing en bewys van hipoteses be=treffende sekere analoë karakteristieke tussen die same=lewing en 'n biologiese organisme, het vele organisiste egter op sy- en dwaalspore beland. Analogieë is ontdek

en andere versin, waardeur die samelewing heel dikwels op klakkelose, nabootsende, konkrete wyse met 'n organisme geïdentifiseer is. Hierdie praktyk het onvermydelik aan=leiding gegee tot sekere onhoudbare, kwasi-wetenskaplike, absurde en selfs riskante vergelykings.

Die latere ontwikkeling van die sosiologiese teorieë, waaronder veral die invloedryke struktuur-funksionele teorie, sou egter retrospektief aan die lig bring dat die sydige organismiese analogie in werklikheid die grondslae gelê het vir die konseptualisering van die huidige sosiolo=giese sisteemteorie wat, weens die soepele lewenskragtig=heid en dinamiek daarvan, nuwe en revolusionêre perspek=tiewe geopen en vergesigte ontdek het vir 'n sistematiese en wetenskaplike analise van die komplekse moderne same=lewingstotaliteit.

Die bruikbaarheid van 'n teorie lê immers in die veralge=menende waarde daarvan en dit is juis by hierdie crux van die probleem waar die organisiste nie die deurbraak kon maak nie. Die organismiese teorie is basies weliswaar 'n struk=tuur-funksionele teorie (Davis, 1949, p.26), dog die organi=siste het dit té verbesonder en gevolglik partikulier af=gestem en toegepas op spesifieke konkrete samelewings of gemeenskappe as organismes (Martindale, 1967, p.465).

Die leemte wat by die organisiste ontstaan het, was dat hulle die teoretisering van analoë beginsels soos opgesluit

in die struktuur en funksies van 'n organisme en tewens die samelewing, agterweë gelaat het. Die sosiologiese sisteemteorie het egter hierdie lig gebring waardeur die leemte gevul en die oënskynlike teenstrydighede tussen die organisisme en die struktuur-funksionalisme versoen is.

Alles in ag geneem, verdien die bio-organisisme, ondanks leemtes en dwalinge, 'n ereplek in die wordingsproses van die uiters bruikbare sosiologiese sisteemteorie.

# HOOFSTUK 4

# ANALISE VAN DIE SOSIOLOGIESE SISTEEMTEORIE IN SY HUIDIGE STAND

## 1. INLEIDING

Dit word toegegee dat die sosiologie nie *per se* die alleen=reg besit op die gebruik van die sisteembenadering as analitiese metode nie. Die hoofrede hiervoor is geleë in die feit dat die sisteembenadering in die sosiologie 'n verdere konseptualisering en teoretisering van die struk=tuur-funksionele teorie is wat algemeen gesproke twee dinge wil doen: Eerstens wil dit die dele van die samelewing as geheel (makro-funksioneel) of van groepe daarbinne (mikro-funksioneel) met mekaar en met die geheel vergelyk en tweedens wil dit uitdrukking gee aan hoe hierdie vergely=king kan plaasvind, naamlik deur die uitoefening van die funksies van die dele en die geheel. En dit is presies hoe enige wetenskap te werk gaan. Enige wetenskap beskryf en verklaar dus verskynsels vanuit die standpunt van 'n sisteem. Die onderskeiding t.o.v. die sosiologie is derhalwe geleë in die studie-objek en nie in die metode nie. Die sosiolo=gie bestudeer *groepe* as *sisteme* in die *samelewing*, terwyl ander wetenskappe ander tipes sisteme bestudeer (Davis, 1961, p.48; 1967, p.381). Die sosiologiese hantering van die sisteemteorie is dus niks anders as die sosiologiese konteks- en begripsbelading en -inkleding van, d.w.s. so=siologiese inhoudgewing aan die algemene sisteemteorie wat as multidissiplinêre teorie toeganklik is vir alle vak=

wetenskappe nie (Von Bertalanffy, 1967, p.115-118).

Die sosiale sisteem is een van die drie tipes onderskei=bare handelingsisteme wat in die handelingsteoretiese interpretasie ingesluit is. Die ander twee is die persoon=likheidsisteem en die kultuursisteem (Morse, 1961, p.105; Joubert & Steyn, 1971, p.272; Parsons, 1967, p.6). Die sosiale sisteem is dus eerstens 'n *handelingsisteem*, wat meebring dat die fokuspunt binne 'n groep as sisteem of tussen groepe as sisteme die sosiale wisselwerking of interaksie tussen individuele akteurs is.

## 2. KENMERKE VAN SOSIALE HANDELING

Sosiale handeling vind nie geïsoleerd en diskreet plaas nie. Handelinge vertoon sodanige ordelikheid, samehang en gepatroneerdheid, dat dit gekonseptualiseer word as sisteme van handeling (Cilliers & Joubert, 1968, p.20; Parsons, 1967, p.7). Sosiale of maatskaplike handeling het verder die volgende kenmerke:

2.1 Dit is situatief, m.a.w. dit hou verband met 'n be=paalde situasie waarbinne dit uitgevoer word. Die akteur is m.a.w. georiënteer tot 'n betrokke situasie wat o.a. ander mense of akteurs insluit. Hierdie ander akteurs (alters) is volgens Parsons (Joubert & Steyn, 1971, p.272) voorwerp van "cathexis", d.w.s. voorwerp van "the investment of emotional significance" (Longman's English Larouse), wat beteken dat die akteur "must have some feeling about them

(alters) in relation to his needs" (Cohen, 1968, p.96). Dit beteken dat die akteur 'n *affektiewe gehegtheid* open=baar of koester t.o.v. ander akteurs.

2.2 Die handeling is gemotiveerd, d.w.s. betekenisvol, omdat dit verband hou met bepaalde behoeftegesteldhede of -disposisies van die akteur. In aansluiting by die vorige eienskap, verleen dit derhalwe sinvolheid aan die handeling (Cilliers & Joubert, 1968, p.21).

2.3 Die sosiale handeling is doelgerig; die akteur wil daarmee iets bereik. Hierby sluit aan 'n sekere kognitiewe of kennisaspek t.o.v. die voorwerpe wat verband hou met hierdie doelstelling (Cohen, 1968, p.96). Die betrokke sosiale struktuur lê byvoorbeeld beperkings op die aantal en aard van doelstellings en middele ter bereiking van die doel.

2.4 As gevolg van bogenoemde beperkinge binne die sosiale struktuur, bring dit mee dat die handeling normatief gere=guleerd is, d.w.s. daar bestaan 'n mate van evaluering en seleksie op grond van die werking van norme en waardes wat 'n breë algemene verstandhouding daarstel oor wat korrekte optrede is in 'n gegewe situasie. Goldthorpe (1969, p.53) gee Parsons se analise van die akteur se handeling soos volg weer:

"In Parsons' analysis an actor is seen as *cognising* the

situation - that is, perceiving it in his senses, and forming an understanding of it; *cathecting* towards it - that is, reacting to it in an emotional way and arriving at the feeling of what he *wants* from it; and, evaluating it, that is, considering it in the light of a system of values including his ideas of what he *ought* to do". Hier=uit is ook meteen duidelik dat die persoonlikheidsisteem en die kultuursisteem saamhang met die sosiale sisteem. Goldthorpe (1969, p.53) wys tereg daarop dat die handeling op drie vlakke ontleed word: die persoonlikheid-, kultuur- en sosiale sisteemvlak en dat geen situasie of handeling kompleet kan wees nie, tensy al drie in berekening gebring word. Die verweefdheid van hierdie drie analitiese vlakke sal verderaan in hierdie hoofstuk, wanneer die struktuur=komponente van die sosiale sisteem ter sprake kom, weer aandag geniet.

Alhoewel die sosiale handeling of interaksie dus 'n sentrale plek beklee in Parsons se sisteemteorie, is dit egter nie van 'n deterministiese aard nie, aangesien die akteur 'n mate van keuse in sy handelinge het. Dit wil egter ook nie sê dat Parsons 'n voorstander is van 'n onbeperkte vrye wil nie, dog hy meen tog dat gedrag in 'n sekere mate vry=willig van aard is (Vine, 1966, p.324-5). Dit is trouens juis Parsons se erkenning van die mate van vryheid tot keuse van handeling waaroor die individu beskik wat hom in sy ontwerp van sy voluntaristiese sosiale handelingsteorie in polemiese opposisie geplaas het teenoor die rigorisme en rasionalisme van die positivistiese handelingsteorie

(Martindale, 1967, p.422).

Na aanleiding van bostaande uiteensetting, gee Parsons (1967, p.5) die volgende bondige omskrywing van die sosiale sisteem:

"Reduced to the simplest possible terms, then, a social system consists in a plurality of individual actors inter= acting with each other in a situation which has at least a physical or environmental aspect, actors who are motivated in terms of a tendency to the 'optimization of gratification' and whose relation to their situations, including each other, is defined and mediated in terms of a system of culturally structured and shared symbols".

## 3. GROEP, KOLLEKTIWITEIT EN SISTEEM

Eerstens, wat die groep betref, moet dit van sosiale ver= houdings onderskei word. Die sosiologie is uiteraard primêr geïnteresseerd in *stabiele* interaksiepatrone, d.w.s. inter= aksie wat plaasvind binne *gevestigde* patrone van sosiale verhoudings. Blote sogenaamde kortstondige, toevallige en verbygaande interaksie is nie van primêr sosiologiese belang en betekenis nie (Cilliers & Joubert, 1968, p.22). So 'n gevestigde patroon van interaksie veronderstel 'n groep, byvoorbeeld die huisgesin. Alle groepe is dus sosiale verhoudings, dog alle sosiale verhoudings is nie noodwendig groepe nie (Johnson, 1971, p.4). Sonder om op besonderhede in te gaan betreffende tipes groepe, kan in

die algemeen gekonstateer word dat 'n groep ook aspekte en eienskappe impliseer soos lidmaatskap, voorregte en pligte, saamhorigheids- en solidariteitsgevoel, groepsenti= ment, gemeenskaplike strewe, doelstelling e.d.m. (MacIver & Page, 1957, p.213-237; Johnson, 1971, p.4-5).

Dat 'n groep uit mense bestaan, is vanselfsprekend, maar of die sosiologie, en veral dan die sosiologiese sisteem= teorie, meer in die mense en hulle persoonlikhede aldan meer in die prosesse van interaksie geïnteresseerd is, blyk nie so vanselfsprekend te wees nie. Trouens, die sisteem= teorie as sosiale handelingsteorie fokus, soos Parsons se definisie hierbo tereg illustreer, op die prosesse en pa= trone van interaksie eerder as op die persone, waarmee egter nie te kenne gegee wil word dat die persoonlikheid geen rol speel nie. Parsons (1967, p.6) erken immers self dat sonder persoonlikheid en kultuur - die ander twee kom= ponente van sy omvattende sosiale handelingsteorie - daar nie van 'n sosiale sisteem sprake kan wees nie. Die faset van die persoonlikheid wat by die sosiale handeling betrek word, word verderaan in hierdie hoofstuk bespreek. Feit bly egter: in die sosiologiese analise staan die proses van interaksie steeds sentraal (Cilliers & Joubert, 1968, p.22). Na so 'n stelsel van interaksie waarin 'n meer= voudigheid van persone betrokke is en wat normatief geregu= leer word, kan dus goedskiks as 'n groep verwys word, dog Cilliers & Joubert (1968, p.22) gee om die volgende twee redes voorkeur aan die begrip *kollektiwiteit*: Eerstens,

aangesien die interaksieproses eerder beklemtoon moet word as die betrokke persone en tweedens vanweë die meersinnigheid van die begrip groep.

Wanneer die volgende probleem onder die oog kom, te wete wanneer na groep/kollektiwiteit of sisteem verwys moet word, blyk dit dat die voorgenoemde onderskeiding wel meriete het en nie sonder meer as blote geleerdklinkende haarklowery afgemaak kan word nie. Die probleem is naamlik of die groep ophou om te bestaan sodra die lede daarvan uiteengaan. Timasheff (1967, p.241) vestig ook die oog op hierdie probleem wanneer hy vra: "Are the *material points* of the social system the actors themselves or social relationships?" In hierdie verband is dit duidelik dat die begrip *groep* nie ongekwalifiseerd gebruik kan word nie. Vier benaderings uit 'n moontlike groter getal waaruit eventueel tot konsensus en sintese gekom sal word, word kortliks vermeld:

3.1 Joubert & Steyn (1971, p.25) meen dat wat die term *sosiale groep* betref, word dit gekwalifiseer met bepaalde persone wat fisies aanwesig is en wat met mekaar in daadwerklike interaksie verkeer. 'n Sosiale groep dui dus op 'n konkrete, aanwesige en volledig waarneembare kollektiwiteit van persone, wat impliseer dat 'n groep dus ophou om as groep te bestaan indien die lede vir 'n korter of langer tydperk uiteengaan. Die groepsverhoudinge, d.w.s. hulle onderlinge normatiewe gedrags- en interaksiepatroon, bly egter voortbestaan. Dit kan wel latent of rustend wees

solank die groepslede uiteen is, dog kan weer geaktiveer word sodra die lede byeenkom. Dit spreek dus vanself dat die term *groep* hoofsaaklik vanweë die konkreetheid daarvan, nie langer gebruik kan word om uitsluitlik na die interak=siepatroon in afwesigheid van die konkrete groepslede self, te verwys nie. Daar moet dus noodwendig na 'n ander, toepasliker en presieser woord gesoek word om na die ab=strakte verhoudings- en interaksiepatroon te verwys en waarby implisiet die bestaan van die konkrete groep opge=neem is en dit blyk dat die implementering van die sisteem=begrip hierdie begripsdilemma grootliks oplos. Joubert & Steyn (1971, p.25) meen tereg dat hierdie verhoudinge wat bly voortbestaan, al sou die groepslede afwesig wees, die *sosiale sisteem* genoem kan word.

3.2 Homans (1965, p.87) suggereer ook die onderskeid tussen *groep* en *sisteem* in sy definisie van die sosiale sisteem: "The activities, interactions and sentiments of the group members, together with the mutual relations of these ele=ments with one another during the time the group is active, constitute what we shall call the *social system*". Homans se benadering verskil egter van die vorige daarin dat volgens hom die sisteem ook slegs bestaan solank die groep aktief is. Johnson (1971, p.5) huldig die standpunt dat 'n groep uiteraard uit mense bestaan, dog aangesien die konkrete groep ontbind sodra die lede uiteengaan, is 'n groep in hierdie opsig ook 'n abstraksie. Na oorweging van die probleem kom hy egter ook tot die uitsluitsel dat "if one wished to make a distinction in terms, one might use

the word *group* to refer to the members as an aggregate of persons and the term *social system* to refer to the inter= action system" (Johnson, 1971, p.5).

3.3 Daar is in die derde plek reeds gewys op Cilliers & Joubert (1968, p.22) se voorkeur aan die begrip *kollekti= witeit* bo *groep*. Hierdie keuse is sinvol, aangesien die afleiding daaruit gemaak kan word dat 'n kollektiwiteit twee fasette het: 'n konkrete en 'n abstrakte. Die term *groep* verwys dan na die konkrete lede van die kollektiwi= teit, terwyl die term *sisteem* na die abstrakte verhoudings- en interaksiepatroon verwys.

3.4 In die vierde plek word gewys op die beskouing van Bredemeier & Stephenson (1962, p.34-35) in hierdie verband. Hulle onderskei naamlik op die volgende drie wyses tussen groep en sisteem:

3.4.1 'n Konkrete versameling mense konstitueer 'n groep. Wanneer die groep uiteengaan, dog die interaksiepatroon bly behoue, vorm hulle nie langer 'n groep in konkrete sin nie, dog daar kan nog van hulle interaksiepatroon apart van hulle gesamentlike teenwoordigheid, sprake wees as 'n sosiale sisteem.

3.4.2 Die sosiale sisteem is nie gebonde aan spesifieke persone of individue nie. Dit bestaan struktureel dus uit posisies en die wisseling van persone in die posisies,

verander nie die struktuur van die sisteem nie. Hierdie onderskeid, gebaseer op die vervangbaarheid van persone in posisies binne die sosiale sisteem, word deur hulle soos volg saamgevat:

"Thus, the social system is one consideration; the social group, another. Another way to put the distinction is to say that the *units of a group* are 'people acting in terms of a social system', whereas the units of a social system are 'statuses in terms of which groups of people act'. Thus, a social system is an abstract concept, considered apart from particular people who give it concrete existence in a social group. And, by the same token, a social group is a concrete reality that acts in terms of an abstract social system, by virtue of people 'holding in their heads', collectively, the status structure of the system".

3.4.3 Laastens onderskei Bredemeier & Stephenson (1962, p.35) tussen sosiale groep en sosiale sisteem deur daarop te wys dat mense in 'n sisteem kan tree deur interaksie, sonder om 'n groep te vorm. Afgesien van die feit dat mense lede van byvoorbeeld dieselfde gemeenskap is, tree hulle in ons hedendaagse verstedelikte samelewing dikwels in interaksie met ander mense met wie hulle egter nie groeplidmaatskap deel nie. 'n Persoon kan op een dag by= voorbeeld in kontak en interaksie tree met 'n bankklerk, winkelassistent, of haarkapper. Geen van hierdie verhou= dinge konstitueer 'n groep in die ware sosiologiese sin van die woord nie. Dit kan hoogstens as 'n sosiale verhouding

kwalifiseer (Johnson, 1971, p.4). Al is sodanige ver= houdings geen groepe nie, "all of them have a clearly defined structure, usually institutionalized, that permits orderly and predictable interaction" (Bredemeier & Stephenson, 1962, p.35). Dit blyk dus dat "orderly" ver= wys na 'n doelstelling wat die bestaan van 'n geïnstitu= sionaliseerde interaksie- of gedragspatroon van 'n sosiale verhouding 'n sosiale sisteem maak.

Uit die bostaande benaderings kan gekonkludeer word dat die sosiologiese sisteemteorie die oplossing bied vir die problematiek soos dit sentreer rondom die begrip *groep* en *sisteem*, wat 'n *onderskeiding* veronderstel en regverdig, dog geen *skeiding* nie. By groepsanalise ontvang die kon= krete groepselemente, te wete die persone, die aksent, ter= wyl by sisteemanalise die interaksie- en verhoudingspatroon wat die sisteemelemente akkommodeer, die aksent ontvang. Dit is egter duidelik dat, alles in ag genome, die een die ander veronderstel. Die groep kan nie in sosiologiese sin en betekenis 'n groep wees indien dit nie oor 'n sisteem beskik nie en al sou die sisteem bestaan, d.w.s. 'n orde= like, normatief-gereguleerde samehang van 'vakante' posisies, of afwesige interaktiewe funksionarisse kan hierdie sisteem eers werklik sosiologiese betekenis kry sodra dit in bewe= ging kom, m.a.w. sodra die posisies gevul word deur aanwe= sige interaktiewe funksionarisse waardeur daaraan konkrete gestalte en inhoud gegee word. Die konsepsie van 'n sosiale sisteem verteenwoordig dus 'n abstrahering van konkrete groepsgedrag (Joubert & Steyn, 1971, p.27).

## 4. 'N STRUKTUUR-FUNKSIONELE ANALISE VAN DIE SOSIALE SISTEEM

In die ontleding van groepe of kollektiwiteite as sosiale sisteme, word daar onderskei tussen die struktuur of struk=tuurelemente van so 'n sisteem aan die een kant en bepaalde funksies wat dit verrig aan die ander kant. Die struktuur=elemente is die relatief konstante of vasstaande elemente in die struktuur van die sisteem, terwyl die funksies die meer dinamiese aspekte verteenwoordig, waardeur die sisteem homself handhaaf na binne en aanpas na buite (Cilliers & Joubert, 1968, p.30).

### 4.1 Struktuur van die sosiale sisteem

In die struktuur van enige sosiale sisteem word die volgende struktuurkomponente onderskei: rolle, norme, waardes en kollektiwiteite of sub-groepe (Johnson, 1971, p.51). Hulle word vervolgens in hierdie volgorde afsonderlik bespreek.

#### 4.1.1 Status, posisie en rol

Hierdie begrippe word in die sosiologiese vakliteratuur dikwels alternerend as sinonieme gebruik of voorkeur word verleen aan die gebruik van slegs een, veral wat status en rol betref, om na albei te verwys. Hierdie praktyk kan egter tot begripsverwarring aanleiding gee, aangesien by=voorbeeld die begrip status ongekwalifiseerd in die alle=daagse omgang in populêre gesprekke kan verwys na ver=skynsels soos agting, aansien of prestige, terwyl dit

sisteem-sosiologies iemand se posisie in die sosiale sisteem aandui - relatief tot die ander deelnemers aan die proses van interaksie (Johnson, 1971, p.17; Achter=bergh, s.j., p.18). Inkeles (1964, p.67) waarsku ook tereg teen die verwarrende meerduidigheid van die begrip status, dog wil darem ook nie heeltemal daarmee wegdoen nie en gee gevolglik voorkeur aan die samekoppeling *status-posisie* wat hy dan soos volg omskryf:

"A status-position, then, is a socially recognised desig=nation, a position in *social* as against geographical space, to which individuals may be assigned and which confers on the incumbent a set of rights and obligations. The rights and obligations constitute the role which the incumbent is expected to play".

Fichter (1971, p.214) onderskei soos volg tussen status en rol: "Social status is a construct, an evaluation, arrived at by combining and applying the criteria of social values current in the society. It tells us where in social space the person is in reference to the other persons. The social role, on the other hand, tells us *what the person does*".

Ralph Linton, wat heelwat gesaghebbende geskrifte oor die verskynsels status en rol die lig laat sien het, gee ook erkenning aan die feit dat 'n redelike mate van verwarring as gevolg van die meerduidigheid daarvan, hierdie twee be=

grippe omhul. In die volgende aanhaling klaar Linton die verwarring egter enigsins op: "A status, as distinct from the individual who may occupy it, is simply a collection of rights and duties. A role represents the dynamic aspect of status. When the individual puts the rights and duties which constitute the status into effect, he is performing a role" (Linton, 1973, p.484-485).

Sommige skrywers verkies in hierdie opsig weer die begrip *rol* selfs wanneer eintlik die posisie waaraan die rol ge=koppel is, bedoel word (Cilliers & Joubert, 1968, p.23). As gevolg van die noue skakeling van die begrippe status/posisie/rol, verkies sommiges die gekoppelde begrip *posisie-rol* of *status-rol* (Joubert & Steyn, 1971, p.273). Parsons (1967, p.25) onderskei in duidelike terme soos volg tussen hierdie begrippe: Die deelname van die individu aan die interaktiewe proses binne die sisteem val uiteen in twee hoofaspekte, te wete eerstens 'n posisionele aspek, wat die individu se plek binne die verhoudingsisteem is, m.a.w. die uitdrukking van sy verhouding tot mede-akteurs. Hierdie posisionele aspek staan as die akteur se status bekend. Die begrip status word dus nie hier stratifika=sioneel-kwantitatief in verband gebring met 'n bepaalde magshiërargie nie. Die tweede hoofaspek van die individu se deelname aan die interaksieproses is volgens Parsons (1967, p.25) asook Banton (1965, p.27) die prosessionele aspek, naamlik dit wat die individu *doen* in sy verhouding met andere, gesien binne die funksionele konteks van die sosiale sisteem. Hierdie aspek, d.w.s. die meer dinamiese

staan as die akteur se *rol* bekend. Rol is dus 'n funksio= nele en dinamiese begrip wat betrekking het op die sosiale aktiwiteit of prestasie van die indïvidu en nie 'n waarde= ring wat ander mense op hom plaas nie (Ross, 1968, p.226; Linton, 1968, p.226).

Verskeie skrywers (Ross, 1968, p. 224-226; Linton, 1968, p.226-242; Bierstedt, 1970, p.249) wei breedvoerig uit oor die meerduidigheid van die begrippe status, rol en posisie, dog hier word volstaan met 'n laaste beskouing van Johnson (1971, p.15-16): Hy wys naamlik daarop dat een van die belangrikste aspekte van die struktuur van enige sosiale sisteem is dat tussen die lede gedifferensieer word volgens die sosiale posisies wat hulle beklee. Die inhoud van 'n sosiale posisie, d.w.s. sy kompleks van regte/voorregte en verpligtinge, is in geheel normatief. Hierdie normatiewe patroon kom verderaan in hierdie hoofstuk ter sprake. Die regte van die individu in die sisteem, synde 'n aspek van sy posisie, verskil van sy pligte in dié opsig dat laasgenoemde norme veronderstel wat op die individu van toepassing is as 'n agent in die sosiale sisteem, terwyl sy regte daarenteen norme veronderstel soos van toepassing op sy mede-akteurs. Dit blyk dus dat 'n sosiale posisie as abstraksie binne die sosiale sisteem uiteenval in twee onderskeidende fasette, te wete regte/voorregte en pligte. Van 'n persoon kan dan gesê word dat hy 'n sosiale posisie in die sosiale sisteem beklee indien hy sekere pligte het, terwyl hy tewens kan aanspraak maak op sekere regte en voorregte. Hierdie twee fasette van 'n sosiale posisie

staan respektiewelik as rol en status bekend. Die rol verwys dus na die pligte van die individu, terwyl sy status na sy regte en voorregte verwys. Aldus gesien, is 'n sosiale posisie dan 'n status-rol (Johnson, 1971, p.16). Elke akteur is dus in 'n tweeledige kapasiteit betrokke by die interaksieproses.

Krech, Crutchfield & Ballachey (1962, p.310-311) deel Johnson se beskouing in hierdie verband: "A role can be seen as encompassing, among other things, the duties or obligations of the position. Thus a doctor is expected to treat the sick who come to him. A role can also be seen as encompassing the rights of the position. The rights of a position are defined in part by the roles of related po= sitions". Die verskil is daarin opgesluit dat Johnson, soos aangetoon, verkies om na die regte van die individu, d.w.s. die posisionele aspek, as sy status te verwys, ter= wyl Krech e.a. na albei fasette van die posisie as rol verwys. Na hierdie praktyk is vroeër in hierdie hoofstuk verwys. Die enkele begrip *rol* kan tewens goedskiks gebruik word om na albei bogenoemde fasette te verwys, maar dan tog met 'n kwalifiserende onderskeiding of onderskeidende kwalifisering. Die akteur se oriëntasie tot mede-akteurs as voorwerpe van sy sosiale handeling, d.w.s. as voorwerpe vir die uitvoering van sy pligte, kan sy *oriëntasierol* genoem word, terwyl na die faset van sy eie posisie as voorwerp van die handelinge van sy mede-akteurs, d.w.s. sy aanspraak op regte en voorregte, verwys kan word as sy *objek-rol* (Parsons, Shils & Olds, 1951, p.191).

Chinoy (1967, p.129) meen eweneens dat status en rol on=skeibaar is en vergelyk dit met kante van dieselfde munt=stuk. Die muntstuk verteenwoordig of simboliseer in hier=die geval die posisie. Vir hom verwys die rol egter na die normkompleks waaroor elke status beskik. Linton (1968, p.227) onderskryf in die volgende aanhaling eweneens die verweefdheid van die begrippe status en rol: "Role and status are quite inseparable, and the distinction between them is of only academic interest. There are no roles without statuses or statuses without roles". Hierteenoor beweer Bierstedt (1970, p.249) egter: "Although statuses and roles are usually correlative phenomena, it is possible to have one without the other". Ter illustrasie verwys Bierstedt na die moederrol in die huisgesin. Indien 'n gesinslid siek is, vérvul sy byvoorbeeld ook die rol van verpleegster terwyl sy nie die status van verpleegster beklee nie. Hierdie opvatting skyn egter enigsins teen die stroom in te wees. Wat Bierstedt klaarblyklik uit die oog verloor, is dat die rol waarna hy verwys, nie 'n statuslose rol is nie. In enige sisteem kan 'n enkele posisie oor=sprong gee aan 'n diversiteit van rolle. Dit is immers die basiese kenmerk van die sosiale struktuur. Merton (Horton & Hunt, 1972, p.114) koppel dié verskynsel aan die rol=stel: "The term 'role-set' is used to indicate that a status may have not just a single role, but a number of associated roles which function together". Die versorging van siek gesinslede is immers normatiewe vereiste van die rolspel binne die status van moeder (Roode, 1970, p.94). Dit is in hierdie verband miskien selfs wenslik om na die

voorbeeld van Goldthorpe (1969, p.7) in sodanige gevalle verkieslik nie te praat van verskillende rolle nie, maar van rolsektore, d.w.s. verwante sektore van dieselfde rol - in die geval van die voorbeeld hierbo, die rol van moeder.

Met betrekking tot *status* word verder sosiologies 'n onderskeid getref tussen toegeskrewe en verwerfde status. Verskeie skrywers (Linton, 1968, p.227-229; Bierstedt, 1970, p.376-378; Roode, 1970, p.94) raak verskillende interessante gesigspunte m.b.t. hierdie onderskeiding aan, dog 'n volledige beskrywing daarvan is nie onontbeerlik vir die ontplooiing van die onderhawige tema nie. Daar word volstaan met die opmerking dat binne die normkompleks van elke sosiale sisteem normdifferensiasie bestaan ooreenkomstig roldifferensiasie wat ontspruit vanweë 'n onderskeid tussen statusse. So is geslagstatus byvoorbeeld 'n onveranderlike toegeskrewe status en bestaan daar afsonderlike norme vir die geslagsrolle in o.a. die huisgesin, maar ook oral in die samelewing. Huwelikstatus is 'n verwerfde status; tog bestaan daar insgelyks afsonderlike norme vir getroudes en ongetroudes. Dieselfde geld vir statusse, hetsy toegeskrewe of verworwe, soos burgerskap, godsdienstige status, kindskap, ouerskap, beroepstatus e.d.m. Toeligtend en verhelderend in dié verband is die volgende uitspraak van Merrill & Eldredge (1952, p.151): "The adult male thus has a pattern of culturally determined behavior ascribed to him merely because of his adultness, and the adult female similarly has certain behavior assigned to her".

In die sosialiseringsproses waaraan in die volgende en daaropvolgende hoofstukke aandag gegee word, sal die belangrikheid van bogenoemde verskeidenheid na vore tree.

### 4.1.2 Rolle

Daar bestaan geen skaarste aan literatuur sentrerende om die begrip *rol* as verskynsel of faktor in sosiologiese analise nie, dog die hantering van *rol* as tema geniet hoe=genaamd nie eenstemmigheid nie. In die vorige paragraaf is trouens reeds insidenteel of rakelings na die veelheid van meerduidige interpretasies van die rolbegrip verwys. 'n Gedetailleerde dieptestudie van *rol* as verskynsel is derhalwe 'n aangevoelde leemte. Bredenkamp (1975, p.97) meen tereg dat dit 'n ongelukkige toedrag van sake is, veral in die lig van die feit dat *rol* as sleutelbegrip in die vaktaal van die sosiologie so prominent figureer. Lowry & Rankin (1972, p.104) wys tereg daarop dat die ver=wysing na die *individu* as *per se* die eenheid van die same=lewing, steeds die valse indruk van die organisistiese beskouing wek, naamlik dat die sosiale orde eenvoudig die resultaat is van individue wat 'n organiese geheel vorm soos wat selle 'n biologiese organisme vorm, terwyl die samelewing eintlik *kulturele verrigting* is, d.w.s. die eenheid daarvan is die sosiale rolle en nie individue nie. Laasgenoemde beskouing regverdig derhalwe die prominensie wat die rolkonsep in die sisteemteorie geniet.

#### 4.1.2.1 Die begrip *rol* in historiese perspektief

Histories is die begrip *rol* as toneelmetafoor aan die dramakuns ontleen (Schneider, 1969, p.14). Dahrendorf (1965, p.27) gee 'n interessante en omvattende historiese oorsig van die rolkonsep, waarin hy o.a. aantoon dat Plato reeds die begrip rol hanteer het, terwyl dit ook vrylik aangetref word in die werk van onder andere Johannes van Salisbury, Vondel en Shakespeare. Veral bekend en ook nie sonder sosiologiese betekenis nie, is die volgende aanha= ling uit Shakespeare (Chinoy, 1967, p.36):

> "All the world's a stage,
> And all the men and women merely players:
> They have their exists and their entrances;
> And one man in his time plays many parts,
> His acts being seven ages".

Dit blyk dan ook dat die rolbegrip met hom saam etlike verwante begrippe vanuit die toneelkuns die vaktaal van die sosiologie binnegedra het. Na die diversiteit van rolle in enige sosiale sisteem, word verwys as die rolbesetting; van die verskeidenheid van rolle, rolverwagtinge of rolin= houde word selfs gepraat as die rolrepertoire (Van Rensburg, 1975, p.52); die persoon in die rol is die akteur; die akteur speel sy rol saam met mede-akteurs e.d.m.

Dahrendorf (1965, p.27) meen egter tereg dat hierdie ver= wysing na die woord rol nie meer 'n blote beskrywing van die teater is nie, maar 'n metafoor van die wêreld en die lewe.

"Shakespeare's metafoor is thans het constructieve grond=beginsel geworden van de wetenschap over de maatschappij". Op hierdie wyse beklee Dahrendorf dan die begrip rol met sosiologiese betekenis en noem dit die snyvlak waar indi=vidu en samelewing mekaar ontmoet: "Op het snijpunt van individu en maatschappij staat 'homo sociologicus', de mens als drager van sociaal voorgevormde rollen. Het individu *is* zijn sociale rollen, maar deze rollen zijn op hun beurt het ergelijke feit van de maatschappij. De sociologie heeft bij de oplossing van haar problemen steeds de relatie nodig tot sociale rollen als elementen van de analyse; haar object ligt in het ontdekken van de struc=turen van sociale rollen" (Dahrendorf, 1965, p.23).

In die lig van die bostaande is dit te begrype waarom so=veel prominensie aan die rolkonsep verleen word as struk=tuurelement van die sosiale sisteem en waarom dit 'n sen=trale plek beklee in die ontplooiing van die sosialiserings=proses. Roode (1970, p.91) merk in hierdie verband tereg op dat die identifisering van die rol-verskynsel in die samelewing deur vroeëre denkers en skrywers, die taak van die sosioloog vergemaklik het en hom in staat gestel het om die begrip te raffineer en sodoende vir sosiologiese ontleding bruikbaar te maak.

#### 4.1.2.2 Die rolbegrip: enkele definisies en verwante fasette

Enige mens is tegelykertyd betrokke by meer as een sosiale sisteem. Elke sisteem waarvan die individu lid is, en

waarin hy aktief is, maak egter nie aanspraak of lê beslag op sy hele persoonlikheid nie, dog slegs op 'n bepaalde faset of fragment van die persoonlikheid wat op 'n gegewe stadium as eenheid geïntegreer is in die struktuur van die sisteem. Hierdie *beslaglegging* op 'n segment van die persoonlikheid realiseer vanweë die feit dat die interak=sieproses en -patroon 'n appèl daarop maak uit hoofde van bestaande en/of aanvaarde, d.w.s. geïnstitusionaliseerde gedragsnorme of -reëls (Cilliers & Joubert, 1968, p.30; Johnson, 1971, p.5). Die geïnstitusionaliseerde patroon roep dus die individu as akteur op tot handeling; positief, d.w.s. tot konformering of negatief, d.w.s. tot non-kon=formering aan die norme vir sy rol.

Na hierdie deelname van 'n persoon as akteur of funksionaris aan die aktiwiteite van 'n kollektiwiteit as sisteem, word verwys as sy rol, terwyl na die segment, sektor of faset van sy persoonlikheid wat deur hierdie deelname deel van die struktuur van die sosiale sisteem word, verwys word as sy rol-oriëntasie(s) (Cilliers & Joubert, 1968, p.30). Bredemeier & Stephenson (1962, p.31) lig dit soos volg toe: "A role then, is not *all* the 'behavioral enacting' of the status; it is only the behavioral enacting of a *part* of the status - the part which prescribes how the status-occupant should act toward *one* of the persons with whom his status rights and obligations put him in contact", terwyl Roucek & Warren (1963, p.28) die volgende opmerk omtrent 'rol': "A *social role* is the pattern of behavior which the individual assumes in social interaction, based

on his own previous experience and his degree of conformity to what he considers to the expectations of others. Most, if not all, social behavior is carried on within such social roles". Van Rensburg (1975, p.52) aksentueer die normatiewe aard van die rol wanneer hy sê: "Rol verwys na daardie stel of somtotaal van regte en verpligtinge wat aan die bepaalde status of posisie gekoppel word en waaraan die statusbekleër moet of behoort te voldoen. So gedefi= nieer, is rol dan altyd die normatiewe regulering van ge= drag binne die status en behels dit die geheel van norme en verwagtinge wat van 'n persoon in 'n bepaalde status gekoester word".

Dit blyk dus dat rol enersyds verwys na wat 'n persoon in 'n spesifieke status of posisie *doen*, met ander woorde dit verwys na die dinamiese aspek van posisie (Achterberg, s.j., p.18), terwyl dit andersyds verwys na die stelsel van norme wat geld vir verskillende gedragswyses (rolle) vanuit die posisie in die sosiale sisteem (Roode, 1970, p.91). Alhoe= wel in 'n volgende paragraaf meer spesifiek oor norme ge= handel word as 'n tweede struktuurkomponent van die sosiale sisteem, moet dit onvermydelik vanweë die noue verband tussen rolle en norme blykens bostaande definisie, fragmen= taries by hierdie uiteensetting van rolle betrek word.

Norme is inderdaad wesensdeel van enige rol in die sosiale sisteem. Van Dijk (s.j., p.51) vat hierdie feit bondig soos volg saam: "De mens oriënteert zijn activiteit, zijn denken en doen aan besef van zo behoren, van verplichting,

kortom van waarden en normen". Hierdie aktiwiteit, dink en doen, is wesenlik rolvervulling. Sô nou is die wissel=werking tussen rolle en die norme vir die rolle, dat sommige skrywers rolle identifiseer met hulle norme en selfs van die normkompleks praat as rolle. Chinoy (1967, p.35) stel dit duidelik: "Each of these statuses carries with it a set of rules or norms which prescribe how the person who occupies it should or should not behave under particular circumstances. That cluster of norms we call a *role*". Aangesien die rolle dus nie mense is nie, dog "parts played on the social stage" (Chinoy, 1967, p.36), ooreenkomstig die norme wat aan die rolle gekoppel is, veronderstel rolspel die ontmoeting van norme. Daar bestaan dus by mede-akteurs as alters 'n bepaalde verwagting t.o.v. die gedrag van ego. Hulle is m.a.w. vertroud met die norme vir sy rol. Na hierdie normkompleks word as 'n verdere analitiese faset in onderskeiding van die rol, verwys as die *rolverwagting*.

#### 4.1.2.3 Rolgedrag of rolprestasie

Hierbo is gestel dat elke rol in terme van 'n normkompleks vooraf uitgestippel is, of anders gestel, vir elke rol bestaan daar binne die kultuur 'n uitgespelde rolverwagting, die pligte, voorregte en prerogatiewe waaromtrent die rol=speler weinig te sê het (Merrill & Eldredge, 1952, p.151). Rolle is, soos wat Schneider (1969, p.15) dit ook stel, inherente deel van die kulturele erfenis van 'n gemeenskap of samelewing. Hierdie rolle is, net soos die kultuur, waaronder verstaan word "that complex whole that consists

of everything we think and do and have as members of society" (Bierstedt, 1970, p.106), "and which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom and other capabilities and habits acquired by man in a society" (Tylor, 1924, p.1), ouer as enige lewende individu in die rol. *Rol* verwys dus ook na 'n funksie of handeling of die te verwagte gedrag van 'n individu in 'n groep, gewoonlik gedefinieer deur 'n groep of die kultuur (Fairchild, 1967, p.262). Hierdie kultureel-bepaalde gedrag is kwalifiserend van verskillende groepe as sosiale sisteme, byvoorbeeld die kultuurmassa van die huwelik en gesin word bepaal deur en kry inhoud vanweë die liefdeverhoudinge en liefdegedrags= patrone wat onder andere deel van die kultuur is.

Wanneer 'n persoon nou 'n rol beset, betree hy die rolver= wagting. Hy gaan dus in meerdere of mindere mate konfor= meer of probeer konformeer aan die bestaande of geïnstitu= sionaliseerde norme vir die rol, d.w.s. die norme soos wat dit in die kultuur ingebou en veranker is en deur die kul= tuur gedefinieer word. Afhangende van die graad van konfor= miteit val so 'n persoon 'n waardebepaling toe deur sy mede-akteurs, of selfs deur buitestaanders. Dit spreek egter vanself dat 'n gesaghebbende waardebepaling of eva= luering slegs gemaak kan word deur ego se rolgenote, d.w.s. persone in rolle wat ontspruit uit hoofde van die feit dat hulle posisies beklee in dieselfde sisteem, m.a.w. die= gene met wie ego in interaksie tree binne dieselfde sisteem (Banton, 1965, p.28). Hierdie persone het immers, soos reeds aangetoon, 'n aanspraak op bepaalde regte wat hulle

posisioneel toekom vanweë ego se rol, d.w.s. sy verplig=tinge. Na hierdie toestand waarin beide akteur en alter vertroud is met die norme en rolinhoud van 'n posisie, word verwys as rolkonsensus (Roode, 1974, p.113). Ander=syds kan wel houdende waardebepalings toegeken word deur buitestaanders, mits hulle oor voldoende kennis en erva=ring beskik betreffende die rol en rolverwagting van ego.

Dit is dus duidelik dat rolprestasie of rolgedrag die vol=doening is aan die normatief gereguleerdheid of gepatro=neerdheid van die rol (Johnson, 1971, p.18), of anders gestel, die konformering aan die rolverwagting. So gesien, is rolgedrag dan die aktualisering, die daadwerklike be=setting of *speel* van die rol en eers wanneer daar van rolgedrag of rolspel sprake is, verkry posisie en rol dinamiese betekenis (Van Rensburg, 1975, p.52).

Die bostaande uiteensetting ontwaar egter 'n verdere pro=blematiese faset m.b.t. rol en rolvervulling. Die af=leiding mag gemaak word dat, aangesien die rolverwagtings vir identieke rolle, aanvaarde of geïnstitusionaliseerde normkomplekse veronderstel synde deel van 'n gemeenskap se kulturele erfenis en ook aangesien die rolverwagting op die status gerig is en nie op die persoon nie (Roode, 1970, p.97), daar van persone in dusdanige rolle verwag kan word dat hul rolgedrag presies moet ooreenstem. Aangesien dit egter nie die geval is nie en dit trouens ook nooit kan wees nie, word ook op die volgende onderskeidende

faset gewys.

#### 4.1.2.4 Rolvariasie: formele en komplementêre rol

Alhoewel die rolspel binne elke status, blykens die bo= staande beskrywing, onafhanklik van die individu daarbinne gepatroneerd is, beteken dit nie dat elke individu wat die rol vervul, binne die raamwerk of vereistes daaraan ver= bind, nie sy eie individuele inkleding daaraan gee nie (Roode, 1970, p.93). Deur die individuele besetting van rolle deur onderskeie rolspelers of akteurs, word rolspel dus 'n spieëlbeeld van die rolvereistes wat aan die betrok= ke rolle gekoppel is. Daar word dus ruimte gelaat vir die persoonlike *kleur* van die rol deur verskillende rolspelers (Bredenkamp, 1975, p.98-99). Al is die rol dus in 'n sekere sin ekstern tot die individu, vanweë die formele rolverwagting, kan die uniekheid van elke persoonlikheid soos wat dit noodwendig manifesteer in sy rolprestasie, nie sonder meer genegeer word nie. Hierdie situasie ont= staan vanweë die feit dat die rolverwagting 'n tweeledige verankering het: enersyds is die rolverwagting ekstern tot die individu, deel van die posisie wat in die sisteem bestaan en andersyds is die rolverwagting ook veranker in die *persoonlikhede* van die groepslede (Joubert & Steyn, 1971, p.273). Al is 'n persoon dus soos wat Nisbet (1970, p.154) dit stel "a bundle of roles", is hy ook persoon. "We never see roles except as they are personified, although we sometimes imagine them" (Nisbet, 1970, p.154). Dit is juis in hierdie verband dat Parsons (1967, p.6-20) die persoonlikheidsisteem as integrale komponent van die totale

handelingsisteem sien, waarvan die kultuursisteem en die sosiale sisteem die ander twee komponente is. Die rolle wat deur die individu vervul moet word, mag wel sy per= soonlikheid modifiëer, vorm daaraan gee en selfs deel daar= van word, dog die persoonlikheid is altyd iets meer as enige rol of selfs enige kombinasie van rolle (Schneider, 1969, p.15). Geen twee vaders, alhoewel dieselfde formele normkomplekse vir hulle rolle in dieselfde gemeenskap geld, gee op presies identieke wyse gestalte aan hulle rol= inhoude of konformeer op dieselfde wyse aan hulle rolver= wagtinge nie. Parsons (1949, p.34) haak die knoop deur wanneer hy verduidelik dat *rol* die begrip is wat die akteur as psigologiese gedragseenheid koppel aan die sosiale struktuur: "Role is the concept which links the subsystem of the actor as a 'psychological' behaving entity to the distinctively *social* structure".

Dit is in hierdie verband dat Achterberg (s.j., p.17) onderskeid tref tussen 'n persoon se formele of onpersoon= like en sy informele of persoonlike rol. Daar kan ook na die persoonlike rol as die intra- en na die formele rol as die ekstra-rol verwys word. Hiermee word egter nie bedoel dat die rolverwagting twee afsonderlik van mekaar funk= sionerende rolprestasies impliseer nie. Die rolverwagting is juis die saambindende en saamsnoerende element van hierdie twee fasette van rolvervulling, aangesien dit die norme is waaraan die individu in die vervulling van sy intra- sowel as ekstra-rol moet konformeer. Die intra- en ekstra-rol staan dus komplementêr tot mekaar - die twee

fasette van rolspel - die persoonlike en onpersoonlike, streef in voortdurende wisselwerking dieselfde ideaal na (Achterberg, s.j., p.17).

In bostaande verband maak Roucek & Warren (1963, p.29) 'n betekenisvolle analise van die rol op verskillende vlakke:

Die formele rol sien hulle eerstens as die *kulturele* rol, aangesien die verlangde of verwagte gedragspatroon deur die kultuur voorsien word. Aanvullend hiertoe tweedens, kom dan die *persoonlike* rol, want "the individual always makes his own unique adjustment in his group association". As voorbeeld noem hulle die moderne vrou se persoonlike inkleding van die vrouerol. Derdens, aangesien sosiale handeling, soos aangetoon, situatief is, onderskei genoemde skrywers (Roucek & Warren, 1963, p.29) die *situatiewe* rol, wat daarop neerkom dat enige akteur, nadat hy 'n bevredigen=de aanpassing van sy persoonlike rol tot die kulturele rol gemaak het, nog met aanpassingsprobleme t.o.v. spesifieke situasies te make het, byvoorbeeld waar 'n individu spontaan leierskap aanvaar in 'n ongestruktureerde situasie.

Dat spanning en innerlike konflik kan ontwikkel in situa=sies waar persoonlikheidseienskappe onversoenbaar is met die formele rolverwagting of andersom, is nie weg te rede=neer nie. 'n Oorwoekering van die ekstra- oor die intra-rol of andersom, kan insgelyks problematiese situasies presenteer waaronder die sosiale sisteem in geheel kan ly.

Indien eersgenoemde realiseer, ontstaan 'n formalistiese konformisme waarin die rol minimaal persoonlik gekleurd is en die rolprestasie bloot op posisiehandhawing ingestel is. In gevalle waar die intra-rol te sterk figureer, d.w.s. waar op die formele rolverwagting of normkomplekse 'n te lae premie geplaas word, ontstaan die gevaar van gesagsondermyning en -aftakeling waardeur die sisteem van binne gerysmier word (Achterberg, s.j., p.17).

Na sy konsekwensie gee bostaande situasies normaalweg aan= leiding tot wat as rolkonflik bekend staan. Daar bestaan egter 'n veelheid van situasies wat rolkonflik inisieer, soos in die volgende paragraaf aangedui word.

4.1.2.5 Rolkonflik

Alhoewel die term rolkonflik in sy verskraalde betekenis verwys na die toestand wat ontstaan vanweë die feit dat ego gelyktydig lid is van twee of meer sisteme waarin sy onderskeie rolle dusdanig gedefinieer is dat die rolverwag= tings wat vir die onderskeie rolle geld, onversoenbaar is in dié opsig dat konformering aan die een normkompleks hom verhinder om terselfdertyd te konformeer aan die verwag= tinge van die ander rol(le) (Johnson, 1971, p.33 en 35), word die begrip rolkonflik hier egter in breëre konteks gebruik. Die term word naamlik gebruik om te verwys na alle situasies in sosiale sisteme wat op die een of ander wyse vir ego belemmer in sy rolprestasie om te konformeer aan norme wat geld vir 'n rol of rolle wat hy moet vervul

uit hoofde van die feit dat hy gelyktydig meer as een status-posisie in verskillende of in dieselfde sisteem beklee of vanweë die feit dat botsende of onversoenbare eise aan hom in dieselfde rol gestel word. Daar is by= voorbeeld vroeër in hierdie hoofstuk op gewys dat o.a. Goldthorpe (1969, p.7) in gevalle waar 'n persoon se status in 'n enkele sisteem oorsprong gee aan verskillende rolle, soos in die aangehaalde voorbeeld van die moeder= status wat oorsprong gee aan o.a. 'n verpleegstersrol, verkies om nie te praat van verskillende rolle nie, maar van verskillende *rolsektore* van dieselfde status-rol. Indien onversoenbare eise aan ego gestel word vanuit ver= skillende rolsektore in dieselfde sisteem, ontstaan dan 'n vorm van rolkonflik wat as intra-rolkonflik bekend staan. Enkele gelyksoortige situasies word vervolgens kortliks toegelig, aangesien dit ook die taak van die sisteme raak wat as sisteme en sub-sisteme meer spesifiek as sosialiserende instansies figureer in die samelewing.

- Rolkonflik as resultaat van botsende elemente in die intra- en ekstra-rol

  Aangesien hierdie situasie reeds toegelig is, word hier slegs na twee voorbeelde ter illustrasie verwys. In die huisgesin as liefdesgemeenskap (Van Dijk, s.j., p.81) is die realisering van die gesinsliefdesnorm integrale deel van die normkompleks van byvoorbeeld die moederrol, m.a.w. dit konstitueer die formele rol= verwagting. Onbeheerste aggressiwiteit, gepaard met

onredelike opvlieëndheid as persoonlikheidskenmerke van moeder X, sal onvermydelik meebring dat haar persoonlike of intra-rol nie versoenbaar is met haar ekstra-rol nie. Persoonlike innerlike spanning is onvermydelik met verreikende destruktiewe gevolge vir die huisgesin as sisteem. Dieselfde ontstaan wanneer vader Y as gevolg van ernstige persoonlikheidsdefekte nie die gesag, wat immers integrale deel van die normkompleks van sy vaderrol is, kan handhaaf nie. Die formalisering van rolgedrag, d.w.s. waar die formele rolverwagting oorbeklemtoon word, gee veral in hierdie verband aanleiding tot konfliksituasies in organisasies waar 'n beter vermenging of sinchronisering van persoonlike, formele en interpersoonlike eienskappe nodig is vir 'n verbetering van individuele prestasies (Hall, 1972, p.194-195).

- Rolkonflik as resultaat van statuskonflik

Die situasie wat hierdie vorm van konflik inisieer, ontstaan wanneer 'n persoon gelyktydig twee of meer statusse of posisies in verskillende sisteme beklee waarvan die normkomplekse van sodanige onversoenbare aard is dat konformering aan die norme van een status, die individu verhinder om tegelykertyd te konformeer aan die norme van die ander (Johnson, 1971, p.33). Aangesien hierdie vorm van konflik ontspruit vanweë die feit dat 'n persoon gelyktydig twee of meer statusse beklee, is dit miskien wenslik om van statuskonflik te praat, aangesien die rolverwagting streng

gesproke op die status gerig is (Roode, 1974, p.113). Vanweë die vervlegtheid van die begrippe status en rol, soos reeds aangetoon, kan goedskiks egter van rolkonflik gepraat word (Achterberg, s.j., p.18). Trou= ens, Achterberg (s.j., p.18) stel dit ondubbelsinnig soos volg: "Dergelijke situasies geven aanleiding tot *statusconflicten*, of beter gezegd rolconflicten". Dit wil dus voorkom asof status- en rolkonflik buitendien uit dieselfde omstandighede of gelyksoortige omstan= dighede ontspruit. Wat meer is, indien statuskonflik ontstaan, is rolkonflik onvermydelik. Parsons (1967, p.280) omskryf hierdie vorm van rolkonflik as "the exposure of the actor to conflicting sets of legitimized role expectations such that complete fulfillment of both is realistically impossible". Die akteur word gevolglik voor 'n prioriteitskeuse gestel. "It is necessary to compromise, that is, to sacrifice some at least of both sets of expectations, or to choose one alternative and sacrifice the other" (Parsons, 1967, p.280). Ook hier is algehele of gedeeltelike afwyking van die norme dus die gevolg, wat onvermydelik weer resulteer in die toepassing van sanksies (Parsons, 1967, p.280). Ter illustrasie van so 'n situasie ge= bruik Roode (1974, p.114) die voorbeeld van 'n persoon wie se kerklidmaatskap hom verbied om militêre diens= plig te doen. Hy kan dus nie in sy rolprestasie gelyk= tydig konformeer aan die norme wat geld vir sy gods= diensstatus sowel as vir sy burgerstatus nie. Rol= konflik met gevolglike afwyking van geldende norme vir

een van die twee statusse en die eventuele toepassing van sanksies, is dus hier onvermydelik.

- <u>Rolkonflik as resultaat van roldubbelsinnigheid of 'n onbehoorlik geartikuleerde rol</u>

Johnson (1971, p.35) onderskei hierdie vorm van rol= konflik soos volg van die vorige: "The kind of con= flict we are discussing here - imperfectly articulated role-sets - also puts incompatible demands upon ego, but these come not from different positions that he occupies but from different 'members' of the role-set 'connected with *one* of his positions". Met rolstel, wat ook *rolkliek* genoem kan word, word bedoel "all those social positions which are structurally related to ego's position, or of the persons who occupy those positions" (Johnson, 1971, p.34). Die rolstel sluit dus ego se rolgenote in, d.w.s. diegene in aanverwante posisies in dieselfde sisteem, dog betrek ook persone in verwante posisies buite die sisteem, dog met wie ego uit hoofde van sy posisie in 'n bepaalde sisteem, 'n interaksiepatroon handhaaf (Banton, 1965, p.28; Bredemeier & Stephenson, 1962, p.38). Popitz (1972, p.13) verdeel hierdie vorm van rolkonflik verder in twee kategorieë: Waar rolkonflik ontstaan vanweë botsende eise onder rolgenote, d.w.s. lede van dieselfde sisteem of 'sosiale sirkel', noem hy dit *intra-rol= konflik*. Dit is m.a.w. botsing tussen die rolsegmente of rolsektore van 'n persoon, byvoorbeeld die eise wat die moeder en die kinders aan die vader stel, is on=

versoenbaar. Waar botsende eise ontstaan vanuit ver=skillende sosiale sirkels of sisteme, d.w.s. vanuit die rolstel van 'n persoon, noem hy dit *inter-rol=konflik*.

Die situasie wat uit bogenoemde omstandighede ontstaan en aanleiding tot rolkonflik gee, is naamlik 'n gebrek aan *rolkonsensus* (Roode, 1974, p.113), wat beteken dat die lede van ego se rolstel, sowel as sy rolgenote, se belangstellings en interpretasies verskil. Hulle heg verskillende en uiteenlopende en soms konflikterende of onversoenbare interpretasies aan ego se rolverwag=ting. Ruddock (1971, p.15) maak in sy roluiteenset=ting eweneens melding van hierdie algemene vorm van rolkonflik: "Een rolconflict kan zich ook voordoen als verschillende mensen verwachten dat een rol op verschillende manieren zal worden gespeelt" en verwys in hierdie verband by wyse van voorbeeld na die rol van parlementariër wat dikwels blootgestel word aan botsen=de verwagtinge uit die oord van die kiesers, die vak=bonde en sy party.

Afgesien van die gebrek aan eenstemmigheid of konsensus onder ego se rolstellede omtrent wat van hom in sy rol=spel verwag word, kan ego hierby ook nog sy eie, per=soonlike siening van sy rol en rolprestasie hê. Hier=uit vloei voort dat 'n persoon 'n wanvoorstelling van sy rol kan hê a.g.v. oormatige rolformalisering, onkunde omtrent sy rolverwagting of vanweë roldubbelsinnigheid,

waaruit 'n toestand kan ontwikkel wat neerkom op wat Merton (1968, p.475) "self fulfilling prophecy" noem. Dit kan ook ontstaan vanweë wat Ruddock (1971, p.35) 'n foutiewe "ek-beeld" noem.

Hoe meer diffuus of gediversifiseerd 'n persoon se rol=besetting, hoe komplekser is sy rolstel, waaruit lo=gies afgelei kan word dat hy in toenemende mate die slagoffer van hierdie vorm van rolkonflik word. Hier=die mate van disharmonie gee ook eventueel aanleiding tot afwyking van die geïnstitusionaliseerde norme, of ten minste tot 'n mate van kompromittering, met span=ning en sanksies die onvermydelike gevolg (Johnson, 1971, p.35). Daar word ook soms na die situasie waar=uit hierdie vorm van konflik ontwikkel, verwys as roldubbelsinnigheid, waarmee bedoel word dat daar on=voldoende inligting aan 'n persoon oorgedra word t.o.v. sy rolspel en rolverwagting (Bredenkamp, 1975, p.102). Hall (1972, p.194) beskryf die situasie soos volg: "One kind of improper 'mix' occurs when there are too many role messages being sent to an individual, with *role conflict* resulting". Dikwels bevat hierdie bood=skappe teenstrydige of konflikterende inligting en eise.

- Rolkonflik as resultaat van roloorlaaiing

Hall (1972, p.194) omskryf roloorlaaiing soos volg: "Role overload and role conflict result from the com=bination of organizational, interpersonal, and personal

demands that are in excess of capacity and ask com= peting behaviors on the part of the individual". M.a.w. die individu word belas met 'n magdom van take wat hy nie gelyktydig kan hanteer nie en hy sal moet kies aan watter druk om toe te gee. Indien dit on= moontlik is om 'n keuse te maak op grond van priori= teit, mag so 'n persoon belas word met take wat geheel en al buite sy vermoë is om te vervul (Bredenkamp, 1975, p.012). Net soos in die vorige gevalle, gee sodanige situasie aanleiding tot spanning, afwyking en die toepassing van sanksies.

Ten opsigte van rolkonflik, nog dié slotopmerking: Dat dit in rolkomplekse voorkom, is vanselfsprekend, dog dat daarteen gewaak moet word dat dit aanleiding gee tot maksimale afwyking van die norme, waardeur die rolgedrag stagnant word en miskien selfs dis-funksioneel, waardeur die sisteem in geheel ondergrawe en lamgelê word, is ewe vanselfsprekend. Dit is juis in hierdie opsig waar die sosiale sisteem ten taak het die daar= stelling van meganismes, waaronder sosialisering 'n belangrike plek beklee vir die skep van fasiliteite, geleenthede en moontlikhede om spanninge te beheer, rolle aan te leer, die sisteem en die individu te laat aanpas, individue te motiveer vir doelbereiking en homself na binne te integreer ten einde homself te kan handhaaf. By bespreking van die funksionele aspek= te van sisteme, kom hierdie sake ter sprake. Dit mag egter ook wees dat hierdie meganismes nie doeltreffend

effektief is om rolkonflik te ondervang of te minima=liseer nie (Merton, 1968, p.434; Merton, 1966, p.385). Hiermee hou verband die laaste faset van die rol as struktuurkomponent van die sosiale sisteem, naamlik rolversterking.

4.1.2.6 Rolversterking

Ten aanvang van hierdie hoofstuk is daarop gewys dat een van die kenmerke van sosiale handeling is dat dit gemoti=veerd is (Cilliers & Joubert, 1968, p.21). Daar bestaan dus wel sekere meganismes wat die individu dwing, inspireer of motiveer om te konformeer aan die norme vir sy rol. Uiteraard is sekere van hierdie motiveringselemente deel van die persoonlikheid, of dit is verwerf deur opvoeding, sosialisering en internalisering waardeur die mens met 'n sekere waardesisteem toegerus word (Schneider, 1969, p.19; Du Toit, Steyn & Rip, s.j., p.5). Daar is ook hierbo aan=getoon dat die toepassing van sanksies, hetsy negatief of positief, 'n dwingende effek op die individu uitoefen tot konformering aan die norme vir sy rolle.

Daar bestaan egter ook ander motiveringsmeganismes wat, alhoewel die dwangkrag nie van binne die individu kom nie, m.a.w. in'n sekere sin ekstensief tot die individu staan, dog ingebou is in sy rol, tog 'n mate van positiewe moti=vering tot korrekte rolprestasie uitoefen en wat nie sonder meer oor die hoof gesien kan word nie. Parsons (1949, p.37-39) verwys na hierdie "ingeboude" vorme van vergoeding of positiewe sanksies, as "generalized goals".

Hierdie veralgemenende doelwitte kan in vier kategorieë ingedeel word:

- Die instrumentele doel

  Dit is wanneer 'n individu deur 'n ander, buiteliggende doel gemotiveer word om in 'n spesifieke rol te presteer. 'n Persoon presteer dikwels byvoorbeeld nie om intrinsieke satisfaksie in sy beroepsrol nie, dog wil daardeur beter vir sy gesin sorg of sy lewenstandaard verhoog (Schneider, 1969, p.20). Wanneer 'n persoon dus twee rolle gelyktydig beklee, waarvan die tweede hom motiveer om in die eerste te presteer, resulteer 'n situasie wat die teenoorgestelde van rolkonflik is (Johnson, 1971, p.33-34).

- Erkenning

  Sommige rolle ontsluit die geleentheid vir erkenning, m.a.w. vir die kweek van 'n gevoel van gerespekteer of na opgesien te word deur ander betekenisvolle mense. Die teenoorgestelde dien hier egter dikwels ook as motivering, naamlik die vrees vir verlies aan erkenning. Wat bekend staan as "status striving", is 'n belangrike motief vir rolprestasie in die moderne samelewing (Schneider, 1969, p.21).

- Responsie (reaksie)

  Sommige rolle leen hulle meer as ander daartoe vir die bekleër om bevrediging te put uit die gunstige reak=

sie wat sy rolprestasie by ander belangrike mense ontlok (Thomas, 1923, p.17). Hierdie verskynsel, net soos die vorige, dien in baie gevalle as motivering vir gunstige en positiewe rolprestasie.

- Sekuriteit

  Sekere rolle open weer in meerdere mate as ander die weg tot ekonomiese, sosiale of psigologiese sekuriteit wat as kompensasie dien ter motivering vir konformering aan die rolverwagting (Schneider, 1969, p.21).

Hiermee is die spektrum van aspekte en fasette sentrerende om die rolverskynsel as sentrale struktuurkomponent van die sosiale sisteem voldoende aangedui en word oorgegaan tot die volgende komponent, naamlik norme.

### 4.1.3 Norme

'n Belangrike afleiding wat uit die voorafgaande uiteen=setting van die begrippe status, posisie en rol gemaak kan word, is dat die inhoud van enige sosiale posisie in die sosiale sisteem, m.a.w. sy kompleks van regte en pligte in geheel normatief is (Johnson, 1971, p.15). Bierstedt (1970, p.206) stel dit baie duidelik: "Furthermore, norms are not 'free-floating' phenomena. They are attached to some=thing and that 'something' to which they are attached, is statuses". Dit illustreer meteen die voor-die-hand-lig=gende feit dat norme 'n integrale en onafskeibare struk=tuurkomponent van die sosiale sisteem is. Ook wat norme

betref, net soos in die geval van rolle, is dit 'n omvang=ryke tema wat veel prominensie in die sosiologiese sowel as verwante vakliteratuur geniet. Dit is derhalwe ook nie die gedagte om hier aanspraak te maak op 'n volledige dieptebeskrywing nie en word weer eens geselekteer uit die rykdom van fasette om in te pas by die onderhawige tema.

#### 4.1.3.1 Sosiale norme

Aangesien die kategorale klassifikasie van norme hom enig=sins indrukwekkend aandoen, word daarop gewys dat waar die sosiale sisteem die fokus van hierdie navorsing is, slegs die kategorie norme wat as sosiale norme figureer, toegelig sal word, d.w.s. daardie norme wat voorlopig omskryf kan word as gedragsreëls wat ons optrede in die gemeenskap rig; voorskrifte t.o.v. aanvaarde en vereiste optrede in bepaalde situasies (Roode, 1974, p.15).

#### 4.1.3.2 Enkele nadere omskrywings van norme

Van Dijk (s.j., p.57) gee die volgende bondige definisie van 'n norm: "Elke positieve regel die een bepaalde wijze van gedrag of handelen voorschrijft of verbiedt". Twee af=leidings is onmiddellik hieruit duidelik: Eerstens is die norm op die handeling of gedrag gerig, of andersom is die handeling of gedrag op die norm gerig, wat ook aansluit by wat as een van die kenmerke van sosiale handeling ten aan=vang van hierdie hoofstuk genoem is. Tweedens het norme 'n tweërlei karakter: hulle is gebiedend sowel as ver=biedend. Uit Cilliers & Joubert (1968, p.27) se definisie

van 'n norm as 'n gedragsreël wat bepaalde handelinge in bepaalde rolle/kollektiwiteite of klasse van rolle/kollek=tiwiteite voorskryf, toelaat of verbied, blyk genoemde twee afleidings ewe duidelik. Dieselfde geld vir die volgende definisie van Homans (1965, p.123): "A norm, then, is an idea in the minds of the members of a group, an idea that can be put in the form of a statement speci=fying what the members or other men should do, ought to do, are expected to do, under given circumstances".

Uit die bostaande definisie van Homans, sowel as uit van die voriges, blyk dit dat die sosiale norme ook situatief van aard is. Ook dit vind aansluiting by die sosiale handelingsteorie van Parsons, waarbinne die sosiale sisteem dus ook, soos reeds aangetoon, primêr 'n sosiale handeling=sisteem is. Die sosiale handeling staan dus sentraal en 'n volgende kenmerk van sosiale handeling is dat dit situa=tief is (Cilliers & Joubert, 1968, p.21). Gevolglik word na hierdie sosiale norme wat saamhang met die eise wat elke situasie aan die mens stel, as situatiewe norme of kontingente norme verwys (Duvenage, s.j., p.7).

Verder kan ook onderskei word tussen partikuliere en uni=versele situatiewe norme. In eersgenoemde geval kom die besondersheid van 'n bepaalde omstandigheid en situasie na vore (Duvenage, s.j., p.7). Dit blyk derhalwe dat sosiale norme 'n meer kontingente of situatiewe aard en karakter het - hetsy partikulier of universeel.

Uit die bostaande definisies en omskrywings van norme, kan die volgende samevattende afleiding geformuleer word: Norme is gedragsreëls wat deur die situasie, sowel as persone op wie en handelinge waarop hulle van toepassing is, geaktiveer word tot kontingente behorenseise, d.w.s. gedragsreëls wat hier en nou, ook vir veranderde en ver=anderende situasies en omstandighede geld (Duvenage, 1972b, p.221).

#### 4.1.3.3 Die funksies van norme

Uit die bostaande blyk veral twee funksies duidelik (Duvenage, s.j., p.1-2): Eerstens dien norme as rigsnoere waarvolgens 'n mens van plan is om te handel of waarvolgens hy behoort te handel. Tweedens dien norme ook as maat=stawwe waarvolgens 'n mens dinge en handelinge agterna beoordeel ten einde 'n waardebepaling te maak. Hieruit vloei logies voort dat norme, synde aanvaarde, beproefde, goedgekeurde en geïnstitusionaliseerde gedragsvoorskrifte, 'n stabiliserende, integratiewe en konsoliderende of saam=snoerende en ook 'n behoudende funksie in enige sosiale sisteem vervul.

#### 4.1.3.4 Norme en sanksies

By die oortreding van norme is die mens toerekenbaar (Duvenage, 1972b, p.221). Norme het dus 'n afdwingbaar=heidskarakter wat impliseer dat by die oortreding daarvan, op watter wyse ookal, soos bepaal word deur die situasie, persone, omstandighede en die aard van die norm, sanksioneel

of strafmatig teen die oortreder opgetree word. Motivering tot konformering aan norme word egter nie slegs negatief dwangmatig bepaal nie, maar ook positief. "Most systems have a set of *positive sanctions* or rewards, and, as we have suggested, a set of *negative sanctions* or punishments to encourage conformity to norms" (Allyn, 1972, p.23). Persone in sisteme word dus ook positief by wyse van die een of ander vorm van kompensasie aangespoor en gemotiveer tot konformering aan die eise van toepaslike norme.

4.1.3.5 Die bron en gesag van norme en die rol van die lewensbeskouing

Dit is duidelik dat sosiale norme die belangrike funksie het om as beheermaatreëls te funksioneer in die ordelike reëling van tussenmenslike gedrag en handeling. Roode (1970, p.80) stel dit duidelik dat norme 'n essensiële in= strument en die kern van sosiale beheer vorm. Omdat die samelewing 'n geordende sisteem is, is daar geen samelewing moontlik sonder norme nie. Verder is ook hierbo aangetoon dat norme toegerus is met 'n afdwingbaarheidskarakter. 'n Vraag wat egter onwillekeurig op die voorgrond tree, is waar norme vandaan kom en met watter mate van gesag hulle as sosiale beheermaatreëls beklee is.

Eerstens is norme saam met rolle deel van die kulturele erfenis van die gemeenskap, hetsy of hulle gelegitimeerd, d.w.s. geskrewe voorwaardes van gedrag is, of ongelegiti= meerd/gewoontelik, d.w.s. spontaan ontwikkel het binne die

kultuur (Roode, 1974, p.15). "These established ways ... in which people live together, interact with one another, and adopt and follow certain usages that characterize their society and distinguish it from others ... are cal= led norms" (Bierstedt, 1970, p.209). In Caplow (1975, p.13) se definisie van 'n norm, is ook hierdie siening vervat: "A norm is a standard of conduct in a particular culture; it enables a person to determine in advance how his actions will be judged by other persons who share that culture". Nisbet (1970, p.223-224) stel dit aansienlik sterker wanneer hy sê: "Norms are the vital core of *culture*" en verklaar dat norme aan die strukture van so= siale gedrag hulle spesifieke identiteit verleen, terwyl, Homans (1965,p.125) soos volg aanvul: "Norms are a part, but only a part, of what social anthropologists call the *culture* of a group". Hy (Homans, 1965, p.125) verwys ook na Kluckhohn & Kelly (1944, p.98) se definisie van kultuur in hierdie verband: "A culture is a historically derived system of explicit and implicit designs for living which tends to be shared by all or specially designated members of a group", of anders geformuleer soos deur Merril & Eldredge (1952, p.151): "The social role is defined by culture, and the individual has little to say regarding the privileges and prerogatives of his role". Dit kan immers niks anders as norme wees wat die rol definieer nie.

Norme ontleen dus hul ontstaan en gesag aan die kultuur, dog verleen ook gesag aan die kultuur waarvan hulle inte= grale deel is. Aan die ander kant sien die Christen-gelo=

wige kultuurvorming as Goddelike mandaat soos vervat in die kultuuropdrag aan die mens tot beheersing (Gen. 1:28), bewerking en bewaking (Gen. 2:15) van God se skepping. Dit impliseer 'n voorwetenskaplike ingesteldheid wat die vrug is van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Dit is derhalwe nodig om vooraf kortliks stil te staan by wat 'n lewens- en wêreldbeskouing is en die rol daarvan te om=lyn, alvorens tot 'n finale besluit geraak word oor die bron en gesag van norme.

Die ryke verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouings kan tot twee hoofrigtings gereduseer word, naamlik die teo=sentriese lewens- en wêreldbeskouing, d.w.s. die Christe=like, wat hom stel op die transendente standpunt, teenoor die kosmosentriese lewens- en wêreldbeskouings wat afvallig iets anders in die plek van God bedink en hulle derhalwe stel op die immanente standpunt. Die rede vir hierdie twee indelings is die feit dat die lewens- en wêreldbeskouing die vrug is van die religie, wat in die hart van die mens veranker is en al die lewensuitinge van die mens bepaal (Duvenage, De Klerk & Van Wyk, 1972, p.262-265). Aange=sien die hart van die mens as religieuse botydelike sentrum gerig is op God of 'n idool (Van Wyk, 1972, p.1-2), het elke mens 'n lewensbeskouing en nie net die Christen nie. Of dit nou 'n Christelike of humanistiese lewensbeskouing is, feit bly: dit bepaal en perspektiveer die mens se lewensuitinge. Dit druk sy stempel af op alles wat die mens dink en doen. Een van die fundamentele tekste waarop die Christen hom in dié verband beroep, is Rom. 11:35:

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge". Die klem moet hier ook val op die "alle dinge".

Bostaande word duideliker wanneer na die volgende defini= sies van 'n lewens- en wêreldbeskouing gekyk word:

Stoker (1969, p.113) stel dit soos volg: "('n lewens- en wêreldbeskouing) is die geheel van antwoorde of oor= tuigings van die mens aangaande fundamentele vrae betref= fende die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van mens en wêreld en van hul verhouding tot God (of iets wat afgodies in die plek van God gestel word)". Elke mens vra na die oorsprongsgrond van alles, omdat die mens na die beeld van God geskape is; daarom het elke mens 'n lewens= beskouing. Taljaard (1963, p.3) beantwoord die vraag na wat 'n lewens- en wêreldbeskouing is, soos volg: "Die lewens- en wêreldbeskouing is ons voorwetenskaplike visie, opgebou deur die jare van ons kindsbeen af en bepaal deur ons geloofsoortuiging en opvoeding, aangaande God, wet en skepping, wat die diepste dryfveer van ons denke, doen en late word en sodoende die rigtinggewende faktor in ons lewe is. Die lewens- en wêreldbeskouing word deur die religie bepaal, daardie geestelike dryfveer in die mens se per= soonlike lewe wat as die sentrale dryfveer alle lewens= uitinge beheers, omdat dit vanuit die religieuse lewen= sentrum van die mens, naamlik sy hart kom en die menslike lewe derhalwe op die ware of vermeende oorsprong van alle bestaan rig. Die lewens- en wêreldbeskouing is derhalwe

die geheel van die mens se opvattinge wat sy denke, spreke en handele bepaal, rig en lei". Die lewens- en wêreldbe=skouing is gekoppel aan en ontwikkel uit die gemeenskap deur voorbeeld en opvoeding; oordrag van kennis, gees en prediking; in gemeenskap met vriendekringe; volk en kultuur, die openbare mening, leesstof en massakommunika=siemedia (De Klerk, 1972, p.13-14). Hierdie gedagte ver=klaar ook die verband tussen lewensbeskouing en norme en waardes. Vanuit die moedergedagte, d.w.s. die godsbegrip van elke lewensbeskouing, word by elke lewensbeskouing gebore die antwoorde op die vrae na wat reg en verkeerd is; wat goed en kwaad is; wat mooi en lelik is; wat waar en vals is. Omdat 'n lewensbeskouing ten diepste religieus bepaald is, werk dit met beginsels, norme, plig, vryheid, verantwoordelikheid, waardes ens. (De Klerk, 1972, p.13).

Die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings is religieus begrond en -bepaald deurdat alle mense kragtens hulle ge=skapenheid aan God verbind is en ondanks die sondeval 'n behoefte en noodsaak aan 'n Godsbeskouing het, wat meebring dat geen mens neutraal teenoor God kan staan nie.

Die vorming van 'n lewens- en wêreldbeskouing is dus al=gemeen-menslik. Verder is dit primêr sosiaal van aard. Juis as gemeenskapswese vorm die mens sy lewens- en wêreld=beskouing. Die lewens- en wêreldbeskouing is fundamenteel, want dit bied antwoorde op die diepste vrae en omdat die mens hom met sy hart daaraan oorgee. Uit die "hart" is

die "oorspronge van die lewe" (Spr. 4:23). Die lewens- en wêreldbeskouing is dus ook universeel - dit bied oortuigings wat aan die hele lewe van die mens ten grondslag lê (Stoker, 1969, p.115-116). Dit kan derhalwe nie anders dat die lewens- en wêreldbeskouing religieus bepaald is nie. Die mees diepgaande en diepsinnige kennis van 'n lewens- en wêreldbeskouing is die religieuse geloofskennis (Stoker, 1969, p.118). Die gelowige wat God liefhet met sy hele hart, word in sy hart beheers deur die religieuse grondmo=tief, naamlik skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus en hierdie religieuse grondmotief wat in die hart gesetel is, bepaal al die lewensuitinge van die mens (Ven=ter, 1969, p.12) - dus ook sy kultuur.

Die Christen-gelowige soek dus die bron en gesag van norme nie in die mens as outonome bron nie en ook nie in die skepping as heteronome bron nie, maar stel hom op die teonome standpunt, d.w.s. hy aanvaar die Wil van God as die bron van sy norme. Die Christen herlei dus die gesag van norme terug na die Wil van God, soos wat dit aan die mens in die Bybel geopenbaar is (Duvenage, s.j., p.8).

Al die sosiale norme wat tussenmenslike gedrag rig en lei, staan onder leiding van die wil van Gods bevel, soos dit o.a. tot uitdrukking kom in die religieuse liefdeswet (Duvenage, s.j., p.7): "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos

jouself" (Matt. 22:37-39). Norme word dus deur Skrifwaar= hede en Skrifbeginsels soos hierdie gestandaardiseer en ontleen hulle gesag daaraan en word daardeur met gesag beklee (Duvenage, 1972b, p.213).

Die kultuur van 'n gemeenskap kan dus nie primêr in abso= lute sin die bron van sy norme wees nie. Kultuur is vir die Christen die resultaat van sy lewensuitinge of modale funksies wat uit sy hart as setel van sy religie ontspruit. Hierdeur word aan die religie 'n radikale en integrale karakter verleen (De Klerk, 1972, p.263), en is ook kul= tuurvorming dus religieuse diens aan God.

### 4.1.4 Waardes

Waardes is die derde struktuurkomponent van sosiale sisteme.

#### 4.1.4.1 Waardes en die kultuur

Vroeër in hierdie hoofstuk is in die vooruitsig gestel dat die vervlegtheid van die ander twee analitiese vlakke aan= vullend tot die sosiale sisteem in die sosiale handelings= teorie, te wete die persoonlikheidsisteem en die kultuur= sisteem, weer ter sprake sal kom. Onder die begrip *rol* is reeds gewys op die bydrae van die persoonlikheid binne die handelingsisteem. In die voorafgaande uiteensetting van sosiale norme, is aangetoon dat norme hulle oorsprong in sekondêre of beperkte sin in die kultuur van die gemeen= skap het, waarmee implisiet die rol van die kultuursisteem betrek is.

Wat waardes as die derde struktuurkomponent van die so= siale sisteem betref, ressorteer dit eweneens, saam met norme, binne die kultuursisteem as analitiese vlak van die sosiale handelingsteorie, aangesien waardes, net soos norme, deel vorm van die kultuur van 'n gemeenskap (Broom & Selznick, 1968, p.54-55). Caplow (1975, p.12) se defini= sie van kultuur illustreer dit duidelik: "Culture consists of socially acquired and transmitted values, activities, and the objects associated with them", terwyl hy op 'n ander plek sê: "Most values are culturally derived" (Caplow, 1975, p.13). Ook in die geval van waardes egter, net soos by norme, is 'n presisering van die begrip kultuur nood= saaklik.

Soos reeds aangetoon, is kultuurvorming vir die Christen-gelowige, religieuse diens aan God en speel sy lewens- en wêreldbeskouing vanweë die integrale en radikale karakter daarvan, ook daarin 'n integrale rol. Daar is ook reeds op gewys dat, aangesien die lewensbeskouing religieus bepaald is, werk dit met beginsels, waardes, norme, plig, vryheid, verantwoordelikheid ens. (De Klerk, 1972, p.13). Dit impliseer egter nie dat slegs die gelowige kultuur kan vorm nie, maar die gelowige wil God dien in en met sy kul= tuurvorming. Sy kultuur is dus nie slegs egte kultuur nie, maar moet ook ware kultuur wees, d.w.s. daar moet steeds in die kultuur rekening gehou word met die geopenbaarde waarheid van God (Duvenage, 1972c, p.233).

Die gelowige toets dus sy waardes aan die waarheid soos die Woord van God dit openbaar. Stoker (1969, p.182) waarsku uitdruklik dat daarteen gewaak moet word dat waarde aangebied word as 'n panasee vir die huidige ont=wrigting en verval van die mensheid en dat waarde as surrogaat vir waarheid aangebied word. Waar daar in die volgende paragrawe op enkele omskrywings en definisies van waardes gelet word, bied die voorgaande die konteks waar=binne dit beskou moet word.

4.1.4.2 Enkele omskrywings van *waardes*

Uit die bostaande is dit duidelik dat norme en waardes met mekaar verband hou. Eerstens is albei deel van die kultuur van die gemeenskap. Verder is norme op waardes gebaseer (Broom & Selznick, 1968, p.54), terwyl waardes beginsels veronderstel waarop hulle gebaseer is (Stoker, 1969, p.40).

Volgens Joubert & Steyn (1971, p.274) is waarde 'n norma=tiewe element op 'n meer geabstraheerde of algemene vlak as norm. 'n Waarde is 'n algemene beginsel wat aandui wat die wenslike gedrag sou wees en wat as beginsel elke keer vir bepaalde situasies en rolle toegepas moet word. Cilliers & Joubert (1968, p.27-28) definieer waardes as konsepsies van wat wenslik is in maatskaplike handeling. 'n Waarde is 'n *algemene* beginsel, maatstaf of kriterium wat 'n keuse laat tussen alternatiewe optredes t.o.v. die wenslikheid daarvan. Die waardes van 'n bepaalde samelewing

vorm 'n sisteem - 'n waardesisteem en as bevattende die mees algemene normatiewe beginsels, is die waardesisteem as uitvloeisel van 'n lewens- en wêreldbeskouing wat op sy beurt in die religie verankerd is, die belangrikste enkele algemene faktor wat die ordelikheid en integrasie van daardie samelewing verseker. Smelser (1973, p.6) meen waardes is "cultural standards that indicate the general goals deemed desirable for organized social life", terwyl norme "refer to expectations and standards that regulate the interaction among people". Kluckhohn (1962, p.298) omskryf waardes soos volg: "Values do not consist in 'desires', but rather in the desirable, that is, what we not only want, but feel that it is right and proper to want for ourselves and for others. (Values are) abstract standards that transcend the impulses of the moment and ephemeral situations".

Die vervlegtheid van norme en waardes word deur Allyn (1972, p.24) soos volg saamgevat naamlik dat dit nie altyd maklik is om te onderskei tussen norme en waardes nie, aangesien baie waardes uitgedruk kan word as norme, terwyl alle norme 'n meer konkrete uitdrukking van waardes is.

Biesanz & Biesanz (1973, p.72) omskryf waardes as "the underlying standards or principles by which social and individual goals are chosen and the criteria by which ends and means are judged and evaluated" en wys verder daarop dat alle waardes nie ewe belangrik is nie, m.a.w. dat daar

'n rangorde van waardes is.

Inkeles (1964, p.74) meen tereg dat die belangrikheid van waardes in die sosiologie moeilik oorskat kan word. As begrip dra dit 'n swaar vrag en hy gaan voort: "In the many definitions of values proposed by sociologists and anthropologists, the common element lies in the recognition of values as the expression of the ultimate ends, goals or purposes of social action. Values deal not so much with what is, but with what ought to be; in other words, they express moral imperatives".

Joubert (1973, p.72) beskou waardes as rigtinggewende *beginsels*, wat nie bepaalde handelinge spesifiseer nie, maar 'n aanduiding gee van watter optredes en gesindhede as wenslik beskou word.

Ten slotte, alvorens tot 'n algemene sintese gekom word betreffende waardes, word verwys na Stoker (1969, p.40 en 178-182) se beskouing: Waardes is bepalings soos goed en sleg; heilig en sondig; sedelik en onsedelik; reg en onreg; skoon en lelik; nuttig en nadelig; gesond en siek en is op beginsels gegrond. Verder is hulle ook van feite of aktuele gebeure afhanklik, want 'n konkrete waarde is 'n kwalifikasie of bepaaldheid van iets wat werklik gebeur. 'n Waarde is gegee waar 'n werklike iets aan die daarmee verbonde beginsel (wese, bestemming) beantwoord. In die kosmiese verskeidenheid is waardes universeel, want dit

tref stof, plant, dier en mens. Dit is dus 'n universele onderskeiding of kosmiese dimensie, dog aangesien slegs dit wat werklik is of handel, goed of sleg kan wees, is die kosmiese dimensie van waardes gefundeer in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. 'n Waarde is dus 'n kwalifi= kasie waaraan iets deel kry as dit aan sy betrokke aard en wese, asook bestemming (taak, doel en funksie) en aan sy betrokke (daarvoor geldende) wette beantwoord. Ander= sins verkry dit 'n onwaarde. Waardes is dus nie doelstel= linge nie. Hulle word eerder op indirekte wyse verwesen= lik, naamlik deur te sorg dat 'n betrokke "iets" aan sy wese, bestemming en wet (norm) beantwoord, m.a.w. deur te wees wat jy behoort te wees, deur jou plig te doen, jou take te doen soos hulle gedoen behoort te word.

Dit blyk dus dat waardes as nabepalings of -kwalifikasies sekere belangrike funksies verrig. Daarop word vooraf gelet.

#### 4.1.4.3 Die funksies van waardes

Daar kan sekerlik aan die hand van bostaande omskrywings breedvoerig uitgewei word oor die funksies van waardes in die sosiale sisteem, dog hier word die aandag na aanleiding van Chitamber (1973, p.258-259) slegs op enkele belangrike funksies gevestig:

- Dit maak self-evaluering, asook die beoordeling van die sosiale waarde van mense moontlik.

- Dit fokus die aandag van mense op materiële kul= tuuritems wat as begeerlik, bruikbaar en noodsaaklik beskou word.

- "The ideal way of thinking and behaving in any society, are indicated by values" (Chitamber, 1973, p.259).

- "Values are guideposts for people in their choice and fulfillment of social roles" (Chitamber, 1973, p.259).

- Waardes figureer as 'n metode van sosiale beheer of sosiale druk of dwang.

- Waardes funksioneer as 'n metode van solidariteit.

4.1.4.4 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande definisies en omskrywings val heelwat ooreenstemmings, dog ook verskille op. Die verskille is egter nie van 'n onversoenbare aard nie en kan die volgende samevattende sintese geformuleer word:

Waardes is nie vooropgesette doeleindes nie, dog kwalifi= kasies of bepalings wat agterna toegeken word, d.w.s. nadat byvoorbeeld 'n feit of handeling aan geldende wette en norme getoets is. Dit wil sê waardes is eerder maat= stawwe as rigsnoere. Dusdanig beskou, is daar 'n noue

korrelasie tussen norme en waardes. Norme sowel as waardes is ook deel van die kultuur van'n gemeenskap, waarmee die lewens- en wêreldbeskouing as vrug van die religieuse grondmotief geïntegreer is. In 'n Christelike samelewing het norme sowel as waardes dus hulle oorsprong in die teo=nome bron, d.w.s. die Woord van God as die absolute ge=openbaarde Waarheid. Ten einde 'n waardebepaling te kan maak, sal enige "iets" of handeling, na die feitelike of funksionele daarvan, op die strukturele gepas of daaraan gemeet moet word ten einde te bepaal in welke mate die feitelike of funksionele aan die strukturele of normatiewe beantwoord. Die struktuurnorm dien dus as meetsnoer om die feitelike of funksionele te meet en 'n ooreenstemmende waarde te verkry. Op hierdie wyse druk die normatiewe of strukturele voortdurend sy stempel af op die feitelike of funksionele en streef die funksionele of feitelike daar=na om die hoogs moontlike graad van ideële sosiale gelding in die normatiewe of strukturele orde te verkry. Slegs hierdeur kan bepaal word of 'n handeling of iets aan sy wese of bestemming beantwoord.

### 4.1.5 Groepe, sub-groepe of kollektiwiteite

Steeds onder invloed van die organisistiese beskouing, be=staan die gevaar om, wanneer dit by sosiale sisteme kom, te klein of te konkreet te dink. Die sisteemteorie dien ook in hierdie opsig die doel om die horisonne te verbreed. Worsley (1974, p.55) vat hierdie waarheid raak wanneer hy sê: "Systematic thought is essential for comprehending

the world that itself is a system. We can, indeed, look at the whole world as one, single social system", en gaan voort deur daarop te wys hoe hierdie groot, omvattende sosiale sisteem opgebou is: "The concept of system allows for the existence of many kinds of system and sub-system, as well as levels of society, from the lowest level of face-to-face interactions in 'primary groups' to the level of nation-wide and even international groups and associations".

Wanneer sosiale sisteme op grond van grootte ontleed word, waar met grootte eintlik die kompleksiteit van sisteme bedoel word, kan hulle vir analitiese doeleindes in drie grade verdeel word. Wanneer die samelewing as geheel as sisteem die voorwerp van analise is, word gepraat van 'n makro-sosiologiese analise. Indien kleinskaalse sisteme egter die voorwerp van sosiologiese analise is, word dit mikro-sosiologiese analise of groepsdinamiese analise genoem (Martindale, 1967, p.464). Indien hierdie twee uiterstes egter as ekstreme pole op 'n kontinuum geplaas sou word, sou daar ook sisteme wees wat nie meer met die een en ook nog nie met die ander pool geïdentifiseer sou kon word nie. In so 'n geval van 'n tussenliggende of intermediêre sisteem of kollektiwiteit, sou 'n tussenpolêre gradering van 'meso-sosiologiese' analise seker verant=woordbaar wees.

Enige sosiale sisteem veronderstel 'n konkrete aggregaat van mense. Soos reeds ten aanvang van hierdie hoofstuk

aangetoon, kry die abstrakte rol en posisie eers konkrete betekenis en dinamiek indien dit fisies beset word. Op dieselfde wyse kry die abstrakte sosiale sisteem, wat na die interaksiesisteem verwys, eers werklike inhoud en dinamiek sodra al die posisies of statusse beklee is en al die rolle beset is. Dan eers en dan alleen, kan die sisteem in beweging kom. Om redes wat reeds genoem is, o.m. die meerduidigheid of onspesifiekheid van die begrip groep, word daar verkies om van die konkrete substansie van die sosiale sisteem, d.w.s. die aggregaat van persone in uitgespelde rolle, te praat as 'n kollektiwiteit. Die kollektiwiteit is dus die konkrete lede van die sosiale sisteem, terwyl die sosiale sisteem die abstrakte inter=aksieproses van die lede is (Johnson, 1971, p.6). Dit is ook om hierdie rede dat Parsons (1967, p.101) sê: "In one sense a social system may be regarded as a collecti=vity", waaruit logies volg dat sosiale sisteem en kollek=tiwiteit of groep, mekaar veronderstel. Onder punt 3 met as opskrif "Groep, kollektiwiteit en sisteem" is breed=voerig uitgewei oor hierdie onderskeid; gevolglik word nie weer in besonderhede daarop ingegaan nie.

Afhangende van die kompleksiteit van 'n sosiale sisteem, vind daar 'n mate van segmentasie plaas op grond van grade van integrasie en konsolidasie van sekere lede.

Parsons (1965, p.45) noem as hoofrede vir hierdie segmenta=sieverskynsel die onontbeerlikheid van die menslike individu

as aktiewe agent in die sosiale sisteem (vgl. Van Dijk, s.j., p.38). Met segmentasie word dus bedoel die vorming van sub-kollektiwiteite binne 'n groter kollektiwiteit of sisteem, waarbinne sommige van die lede van die groter sisteem meer intiem deelneem as ander. In een opsig vind segmentasie onafhanklik van differensiasie t.o.v. funksies van die verskillende sub-kollektiwiteite plaas. So is daar byvoorbeeld baie huisgesinne as sub-kollektiwiteite in 'n gemeenskap as omvattende sisteem, dog almal beoefen byvoorbeeld essensieel dieselfde funksie t.o.v. die so= sialisering van kinders (Parsons, 1965, p.45).

Aangesien egter, makro-funksioneel beskou, soos uit die volgende afdeling sal blyk, daar wel funksiedifferensiasie op makro-vlak in die samelewing bestaan, konstitueer so 'n aantal sub-kollektiwiteite weer 'n sub-sisteem wat meer spesifiek op 'n bepaalde funksionele terrein figureer. Al die huisgesinne in 'n samelewing of in 'n bepaalde gemeen= skap konstitueer as sub-kollektiwiteite die verwantskap= sisteem wat as sub-sisteem van die samelewing 'n bepaalde funksie verrig. Dieselfde geld byvoorbeeld vir die eko= nomiese sub-sisteem. Ook hier vind segmentasie tot vorming van sub-kollektiwiteite plaas, byvoorbeeld groothandelaars, boere, kleinhandelaars, produsente, banke e.d.m., dog almal is afsonderlik en gesamentlik in diens van die ekonomiese funksie van die gemeenskap.

In die samelewing as makro-sosiale sisteem word vier soda= nige strukturele sub-sisteme onderskei wat respektiewelik

figureer op korresponderende funksionele terreine, naamlik die kulturele sub-sisteem, die politieke sub-sisteem, die integratiewe sub-sisteem en die ekonomiese sub-sisteem. Hierdie sub-sisteme wat elk weer uit sub-kollektiwiteite saamgestel is, kan afsonderlik as "outonome" sisteme be= studeer word, d.w.s. op meso- of mikro-vlak, dog hulle is ook binne die samelewing op makro-vlak onderling aaneenge= skakel, o.a. deur middel van 'n reeks of kompleks inter-veranderinge van hulpbronne (Smelser, 1963, p.39). Hierdie aangeleentheid geniet verdere aandag in die volgende afde= ling oor die funksies van sosiale sisteme.

Om terug te keer tot die kwessie van segmentasie waardeur sub-kollektiwiteite binne sosiale sisteme gevorm word: Die graad van integrasie wat hierin as maatstaf geld, verwys na die graad van solidariteit in die sin dat sekere lede sekere handelinge definieer as noodsaaklik vir die belang van die integriteit van die sisteem self (Parsons, 1967, p.97), d.w.s. kollektiwiteitsoriëntasie word hoër aange= slaan as self-oriëntasie, a.g.v. gemeenskaplike waarde-oriëntasies (Parsons e.a., 1951, p.193). Durkheim (Parsons, 1967, p.97) verwys na hierdie solidariteitskriteria as "moral constraint", d.w.s. morele dwang.

Daar dien op gelet te word dat elke sodanige sub-kollekti= witeit as bestaande uit persone wat saamgebind is vanweë 'n besondere mate van solidariteit binne die omsluitende sosiale sisteem, uiteraard ook 'n sisteem vorm, aangesien hulle daarbinne handel ooreenkomstig samesnoerende waardes

en norme. Na die integratiewe of konsoliderende handeling van so 'n kollektiwiteit word tereg verwys as "acting in concert" (Parsons e.a., 1951, p.193) en hulle konstitueer op grond daarvan 'n "partial social system" (Parsons, 1967, p.98), binne die makro-sisteem. Na so 'n kleiner sisteem in vergelyking met die groter sosiale sisteem waarbinne dit voorkom, word derhalwe verwys as 'n sub-sisteem of parsiële sisteem, terwyl die benaming "laer-orde-sisteem" ook soms gebruik word in onderskeiding van die omvattende sisteem as 'n "hoër-orde-sisteem" (Davis & Blomstrom, 1975, p.13).

Die solidariteit van 'n dusdanige sub-kollektiwiteit of parsiële sosiale sisteem kan ook latent of rustend wees om dan in 'n bepaalde situasie gestimuleer te word wanneer of sodra 'n appèl op die solidariteit van die lede gedoen word om "in concert" te handel (Parsons, 1967, p.99). Die graad van solidariteit binne 'n sub-kollektiwiteit se kol=lektiwiteitsoriëntasie sentreer dus om die vraag van ver=troue: "Are you one of us or not? Your attitude on this question decides" (Parsons, 1967, p.97).

Om dan saam te vat, "given its function(s), a collectivity is identified in terms of specified memberships of concrete individuals acting in concrete situations" (Parsons, 1965, p.45) en verder " ... a society or any at all complex partial social system is to be regarded as a net-work of activities, side by side, overlapping and larger-smaller"

(Parsons, 1967, p.101) wat dus meebring dat die konsep van kollektiwiteit een van die belangrikste sub-strukture van die struktuur van sosiale sisteme is.

Met hierdie omlyning van die vorming van sub-groepe of -kollektiwiteite d.m.v. die proses van segmentasie in komplekse sosiale sisteme, is die laaste struktuurkompo= nent van sosiale sisteme aangedui en word vervolgens oor= gegaan tot die omlyning van die funksies van sosiale sisteme.

## 4.2 Die funksies van sosiale sisteme

Daar is reeds aangetoon dat die sinvolle bestudering van sosiale sisteme noodwendig inhou 'n besinning oor die struktuur en funksies daarvan, aangesien die struktuur van enige sisteem funksies impliseer waarop die struktuur af= gestem is, net soos wat funksies 'n bepaalde struktuur veronderstel.

### 4.2.1 Die funksie-begrip

Oor die funksie-begrip in die sosiologie is daar boekdele geskryf en bestaan daar ook uiteenlopende opvattinge, aan= gesien die funksie-begrip saam met die sisteemteorie sy wortels terugvind in die organisisme. "In brief, an organism is perceived as a system of functionally inter= related components" (Timasheff, 1967, p.217). In die konstruering van die struktuur-funksionalisme het Merton (1957, p.22-27) 'n leeue-aandeel gehad t.o.v. die ont=

wikkeling van 'n toepaslike funksie-begrip en definieer hy funksie o.a. as "those observed consequences which make for the adaptation and adjustment of a given system" (1957, p.59). Hy wei in dieselfde werk ook breedvoerig uit oor funksies en dis-funksies; latente en manifeste funksies.

Vir die doeleindes van die onderhawige tema, word egter volstaan met 'n aantal toepaslike uitsprake om die funksie-begrip binne die huidige stand van die sisteemteorie soos in hierdie navorsing uiteengesit en toegepas, te omlyn. Die belangrikste in hierdie verband is dat die meeste sosioloë dit eens is dat 'n sosiale sisteem betekenisvol funksioneer (Timasheff, 1967, p.227). Onder al die ander betekenisfasette van die funksie-begrip, sonder Martindale (1967, p.444-446) die volgende twee uit as die belangrikste m.b.t. die betekenisvolheid van funksies: Eerstens, funksie in die sin van "appropriate activity" en tweedens funksie as "system-determined and system-determining acti= vity", m.a.w. funksie as toepaslike of bestemmende akti= witeit en funksie as sisteem-bepaalde en sisteem-bepalende aktiwiteit.

Johnson (1971, p.63) omskryf hierdie funksionele aktiwiteit duidelik soos volg: "Any partial structure - a type of subgroup, a role, a social norm, or a cultural value - is said to have a *function* if it contributes to the fulfill= ment of one or more of the social needs of a social system".

Die struktuurkomponente van die sosiale sisteem, te wete rolle, norme, waardes en kollektiwiteite of sub-groepe, soos in die vorige afdeling bespreek, is dus funksioneel indien hulle die taak soos hierbo beskryf, vervul. Die "social needs" in Johnson se omskrywing, sentreer om vier funksionele probleemareas, waaraan in die volgende para= grawe aandag gegee word.

### 4.2.2 Basiese werking van die sosiale sisteem

Die basiese werking van 'n sosiale sisteem is dat dit sekere *inputs* of toevoere van die omgewing ontvang, op die een of ander wyse dit prosesseer en dan sekere *outputs* of nuttige effekte (afvoere) vrylaat op die omgewing (Davis & Blomstrom, 1975, p.13). Wat die toevoere betref, sen= treer dit om die bevrediging van die basiese en verworwe behoeftes van die lede van die sisteem. Dit is m.a.w. funksies na binne. Wat die integrasie na binne betref, ten einde die eenheid van die sosiale sisteem te verseker, het Auguste Comte (Martineau, 1855, p.457) reeds soos volg daaraan uitdrukking gegee: "Sociology consists in the investigation of the laws of action and reaction of the different parts of the social system". Met betrekking tot die afvoere aan die ander kant, sentreer dit om 'n bydrae wat die sisteem te lewer het tot die groter sosiale sis= teem waarbinne die betrokke sisteem en sub-sisteem opge= sluit is, m.a.w. dit behels die funksies na buite (Van Rensburg, 1975, p.45).


Die sosiale sisteem is dus geen statiese sisteem nie. Ten einde integrasie en beweeglikheid na binne en buite moontlik te maak, om die sisteem as "bewegende ekwilibrium" moontlik te maak en te handhaaf, is dit nodig dat sekere funksies vervul sal word. Die struktuurelemente binne die sisteem artikuleer hierdie funksies, m.a.w. die struktuur kom in die funksies tot uitdrukking. Die funksies is dus noodwendige konsekwensies van die struktuurelemente van die sisteem (Cilliers & Joubert, 1968, p.32).

Aangesien alle sosiale sisteme nie altyd oor genoegsame meganismes beskik vir vervulling van al die basiese funk=sies ten einde sy voortbestaan en stabiliteit te handhaaf nie, is funksievervulling problematies en word daar gepraat van die funksionele probleme van sosiale sisteme of beter gestel, sosiale sisteme het te make met sekere funksionele probleemareas (Cilliers & Joubert, 1968, p.32), aangesien sekere funksies op 'n bepaalde vlak of binne 'n bepaalde dimensie figureer, waarom sekere probleme sentreer.

Breed gesien, moet elke sosiale sisteem vier basiese funk=sionele probleme die hoof bied of vier basiese behoeftes bevredig, naamlik patroonhandhawing en spanningsbeheer, adaptasie of aanpassing, doelbereiking en integrasie, in=dien hy hom as sosiale sisteem na binne en buite wil handhaaf (Devereux, jr., 1961, p.56-57; Johnson, 1971, p.52-53).

Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

Figuur 1: Funksies in sosiale sisteme[1)]




1) Figuur verkry uit Joubert & Steyn (1971, p.277).

Verklaring van figuur 1

Hierdie vier probleemareas kan dimensioneel sô gegroepeer word dat dié twee wat ruimtelik van toepassing is, naamlik integrasie (na binne) en adaptasie (na buite) op die ruimte-as voorgestel word, terwyl dié twee wat in die tyds= dimensie figureer, naamlik patroonhandhawing en spannings= beheer (op en vanuit die verlede gerig) en doelbereiking (toekomsgerig) op die tydas voorgestel word. As uiterstes dien dan op die ruimte-as enersyds funksies na binne (integrasie) en andersyds funksies na buite (adaptasie of aanpassing), terwyl as uiterstes op die tydas die verlede (patroonhandhawing en spanningsbeheer) en die toekoms (doelbereiking) dien (Cilliers & Joubert, 1968, p.32-33).

Alle sosiale handeling binne sosiale sisteme vind dus binne die dimensies van tyd en ruimte plaas.

Op die basis van hierdie benadering is in 'n sekere sin ook Homans (1965, p.81-155) se ontleding van die sosiale sisteem in 'n eksterne en interne sisteem. Die eksterne sisteem opereer dan binne die adaptiewe funksionele area op die ruimte-as en binne die funksionele probleemarea van doelbereiking op die tydas. Die interne sisteem ope=reer binne die integratiewe funksionele probleemarea op die ruimte-as en binne die funksionele probleemarea van pa=troonhandhawing op die tydas. Dit is dus slegs 'n ander wyse van deursnyding van die funksies van sosiale sisteme.

### 4.2.3 <u>Funksionele differensiasie op makro- en mikro-vlak</u>

Net soos wat daar t.o.v. struktuur 'n onderskeiding gemaak word tussen makro- en mikro-sosiale sisteme, geld daar ook t.o.v. funksies uiteraard hierdie onderskeiding. Daarmee word bedoel dat, alhoewel *alle* sosiale sisteme - groot of klein - kompleks of enkelvoudig - of dit nou die huisgesin as 'n redelike enkelvoudige sisteem, of 'n bepaalde gemeen=skap as meervoudige sisteem en of dit nou die samelewing as uiters komplekse sosiale sisteem in sy geheel is - ge=konfronteer is met genoemde vier funksionele probleme of behoeftes, daar op makro-vlak sekere kollektiwiteite of sub-sisteme is wat meer bepaald gemoeid is met 'n spesi=fieke funksionele probleem. "... total societies *tend* to differentiate into sub-systems (social structures) which

are specialized in each of the four primary functions" (Parsons & Smelser, 1967, p.131-140).

Mikro-funksioneel sou gepraat kon word van roldifferensi=asie, byvoorbeeld in 'n enkelvoudige sisteem soos die huis=gesin, waar die vader-, moeder-, seuns- en dogterrol respektiewelik aan spesifieke funksies gekoppel is. Die rol in die klein groep sou dus geïdentifiseer kon word met 'n kollektiwiteit of sub-sisteem op makro-vlak t.o.v. funksies. Om toe te lig: Waar dit op makro-vlak binne die samelewing as geheel, meer bepaald die verwantskap=sisteem en meer in besonder die huisgesin as sub-sisteem is wat gemoeid is met die funksie van patroonhandhawing en spanningsbeheer, daar is dit binne die huisgesin meer bepaald die ekspressiewe rol van die moeder wat hierdie probleem die hoof moet bied. Waar daar op mikro-vlak of groepsdinamies gepraat word van roldifferensiasie, word op makro-vlak gepraat van segmentasie, waar daar byvoorbeeld 'n aantal kollektiwiteite bestaan wat basies dieselfde funksie vervul, soos o.a. huisgesinne wat dieselfde funksie vervul, naamlik die sosialisering van kinders (Cilliers & Joubert, 1968, p.35) wat binne 'n bepaalde funksionele probleemarea ressorteer, soos later sal blyk (Parsons, 1965, p.45).

#### 4.2.4 Die funksionele probleme afsonderlik beskou

##### 4.2.4.1 Die funksie van patroonhandhawing en span= ningsbeheer

Die patroon van enige sosiale sisteem, d.w.s. sy sosiale struktuur, moet gehandhaaf word en wel daarin dat die eenhede van die sisteem - hetsy individuele akteurs of sub-groepe/kollektiwiteite, die patrone moet aanleer en toepas met die toepaslike gesindheid. Die twee belangrik= ste prosesse waardeur die struktuur tot stand kom en ge= handhaaf word, is institusionalisering en internalisering waardeur die normatiewe patrone respektiewelik in die kultuur en die persoonlikheid ingebou word. Hierdie normatiewe patrone word deur die rolspelers in kollekti= witeite in die proses van interaksie, geaktiveer. Kon= sensus in rolvervulling word deur die meganisme van sanksies gehandhaaf (Steenekamp & Du Plessis, 1972, p.35). Elke sosiale sisteem moet dus oor meganismes van sosiali= sering beskik, d.w.s. meganismes wat opereer om die kul= tuurpatrone en gedragspatrone volgens norme en waardes te inkorporeer in die persoonlikhede van die sisteemlede (Johnson, 1971, p.53).

Wat spanningsbeheer betref, word dit sō gesien: Juis omdat bogenoemde inhoude persoonlikheidsgekoppel is, d.w.s. deel vorm van die persoonlike oriëntasie en motivering van die individuele akteur, kan die uitlewing of onderdrukking daarvan, aanleiding gee tot spanning. Die verskynsel van rolkonflik, soos reeds aangetoon, is juis sō 'n bron van

spanning - nie slegs vir die individuele akteur nie, maar vir die hele sisteem. Die sisteem moet dus ook voorsiening maak vir meganismes om hierdie spanninge te beheer indien hy suksesvol wil voortbestaan (Cilliers & Joubert, 1968, p.33).

Dit is dus duidelik dat hierdie funksie twee fasette het, naamlik patroonhandhawing en spanningsbeheer, wat uiter= aard nou vervleg is. Patroonhandhawing is 'n funksie wat in die sosiale sisteem ter wille van die interne samehang en orde vervul moet word. Die suksesvolle vervulling van hierdie funksie is 'n vereiste vir die akteurs se kompro= mitterings en gemotiveerdheid om volgens die normatiewe patrone wat in die betrokke kollektiwiteit geld, op te tree en om hulle persoonlike begeertes, behoeftes, senti= mente, ideale, rolverwagtings, roloriëntasies e.d.m. in soverre dit nie versoenbaar is met die geldende normatiewe patrone nie, te inhibeer of te sublimeer. Die patroon wat gehandhaaf moet word, is die geïnstitusionaliseerde norma= tiewe struktuur, bestaande uit die basiese elemente van norme en waardes (Steenekamp & Du Plessis, 1972, p.34). Die fokus van patroonhandhawing lê dus in die strukturele kategorie van waardes. Die essensiële funksie is handhawing op die kulturele vlak, van die stabiliteit van geïnstitu= sionaliseerde waardes deur die prosesse wat waardes uitdruk in terme van en in ooreenstemming met o.a. religieuse en ideologiese oortuigings (Parsons, 1965, p.38). Dit gaan hier dus om die herhaling van gewenste of gesonde verhou= dings-, gedrags-, handelings- en gebeurtenispatrone as

draers van religieuse en ideologiese oortuigings in groeps- en kulturele strukture.

Die tweede faset van hierdie funksie, naamlik spannings=beheer, is in 'n sekere sin die essensiële neweproduk van die vorige. Dit het betrekking op die motivering van die individu, waarin sentraal staan die meganismes van sosia=lisering van die individu, d.w.s. die prosesse waardeur die waardes van die samelewing geïnternaliseer word, d.w.s. ingebou word in en opgeneem word deur, ast'ware deel word van die persoonlikheid van die individu (Parsons, 1965, p.38). Hierin gaan dit om die beheer van die internalise=ring of aanleer van gewenste of gesonde persoonlike ge=drags-, handelings- en gebeurtenispatrone vir individuele funksies in groeps- en kulturele strukture, maar ook van die vermyding van die verkeerde in hierdie persoonsrolle.

Die sosiale handeling in 'n sisteem hou dus betekenisvol verband met die verlede in dié opsig dat die akteurs as deel van hulle persoonlikhede sekere inhoude in die kol=lektiwiteit indra vir die hantering en uitlewing waarvan voorsiening gemaak moet word. Hierdie inhoude sluit die persoonlike rolverwagtings en roloriëntasies in, maar ook persoonlike sentimente, behoeftes, doelstellinge, ideale en ander persoonlikheidskenmerke wat die persoon uit sy vorige ervarings oorgehou het en nou met hom die kollek=tiwiteit indra. Die uitlewing of onderdrukking hiervan kan emosionele spanning tot gevolg hê en dit moet beheer

word (Cilliers & Joubert, 1968, p.33).

4.2.4.2 Die funksionele probleem van doelbereiking

Hierdie probleem lê op die toekomspool van die tydas, aangesien die doelstellings wat elke sisteem moet bereik d.m.v. koöperatiewe pogings, immers in die toekoms lê. Hierdie doelstellings hou verband met die behoeftes van die lede afsonderlik en die sisteem as geheel, maar word na *buite* bereik in dié sin dat sekere fasiliteite, hulpbronne en bydraes van buite nodig is om die doelstellings te be=reik (Cilliers & Joubert, 1968, p.33). Hierdie funksie is nou verwant aan die funksie van aanpassing of adaptasie, aangesien albei, in teenstelling met die vorige funksie van patroonhandhawing waar dit gegaan het om die konstantheid van geïnstitusionaliseerde kultuurpatrone, te make het met die veranderlikheid van die sisteem se verhouding t.o.v. sy situasie. Die funksies van doelbereiking en aanpassing het betrekking op die sub-strukture, meganismes en prosesse in hierdie verband (Parsons, 1965, p.39). Suiwer tradisiona=lisme sal onbuigbaarheid in die sisteem tot gevolg hê, wat onversoenbaar sou wees met die variasie van toestande waar=onder probleme van doelspesifikasie en doelbereiking onder die soeklig geplaas word. Indien 'n bepaalde doel bereik moet word, mag 'n spesifieke situasie vereis dat daar vol=doende persone sal wees om die rolle op 'n gegewe tydstip te beset, terwyl prosesse werksaam moet wees om toe te sien dat die regte persone in die regte rolle is. 'n Oor=logsituasie doen in hierdie verband byvoorbeeld as 'n

krisissituasie 'n appèl op makro-vlak op die gemeenskap se doel van sekuriteit (Johnson, 1971, p.54). Makroskopies gesien, is dit dus die funksionele operasieterrein van die politieke organisasie van die samelewing, d.w.s. die staat (Parsons, 1965, p.40). Die doel is die maksimalisering van die kapasiteit van die samelewing om sy kollektiewe doelstellings te bereik. Hierdie kapasiteit word as *mag* gedefinieer (Parsons & Smelser, 1967, p.132).

### 4.2.4.3 Die funksionele probleem van adaptasie of aan=passing

Hierdie probleem lê op die buitepool van die ruimte-as of -dimensie. Gevolglik raak dit die sisteem se verhouding met sy omgewing en ander sisteme. Na buite moet 'n sisteem aandag gee aan die verkryging van fasiliteite en materiaal vir die uitvoering van sy doelstellings (Cilliers & Joubert, 1968, p.33-34). Makro-funksioneel figureer die ekonomiese sub-sisteem binne hierdie probleemarea, waar dit gaan om arbeidsverdeling vir die suksesvolle produksie van nuttige goedere en voorsiening van dienste (Johnson, 1971, p.53). Die samelewing is dinamies en elke sub-sisteem moet hom by veranderinge na buite aanpas. Hiervoor moet bepaalde mega=nismes en prosesse paraat wees. Die funksie van aanpassing kom op sy sterkste na vore waar daar meer as een doel bereik moet word, terwyl die fasiliteite beperk is. Die taak is dan van tweërlei aard: die rangskikking van doeleindes in voorkeurorde en die skepping of mobilisering van alterna=tiewe fasiliteite. Dit behels dus die aktiewe manipulasie van die omgewing of van die sisteem self vir die daarstel=

ling van fasiliteite wat nodig is vir die verwesenliking van die verskeidenheid van sisteemdoeleindes. Die beskik=baarstelling van kapitaal, apparaat, sowel as opleiding, is alles relevant tot die adaptiewe probleem (Devereaux, jr., 1961, p.56-57).

### 4.2.4.4 Die funksionele probleem van integrasie

Die laaste van die vier funksionele imperatiewe van 'n sosiale sisteem is dié van integrasie, wat hom op die binnepool van die ruimte-as bevind. Dit behels die effek=tiewe reëling van die onderlinge ordening van die eenhede of sub-sisteme in terme van hulle bydraes tot die totale sisteem (Van Rensburg, 1975, p.45). In 'n sekere mate moet die lede van 'n kollektiwiteit of sisteem lojaal wees teenoor mekaar asook teenoor die sisteem as 'n geheel. Johnson (1971, p.54) noem dit 'n probleem van solidariteit en moreel, wat nou verbonde is aan gemeenskaplike waardes. "Moreel" is die gewilligheid om 'n mens te gee vir spesi=fieke ondernemings. 'n Lae moreel is sinoniem met 'n gebrek aan gewilligheid hiertoe. Krisissituasies doen 'n appèl op die integratiewe funksie van die sisteem. Breed gesien, is alle geïnstitusionaliseerde patrone integratief, dog die integratiewe probleem word van die probleem van patroonhandhawing onderskei deurdat sommige parsiële strukture duideliker en meer eksklusief integratief is as ander. Die patroon van gesag byvoorbeeld, koördineer of integreer die sosiale verhoudinge van 'n groep, terwyl die patrone van sosialisering hoofsaaklik die individu voorberei

om in so 'n groep in te pas. Patroonhandhawing en spannings=beheer fokus, in teenstelling met die integratiewe funksie, op die *eenheid* ("unit") van die sisteem en nie op die sisteem self nie. "Integration is the problem of *inter*unit relationships, pattern maintenance of *intra*unit states and processes" (Parsons & Smelser, 1967, p.133). Selfs al sou die lede van 'n groep ten volle gesosialiseerd wees, sal hulle interaksie steeds van dag tot dag gekoördineer moet word in verhouding tot veranderende spesifieke take en om=standighede. Al sou die primêre gedragsnorme van die groep behoorlik geïnstitusionaliseerd wees, sou daar steeds in=tegratiewe probleme ontstaan, o.a. vanweë die feit dat enige sosiale sisteem aan sy lede 'n mate van vryheid toelaat om persoonlike doelwitte binne perke te stel (Johnson, 1971, p.55).

Dit blyk dus dat integrasie die wydlopendste van die vier funksionele probleme is. Dit het betrekking op die onder=linge aanpassings van die eenhede of sub-sisteme vanuit die gesigspunt van hulle bydraes tot die effektiewe funksione=ring van die sisteem as geheel, dog "this, in turn, concerns their relation to the pattern-maintenance problem, as well as to the external situation through processes of goal-attainment and adaptation" (Parsons, 1965, p.40). Integra=sie bevind hom dus in 'n inter-funksionele posisie, op grond waarvan die probleme wat om die integratiewe funksie sentreer, die kern van sosiologiese teorie vorm (Parsons, 1965, p.40-41).

Makroskopies egter, in 'n hoogs gedifferensieerde samele= wing, word die fokus van die integratiewe funksie in sy regstelsel gevind, terwyl joernaliste en godsdienstige leiers daarin ook 'n belangrike taak het om te verrig (Johnson, 1971, p.58). Die integratiewe sub-sisteem van die samelewing koppel die kulturele waardepatrone aan die motiveringstrukture van die individuele akteurs, aan die hand van prosesse van institusionalisering d.m.v. mega= nismes van sosiale beheer (Parsons & Smelser, 1967, p.132).

## 4.3 Mikro- en makro-strukturele en funksionele sub-sisteme

As primêre groep dien die huisgesin as goeie voorbeeld van 'n mikro-sisteem in die samelewing. Wat die struktuur betref, bestaan dit derhalwe as klein groep nie uit same= stellende kollektiwiteite nie, dog kan verskillende rolle wel onderskei word. Vir elk van hierdie rolle bestaan daar patrone van geïnstitusionaliseerde norme en waardes ooreen= komstig die kultuur van die gemeenskap. Wat funksies betref, is die huisgesin as sisteem net soos enige sosiale sisteem gekonfronteer met die vier basiese probleme soos hierbo beskryf. Zelditch, jr. (1956, p.310-312) verdeel die vier funksionele probleme soos volg tussen die rolle van vader en moeder: Die adaptief-instrumentele rol wat hoofsaaklik te make het met die funksie van aanpassing (na buite) en doelbereiking (in die toekoms) moet fasiliteite skep en mobiliseer binne die bestaande gesinsnorme t.o.v. byvoorbeeld die ekonomiese versorging, behuising, beskerming, asook gesag, wat onontbeerlik is vir die gesinsopvoeding en die

ontsluiting van die norme wat hiervoor geld en waardeur immers ook die patroon na binne gehandhaaf word. Dit verg soms 'n rasionele gesindheid teenoor die eksterne situasie en 'n inhibering van emosies teenoor ander lede van die sisteem. Die vaderrol leen hom in hoofsaak vir die skep van fasiliteite ter vervulling van hierdie funksie. 'n Verwysing na Homans (1965, p.81-155) se uiteensetting van die sosiale sisteem is hier ook weer van pas: Die vader=rol is dus die strukturele eenheid, of noem dit strukturele 'sub-sisteem' in die huisgesin as sisteem, wat as *eksterne* funksionele sub-sisteem figureer binne die funksionele probleemarea van adaptasie en doelbereiking, d.w.s. na buite.

Aangesien enige sosiale sisteem egter die neiging het om sy strukturele patroon te handhaaf en homself te stabiliseer (Parsons, 1965, p.39), moet daar op een of ander stadium 'n verandering in gesindheid en gedrag kom en wel 'n veran=dering in die rigting van die integratief-ekspressiewe funksie, d.w.s. die funksie wat te make het met integra=sie (na binne) en spanningsbeheer (ook na binne). "In order for the system to continue as a system, we now may say, there must at some point be a change in attitude and behavior to integrative-expressive activities - to laughing, playing, release of inhibited emotions, the expression of affection for each other, a warmth and sym=bolization of common membership through supportive, accep=ting behavior" (Zelditch, 1956, p.311). Die moederrol leen hom in hoofsaak tot die daarstelling van fasiliteite ter

verwesenliking van hierdie integratief-ekspressiewe funksie, waardeur die spanning beheer word d.m.v. die ontlading van emosies. Deur die vervulling van hierdie funksie, word die gesinsband heg gesnoer en word die gesinsliefdesnorm ge=realiseer. Na aanleiding van die afleiding wat by die vorige funksie gemaak is, kan hier gesê word dat die moeder=rol dus eintlik die strukturele eenheid of 'sub-sisteem' in die huisgesin is wat as interne funksionele sub-sisteem opereer binne die funksionele probleemarea van spannings=beheer.

Na aanleiding van die bostaande model het elke klein groep of kollektiwiteit as strukturele sub-sisteem in die samele=wing te make met die vier basiese funksionele probleme wat die hoof gebied moet word ten einde as groep en sisteem te kan voortbestaan.

Makroskopies beskou, waar die samelewing die omsluitende sisteem is en waarbinne verskeie kollektiwiteite as sub-sisteme figureer ten einde die samelewing se stabiele voort=bestaan te verseker, vorm die gesin vanweë die proses van segmentasie, 'n kollektiwiteit wat as strukturele sub-sisteem in geheel in hoofsaak gemoeid is met die funksionele pro=bleem van patroonhandhawing en spanningsbeheer, aangesien die huisgesin primêr die hoof sosialiseringsinstansie in die samelewing is, waarin en waardeur die kind vertroud gemaak word met die geïnstitusionaliseerde norm- en waarde=patroon van die gemeenskap. Hierdeur word die kind ast' ware ingelyf in die kultuur van die gemeenskap deur die

aanleer van sosiale rolle d.m.v. individuele leer, d.i. die proses van internalisering. Verder is die huisgesin uit=nemend toegerus vir die beheer en afreagering van spanning, waardeur sy lede, d.w.s. al die lede van die gemeenskap, psigologies "vrygemaak" word en toegerus word vir deelname aan die wye verskeidenheid van rolle in die samelewing (Johnson, 1971, p.58).

Wat die funksie van doelbereiking betref, figureer die staatsowerheid in hoofsaak op dié terrein. Hiermee word bedoel die staatsowerheid as sub-sisteem soos opgebou uit verskillende konstituerende kollektiwiteite as strukturele sub-sisteme, waaronder politieke organisasies en ander instellings en organisasies wat deel van die staatsmasjine=rie is (Johnson, 1971, p.58). Op mikro-sosiologiese vlak het die huisgesin die taak om die implikasies van die vyfde gebod uit te bou tot respek en eerbied vir 'n ower=heid of meerdere wat die wortels van staatsburgerskap en toerusting daarvoor bevat.

Met betrekking tot adaptasie is dit op makro-vlak in hoof=saak die taak van die ekonomiese sub-sisteem met sy struk=turele kollektiwiteite - tot by die kleinste sakeonderne=ming - om fasiliteite daar te stel vir die verwesenliking van hierdie funksie (Parsons, 1965, p.40), terwyl elke klein groep as strukturele sub-sisteem van die ekonomiese sub-sisteem, insgelyks al vier funksionele probleme die hoof moet bied (Smelser, 1963, p.38). Op mikro-sosiologiese vlak groei histories uit die huisgesin die fabriek en die skool

wat histories ingebed is op die vlak van die ekonomiese en opvoedkundige sisteme wat afsonderlik in sub-sisteme funksioneer.

Wat die integratiewe funksie op makro-vlak betref, is dit hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die juridiese sub-sisteem met sy strukturele kollektiwiteite, terwyl kollek= tiwiteite as sub-sisteme binne die kommunikatiewe sub-sisteem en godsdienstige sub-sisteem ook op hierdie terrein 'n belangrike integratiewe bydrae lewer. Soos aangetoon, is die integratiewe funksie die wydlopendste. Die huisge= sin het byvoorbeeld ook 'n belangrike taak in hierdie ver= band, trouens so ook enige groep wat bydra tot die inte= grasie van die makro-sisteem na binne (Johnson, 1971, p.58).

Ten slotte moet die belangrike opmerking gemaak word dat die verskillende groepe en sub-sisteme in die samelewing nie kompartementeel geïsoleerd funksioneer nie. Die handelinge van enige tipe groep in die samelewing is funk= sioneel relevant tot al vier sisteemprobleme, alhoewel die relevansie tot een of meer probleme in sommige gevalle nie so opsigtelik is nie.

## 5. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die sosiale sisteem ontleed aan die hand van strukturele en funksionele komponente. Daar is uitgegaan van Parsons (1967, p.2-10) se benadering dat die sosiale sisteem primêr 'n sosiale handelingsisteem is, wat

veronderstel dat sosiale handeling 'n sentrale plek daarin beklee.

Aangesien die handeling tot uitdrukking kom binne groepe, moes die begrip groep enigsins toegelig word. Die sisteem= teorie neem nie die konkrete individu as vertrekpunt nie, maar wel die abstrakte interaksiepatroon soos wat dit rea= liseer tussen posisies en rolle (Cilliers & Joubert, 1968, p.22). Dit blyk egter dat die begrip groep, kollektiwiteit en sisteem dikwels ongekwalifiseerd alternerend as sino= nieme gebruik word. Gevolglik was dit noodsaaklik dat die onderskeid tussen hierdie begrippe aangedui word vir die konseptualisering van die sisteemteorie. Hieruit het geblyk dat die begrip groep minder geskik is, vanweë meersinnige konnotasies en interpretasies enersyds en andersyds vanweë die feit dat in die sisteemteorie die interaksieproses die aksent behoort te kry en nie konkrete persone nie (Cilliers, & Joubert, 1968, p.22). Daar is derhalwe gekonkludeer dat die begrip kollektiwiteit geskik is om te verwys na die konkrete aggregaat van individue, terwyl die begrip sisteem verwys na die abstrakte, normatiewe interaksieproses van die aggregaat.

Vervolgens is die struktuur van die sosiale sisteem in oënskou geneem, te wete die onderskeie komponente, naamlik rolle, norme, waardes en kollektiwiteite van rolle of sub-groepe. Hieruit het geblyk dat die begrip *rol* 'n pro= minente plek as struktuurkomponent in die sisteem beklee,

dog dat daar 'n opmerklike gebrek aan konsensus daaromtrent bestaan (Bredenkamp, 1975, p.97). Die onderskeiding tussen status en rol moes eerstens aangetoon word, waaruit geblyk het dat status en rol onskeibaar is as kante van dieselfde muntstuk (Chinoy, 1967, p.35-36). Die "muntstuk" stel in hierdie geval die deelname van 'n persoon in die sosiale sisteem voor. Die status van 'n persoon is dan die posisio=nele aspek van sy deelname in die sisteem, terwyl sy rol die prosessionele aspek is. Dit beteken dat status die meer statiese verteenwoordig, terwyl rol die dinamiese is, d.w.s. wat die persoon in 'n bepaalde posisie *doen* (Banton, 1965, p.27).

'n Kort historiese oorsig van die rolbegrip is vervolgens geskets ten einde aan te toon hoe dit as oorspronklike to=neelmetafoor die vaktaal van die sosiologie verryk het. Dit blyk ook dat die rolbegrip verskeie uitlopende temas het, wat ook in hierdie hoofstuk toeligting ontvang het, waaronder o.a. roloriëntasie, rolprestasie, rolkonsensus, rolverwagting, rolbesetting, rolvariasie, rolkonflik en rolversterking. Aangesien rolkonflik een van die primêre faktore is wat volgens die sisteemteorie aanleiding gee tot spanninge en afwyking, is redelik breedvoerig uitgewei oor die oorsake en verskillende vorme van rolkonflik.

Wat norme en waardes as struktuurkomponente van die sosiale sisteem betref, het dit geblyk dat hulle nou met mekaar verweefd is as synde geïntegreerde verskynsels in die kul=tuur van die gemeenskap waarbinne albei gerig is op die

statusse en rolle binne die sosiale sisteem. Statusse en rolle is as normatiewe strukture ingebou in die kultuur van die gemeenskap (Caplow, 1975, p.13).

Aangesien die kultuur van die gemeenskap gestempel is deur die lewens- en wêreldbeskouing, is gewys op die rol van laasgenoemde wat weer die vrug is van die religieuse grond=motief met 'n integrale en radikale karakter. In 'n Chris=telike samelewing word die Bybel derhalwe as die absolute bron en gesag van norme en waardes beskou, m.a.w. die teo=nome bron, teenoor outonome en heteronome bronne (Duvenage, s.j., p.8).

Met betrekking tot kollektiwiteite as die laaste struktuur=komponent van die sosiale sisteem, moes noodwendig aandag gegee word aan 'n mikro- en makro-strukturele onderskeiding waarin strukturele roldifferensiasie op mikro-vlak korre=spondeer met strukturele segmentasie op makro-vlak. Hier=volgens is spesifieke rolle mikro-sistemies of groepsdina=mies meer bepaald gemoeid met spesifieke funksies soos wat sekere kollektiwiteite of sub-sisteme makro-sistemies meer bepaald gemoeid is met dieselfde funksies in die samelewing as groot of omvattende sosiale sisteem.

Die vier basiese funksionele probleme wat enige sosiale sisteem die hoof moet bied ten einde homself as sisteem te kan handhaaf, is vervolgens toegelig.

Hierdie vier funksionele probleemareas of imperatiewe, naamlik patroonhandhawing en spanningsbeheer, doelbereiking, aanpassing en integrasie is dimensioneel ontleed soos wat hulle onderskeidelik op die tyd- en ruimte-as figureer.

Hier, net soos in die geval van die strukturele komponente van sosiale sisteme, is die funksionele imperatiewe aan makro- en mikro-funksionele analise onderwerp. Net soos op mikro-vlak spesifieke individuele rolle binne 'n ooreen= stemmende funksionele probleemarea opereer, opereer 'n sub-kollektiwiteit as sub-sisteem op makro-vlak meer bepaald binne 'n spesifieke probleemarea.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar nie sprake is van 'n waterdigte kompartementering van die verskillende funksionele probleme nie. Al die strukturele sub-sisteme van die samelewing is in 'n sekere sin met al vier genoemde probleme gekonfronteer. In hierdie verband is byvoorbeeld gewys op die wydlopendheid van die integratiewe probleem, dog a.g.v. die proses van segmentasie in veral 'n hoogs geïndustrialiseerde en gevolglik diffuse samelewing, is sekere strukturele kollektiwiteite meer bepaald gemoeid met 'n spesifieke funksionele aktiwiteit, soos wat die huisgesin byvoorbeeld as strukturele sub-kollektiwiteit van die verwantskapsisteem meer spesifiek gemoeid is met die sosialisering van kinders (Parsons, 1965, p.45).

## HOOFSTUK 5

## DIE SOSIALISERINGSPROSES AS FUNKSIONELE SOSIALE SUB-SISTEEM

### 1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die sosialise=ringsproses, wat voorlopig gedefinieer kan word as die proses waardeur die individu d.m.v. internalisering of ver=innerliking vertroud gemaak word met die geïnstitusionali=seerde norm- en waardepatrone wat geld vir alle vorme van sosiale gedrag in 'n bepaalde gemeenskap, 'n funksionele sub-sisteem van die samelewing is wat hoofsaaklik figureer binne die funksionele probleemarea van patroonhandhawing, waardeur egter ook 'n belangrike bydrae tot die ander funk=sies gelewer word. Dit veronderstel dat daar ook bepaalde kollektiwiteite as strukturele sub-sisteme aktief moet wees wat die verwesenliking van hierdie doel as funksie en taak het. Op hierdie kollektiwiteite/sisteme word in die volgen=de hoofstukke gelet.

Hierdie hoofstuk het ten doel om lig te werp op wat die sosialiseringsproses in al sy fasette binne die opvoedkundige lewensterrein behels, die universaliteit van hierdie pedago=giese werksaamheid te omlyn en om aan te toon hoe die sosia=liseringsproses binne die ordelike samelewing langs verskeie prosesse realiseer.

Ten einde tot hierdie ontplooiing te kom, word die weg gevolg om enkele algemeen aanvaarde en aanvaarbare defini=

sies en omskrywings van die begrip *sosialisering* as ver= trekpunt te neem, waarna enkele waarheidsmomente daarvan uitgelig en ontleed sal word ten einde tot 'n sintese te kom. Vanweë die rykdom van temas wat in resente sosiolo= giese lektuur om die sosialiseringsbegrip en -verskynsel sentreer, is dit nie moontlik om aan almal hier reg te laat geskied nie. Die metode wat gevolg word, is derhalwe een van toepaslike seleksie.

## 2. ENKELE OMSKRYWINGS VAN DIE BEGRIP SOSIALISERING

Roucek & Warren (1963, p.24-25) gee die volgende redelik volledige en omvattende omskrywing van sosialisering:

"Socialization is the process, begun in infancy, by which the human organism, learning socially approved attitudes, ideas, and behavior patterns from contact with other per= sons, comes to assume the roles which correspond to his status in various social groups. Personality is acquired in the process of socialization".

Reckless, Dinitz & Murray (1962, p.91) se definisie is aan= sienlik bondiger: "The process of inducting the individual into the social and cultural world of his fellows is called *socialization*".

Elkin (1960, p.4) noem eksplisiet dat sosialisering die aanleer van die gedragswyses van 'n *spesifieke* gemeenskap is, wanneer hy sê: "We may define socialization as the

process by which someone learns the ways of a given society or social group so that he can function within it".

Durkheim (1956, p.31) maak eweneens gewag daarvan dat so=sialisering die individu in kontak bring met 'n spesifieke gemeenskap: "Education is a social thing; that is to say, it puts the child in contact with a given society, and not with society in general". Die feit naamlik dat sosialisering dus die vertroudmaking van die individu met die norme en waardes, oftewel dan met die kultuur van 'n *spesifieke* gemeenskap is, word in die slotafdeling van hierdie hoofstuk, wat gewy word aan die normatiewe aard van die samelewing, weer onder die oog geneem.

Williams (1972, p.1) maak in bostaande verband die onder=skeid tussen enkulturasie en sosialisering. Eersgenoemde verwys na die oordrag van 'n *spesifieke* kultuur en laasge=noemde na die oordrag van kultuur in die algemeen. Die kinders van Eskimo's word byvoorbeeld geënkultureer in die Eskimo-kultuur, terwyl *alle* kinders gesosialiseer word in die kultuur van die mensdom.

Clausen (1968, p.4) vat albei kante van hierdie onderskeiding saam wanneer hy die aandag daarop vestig dat sosialisering dus eintlik enkulturasie insluit. "To a large degree, childhood socialization is the social orientation of the child and his enculturation, first within the small world of family and neighbourhood and then in relation to the

larger society and culture". In sy "Study of Man" merk Ralph Linton (Horton & Hunt, 1972, p.90) ook op dat die belangrikste punt is dat elke kultuur 'n reeks algemene invloede op die individu daarbinne uitoefen. Hierdie invloede verskil uiteraard van kultuur tot kultuur, "but they provide a common denominator of experience for all persons belonging to a given society". Kulturele diversi= teit kan dus wel binne 'n bepaalde samelewing voorkom en dit is ook dikwels die feitelike situasie, dog binne die, noem dit maar 'gemeenskaplike kultuur', bestaan, ten spyte van verskille, ook 'n breëre, algemene konsensus van aan= vaarde of geïnstitusionaliseerde gedragspatrone wat in en deur die sosialiseringsgebeure deur al die individue van so 'n samelewing of gemeenskap geïnternaliseer word of dan behoort te word. Anders gestel, daar bestaan 'n mate van konsensus onder alle kulturele groepe binne 'n gemeenskap omtrent sekere basiese of algemeen-aanvaarde norme vir ge= drag. Dit beteken eenvoudig dat sekere norme wat in die sosialiseringsproses geïnternaliseer word, van 'n algemener aard is as andere (Roode, 1974, p.98), d.w.s. dit word deur 'n groter deel van die samelewing of bes waarskynlik deur die hele samelewing as rigsnoere vir korrekte gedrag aan= vaar. Daar kan byvoorbeeld met 'n redelike mate van stel= ligheid aanvaar word dat konformering aan sekere ordentlik= heidsnorme soos vriendelikheid of eerlikheid, universeel deur die samelewing nagestreef word.

In hierdie navorsing word aanvaar dat sosialisering die *inbou* van die geïnstitusionaliseerde kultuur van 'n spesi=

fieke gemeenskap by die lewenstoerusting van die individu is, dog daar word ook erkenning verleen aan die feit dat kontakte wat die individue buite sy spesifieke kulturele leefwêreld opdoen, insgelyks 'n invloed op hom het en dat dit hom ook vorm en toerus. Die begrip sosialisering word dus ook as breë begrip gebruik om die enorme wye wêreld te dek waarbinne die individu d.m.v. kontak met sy sosiale omgewing op formele, doelbewuste, sowel as op informele en ondoelbewuste wyse deur die proses van internalisering vertroud gemaak word met geïnstitusionaliseerde norme en waardes (Child, 1954, p.655), d.w.s. toegerus word met handelingspatrone, vaardighede, kennis, motiewe en gesind=hede wat noodsaaklik is om huidige sowel as toekomstige of antisiperende rolle te kan vervul (Aberle, 1961, p.387).

In sy omskrywing van sosialisering maak Chinoy (1967, p.75) 'n verdere onderskeiding deur daarop te wys dat sosialise=ring tweërlei funksies dien. Enersyds berei dit die indi=vidu voor vir die verskeidenheid rolle wat hy in die same=lewing moet beset, dit is "preparing him with the necessary repertoire of habits, beliefs, and values, the appropriate patterns of emotional response and modes of perception, the requisite skills and knowledge". Andersyds verseker dit terselfdertyd op hierdie wyse die voortbestaan van die kultuur van die gemeenskap "by communicating the contents of the culture from one generation to the other".

Stewart & Glynn (1971, p.59) sny 'n nuwe faset aan in hulle

definisie van sosialisering, naamlik die bydrae wat dit lewer tot die ontwikkeling van 'n distinktiewe persoonlik=heid: "Socialization is the process by which people acquire the beliefs, attitudes, values, and customs of their culture. It also involves the development of a distinctive personality for each individual, because the traits of the group are never absorbed precisely the same way by all the people. The process, then creates a be=wildering variety of personalities, but always within cultural and subcultural frameworks". Met hierdie definisie ruim genoemde skrywers ook plek in vir die beskouing van sosialisering as nie maar 'n arbitrêre en ongepatroneerde gebeure wat toevallig en op lukrake wyse plaasvind nie.

'n Belangrike faset van die sosialiseringsgebeure wat by die definisies tot dusver slegs implisiet betrek is, is die sosialisering van volwassenes. Die indruk mag gewek word dat sosialisering identies is aan kinderopvoeding en dat 'n onderskeiding slegs verwarrende illusies wek of van blote akademiese belang is, aangesien die verskille, indien enige, hulle slegs gradueel of by wyse van klemverskuiwings manifesteer. Alhoewel die aangeleentheid betreffende so=sialisering as kontinue lewensproses in onderskeiding van opvoeding as afhandelbare gebeure verder aan ter sprake kom, is dit gerade om ter wille van die volledigheid van definisies wat as vertrekpunt in hierdie hoofstuk dien, ook hierdie aspek, al is dit slegs kursories, tog hier te betrek.

Die redes vir die kontinuering van sosialisering nadat selfs volwassenheid bereik is, is in hoofsaak aan sosiale ver=andering toe te skryf. Die samelewing is voortdurend aan verandering onderworpe en dit gaan uiteraard gepaard met verandering in die kultuur, lewenspatroon en ook van norme en waardes. Die mens moet 'n oop, dog verantwoordelike in=gesteldheid hierteenoor openbaar, want dit verg ook veran=deringe in gesindheid en lewenspraktyk. Vertegnologisering, industrialisasie en verstedeliking met gepaardgaande ver=snelde en versnellende mobiliteit, vorm die agtergrond waarteen snelle verandering - veral op tegnologiese, weten=skaplik-pedagogiese en ekonomies-juridiese gebied plaasvind en vra na voortdurende aanpassing (Banning, 1960, p.192-200).

Die Griekse filosoof Heraclitus (Bierstedt, 1970, p.509), het die impak en tempo van verandering op hoewel enigsins ekstreme wyse, dog nie as gevolg daarvan minder raak nie, beskryf toe hy opgemerk het dat dit om twee redes onmoontlik is vir 'n man om twee maal deur dieselfde rivier te stap; die tweede keer is dit nie meer dieselfde man nie en ook nie meer dieselfde rivier nie.

Die tyd is die groot veranderaar. Die tyd staan nie stil nie - dit verloop ook nie maar net nie; die tyd gebeur in der waarheid - die tyd bring inderdaad verandering teweeg. Elke uur bring verandering mee en dit stu onstuitbaar voort. "As a person grows, matures, and ages, he must learn new

roles and relationships" (Biesanz & Biesanz, 1973, p.369). Brim (1966, p.18-33) wei breedvoerig uit oor die sosiali= sering van volwassenes. "Assuming, then, that basic values and motivations have been learned in childhood, adult socialization includes learning new skills (mainly by combining old ones in new patterns, with perhaps some new material); getting to 'know the score', to know what the real patterns are as compared to the ideals learned as a child; and resolving role conflicts, striking some sort of bargain, for example, between being a dedicated orga= nization man and a good family man".

Daar is rede om te glo dat die sosialisering van volwassenes vlotter en gelykmatiger verloop as in die geval van kinders, hoofsaaklik omdat die volwassene se persoonlikheid reeds gevorm is, hy makliker kan kommunikeer en hy meer doelgerig gemotiveerd is (Johnson, 1971, p.141). Dit verskil egter ook van gemeenskap tot gemeenskap en van kultuur tot kul= tuur, afhangende van die radikaliteit en die graad van diskontinuïteit t.o.v. die oorgang van kind-wees na vol= wassenheid. Dit hang ook saam met die graad van industri= alisasie en ontwikkeldheid van 'n gemeenskap. Indien die volgende verskille tussen maar enkele gedragsnorme wat respektiewelik geld vir kinders en volwassenes in ag geneem word, blyk dit dat die aanleer (internalisering) van vol= wasse rolle dikwels ook maar hortend en traumaties kan verloop:

"The child is sexless, the adult estimates his virility by his sexual activities; the child must be protected from the ugly facts of life, the adult must meet them without psychic catastrophe; the child must obey, the adult must command this obedience" (Biesanz & Biesanz, 1973, p.369-370).

Dit blyk dus dat sosialisering 'n lewenslange leerproses of -gebeure is, waartydens algemene basiese waardes en norme tydens die kinderjare aangeleer word en meer spesifiek roloriëntasies en vaardighede tydens volwassenheid.

Met bostaande enkele definisies en omskrywings is die so=sialiseringshandeling voorlopig voldoende aangedui om as verwysingsraamwerk te dien.

## 3. VOORTVLOEIENDE ASPEKTE NADER BELIG

### 3.1 Internalisering

Aangesien sosialisering wesenlik berus op die proses van internalisering (Kruger, 1972, p.25), is 'n beskrywing hier=van vooral nodig. Die proses van internalisering van die norme van die verskillende statusse waaroor die individu beskik, lei daartoe dat elke individu op unieke wyse die norme van die statusse sal realiseer, d.w.s. op unieke wyse die rol(le) van elke status sal vervul, omdat elke individu tydens die proses van internalisering sy eie in=dividuele inkleding of interpretasie van die norme verwerk

en opneem in sy individueel-persoonlike waardesisteem. Op die rol wat die individuele persoonlikheid speel by rol=prestasie, is in die vorige hoofstuk reeds gewys. Hierdie norme en waardes wat deur die individu geïnternaliseer word, is op hulle beurt geïnstitusionaliseer, d.w.s. opgeneem en ingebou in die norm- en waardesisteem wat integrale deel van die kultuur van die gemeenskap is. Die individu inter=naliseer of verinnerlik dus sekere objekte waarvan norme en waardes die belangrikste is. "The core focus of the process of socialization lies in the internalization of the culture of the society into which the child is born. The most important part of this culture ... consists in the patterns of value ..." (Loomis & Loomis, 1961, p.421). Op hierdie wyse bou die individu 'n kognitiewe beeld van die waardes en norme op, en sodoende vorm dit sy rol-oriëntasies in sy veelheid van statusverhoudinge. Voorts behels die geïnternaliseerde objek 'n motiveringsaspek, d.w.s. die blote kognitiewe inhoud word in verband gestel met 'n emosionele geladenheid waardeur dit 'n positiewe of negatiewe betekenis verkry vir die individu (Maritz, 1967, p.150). MacIver & Page (1957, p.144) gebruik die begrip "interiorize" in die plek van "internaliseer": "... the manner in which the mores of each culture become 'interio=rized' in the individual's personality structure, creating in each group common tendencies in disposition and character as well as common beliefs and values".

Wrong (1971, p.124) gee die volgende vereenvoudigde om=skrywing van internalisering: "Thus, when a norm is said

to have been 'internalized' by an individual, what is frequently meant is that he habitually both affirms it and conforms to it in his conduct", waaruit blyk dat konforme=ring aan geïnstitusionaliseerde norme normaal is, mits die internaliseringsproses normaal verloop, d.w.s. sonder dat die ontwaking van 'n skuldgevoel by mislukking tot konfor=mering, aanleiding gee tot neurotiese en psigopatiese neigings (Wrong, 1971, p.124). Soos uit die volgende hoof=stuk sal blyk, is dit juis hier waar die huisgesin as lief=desgemeenskap op die funksionele terrein van spanningsbeheer met wedersydse begrip, 'n normaliserende funksie vervul t.o.v. die internalisering van norme. Die internalisering van norme is dus individuele leer wat 'n soort van onderwys en 'n deel van die opvoedingsproses is.

Aansluitend verder by internalisering, omskryf Joubert (1973, p.186) dit as "... deel word van die persoonlikheid. Meer presies is dit 'n *oriëntasie* t.o.v. 'n ander persoon of normatiewe patroon waaraan die individu emosionele bete=kenis heg of wat hy aktiveer of laat geld in sy ingesteld=heid teenoor en optrede binne situasies".

Die prosesse waardeur hierdie verinnerliking of internali=sering van waardes en norme geskied en waaraan later aandag gegee word, konstitueer die sosialiseringsproses. Die mens beskik oor die vermoë tot en die aanvoeling vir orde en geordenheid omdat hy uit hoofde van sy geskapenheid 'n verbands- en verhoudingswese is (Duvenage & De Klerk,

1972, p.203). Dit is wesenlik deel van die mens se sosiale aard; daarsonder sou 'n ordelike sosiale lewe nie moontlik wees nie. Indien die sosialiseringsproses normaal verloop, word die geïnstitusionaliseerde waardes en norme van die gemeenskap sō intiem met die persoonlikheid van die individu vervleg, dat hy later oënskynlik 'instinkmatig' en sonder rasionele oorweging in die meeste sosiale situasies handel (Roode, 1970, p.88). Van Dijk (s.j., p.61) onderskryf hierdie waarheid soos volg: "De voortdurende opvoeding en beïnvloeding ... is voor de massa der normen en de massa der mensen in de samenleving doorgaans zo goed geslaagd, zo effektief, dat de mens zich meestal niet bewust is dat hem de normen zijn opgelegd. Zij zijn hem dan zo eigen geworden, dat hij ze welhaast ziet en voelt als zijn eigen= schappen, alsof ze hem waren aangeboren". Hy wys voorts daarop dat die meeste samelewingsnorme vrywillig en wel= haas outomaties nagevolg word, waardeur normatiewe handeling gewoontelike handeling word.

## 3.2 Die plastisiteit of vormbaarheid van die kind

Met geboorte is die kind onbevoeg om deel te neem aan so= siale aktiwiteite (Johnson, 1971, p.110), dog die sosiale aard van die mens omvat sy aangebore vermoë en drang om met sy medemens in wisselwerking te tree (Van Dijk, s.j., p.9), d.w.s. om met sy medemens saam te leef, maar hierdie drang tot saamleef behels 'n ordelike wyse van saamleef (Roode, 1970, p.88). Dit impliseer dat daar in 'n gemeenskap 'n aanvaarde stelsel van gedragsvoorskrifte bestaan wat geld

ten einde ordelike en korrekte gedrag te verseker. Dit is naamlik die geïnstitusionaliseerde verwagte gedragspa= troon in elke sosiale situasie. Die onmondige, onwetende kind moet dus op die een of ander wyse vertroud gemaak word met die geldende gedragswyses. Hiervoor is die kind poten= sieel toegerus. Hy beskik oor sluimerende persoonlikheids= potensialiteite waaronder liggaamlike sowel as geestelike, intellektuele, sosiale en ander eienskappe wat deur sosia= lisering en opvoeding geaktiveer en verder ontwikkel en gevorm moet word. Dit spreek egter vanself dat die kind dié norme sal assimileer wat in sy sosiale milieu geld en dat hy daardie waardes sal internaliseer wat as geïnstitu= sionaliseerde waardes aanvaar word in die betrokke kultuur waarin hy opgevoed, ingelyf en gesosialiseer word. Johnson (1971, p.111) praat in hierdie verband van die plastisiteit van die kind. "Within fairly broad limits, the same human infant is capable of growing into different kinds of adult", wat beteken dat die kind in staat en ontvanklik is om baie dinge te assimileer - die goeie sowel as die kwade - dog hy sal uiteraard aanleer wat hom aangebied word in woord, daad en wat as navolgenswaardige voorbeeld dien. Dit is die taak, plig en verantwoordelikheid van die samelewing as sisteem met al die konstituerende sub-sisteme wat op verskeie vlakke en binne verskeie probleemareas op alle lewenster= reine opereer, om toe te sien dat hierdie taak verrig word en dat dit positief en effektief sal geskied. Deur die funksionele aktiwiteit van integrasie moet die norme voort= durend geïnstitusionaliseer of bevestig word en deur inter= nalisering moet die norme vir gedrags- en lewenspatrone

voortdurend gehandhaaf word, wat die proses van sosialise= ring is. Hierdie norme moet toeganklik gemaak word deur die fasiliteite daarvoor te skep; die geleenthede en moontlikhede daarvoor, indien hulle bestaan en in 'n mindere mate nie bestaan nie, hulle wel sover moontlik daar te stel en hulle te mobiliseer om die kind se per= soonlikheidsontwikkeling te vorm en hom toe te rus vir 'n eie plek in die sosiale lewe.

Eerstens, vanweë sy hulpbehoewendheid en afhanklikheid, is die kind dus 'voorwerp' van hierdie inleidings- en inly= wingsproses. Tweedens is nie slegs die kind nie, maar ook volwassenes, vanweë die sondeval by uitnemendheid 'voorwerp' van opvoeding. Coetzee (1969, p.19) stel dit duidelik: "Die skepping, die sondeval en die verlossing maak die mens tot ware voorwerp van opvoeding: die vorming van die mens van God vir alle goeie werk volkome toegerus".

### 3.3 Die gepatroneerdheid van sosialisering

Aangesien die mens vanweë die sondeval van nature geneig is tot die kwaad en om God en sy naaste te haat, beteken op= voeding en sosialisering stroom-op swem; die daadwerklike kweek van gesindhede en verhoudinge wat daarop ingestel is om die sondige, negatiewe en verkeerde neigings teen te werk en 'n positiewe ingesteldheid in te plant - 'n gemoti= veerdheid en drang tot konformering aan die geldende indi= viduele en sosiale norme.

Sosialisering is dus nie maar 'n arbitrêre aangeleentheid wat outomaties, ongekontroleerd en ongepatroneerd vanself voortstu nie. Opvoeding en sosialisering is normatiewe aktiwiteit. Daar bestaan 'n bepaalde *gepatroneerdheid*. Daarom, wat die kind betref, geskied dit altyd onder gesag, liefde en leiding van volwassenes wat self weet waarheen hulle wil en moet. Hierdie volwassenes kan ook nie maar na eie goeddunke die norme wat hulle as korrek beskou, oordra sonder inagneming van wat deur die betrokke kulture=le gemeenskap voorgeskryf word as korrekte gedrag nie. Die gepatroneerdheid van sosialisering veronderstel dat daar konsensus onder sosialiserende agente en instansies sal bestaan t.o.v. wat as wenslik en onwenslik beskou word (Johnson, 1971, p.112). Hierdie agente en instansies moet dus self vertroud wees met die geïnstitusionaliseerde norm- en waardepatroon van die gemeenskap. Aangesien, soos later aangetoon sal word, die samelewing ryk aan opvoeders is en alle tussen-menslike kontakte deel vorm van die op=voedingsgebeure, spreek dit vanself dat norm- en waardekon=sensus of -eenstemmigheid 'n belangrike voorwaarde of voor=vereiste is vir suksesvolle en doeltreffende opvoeding en sosialisering.

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die mens se le=wensbeskouing sy lewenspatroon bepaal, terwyl die mens sy lewensbeskouing in die gemeenskap ontwikkel: in gemeenskap met sy ouers deur voorbeeld en opvoeding; in gemeenskap met sy skool en die oordrag van kennis, gees en rigtings;

in gemeenskap met sy kerk in die kerklike onderrig, pre= diking en lewenstyl; in gemeenskap met vriendekringe dwars= deur sy lewe; in gemeenskap met sy volk en kultuur, die openbare mening, leesstof en al die massakommunikasiemedia. Deur oordrag en identifikasie neem hy die lewensbeskouing in hom op. Gebrek aan konsensus m.b.t. 'n lewensbeskouing en lewensbeskoulike vorming en toerusting by al hierdie lewenskringe kan lei tot gespletenheid (De Klerk, 1972, p.14). Sosialisering en opvoeding hou dus ook in die ge= koördineerde, gesamentlike spanwerk tussen al die belang= hebbendes t.o.v. die bou en uitbouing van 'n lewens- en wêreldbeskouing. "If family and friends emphasize values that are different from those a child is learning at school, then this child may face problems in adapting to both school and home"(Worsley, 1974, p.157).

## 3.4 Sosialisering as leerproses

'n Vraag wat hom na vore dwing, is of dit dan selfs aanvaar= baar is, gesien in die lig van die bostaande, om, met ver= wysing na sosialisering, van 'n *proses* te praat, al word dit duidelik dat sosialisering 'n sogenaamde leerproses is. Dit is 'n proses waarby die kind en die volwassene norme aanleer, d.w.s. 'n betrokke betekenisveld leer ken in dié sin dat hy daarmee kan manipuleer (Maritz, 1967, p.151). Ottaway (1964, p.5) meen tereg: "Much of human behavior has to be deliberately taught ..." Sosialisering is dus altyd die bybring van die een of ander vorm van kennis. "Kennis van korrekte en verwagte optrede is nie aangebore nie en

moet aangeleer word; dit is in hierdie sin dat gepraat word van die *aanleer van rolle*" (Joubert, 1973, p.185). Du Preez (1954, p.36) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat hierdie leiding, d.w.s. die leiding waarsonder opvoeding en sosialisering nie moontlik is nie, immer gepaard gaan met 'n soort kennis wat oorgedra word. Dit is 'n vorm van onderwys wat in 'n gesagsverhouding tussen 'n meerdere of volwassene en 'n kind bestaan. Laasgenoemde aanvaar hier=die leiding, kennis en onderwys - dit is deel van die op=voedingsproses om sy persoonlikheid te vorm en te ontwikkel. Dit hou in of veronderstel die aanleer van inhoude relevant tot die vaardigheid en gemotiveerdheid nodig vir deelname aan sosiale verhoudingsisteme, d.w.s. van kennis, kundig=hede en vaardighede. Wat aangeleer word, is patrone van sosiale verwagtings of rol-oriëntasies soos wat dit tot uit=drukking kom binne en deur die norme- en waardesisteme van 'n gemeenskap, soos opgesluit in sy kultuur.

Kort gestel is dit dus die kultuur of rolle daarbinne wat aangeleer word (Johnson, 1971, p.110), of in die woorde van Fichter (1971, p.29): "Thus the function of socialization is to develop skills and disciplines which are needed by the individual, to instil the aspirations and values and the 'design of living' which the particular society possesses, and especially to teach the social roles which individuals must enact in that society".

'n Blote inhoudelike kennis van rolverwagtings is egter nie

genoegsaam om korrekte optrede te verseker nie. Mense moet ook die wil, die drang en begeerte hê om hierdie ver= wagtinge daadwerklik na te kom. "Hulle moet gemotiveerd wees tot korrekte rolgedrag. Wanneer daar by 'n persoon sowel die kennis van die inhoud van 'n rol én die motivering tot effektiewe konformering aan hierdie rol se verwagtings bestaan, kan gesê word dat hy 'n bepaalde *rol-oriëntasie* aangeleer het. Die proses waarin persone rol-oriëntasies aanleer, word genoem die proses van sosialisering" (Joubert, 1973, p.186). Of in die woorde van Parsons (1967, p.208): "... the learning of *any* orientation of functional signi= ficance to the operation of a system of complementary role-expectations". Dit is derhalwe nie weg te redeneer dat ook sosialisering 'n leerproses is nie, of beter gestel, 'n leerhandeling of leeraktiwiteit, waardeur nie slegs rolin= houde aangeleer moet word nie, maar ook die motivering om daaraan gestalte te wil gee.

Om nou terug te keer tot die vraag wat flus gestel is, naamlik of die woord *proses* geskik is om na sosialisering en leer as handelinge te verwys. Dit is duidelik dat so= sialisering 'n puur-menslike aktiwiteit is. Die mens is as enkeling en sosiale wese die knooppunt en aksiesentrum van al die samelewingskringe of kollektiwiteite of sisteme waarvan hy lid is. Sosialisering is derhalwe geen natuur= noodwendige of psigies-outokinetiese gebeure nie. Dit is ook nie outomaties soos die werking van 'n masjien nie. "Human personality does not develop outomatically through an inevitable unfolding of potentialities" (Stewart & Glynn,

1971, p.59). Johnson (1971, p.111) beklemtoon dit ook: "The process (of learning) is *not* merely one of unfolding". Hierdie leerproses is 'n handelingsproses - 'n kenakte - 'n normeringsproses in die sin dat sowel die aktiwiteite van die sosialiseerder as die aktiwiteite van die persoon wat gesosialiseer word, handeling is. Sosialisering is dus 'n aktiwiteit, 'n akt, 'n handeling, 'n gebeure. Dit is geen meganiese, nie-handelende proses van fisies-che= miese wetmatighede nie. Dit is ook nie die resultaat van 'n mistieke psigiese kontakmeganisme nie, maar dit is subjektiewe verrigting (Maritz, 1967, p.151), waarin so= sialiseerder en gesosialiseerde mekaar doelbewus ontmoet. Hier geld dit dus veral die volwassene-kind-verhouding in 'n opvoedingsituasie wat ook van 'n meer formele aard is. "Die opvoedingshandeling vereis minstens twee mense, te wete opvoeder en opvoedeling. Die opvoedeling is opvoedings= behoeftig en die opvoeder gee die opvoeding" (Van Wyk, 1973, p.9).

Meyer (1969, p.12) waarsku tereg in hierdie verband teen die verskynsel dat ons geesteswetenskaplike gesprekke wemel van proseswoorde omdat ons redelik gemaklik beskrywings van prosesse kan gee. In die sosiologie is dit 'n erfgebruik van die invloed van die biologiese wetenskap en die posi= tivisme. As sodanig is dit binne die konteks van die sisteemteorie vir die huidige 'n ondienlike oorblyfsel van die organisistiese model waarop die voorstelling berus van 'n geestelike werklikheid wat dan 'n teenstuk sou wees van

die natuur. "Die geesteswetenskaplike word geïmponeer deur die sukses van die fisioloog en hierdie sukses skryf hy toe aan die 'objektiewe beskrywing van 'n proses'" (Meyer, 1969, p.12). Die woord *proses* is dus 'n begrip wat para= siteer op 'n meganiese natuurbegrip en die ondienlikheid daarvan om na die sosialiseringsgebeure te verwys, word duidelik indien *prosesse* in die woorde van Meyer (1969, p.12) omskryf word as "... gebeurtenisse wat op 'n sekere tyd begin, vir 'n sekere tyd teen 'n sekere snelheid ver= loop en op 'n bepaalde tyd ophou". Hierdie omskrywing gaan lynreg in teen die interpretasie van sosialisering as nor= matiewe, universele, nimmereindigende sosiale lewensgebeure soos wat dit in 'n latere paragraaf uiteengesit word. In sy uiteensetting van die aard van die leiding wat van die onderwys, opvoeding en sosialiseringsgebeure uitgaan, wys De Graaff (1966, p.111) daarop dat "... we must maintain that education always implies a *conscious* and *deliberate* attempt on the part of the educator to lead the child or the adult in a particular direction according to certain norms". Van Wyk (1976, p.271) meen eweneens dat die gebruik van die woord *proses* om na onderwys en opvoeding te verwys, 'n oorblyfsel van die naturalistiese beskouing van die mens as 'n bio-sosiale organisme is. In hierdie *proses* word die korrekte milieu dan sogenaamd geskep vir die *groei* en *ontwikkeling* van die *organisme* (kind).

Die sosialiseringsproses is derhalwe nie maar 'n proses van ontvouing soos wat 'n blomknop met verloop van tyd vanself

ontvou tot volwaardige blom nie. 'n Mens groei nie maar soos koring nie. Die biologiese, psigologiese en sosiale potensialiteite ontwikkel nie outomaties nie en in hierdie verband moet sosialisering van veroudering as natuurnood=wendigheid wat wel 'n voorwaarde vir sosialisering is, dog geen waarborg nie, onderskei word.

Uit die voorgaande kan die onjuiste afleiding gemaak word dat sosialisering altyd slegs op formele, bewustelike wyse geskied, terwyl dit nie die geval is nie. Dit is juis een van die verskilpunte tussen sosialisering en formele onder=wys, wat weer later ter sprake kom. MacIver & Page (1957, p.144-145) tref in hierdie verband 'n onderskeid tussen sosiale habituasie en indoktrinasie, waar laasgenoemde verwys na die bewustelike, formele oordrag van normpatrone soos wat dit dus veral in die opvoedingsituasie van op=voeder-opvoedeling realiseer, terwyl eersgenoemde die wyse is waarvolgens dieselfde gebeure op minder bewustelike en minder formele basis geskied, byvoorbeeld in 'n gewone omgang- of kontaksituasie waar een persoon die ander op subtiele wyse deur voorbeeld en optrede beïnvloed. Dit is na hierdie laaste vorm van beïnvloeding wat Van Dijk (s.j., p.61) verwys wanneer hy sê dat die voortdurende opvoeding en beïnvloeding wat van die wieg tot die graf duur, t.o.v. die meeste norme en vir die meeste mense deurgaans so ef=fektief en geslaagd is, dat die mens meesal nie daarvan bewus is dat hom norme opgelê word nie. Die norme word hom so eie, dat hy hulle welhaas beskou as sy eienskappe, asof

dit hom aangebore is. Hierdeur word normatiewe handeling naderhand gewoontehandeling. Wanneer Van Dijk (s.j., p.61) daarop wys dat die meeste samelewingsnorme vrywillig en welhaas outomaties nagevolg word, moet hierdie outomatiese navolging nie identies gestel word met opvoeding en sosia= lisering as sogenaamd 'n outomatiese *proses* nie. Hiermee word sekerlik slegs bedoel dat die meeste gewoontelike norme deur nabootsing van kleinsaf irrasioneel geassimileer word, dog die gewone omgangsituasie word omskep in 'n opvoeding= situasie van doelbewuste beïnvloeding en oortuiging sodra afgewyk word van die voorgeskrewe gedragspatroon. Strauss (1969, p.23) lig hierdie onderskeiding toe deur daarop te wys dat waar die ouer en die onderwyser direk tot die op= voedingshandeling bydra, is die ander volwassenes se bydrae meer sporadies en minder planmatig, d.w.s. minder formeel en minder of ongestruktureerd van aard.

Feit bly dat selfs die onbewustelike, nie-planmatige tuis= bring van norme deur subtiele beïnvloeding en nabootsing steeds binne die kader van gepatroneerdheid geskied, aan= gesien die sosialiseerder altyd daarvan nugter bewus is dat hy selfs in 'n gewone omgangsituasie met kinders veral, voorbeeld van navolging en nabootsing is en gevolglik sy optrede, gedrag en handelinge sal inrig en inklee in oor= eenstemming met die geïnstitusionaliseerde normpatroon van die gemeenskap. Indien hyself hieraan konformeer, verkry sy handelinge waarde, andersins verkry dit on-waarde. 'n Mens voed dikwels meer op deur wat jy is as deur wat jy sê (Taute, 1955, p.19).

### 3.5 Die betekenis van sosialisering vir die individu

Uit die voorgaande blyk dit dat sosialisering vanuit twee oogpunte beskou kan word. Dit kan eerstens gesien word vanuit die samelewing, waar sosialisering die handeling of gebeure is waardeur die betrokke samelewing sy kultuur as besondere lewenswyse oordra van een generasie tot 'n volgen= de en individue sodoende laat aan- en inpas by aanvaarde en wenslike wyses van geordende sosiale of maatskaplike lewe (Cilliers & Joubert, 1968, p.167). Die samelewing is dus as sisteem dit aan homself verskuldig ten einde sy voort= bestaan te verseker, om toe te sien dat hierdie taak verrig word.

Tweedens kan dit egter ook gesien word vanuit die oogpunt van die individu, waar sosialisering 'n persoonlikheidsont= wikkelingsproses is, d.w.s. 'n proses of gebeure is "waarin die mens tot 'maatskaplike mens' word deur die aanleer en opname in sy ontwikkelende persoonlikheid van die betrokke samelewing se lewenswyse" (Cilliers & Joubert, 1968, p.167). Selznick (1968, p.84) stel dit soos volg:

"From the point of view of the individual, socialization is the fulfillment of his potentialities for personal growth and development. Socialization humanizes the biological organism and transforms it into a *self* having a sense of identity, capable of disciplined and ordered behavior, and endowed with ideals, values, and ambitions. Socialization regulates behavior, but it is also the indispensable

condition for individuality and self-awareness". Ook Loomis & Loomis (1961, p.421) wys op die bydrae wat sosialisering volgens Parsons lewer tot persoonlikheidsontwikkeling: "It is because the human personality is not 'born' but must be 'made' through the socialization process that in the first instance families are necessary. They are 'factories' which produce human personalities".

Alhoewel dit duidelik is wat hierbo bedoel word, kan daar egter nie saamgestem word dat die kind aanvanklik, d.w.s. na geboorte, slegs 'n biologiese organisme is nie. Die kind is as kind reeds mens. Die mens en daarom ook die kind, is nie net liggaam nie. Hy is ook persoon. Die kind word as persoon gebore, maar dit moet geaktualiseer word deur op=voeding (Nel, 1968, p.59). Die kind is egter ook meer as persoon - hy is 'n persoon met 'n onsterflike siel. Die kind is na die beeld van God geskape en is dus meer as 'n blote eksisterende wese (De Wet & Van Zyl, 1974, p.7). Die sosiale toerusting en instinkte van die kind moet deur so=sialisering geaktualiseer word, sodat hy kan ontwikkel tot volwaardige gemeenskapswese. "Just as we cannot say that a person 'becomes social' when he learns to use his intel=lect, so we cannot say that a person 'becomes social' when he learns to get along with other people. The human being is a social person from the beginning of his life, but he undergoes continuous adaptations and changes as long as he lives" (Fichter, 1971, p.29). De Graaff (1966, p.111) stel dit eksplisiet soos volg: "From the very beginning each person is a complete human being. A child does not

*develop* into a person, he *is* a person from the start, he is a religious being".

Wanneer die betekenis van sosialisering vir die individu ter sprake is, kom die organiese beskouing van die samele= wing as sisteem egter noodwendig in die oog soos die reeds aangehaalde verduideliking van Paulus (1 Kor. 12:26-27) aan die Korinthiërs dit ontwaar: "En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly. Maar julle is die liggaam van Christus en lede af= sonderlik". In sy literêre werk vat D. Williams (1972, p.110) hierdie waarheid saam wanneer hy sê: "It is neces= sary to emphasise that a society can never be greater or better than the individuals who constitute it. If we really wish to improve it, we must begin with ourselves; we must, in Candide's words, 'cultivate our garden'". Dit is dus in die samelewing se belang om om te sien na die toerusting van die individu vir sy individuele en sosiale lewenstaak.

Alhoewel sosialisering 'n deurlopende lewensgebeure is soos wat dit in 'n volgende paragraaf uiteengesit sal word, blyk dit tog dat die ervaring wat die mens deur sosialisering opdoen, in intensiteit afneem namate volwassenheid bereik word. Parsons (1967, p.208) stel dit soos volg: "... it may be emphasized that the socialization of the child is a case of socialization in the strict sense ..., not of social control". Redes hiervoor is voor-die-hand-liggend.

Eerstens het die kind 'n langer pad voor; hy is dus ont= vankliker, omdat hy onkundig is. Die mens is deur God aan die *begin* van 'n lang weg geplaas en nie aan die *einde* daarvan nie. Om oor die aarde te kan heers en so sy opdrag uit te voer, moet die mens *leer* (De Wet & Van Zyl, 1974, p.6-7). Die kind is dus aangewese op opvoeding. Vir die eerste twintig jaar ongeveer, is hy in die samelewing af= hanklik van sy opvoeders en beleef hy dit op intense en dramatiese wyse - veral die eerste deel daarvan. "The case of the development of the child is only the most dramatic because he has so far to go" (Parsons, 1967, p.208).

'n Tweede rede is dat dit wat die mens in sy kinderjare ervaar, nie maklik uitgewis word nie. Die indrukke word so intens ervaar en beleef, dat dit meesal blywend is. "... there is much evidence that these are 'laid down' in childhood and are not on a large scale subject to drastic alteration during adult life" (Parsons, 1967, p.208).

Dit sou egter 'n eensydige siening wees om sosialisering te beskou as slegs die gebeure waardeur die kind ontwikkel word tot 'n sosiaal-aangepaste persoon (Kruger, 1972, p.25). Die mens is immers 'n unieke wese en derhalwe ervaar hy elke situasie op unieke wyse (Roode, 1970, p.73). Gevolglik word elke persoon in elke sosiale verhouding gekonfronteer met die probleem van aanpassing en vertroudraking met gedragsnorme, wat dan impliseer dat alle sosiale verhoudinge waarin die individu hom bevind, 'n sosialiserende invloed

op hom uitoefen. Van der Walt (1959, p.44) vat dit tref=fend saam: "... d.w.s. om onder leiding van die volwas=senes gevorm en ontwikkel te word vir 'n persoonsroeping: vanaf die wieg tot aan die graf maar ook vir anderkant die graf: die inlywing by 'n tydelike samelewingswerklikheid en voorbereiding vir die Hiernamaalse lewe". So beskou, is sosialisering dus 'n nimmereindigende en kontinue ge=beure dwarsdeur die lewe van die individu. Dit begin by die huisgesin. "Much of human behaviour has to be delibe=rately taught, and the process begins in the cradle", (Ottaway, 1964, p.5). Wat meer is, "the family is the cradle of personality" (Wilson & Kolb, 1949, p.287).

Volgens Argyris (Hersey & Blanchard, 1969, p.43) is daar sewe veranderinge wat in die persoonlikheid van die individu deur die jare moet plaasvind ten einde tot rypheid te ont=wikkel. Eerstens verander hy van 'n passiewe toestand as kind tot 'n staat van toenemende aktiwiteit as volwassene. Tweedens verander hy vanaf 'n staat van afhanklikheid tot 'n staat van relatiewe afhanklikheid as volwassene. Derdens gedra die kind hom slegs op 'n paar wyses of maniere, ter=wyl die volwassene in staat is om hom op baie wyses te gedra. Vierdens is die kind se belangstellings vlak en kasueel, terwyl die belangstellings van die volwassene sterk en diep is. Vyfdens is die tydsperspektief van die kind kort; dit behels slegs die hede en moet dit ontwikkel tot die insluiting van ook die verlede en die toekoms by volwassenheid. Sesdens is die kind aan almal ondergeskik, terwyl hy met volwassewording beweeg na gelyke of superieure

posisies. Laastens het die kind 'n gebrek aan selfbewust= heid, terwyl hy as volwassene nie slegs van homself bewus is nie, dog ook hierdie selfbewustheid kan beheer. Hierdie sewe ontwikkelingsfases kom tot ontplooiing in en deur die sosialiseringsgebeure, anders kan onrype volwassenheid of onvolwasse rypheid die ongebalanseerde resultaat wees.

Gesien in die lig daarvan dat alle sosiale verhoudinge wat die individu deur sy ganse lewe mag betree, 'n sosialise= rende en vormende invloed op hom het, verg hierdie feit nadere toeligting ten einde die taak en verantwoordelikheid van die samelewing in hierdie verband te onderstreep.

### 3.6 Die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die taak van die samelewing t.o.v. die opvoedkundige lewensterrein

Dit is duidelik dat die sosialiseringsproses 'n funksionele sub-sisteem van die samelewing is. Tereg merk Spier (1972, p.84) in hierdie verband op: "Die ontsluiting van die mens se lewe geskied in same-lewing". Die sosialiseringsgebeure kan nouliks raker getipeer word as "die ontsluiting van die mens se lewe". As sodanig behoort dit tot die gemeenskap= like opvoedkundige lewensterrein, d.w.s. alle strukturele sub-sisteme, kollektiwiteite en verhoudinge, trouens alle sosiale kontakte in die samelewing, het 'n gemeenskaplike taak in hierdie verband. Sosialisering is die domein van die ganse samelewing in sy komplekse diversiteit. "Nothing could be more misleading than to treat the socialization of

the child as though it were simply a family process. It surely needs no stressing that the child is socialized by all the social structures in which he participates, by his school and peer groups as well as by the mass media and by the position which his parents occupy in the social structure" (Danziger, 1970, p.18). Hierdie skrywer wys daarop dat die kind verder beïnvloed word deur sy lidmaat=skap van 'n bepaalde kultuur op 'n sekere stadium in die geskiedenis van daardie kultuur, sowel as deur verskeie subtiele invloede vanuit die omgewing wat gesond, ongesond, landelik of stedelik, tropies of gematig kan wees. Toby (1971, p.176) stel hierdie feit soos volg: "Socialization continues throughout life as the individual learns new roles in new groups" en wys voorts daarop hoedat die sosialise=ringsgebeure afgestem is op die individu se internalisering van 'n wye spektrum van roloriëntasies soos wat dit ook voortdurend onderworpe is aan die prosesse van verandering. Gesinsosialisering is hiervan slegs maar die begin (Toby, 1971, p.141-176).

Van Dijk (s.j., p.61) vereenselwig hom met die universele siening van die pedagogiese werksaamheid, aangesien dit in alle verbande en verhoudinge voortgesit word: "Elke samen=leving geeft daarom een paedagogisch (recreatief) aspect te zien dat zich met name belichaamt in allerlei daarop gerichte instituten en activiteiten, waaronder gezin en school zeer belangrijk maar bij lange na niet de enige zijn. Daartoe behoren ook het spel (spelen en clubs), het 'toneel', de gezellige omgang, de talloze jeugdverenigingen, maar ook

alle organen voor de beïnvloeding van de 'publieke opinie', vooral het dag- en weekblad, de radio etc."

Worsley (1974, p.157) stel hierdie feit soos volg: "Through= out our lives we are socialized by conflicting as well as complementary influences. This is one reason why we must put education within the broader perspective of sociali= zation in order to understand the problems that emerge in schooling".

Robert Merton (1957, p.226) wys op die onontbeerlike bete= kenis en waarde van sosialisering vir die individu wanneer hy beklemtoon dat dit deur sosialisering is dat die indivi= due die bekwaamhede, geloof, doeleindes en norme van die samelewing waarin hy gebore is aanleer; hy internaliseer die wisselwerkings- en verwagtingspatrone wat die ordelike werkinge van status en rol en die algemene mag en rang in die samelewing moontlik maak. Hy stel dit soos volg: "Socialization involves the acquisition of attitudes and values, of skills and behaviour patterns making up social roles established in the social structure ... The process continues, at varying rates, throughout the life cycle". Ook hierdie aanhaling aksentueer die feit dat sosialisering dus lewensgebeure is waartoe alle tussenmenslike kontakte 'n bydrae lewer.

Sosiologies beskou, is opvoeding dus inbegrepe by sosiali= sering as die immer wyer uitkringende opvoedingswerksaam=

heid in die samelewing en kultuur - 'n akkumulatiewe in=skakelings-, aanpassings-, internaliserings-, slypings- en vertroudmakingsproses of -gebeure t.o.v. norme en waardes, van die wieg tot die graf, soos wat die mens in al sy groepskontakte daarmee in aanraking kom. Dent (1945, p.235) wys soos volg op die taak en verantwoordelikheid van die samelewing en sy groepe of sub-sisteme in hierdie verband: "... when the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of society which is educative in all its parts and aspects". Hierdie uitspraak sluit ook aan by die normkonsensus waaraan vroeër aandag gegee is, sodat konso=lidasie die mikpunt is en nie fragmentasie nie.

Sosialisering in al sy fasette, aspekte en konsekwensies impliseer dus 'n ruimer sosiologiese beskouing oor die op=voeding en onderwys. "Education in its widest sense includes any method whereby culture, including not only social heri=tage and traditions, customs and institutions from the past, but also new knowledge and techniques, is transmitted from one individual or group to another individual or group. It involves both learning and teaching, and is vitally necessary for the continued existence and functioning of any society. It is the means whereby organized society is perpetuated and whereby it grows" (Gillin & Gillin, 1948, p.400).

Hiermee is die verskil tussen formele onderwys en opvoeding in engere sin enersyds en sosialisering in ruimere en uni=

versele sin andersyds, ter stond duidelik. Opvoeding word beskou as "'n toerekenbare, verantwoordelike, doelstellende, noodwendige, transendent-teleïes bepaalde, religieus-gestempelde, afhandelbare gebeure, handeling, aktiwiteit of daad waarby minstens twee, 'n mondige en onmondige, mense mekaar in 'n doelbewuste beïnvloedingsituasie ontmoet met die oog op toerusting (leiding en vorming) van die onmondige mens vir sy lewenstaak" (Van Wyk, 1973, p.13).

Wanneer Coetzee (1965, p.71-75) die begrip *opvoeding* be= sonder bepaal deur dit vanuit die verskillende aspekte te belig, gee hy onder andere ook aandag aan die *sosiologiese*, waarin hy dan daarop wys dat die mens van geboorte af af= hanklik is van ander mense en as die pasgeborene alle hulp en versorging moet ontbeer, sal hy sterf. Van geboorte af is die enkeling dus lid van 'n *groep*, eers van die klein gesinsgroep en later van 'n groter gemeenskapsgroep en hy moet van die begin af *leer* om met ander mense om te gaan. "Die hele lewe van die mens is 'n onophoudelike wissel= werking tussen enkeling en gemeenskap" (Coetzee, 1965, p.74). Hierdie opvoeding (sosialisering) het dus op die oog om die kind sosiaal bruikbaar te maak en hierdie "sosiale aanpas= sing is 'n lewenslange proses; dit sluit nooit af nie en 'n mens is sosiaal ook nooit volgroeid en volwasse nie" (Coetzee, 1965, p.74).

Dit wil egter nie sê dat sosialisering as opvoeding in ruimere sin en konteks, opvoeding soos hierbo gedefinieer, uitsluit nie. Talle raakpunte met hierdie opvoedingsbe=

beskouing is reeds aangesny en op ander sal nog gewys word. 'n Belangrike raakpunt blykens hierdie definisie is by= voorbeeld dat opvoeding wesenlik sosiaal is. "Education is a social thing ..." (Durkheim, 1956, p.31). Die belang= rikste enkele verskilpunt is dat sosialisering nie 'n afhandelbare gebeure is nie, soos reeds aangetoon. Worsley (1974, p.153) beweer in hierdie verband verder: "Education is, however, only one part of the way human beings learn" en verder "... people are constantly learning new skills and information". Onderwys en opvoeding is verder meer formeel en kind-gerig. Worsley (1974, p.155) toon in hier= die verband die verskil tussen onderwys en sosialisering aan deur daarop te wys dat "education fits people for in= creasingly specialized roles", veral in 'n hoogs geïndus= trialiseerde samelewing, terwyl sosialisering meer gefokus is op "social skills and values learned through interaction with family, peers and other social groups". Formele onder= wys en opvoeding staan dus komplementêr tot ander aspekte van sosialisering (Worsley, 1974, p.156). Sosiologies word daar dus wel onderskei tussen onderwys en opvoeding aan die een kant en sosialisering aan die ander kant, dog van 'n formele skeiding kan daar nie sprake wees nie.

Keyter (1942, p.35) omlyn die universaliteit van die opvoe= dingsgebeure soos volg: "Orals waar ons lewe vind, daar vind ons opvoeding", waarmee met 'lewe' uiteraard 'menselewe' bedoel word, terwyl Kuypers e.a. (1951, p.105-106) hulle soos volg hierby aansluit: "Het feit der opvoeding heeft

binnen de mensen-wereld een volstrekt algemeen karakter. Een menselijke gemeenschap, waarin niet opgevoed wordt, bestaat niet".

Ottaway (1964, p.5) sien die opvoeding in die samelewing in ruimere sin en betekenis soos volg: "Society is full of educators" en verder "Education touches life at every point", terwyl Hayes (1928, p.652) beweer: "All contacts are parts of the process of education". Hierdie gedagte word tot sy volle konsekwensie deur Van Houte (1949, p.19) uitgedruk: "Nooit word één mens opgevoed, het is steeds n + 1. De opvoeder, die niet mede wordt opgevoed, is geen opvoeder, hy is dresseur". Sosialisering is dus nie 'n eenrigtinghandeling nie; dit is 'n inter- of wederkerige aktiwiteit. Elke persoon in 'n sosiale verhouding is ins=gelyks onderwerp en voorwerp van beïnvloeding.

Loomis & Loomis (1961, p.421) wys in hierdie verband daarop dat ook Parsons, wie se teoretiese konsepte van die sosiale sisteem in hierdie navorsing in hoofsaak as leidraad dien, hom in sy beskouing van sosialisering, eweneens aansluit by die universaliteit daarvan: "Parsons, however, does not limit the process to infancy or to the family as the social structure for carrying it out. The specific status-role, 'socializee' (d.w.s. die persoon wat gesosialiseer word) is posited and in interaction with others such as parents, teachers, bosses and colleagues. The socialization process continues throughout life".

In "The Social System" (Parsons, 1967, p.207-208) verklaar Parsons dat die term sosialisering volgens die huidige gebruik daarvan in die literatuur primêr verwys na die pro=ses van kindontwikkeling, "but it should be made clear that the term is here used in a broader sense than the current one to designate the learning of *any* orientations of functional significance to the operation of a system of complementary role-expectations. In this sense, socialization, like learning, goes on throughout life". Op alle terreine en gebiede is volwassenes: ouers, onder=wysers, kerklike amptenare, staats- en plaaslike bestuurs=amptenare, polisie, verkeersbeamptes e.d.m. daagliks besig om leiding en rigting te gee om te beïnvloed ten einde wetsgehoorsame persone te vorm (Van der Walt, s.j., p.12). 'Wetsgehoorsame persone' is normgehoorsame persone, terwyl 'leiding en rigting' gee, opvoeding, sosialisering, is.

Oberholzer (1960, p.36) verwys soos volg na die veelvuldig=heid van opvoedingskontakte in die moderne samelewing: "In hierdie verband moet ons ook daarop wys dat volwassenes ook leiding gee aan volwassenes, byvoorbeeld die predikant aan die gemeente deur die verkondiging van die Evangelie, die staatsamptenaar aan die belastingbetaler, die verkeers=konstabel aan die motoris, fietsryer ens." Hierdie vorme van leiding verskil egter van kinderopvoeding, daarin dat dit minder formeel en minder gereglementeerd is. Dit is hierdie wyses van oriëntering binne die sosialiseringsge=beure wat Parsons (1967, p.208) in gedagte het wanneer hy praat van "social control".

Keyter (1936, p.90-94) beklemtoon in hierdie verband die betekenis en funksie van die *openbare mening* as 'n belang=rike vorm van *sosiale beheer*, d.w.s. die opvoedings- en sosialiserende invloed wat hierdeur uitgeoefen word, terwyl Bertrand (1958, p.19) tereg in sy omskrywing van "social control" oftewel sosiale beheer, daarop wys dat dit uit 'n verskeidenheid van prosesse bestaan waardeur die groter samelewing konformiteit *afdwing* op die geïnstitusionaliseer=de gedragspatrone. Hierdeur word die sosiale organisasie in stand gehou. Hierdie prosesse van sosiale beheer funk=sioneer dus binne die groter proses van sosialisering, aan=gesien dit op dieselfde doel afgestem is, naamlik die voortbestaan van die samelewing. Hierdie gedagte is pro=minent opgeneem in die volgende uitspraak van Bertrand (1958, p.19): "Through the use of social controls the normative system of behavior becomes so deeply ingrained in the individual that he is generally unwilling to behave counter to expectation". Anders gestel kom dit daarop neer dat prosesse van sosiale beheer ten doel het om die individu op te voed tot *rolprestasie* wat afgestem is op die *rolver=wagting* en dit beteken wesenlik niks anders nie as dat die individu die geïnstitusionaliseerde norm- en waardepatrone sodanig internaliseer, dat konformering daaraan die resul=taat van spontane gedrag is. Sodanige persoon is opgevoed of gesosialiseer in die gemeenskap waarbinne hierdie gedrags=norme geld.

Alle onderwys is dus opvoeding en in ruimer sosiologiese sin is alle sosiale kontakte 'n vorm van opvoeding. In sommige

gevalle is dit meer formeel, meer dramaties of meer intens as in ander gevalle, dog samevattend kan gekonkludeer word dat "die hele lewe 'n leerskool is" (Van der Walt, 1959, p.141).

## 4. SOSIALISERING AS FUNKSIONELE SUB-SISTEEM

Die voorafgaande uiteensetting toon dat sosialisering, waarby opvoeding inbegrepe is, 'n universele verskynsel in die samelewing is en wat hom in alle tussen-menslike kon= takte voltrek. Hierdie sosialiseringsgebeure figureer uni= verseel makro-funksioneel in hoofsaak op die funksionele probleemterrein van patroonhandhawing en spanningsbeheer, terwyl dit juis as gevolg van die universaliteit daarvan, ook realiseer binne kollektiwiteite wat as sub-sisteme hoof= saaklik in die ander funksionele probleemareas funksioneer. Op die vlak van die integratiewe probleem waar dit gaan om die institusionalisering van norm- en waardepatrone deur o.a. die juridiese, godsdienstige en kommunikatiewe funk= sionele sub-sisteme, deur die daarstelling van meganismes van sosiale beheer, is die sosialiseringstaak geleë in die in verband bring van die kulturele en godsdienstige waarde= patrone met die motiveringstrukture van die individuele akteurs, m.a.w. die normering van inter-eenheid verhoudings, ten einde konflik uit te skakel en solidariteit in die sisteem te bevorder (Parsons & Smelser, 1967, p.132).

Alhoewel die staat as handhawer van mag, reg en orde, in hoofsaak op die funksionele probleemarea van doelbereiking

werksaam is, d.w.s. die daarstelling van meganismes en fa=siliteite ter verwesenliking van die kollektiewe doelstel=lings van die gemeenskap as sisteem (Parsons & Smelser, 1967, p.132), neem dit nie weg dat die staat ook as bewaker van die sedes van die gemeenskap, byvoorbeeld 'n opvoedings=taak het nie.

Op adaptiewe vlak funksioneer die ekonomiese sub-sisteem in hoofsaak vir die daarstelling van fasiliteite vir die be=vredigende uitbouing van 'n lewenskragtige infra-struktuur in die samelewing (Johnson, 1971, p.37). Hiervan is alle groepe in die samelewing afhanklik en het die ekonomiese sub-sisteem byvoorbeeld 'n opvoedingstaak tot aanvaarding van maatreëls en norme wat vir die ekonomiese lewensterrein geld. Arbeidsopvoeding en opvoeding tot besparing en verhoogde produktiwiteit is byvoorbeeld voorwaardes vir 'n gesonde ekonomiese sisteem en in elke strukturele kollektiwiteit binne die ekonomiese sub-sisteem word opvoedingswerk gedoen ter konformering aan hierdie norme.

Wat die funksionele probleem van patroonhandhawing en span=ningsbeheer betref, wat meer spesifiek die fokusterrein van die sosialiseringsgebeure is, vorm dit die knooppunt van al vier funksionele probleme van die samelewing as sosiale sisteem, aangesien dit, veral wat patroonhandhawing betref, in teenstelling met byvoorbeeld die integratiewe funksie, nie om inter-eenheidsverhoudinge sentreer nie, maar om in=tra-eenhede, d.w.s. die fokuspunt is die hele sisteem

(Parsons & Smelser, 1967, p.133). Dit beklemtoon andermaal die universaliteit van die sosialiseringsgebeure as figure=rende op intra-funksionele basis. Op samelewingsvlak fokus hierdie sub-sisteem, soos reeds aangetoon, op die geïnsti=tusionaliseerde kultuur wat sentreer om die patrone van waarde-oriëntasies en sodanige patrone is relevant vir *alle* sosiale handeling (Parsons & Smelser, 1967, p.133). Die handhawing van hierdie patrone, wat dus ook gedragspatrone impliseer, geskied egter nie outomaties, d.w.s. sonder meganismes nie. Die sosialiseringsgebeure het enersyds ten taak die skep van meganismes en fasiliteite vir die institu=sionalisering van kulturele norm- en waardepatrone ooreen=komstig 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat sy stem=pel op die kultuur afdruk en andersyds die daarstelling van fasiliteite soos o.a. onderwys, opvoeding en internalisering om die geïnstitusionaliseerde norme maksimaal toeganklik te maak.

In hierdie proses, sowel as in die verwesenliking van al die ander sistemiese funksies, bou daar egter spanninge op as on=vermydelike newe-produk en moet daar, ter wille van die ekwi=librium van die sisteem, van tyd tot tyd 'n ommeswaai kom in die rigting van ontlading en afreagering, d.w.s. die skep van 'n ekspressief-integratiewe situasie, "which tends to 'bleed off' the tension to some point at which he changes the focus himself and continues again with instrumental-adaptive activity" (Bales, 1953, p.123). Hierdie belangrike aktiwi=teit wat plaasvind ter wille van die herstel van die ekwi=librium van die sisteem, staan meer spesifiek bekend as die

funksie van spanningsbeheer, waarvoor die huisgesin as kollektiwiteit en sub-sisteem in die samelewing, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk, by uitnemendheid toegerus is.

Parsons (1967, p.481-482) wys in hierdie verband daarop dat sisteem-teoreties enige sosiale sisteem gebou is op die prosesse van die instandhouding van die ekwilibrium van die sisteem. Hiervoor is uiteraard eerstens die verskillende prosesse van wisselwerking noodsaaklik, dog hy sonder verder ook twee fundamentele tipes prosesse uit wat primêr hiervoor verantwoordelik is, te wete eerstens die prosesse van so= sialisering waardeur die verskillende akteurs die oriënta= sies bemeester wat ten grondslag lê van hulle rol(le)- prestasie binne die sosiale sisteem en tweedens die proses= se wat deur die verskeie sosiale beheermeganismes geïnisieer word om as teenvoeter te dien teen motiverings vir afwyken= de gedrag.

Wat die universaliteit van die sosialiseringsgebeure betref, lê dit dus ook binne die twee dimensies van tyd en ruimte. Met betrekking tot die tydsdimensie, duur die sosialiserings= handeling van geboorte tot dood (Van Dijk, s.j., p.61). Dit is dus m.b.t. die tydelike werklikheid 'n onafhandelbare lewensproses (Parsons, 1967, p.208). Met betrekking tot die ruimtedimensie, vind daar in mindere of meerdere mate opvoeding en sosialisering plaas in alle tussenmenslike kontakte.

## 5. DIE STRUKTUUR VAN DIE SAMELEWING

Die pedagogiese werksaamheid as synde die domein van die hele samelewing binne die gemeenskaplike opvoedkundige lewensterrein, verg ook 'n stelling- en standpuntinname - 'n bepaalde gesigshoek van waaruit 'n wetenskaplike blik op die samelewing gewerp kan word. Die sosialiserings- en opvoedingsgebeure in die samelewing geskied, blykens die voorgaande, sistemies, d.w.s. ordelik en normatief. Hieruit vloei logies voort dat die normatiewe aard van die samele= wing in oënskou geneem sal word.

Die gesigshoek van waaruit die samelewing, d.w.s. alle tussenmenslike verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse in oënskou geneem word, is die Skrifmatige of die Christelike. Dit is dus die voorwetenskaplike transendente uitgangspunt waarin die rol van die Christelike lewens- en wêreldbeskou= ing as uitvloeisel van die religieuse grondmotief, in al die lewensuitinge van die mens 'n integrale en radikale karakter het. Waar die beskrywing en verklaring van die opvallend ordelike samehang van struktuur en funksies in die samelewing deel van die moeisame arbeid van die sosioloog is, wil die gelowige beoefenaar van die sosiologie bestu= deer wat die lig van Gods Woord hierop werp. Die implika= sie hiervan vir die sosiologie word deur Dengerink (1961, p.191) soos volg uitgedruk: "De positieve sociologie is in haar visie op de typische structuren der empirische samenleving afhankelijk van de wijsgerige en de laatste is afhankelijk van de religieuse grondmotief, dat haar uit=

gangspunt vormt". Hierdie uitgangspunt word vervolgens onder die soeklig geplaas om die aard van die sosiologie aan te toon en daarna dan die wysgerige ondergrond van die sosiologie in oënskou te neem.

## 5.1 Die skeppingsorde

Die implikasie van die religieuse grondmotief t.o.v. die skepping, is dat dit van 'n kosmiese orde getuig. Weliswaar is die kosmos een groot sisteem (Worsley, 1974, p.55). God is 'n God van orde en Hy wil dat alles in Sy skepping met orde sal geskied (Grosheide, 1934, p.818). Die klassiek-geworde metafoor van die verwysing na God as die "Groot Skeiding= maker" (Venter, 1969, p.16) kry juistheid wanneer die Goddelike skeppingswerk van nader betrag word. Die kosmos vertoon 'n ordelike mosaïek van skakering, nuanse en kompo= sisie, 'n sieraad uit die Hand van die Argitek van die heel= al. "Gods Schepping is één groot en rijk geheel, in volle zin een kosmos, een sieraad. Maar een kosmos met rijke zin= verscheidenheid, en in die verscheidenheid veel samehangen, door welke de eenheid bewaard wordt", (Spier, 1950, p.55). Vir die ganse kosmos geld egter die kosmiese wetsorde, d.w.s. "alle goddelijke ordinantiën, wetmatigheden en normen die hun oorsprong hebben in de souvereine wil van de grote Schepper en die gelden voor het geschapene" (Spier, 1950, p.39). Stoker (1970, p.207) wys daarop dat kosmos nie hier na sy Griekse betekenis opgeneem moet word nie, maar heenwys na die "aards geskape heelal" in onderskeiding van die "hemele met sy engele".

Die eerste groot skeiding in die kosmos is die skeiding tussen die ryk van die natuur en die ryk van die kultuur (Botha, 1974, p.1).

### 5.1.1 Die natuurryk en kultuurryk

In die kosmos ontdek Stoker (1970, p.264-265) vier tipes konkrete idiostansies, d.w.s. "dinge", te wete stof, plant, dier en mens. Elk van hierdie idiostansies kan ook 'n ryk wees: die ryk van die stof (materie), plant, dier en mens. Dit wil dus sê dat die natuurryk onderverdeel kan word in die drie ryke van stof, plant en dier, terwyl die kultuur= ryk uit die mens as idiostansie bestaan, d.w.s. die mens as aksiesentrum wat as sosiale wese die knooppunt vorm van al die samelewingskringe (sosiale sisteme en kollektiwiteite) waarvan hy lid is, m.a.w. die samelewing en kultuur.

### 5.1.2 Kosmiese dimensies

Die kosmos openbaar vier konkrete universele kante, fasette of sye of dimensies wat as toegangspoorte van die wetenskap tot die werklikheid dien (Duvenage, B., 1975, p.14). Hierdie dimensies is universeel omdat dit die radikale verskeidenheid omvat waaraan die hele kosmos deel het. Die kosmiese dimen= sies is naamlik dié van modaliteite, gebeure, individuele en sosiale strukture en die kosmiese dimensie van waardes. Hierna volg die saak oor die wysgerige ondergrond van die sosiologie as deel van die definisie van Dengerink (tevore reeds genoem), waaraan aandag gegee moet word. Let wel,

hierdie ondergrond is die wysbegeerte soos die sosioloog dit interpreteer, toepas en benut in die beoefening van sy vakwetenskap.

### 5.1.2.1 Die kosmiese dimensie van modaliteite

Dit is belangrik om ten aanvang daarop te let dat die sosio=logie slegs gebruik maak en hom bepaal by enkele hooflyne van die Wysbegeerte van die Wetsidee en die Skeppingsidee in die bepaling van die wysgerige ondergrond van die sosio=logie.

Die Wysbegeerte van die Wetsidee ontwaar 15 onherleibare en unieksoortige aspekte in die kosmos. Vir hierdie aspekte-verskeidenheid het verskillende benaminge in swang gekom. Sommiges praat van wetskringe; andere van sinsnye van die werklikheid. Die geskikste en gewenste term blyk egter *modaliteite* te wees, aangesien dit synswyses van die werk=likheid is (Kock, 1970, p.63).

Dit is belangrik om daarop te let dat die 15 modaliteite geen geslote, uitgedinkte of gekonstrueerde sisteem is nie - hulle is wel gekonstateer, d.w.s. aangewys of uitge=sorteer en is as sodanig dus deel van 'n oop sisteem. Die aspekte is ingeskape; die mens ontwaar dit slegs. Die mens lees dit as't ware af; dit is, om dit anders te stel, mee=gegee in sy naïewe ervaring. Die kosmos kan wel ryker aan aspekte wees as wat die mens tot dusver ontwaar het (Kock, 1970, p.64). Stoker (1933, p.45) meen ook dat ons nie weet

hoeveel aspekte daar is nie en dat daar ook baie meer sou kon wees.

Die modale aspek kan beskou word as die bepaalde manier of wyse waarop 'n skepsel bestaan. In elke modaliteit word 'n bepaalde faset vasgegryp (Duvenage, B., 1975, p.15). Hierna kan ook as die sinkern verwys word. In hierdie op= geslote faset of sinkern sit ook 'n funksie, naamlik van die skepsel wat aan die betrokke modale wet onderworpe is (Duvenage, B., 1975, p.15).

Die volgende is 'n opsomming van die 15 modaliteite of werk= likheidsaspekte wat deur die Wysbegeerte van die Wetsidee onderskei word. Agter elkeen word die kwalifiserende sin= kern aangedui (Kock, 1970, p.64; Kalsbeek, 1970, p.98):

1. Getal (diskrete kwantiteit of onderskeie hoeveelheid).
2. Ruimte (kontinue uitgebreidheid).
3. Die kinematiese (beweging).
4. Die fisiese (energetiese werkingswyse).
5. Die biotiese (vitale, organiese lewe).
6. Die psigiese of sensitiewe (gevoel).
7. Die logiese (analitiese onderskeidingswyse).
8. Die historiese (beheersende, vormende mag).
9. Die linguïstiese (simboliese betekening).

10. Die sosiale (omgang en verkeer).

11. Die ekonomiese (waarde-afweging, spaarsame wyse van beheer).

12. Die estetiese (skone harmonie).

13. Die juridiese (vergelding).

14. Die etiese (liefde in tydelike lewensverhoudinge).

15. Geloof (sekerheid a.g.v. gegrepenheid deur die open= baring van die Oorsprong).

Die volgorde van hierdie aspekte is van minder ingewikkeld na meer ingewikkeld. Die minder ingewikkelde wys heen na die meer ingewikkelde, terwyl die meer ingewikkelde terug= wys op die minder ingewikkelde. Sou daar byvoorbeeld na die modale aspek van lewe gekyk word, d.w.s. die biotiese, kry ons byvoorbeeld geloofslewe, etiese lewe, ekonomiese lewe ens Hierdie samehang en verskeidenheid lê ook ten grondslag van die beginsel van soewereiniteit en universaliteit in eie kring, d.w.s. elke modaliteit het sy eie onherleibare eie-aard. Die een kan nooit die ander word nie, terwyl hulle tog onderling verweefd is. Vir die kuns geld byvoorbeeld nie uitsluitlik die wette van die kuns nie. Daar is dus 'n onderlinge vervlegtheid "waardeur hulle gesamentlik 'n mag= tige argitektoniese geheel vorm waarin die wysheid van die groot Boumeester en Kunstenaar van die kosmos heerlik tot uitdrukking kom voor die oog van elkeen wat gelowig na Gods werke kyk" (Spier, 1972, p.52).

Alle skepsele is wetsonderdane of wetsubjekte. "Alle schepselen moeten aan hun Maker gehoorzamen" (Spier, 1950, p.39). Die materie is egter slegs subjek in die eerste vier modaliteite; die plant in die eerste vyf; die dier in die eerste ses en die mens in al die modaliteite (Venter, 1969, p.17-18). Slegs die mens is derhalwe subjek in die laaste nege aspekte, d.w.s. vanaf die logiese tot by die geloofsaspek. Hierdie aspekte is dus tipies menslik en hulle wette dra 'n normatiewe karakter, d.w.s. God het in elk van hierdie aspekte *beginsels* gegee, byvoorbeeld van skoonheid, reg, liefde, ens., waaromheen die mens norme verwerklik of positiveer (Heiberg, 1969, p.40). Verder mag geen van die modale aspekte verabsoluteer word nie, d.w.s. die hele werklikheid mag nie vanuit 'n enkele aspek verklaar word nie; dan ontstaan 'n eensydige "-isme", byvoorbeeld psigologisme, historisme e.d.m. (Venter, s.j., p.12).

5.1.2.2 Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture

Dooyeweerd ontwaar die sosiale as 'n modaliteit tussen die linguale en die ekonomiese. Stoker daarenteen beskou die sosiale en individuele idiostante struktuur as 'n kosmiese dimensie (Duvenage, B., 1975, p.15). Die *sosiale* is die kerngebied van studie van die sosiologie (Kooistra, 1955, p.30) en dit is vir die sosiologie die allerbelangrikste m.b.t. sy studieterrein. Wat die sosiale strukture betref, sluit dit alle vaste en losse menslike verbande in. By vaste verbande geld 'n gesagstruktuur, byvoorbeeld in die

staat of universiteit. By die losse verbande soos vriend=skapskringe ontbreek die gesagstruktuur. Verder is daar ook natuurlike verbande soos die huisgesin, wat egter ook instituêre verband is saam met die huwelik, kerk en staat (Venter, 1969, p.20). Hulle word met 'n algemeen aanvaarde begrip as *samelewingsvorme* getipeer. Die struktuur van 'n samelewingsvorm, d.w.s. die bou-orde daarvan, verleen binne die kosmiese dimensie van modaliteite 'n bepaalde eiesoortige funksie of doel daaraan - dit bepaal ook sy eie-aard volgens die beginsel van soewereiniteit in eie kring wat bepaal dat elke samelewingsvorm sy eie bepaalde lewensdoel en lewens=aktiwiteit het (Van Dijk, s.j., p.50-60). Daar is derhalwe geen sprake van oorwoekering nie; die verbande is newe=skikkend gekoördineerd en vervleg, omdat die mens van al die verbande die knooppunt vorm. So het die juridiese in die modaliteite by die staat die leidende of bestemmings=funksie; die etiese by die huwelik en gesin; die gods=dienstige by die kerk; die ekonomiese by die bedryf e.d.m. Hierdie beskouing lê die orde in die werklikheid bloot.

### 5.1.2.3 Die kosmiese dimensie van waardes

Soos in die vorige hoofstuk oor waarde as struktuurkomponent van die sosiale sisteem aangedui, is 'n waarde 'n nabepaling of kwalifikasie wat toegeken word aan 'n waardedraer, al na gelang dit aan sy struktuurwet of -norm beantwoord (Stoker, 1969, p.178-182). In die kosmiese verskeidenheid is waardes universeel, want dit tref plant, stof, dier en mens. As kosmiese dimensie deursny dit dus al die ander dimensies.

Wat die modaliteite betref: ware of valse godsdiens; reg en onreg; goeie kuns of slegte kuns. Wat die sosiale strukture betref; ware kerk of vals kerk d.w.s. ware of egte geloofsverhoudinge; egte of onegte huwelik d.w.s. ware of onegte liefdesverhoudinge. Met betrekking tot die kosmiese dimensie van gebeurtenisse: 'n handeling is goed of sleg; die opvoeding en sosialisering is geslaagd of ongeslaagd (Duvenage, B., 1975, p.21). Aangesien slegs dit wat werklik is of handel, goed of sleg kan wees, d.w.s. waardedraers kan wees, is die kosmiese dimensie van waardes gefundeer in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse (Stoker, 1969, p.178-182).

### 5.1.2.4 Die kosmiese dimensie van gebeure of gebeurtenisse

Stoker beskou gebeure ook as 'n afsonderlike kosmiese dimen=sie, terwyl Dooyeweerd dit plaas binne die modaliteit van die historiese, tussen die logiese en linguïstiese aspekte. Prosesse, handelinge en veranderinge ressorteer binne die kosmiese dimensie van gebeure wat ook al die ander dimensies deursny (Stoker, 1969, p.174). Stoker (1970, p.276) meld verder duidelik dat met dinamiek is gegee oorsaak en gevolg asook middel en doel as 'gekonkretiseer' in gebeurtenis: "Hieronder val ontstaan en vergaan, beweging en verandering, skeiding en verbinding, wording, groei en ontwikkeling, aktiwiteite, kies, handelings, opvoeding, genesing, geskiede=nis ensovoorts. Die héle kosmos - stof én plant én dier én mens - het (op diverse wyses) aan gebeurtenisse deel. Hier=mee spring *die kosmiese dimensie van gebeurtenisse* in die oog".

Binne die dimensie van die modaliteite bestaan byvoorbeeld ekonomiese tydsbenutting; die psigiese tyd van verveling e.d.m. Ten opsigte van die dimensie van sosiale strukture, is tyd vir die owerheid iets anders as vir die kerk (Duvenage, B., 1975, p.20). Waardes is ook tydgebonde. Beleënheid of veroudering gee 'n hoë waarde aan sekere soorte drank of aan sekere houtmeubelstukke, terwyl dit nie die geval is met byvoorbeeld 'n yskas waarvan die waarde afneem namate veroudering toeneem nie.

## 5.2 Die sosialiseringsgebeure binne die samelewingsorde

Uit die bostaande is dit duidelik dat die samelewingsorde as deel van die skeppingsorde binne die kultuurryk ressorteer. Dit wat hierbo gesê is, geld vir en veronderstel 'n samelewingsorde. Die samelewingsorde word belig deur die kosmiese dimensies, d.w.s. van modaliteite, sosiale strukture of verbande ook genoem samelewingsvorme, waardes en gebeure. Na sy universaliteit ontplooi die sosialiseringsgebeure binne en word omsluit deur hierdie vier kosmiese dimensies, terwyl dit egter as *gebeure* slegs grondig gekwalifiseer word as dit vanuit die kosmiese dimensie van gebeure ondersoek word. Binne die kosmiese dimensie van die modaliteite word die norme wat geld vir die godsdienstige, die etiese, die juridiese, ekonomiese, estetiese, linguale e.d.m. in en deur die sosialiseringshandeling ontsluit en maksimaal toeganklik gemaak. Vanuit die kosmiese dimensie van die idiostante sosiale strukture, vind daar opvoeding plaas in gesinsverband, skoolverband, staatsverband e.d.m. Wat die

kosmiese dimensie van waardes betref, kan afgelei word of die opvoeding eg of vals; goed of sleg is. Vanuit die kosmiese dimensie van gebeure word sosialisering gekwali= fiseer as 'n *handeling*. Die volgende kom dan in die oog: Dit is 'n puur-menslike gebeure; dit vereis minstens twee mense: 'n opvoeder wat die opvoeding gee en 'n opvoedeling wat opvoedingsbehoeftig is; dit veronderstel 'n ontmoeting; dit is geen outomatiese of outokinetiese 'proses' nie, dog 'n toerekenbare, verantwoordelike handeling; dit is 'n doelstellende gebeure en hierdie doel is nie fundamenteel primêr immanent-teleïes nie, maar transendent-teleïes "van die wieg tot die graf, maar ook vir anderkant die graf ..." (Van der Walt, 1959, p.44).

Indien, soos in die vorige paragraaf gemeld, die kosmiese dimensie van gebeure volgens Stoker, as die ekwivalent be= skou kan word van wat volgens Dooyeweerd ressorteer binne die historiese aspek van die kosmiese dimensie van modali= teite, hoef, wat die opvoedingshandeling as *gebeure* betref, daar geen spanning tussen hierdie twee sienswyses te be= staan nie, aangesien volgens Dooyeweerd tereg die aard van alle pedagogiese aktiwiteite bepaal word deur die historiese modaliteit, d.w.s. die beheersende, vormende mag (De Graaff, 1966, p.124). Enige opvoedingsaktiwiteit as synde 'n volle en integrale menslike handeling, funksioneer weliswaar in alle modale wetsfere of -kringe, dog die een, onreduseer= bare, fundamentele modale werklikheidaspek wat die aard van alle pedagogiese aktiwiteite bepaal, is die historiese mo= daliteit (De Graaff, 1966, p.123-124), waarbinne dit 'n

gebeure of handeling is, d.w.s. 'n wyse van hoe die werk=likheid ervaar word. Anders gestel, is opvoeding nie 'n oorspronklik sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese of pisteutiese aktiwiteit nie, dog is altyd gefundeer in die formatiewe aspek, d.w.s. die beheersende, kultuur=vormende mag. Opvoeding na sy breedste, waarby dus ook sosialisering inbegrepe is, is immers toekomsgerigte akti=witeit met die oog op bereiking van beskawingsmondigheid. In hierdie enorme taak van enige samelewing harmoniseer alle belanghebbende groepe, individue, instansies en sisteme tot opvoedingsinstrumentarium.

Die vrug van ons Christelike beskawingsroeping onder leiding van die Christelik-religieuse grondmotief, bied 'n ryke ver=skeidenheid samelewingsverbande of fundamentele samelewings=vorme, gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge (Spier, 1950, p.167 e.v.). Dit is die resultaat van historiese differen=siasie, individualisering en ook spesialisasie, wat meege=bring het dat sekere funksies wat vroeër deur die huisgesin vervul is, daarvan losgemaak is. Banning (1960, p.229) praat in hierdie verband van sosiale differensiasie as die oorgang van eensoortigheid na meersoortigheid. So het die kerkver=band die besondere taak van die ontsluiting en verdieping van die geloofsfunksie; die staatsverband die ontsluiting en verdieping van die juridiese funksie; die bedryf dié van die ekonomiese funksie; die skool en universiteit dié van die opvoedings- en beskawingsfunksie verkry. "Als daarom de mensen hun gesamenlijke activiteit willen ontplooien in een bepaalde richting, naar een bepaald aspect van het leven, dan kiezen zij daartoe die samenlevingsvorm, die tot dat

bepaalde levensterrein geëigend is; de kerk voor gods=dienstig leven, de staat voor de openbare orde, het bedrijf voor de behoeftevoorziening, het gezin voor het intiem ver=wantschapsleven, het huwelijk voor het sexuele liefdeleven, etc." (Van Dijk, s.j., p.60). Dit bring mee dat die same=lewingsorde oor 'n bou-orde of strukturele orde beskik, wat ook 'n normatiewe orde is, aangesien elke samelewings=vorm en -verhouding oor 'n eie struktuurprinsipe of struk=tuurnorm beskik wat daaraan 'n bepaalde soewereiniteit in eie kring verleen. Die verwerkliking van die struktuurtipes in die tydelike samelewing veronderstel funksies of aktiwi=teite of handelinge wat primêr op die voorgrond tree waarvol=gens bepaal word of 'n bepaalde maatskaplike kring of same=lewingsvorm aan sy eie aard of wese, d.w.s. sy doel volgens die struktuurnorm beantwoord (Wilson & Kolb, 1949, p.846). Anders gestel, veronderstel die samelewingsorde dus 'n funksionele of feitelike orde wat op die normatiewe of struk=turele orde gerig en daarmee in wisselwerking is. Die nor=matiewe orde druk voortdurend sy stempel af op die feitelike orde deur die toekenning van ooreenstemmende waardes binne die kosmiese dimensie van modaliteite (Van Dijk, s.j., p.58-60).

Elke samelewingsvorm het dus sy eie normatiewe struktuur, d.w.s. die beginsels wat hom laat bestaan. Hierdie beginsels stel ook aan die gesagsdraers daar die *eis* om hulle taak in *getrouheid* aan die norme van die betrokke samelewingsvorm - ook genoem groep - na te kom en ook toe te sien dat die lede

in 'n bepaalde verband of sisteem hulle verantwoordelik= hede of pligte ten opsigte daarvan nakom, m.a.w. om toe te sien dat elke individu konformeer aan die norme vir sy rol= (le) binne die sisteem (Heiberg, 1969, p.49). Die gesa= mentlike vorme van samelewing, die gesamentlike groepe/ kollektiwiteite/sisteme waaraan die mens deel het, dit is sy samelewing wat hom 'n kompleks van norme oplê waaraan hy in sy gedrag en handelinge moet konformeer. Ten einde konformering aan die samelewingsnorme so goed moontlik en met so min weerstand moontlik te laat geskied, beskik elke samelewing en elke samelewingskring, d.w.s. verband, groep of sisteem oor metodes, aktiwiteite, instellings, prose= dures en fasiliteite "om de leden ervan aan het normcomplex te gewennen, daarvoor ontvankelijk te maken kortom, om ze in de kennis van en de gehoorzaamheid aan het normencom= plex op te voeden" (Van Dijk, s.j., p.61), d.w.s. te so= sialiseer. Die wisselwerkingsproses tussen die feitelike of funksionele en die normatiewe of strukturele orde, resulteer dus in die maksimale toeganklikmaking van struk= tuurnorme in die normatiewe orde waardeur gedragspatrone genormeer word en die patroon van die bepaalde verband of sisteem insgelyks gehandhaaf word. Die sosialiseringsge= beure is die "meganisme" of "agens" in die samelewing waardeur hierdie gedrags- en struktuurpatrone gehandhaaf word (Inkeles, 1964, p.37).

Soos reeds aangetoon, is die ganse skepping - die mens ingesluit - onderworpe aan die wet van God en Hy openbaar Sy wil nie slegs in en deur Sy Woord nie, maar ook in en

deur die skeppingsorde. Net soos enige ander menslike aktiwiteit, is die opvoedingsgebeure gebonde aan die struk= turele norme wat God daarvoor neergelê het. Die struktu= rele wetsorde wat vir die ganse werklikheid geld, bestaan uit 'n ryke verskeidenheid wetskringe wat sentreer om die verskillende werklikheidsaspekte. Wat die analitiese (logiese) en die na-analitiese wette betref, word hulle van die sogenaamde natuur-sy van die werklikheid onderskei deurdat laasgenoemde realiseer in die feite sonder menslike intervensie, terwyl eersgenoemde vra na menslike erkenning en konkretisering. "To function as they ought these 'norm' laws must be recognised and given positive form by man ... they must be given specific form in keeping with the cultural situation and historical development" (De Graaff, 1966, p.115). Hierdie "norm"-wette dien slegs as indika= tore of aanduiders wat verdere partikularisering vereis. "The 'norm' laws are only given as directives, which require particularization ('positivation') into positive norms" (De Graaff, 1966, p.115). Die ontsluiting en toeganklik= making van die norme wat vir die opvoeding geld is dus wesensdeel van die opvoedingsgebeure. Ten einde insig te verkry in alle vorme van opvoeding, d.w.s. waarby sosiali= sering inbegrepe is, "... we must turn to the educational process itself and seek to discover the *norms* that govern this process" en verder "... man is called to discover and evaluate, judge and choose, develop and give form. Such is his calling: to respond to his Creator, serving Him wholeheartedly in obedience to His divine will for the benefit of mankind" (De Graaff, 1966, p.114-115).

Mense fungeer in elk van die samelewingsvorme en -verhoudinge, huisgesin, skool, staat, bedryf, kerk, tipies ooreenkomstig die normatiewe aard daarvan. Vandaar dat ons dieselfde mense op verskillende wyses aanspreek; dit hang saam met die status wat 'n persoon in elke verband beklee: as burger, kind, skolier, lidmaat, werknemer ens. Die mens mag egter nie opgaan in één bepaalde verband nie. Die verskillende samelewingsvorme en -verbande staan nie onder of bo mekaar nie, maar naas mekaar; elkeen is soewerein in eie kring en daarom dra ook die gesag in elk van die samelewingsvorme 'n eiesoortige karakter, d.w.s. in ooreenstemming met sy eiesoortige struktuur en wesensaard. Die gesag wat die owerheid byvoorbeeld uitoefen, is wesenlik iets anders as die gesag waarmee 'n kerkraad beklee is en albei verskil weer van die ouerlike tug in die gesinsverband (Venter, 1969, p.20-21).

## 5.3 Sosialisering binne 'n spesifieke samelewing of gemeenskap

Opvoeding en dus ook sosialisering vind nooit diskreet in die abstrakte plaas nie. Dit vind binne 'n bepaalde reli=gieuse gemeenskap, in 'n bepaalde volk of beskawing en in een of ander samelewingsvorm en in die vrye maatskapsver=houdinge plaas (Heiberg, 1969, p.49). Dit is waarna voor=heen verwys is as die gepatroneerdheid van sosialisering (Johnson, 1971, p.112). Indien, soos hierbo uiteengesit, sosialisering slegs grondig gekwalifiseer kan word wanneer dit volgens Dooyeweerd binne die historiese aspek van die

kosmiese modaliteite ressorteer of wanneer dit volgens Stoker as gebeure of handeling ressorteer binne die kos= miese dimensie van die gebeure, vloei immers logies hieruit voort dat dit as handeling ook onderwerp behoort te word aan die kenmerke of vereistes wat volgens Parsons daarvoor geld. Op hierdie viertal kenmerke is in die vorige hoof= stuk reeds gewys; gevolglik word dit slegs hier vermeld ter ondersteuning van die aanvanklike uitspraak hierbo, naamlik dat sosialisering as gebeure of handeling nie dis= kreet of ongepatroneerd in die abstrakte plaasvind nie (Parsons, 1967, p.7). Volgens Parsons (Joubert & Steyn, 1971, p.272; Cohen, 1968, p.96) beskik sosiale handeling oor die volgende kenmerke: Dit is situatief, m.a.w. dit hou verband met 'n bepaalde situasie waarbinne dit uitgevoer word; dit is gemotiveerd, d.w.s. dit hou verband met bepaal= de behoeftegesteldhede; dit is doelgerig, waarby ingesluit is sekere kognitiewe of kennisaspekte en laastens is alle sosiale handelinge normatief gereguleerd. Indien die so= sialiseringsgebeure as sosiale handeling of aktiwiteit mank gaan aan hierdie vereistes, kan met reg beweer word dat dit lukraak en diskreet plaasvind met fragmentering in plaas van konsolidering die onvermydelike gevolg.

'n Opvoeder wat uit voeling is met die sedes, godsdiens, ideale en aspirasies van 'n gemeenskap of volk, kan nie sy hele taak t.o.v. opvoeding volbring nie. "Daar word tereg gesê dat die opvoeding van 'n Christelike volk Chris= telik en, in die breë sin van die woord, nasionaal moet wees" (Taute, 1955, p.18-19).

Daar is ook reeds melding gemaak van Durkheim (1956, p.31) se uitspraak dat "... education ... puts the child in contact with a given society, and not with society in general". Dit gaan dus om 'n begrensing van die begrip samelewing - 'n begrensing volgens die normatiewe aard daarvan, waarby 'n besondere lewensbeskouing en kultuur geïntegreer is, waarmee 'n spesifiekheid of bepaaldheid bedoel word. Waterink (1958, p.528) meen ook tereg dat 'n duideliker kwalifisering of presisering van die begrip gemeenskap of samelewing in hierdie opsig nodig is:

"Maar wanneer ik het woord 'gemeenschap' neem in de alge= mene zin van de mensheid, dan is het enige wat gemeen is aan alle leden van de gemeenschap dit, dat zij mensen zijn. In deze zin is het woord 'gemeenschap' eigenlijk ontdaan van zijn specifieke betekenis. Men zegt met 'gemeenschap' in dit geval niets anders dan: de totaliteit van de mensheid. Deze vorm van gemeenschap kan in de praktijk als 'gemeenschap' trouwens nooit worden gerealiseerd. Men kan niet iets anders dan alleen het 'mens zijn' met alle mensen gemeen hebben".

Die samelewing is derhalwe te algemeen en omvattend, té kosmopolitaans of pluralisties en diffuus, gaan té mank aan spesifiekheid om die individu d.m.v. opvoeding en sosiali= sering volkome daarin in te lyf. Die veelheid en uiteen= lopendheid van lewens- en wêreldbeskouings wat telkens as die vrug van 'n bepaalde religieuse grondmotief binne

spesifieke gemeenskappe na gees en inhoud die opvoeding daarbinne rig, lei en bepaal ooreenkomstig die daarbinne geïnstitusionaliseerde en geldende norme en waardes, maak dit, met die uitsondering van die internalisering en aan= leer van enkele breë, algemene, min of meer universeel-geldende gedragspatrone, onmoontlik om 'n persoon binne 'n bepaalde gemeenskap waarvan hy lid is, lewensbeskoulik toe te rus tot aanvaarding deur die mensheid as geheel en die konformering aan norme wat universeel geld. Trouens, die primêre sosiale norme van 'n bepaalde gemeenskap, kan nie universeel binne 'n plurale, kollektiewe, heterogene samelewing geld nie. Dit sou slegs kon realiseer indien die ingeskape of ingelegde samelewingsverskeidenheid plek sou kon maak vir 'n in alle opsigte homogene wêreldgemeen= skap met een gemeenskaplike wêreldkultuur, godsdiens, waardesisteem ens. Nie slegs word die moontlikheid van die bestaan van 'n wêreldkultuur en van die nivellering van alle bestaande gemeenskapskulture uiters gering geskat indien nie heeltemal verwerp nie (Roode, 1970, p.47), dog druis dit ook in teen die Bybelse erkenning en oproep tot handhawing van die verskeidenheidsbeginsel wat ten grond= slag lê van die dinamiese aard van die samelewing.

Die implikasie betreffende die sosialiseringsgebeure is derhalwe voor-die-hand-liggend: Sosialisering vind univer= seel plaas oral waar daar mense is, d.w.s. in die mensheid, maar nie primêr vir die mensheid nie. Dit is gemeenskaps- en volksgebonde waardeur dit van gemeenskap tot gemeenskap

verskil volgens die religieuse en nasionale norme en le=
wens- en wêreldbeskouinge. Ottaway (1964, p.1) onderskryf
hierdie siening soos volg: "Education is an activity
which goes on in a society, and its aims and methods depend
on the nature of the society in which it takes place",
terwyl hy daarop wys dat dit t.o.v. opvoeding noodsaaklik
is om te onderskei tussen "society" en "a society", d.w.s.
tussen die samelewing wat heenwys na die mensheid en 'n
spesifieke samelewing of gemeenskap binne die mensheid.
"A society is a kind of community (or a part of a commu=
nity), whose members have become socially conscious of
their mode of life, and are united by a common set of aims
and values" (Ottaway, 1964, p.2-3). Sosialisering is dus
die gebeure waardeur mense die waarde van *hulle* kulture
internaliseer; gevolglik sal elke kultuur en sub-kultuur
'n poging aanwend om die kinders in *sy eie* patroon te
sosialiseer (Stewart & Glynn, 1971, p.67).

In 'n kommunistiese gemeenskap vind opvoeding en sosialise=
ring plaas ooreenkomstig die norme, kultuur, waardes en
lewensbeskouing van die kommunistiese ideologie. Die ver=
trekpunt in hierdie navorsing is egter die Christelike,
die Skrifmatige, wat alle ander, d.w.s. nie-Skrifmatige
standpunte, verwerp as vals en onwaar. Met samelewing word
in hierdie verband dan ook die juiste, verskraalde en ge=
presiseerde Christelike samelewing bedoel. Die Christen-
gelowige is van oortuiging dat slegs Christelike opvoeding
ware opvoeding is en dit kan slegs realiseer binne 'n
Christelike samelewing waarin in die laaste instansie die

norm Jesus Christus as Koning erken word (Van den Berg, 1973, p.60). De Jong (1969, p.119) stel hierdie feit in ondubbelsinnige taal soos volg:

"Any education which is not Christian, is not education ... All education, then, is religious ... And any form of educa= tion in which Christ is not acknowledged as King, is ulti= mately Satanic, *anti*-Christianity". As hier dus gespreek word van die samelewing, het ons die begrensde Christelike same= lewing in die oog, bevattende daardie spesifiekheid wat Wa= terink (1958, p.528) "iets gemeens, iets gemeensaams" noem. Die sosialiseringsgebeure vind binne hierdie samelewing plaas ooreenkomstig die geldende norme en met die oog op die Hier= namaals.

Binne 'n spesifieke samelewing of gemeenskap vind die so= sialiseringsgebeure dus as funksionele sub-sisteem van daardie samelewing primêr in die strukturele sub-sisteme of samelewingsverbande plaas, afgesien van in die vrye maatskapsverhoudinge soos vriendskapsverhoudinge. In 'n Christelike samelewing spreek dit vanself dat slegs 'n Christelike huisgesin, Christelike skool, Christelike uni= versiteit, Christelike staat, Christelike kerk e.d.m. hier= aan reg kan laat geskied. Die kind is immers gesinskind, dooplidmaat, jong staatsburger ens. Hy neem egter ook deel aan die vrye verenigingslewe, sport en ontspanning. Van alle kante gaan daar opvoedende leiding uit. Daarom is dit so noodsaaklik dat die samelewing, d.w.s. die verskillende ver= bande asmede die vrye verhoudinge Christelik sal wees, om sô gesamentlik en afsonderlik die jongmens op te voed tot Chris= telike beskawingsmondigheid tot instandhouding van die Afri=

kaans-Christelike beskawing. Dit is ons Christelike roeping (Heiberg, 1969, p.50-51). Van der Walt (1959, p.250) sonder veral, wat die verbande of sisteme betref, die huisgesin, kerk en skool in hierdie opsig uit: "In die strukturele or= de van die menslike samelewing, waarby ook die maatskapsver= houdinge ingesluit is, hou veral drie samelewingstrukture, naamlik die huisgesin, die kerk en veral die skool, hulle besig met die opvoedende werksaamheid ..." Daarom sal die taak van hierdie drie strukture as sosiale sub-sisteme t.o.v. die sosialiseringsgebeure, in die volgende hoofstukke af= sonderlik uiteengesit word.

Die feit dat die doopbelofte deur die ouers gedoen word, impliseer hoegenaamd nie dat slegs die huisgesin 'n taak t.o.v. Christelike opvoeding en onderwys het nie. Danziger (1970, p.18) is baie duidelik hieroor: "Nothing could be more misleading than to treat the socialization of the child as though it were simply a family process". Dit geld ook uiteraard vir die wyer sosialiserende taak en aktiwi= teit. Schaefer (1974, p.243) stel dit onomwonde: "While the family begins the task of cultural transmission, it does not have the monopoly on this primary function" en wys voorts daarop dat "even in nonliterate societies ... the task of cultural transmission is not left entirely to the family". Trouens, die doopbelofte bind die ouers ook om toe te sien om hulle kinders in die Christelike leer te *laat* onderrig. Hiertoe is alle verbande gesamentlik en afsonder= lik geroepe. Die kind op wie die doopbelofte betrekking het, leef in elke verband as Verbondskind, dit is "coram Deo", voor die aangesig van God. Vir die konsekwente reformato= riese Christendom is dit die kwintessens: Daar is geen

enkele lewensterrein waar God nie die gânse mens vir Hom opeis nie (Heiberg, 1969, p.50). Scholtz (1973, p.37-38) wys in hierdie verband daarop dat die ouers, onderwysers, kerklidmate en staatsburgers almal deelgenote van die na=sionale gemeenskap is, asook die vertolkers en handhawers van die volksgewoontes en van die sedelike waardes van die nasionale gemeenskap en die godsdiens. In hierdie opsig moet hulle toesien dat die algemene lewensomstandighede en -milieu van die gemeenskap op so 'n peil gehandhaaf word dat dit die ontwikkelingsgang van die kind sal begunstig en nie benadeel nie. Ook die openbare mening kan hierby nie uitgeskakel word nie; dit oefen altyd 'n positiewe of ne=gatiewe invloed uit.

De Graaff, (1966, p.132) wys duidelik daarop dat die lei=dende funksies van daardie sosiale sub-sisteme in die same=lewing wat spesifiek met opvoeding gemoeid is, slegs na behore kan realiseer indien hulle relasioneel tot alle ander sub-sisteme wat slegs indirek 'n opvoedingstaak het, afson=derlik en gesamentlik die gemeenskaplike doel van die op=voeding en onderwys nastreef, aangesien "we never merely form, but we always form *unto*; our forming always has a specific aim" (De Graaff, 1966, p.132). Nie slegs die Christen nie, maar enige persoon wat as roeping of deel van sy roeping het om formatiewe krag uit te oefen oor die in=dividuele ontwikkeling van mense se lewens, moet eerste van alles besluit op 'n rigting wat hy hiermee gaan inslaan en moet hiervoor 'n bepaalde einddoel kies. Die geloofsoor=tuiging van die opvoeder, waartoe hy homself verbind het, bepaal die doel van sy opvoeding. "It should be evident that the Christian pedagogue can accept no other norm for

his faith than the Word of God, for it is only the divine Wordrevelation that reveals the true meaning of life, and, consequently, the final aim of all nurture" (De Graaff, 1966, p.129). Dit is dus die einddoel van die lewe, naamlik kennis, diens en eer van God, wat inhoud verleen aan alle vorme en wyses van opvoeding en onderwys. Hiermee is meteen die omvang duidelik van die dringende appèl wat as nood=saaklike konsekwensie van ons Christelike geloofsoortuiging uitgaan na alle individue en instansies wat opvoeding en onderwys ten taak het in ons Christelike samelewing.

Ten slotte ontstaan die vraag op welke wyse of d.m.v. welke prosesse die sosialiseringsgebeure sig binne die ordelike samelewing manifesteer. Hierop word vervolgens kortliks gewys.

## 6. DIE BYDRAE VAN ENKELE SOSIALE PROSESSE TOT DIE ONT=PLOOIING VAN DIE SOSIALISERINGSGEBEURE IN DIE SAME=LEWING

In die samelewing is sosiale prosesse universeel voortdurend werksaam om die een of ander kennisbydrae te lewer waarop die sosialiseringsgebeure gebaseer is. Sonder om op volle=dige besonderhede in te gaan, word die volgende sosiale prosesse in hierdie verband uitgesonder:

### 6.1 Wisselwerking of interaksie

Die proses waarin sosiale handelinge gerig is op en beant=woord word deur ander, word genoem die proses van interaksie

of wisselwerking en in enige sosiale sisteem of kollektiwi=teit staan die wisselwerkingsproses sentraal (Cilliers & Joubert, 1968, p.22). Hierdie feit word onder andere geïllustreer in die volgende omskrywing wat Sorokin (1947, P.40) van wisselwerking of interaksie gee: "... any event by which one party tangibly influences the overt actions or the state of mind of the other". Wisselwerking is dus 'n wederkerige sosiale handelingsgebeure tussen partye wat individue en/of groepe kan wees. Dit is voorts hieruit duidelik dat wisselwerking as sosiale handeling nie nood=wendig slegs uiterlike fisiese waarneembare aktiwiteite hoef te wees nie, maar ook (en dikwels veral) nie uiterlik waarneembare geestesaktiwiteit.

Op die kenmerke van sosiale handeling, naamlik dat dit gerig is op ander mense, situatief, gemotiveerd, doelgerig en normatief gereguleerd is, is in die vorige hoofstuk reeds gewys. So ook is alle vorme van leiding wat mense aan mense en kinders gee - dit is vorme van onderwys, as deel van die opvoeding en sosialisering gebaseer op die sosiale proses van wisselwerking, waarsonder dit nie kan realiseer nie. "Nurturing involves dynamic pedagogical interaction between two or more people, in which the exertion of formative power results in a genuine change of action" (De Graaff, 1966, p.127), en verder "education requires *pedagogical inter=course* or communion during which a genuine exchange can take place" (De Graaff, 1966, p.128). Parsons (1967, p.209) onderstreep die belangrikheid van onderlinge wisselwerking as voorwaarde vir die doeltreffende verloop van die sosia=

liseringsgebeure soos volg: "It is only when this mutuality of interaction has been established that we may speak of the socialization process". Hieruit is dit duidelik dat slegs intieme wisselwerking tussen opvoeder en opvoedeling, tussen onderwerp en voorwerp van die sosialiseringsakti=witeite, waardeur weerstande afgebreek en vertroue gewek word, doeltreffende opvoeding kan verseker.

Die konsekwensies van bogenoemde vir die sosialiserings=gebeure is voor-die-hand-liggend. Merrill & Eldredge (1952, p.486) maak daar ook geen geheim van nie: "Perso=nality is formed in the process of social interaction". Hulle wys voorts daarop dat sosiale wisselwerking nie slegs 'n fenomenale rol speel by persoonlikheidsvorming nie, dog beklemtoon dat dit veral die kommunikatiewe aspek van so=siale handeling is wat mense leer om hulle geestelik in die plek van andere te plaas, d.w.s. om sosiale rolle aan te leer. John Dewey (1916, p.5) het reeds gewys op die voor=keurrol wat kommunikasie in die wisselwerkingsproses speel: "Society not only continues to exist *by* transmission, *by* communication, but it may fairly be said to exist *in* transmission, *in* communication ..." Oordrag deur kommu=nikasie, waarmee nie slegs verbale kommunikasie bedoel word nie, is derhalwe 'n belangrike faset van sosiale wissel=werking, terwyl dit insgelyks die basis vorm vir alle vorme van opvoeding, onderwys, onderrig en sosialisering. Park & Burgess (1924, p.341) sluit hulle soos volg aan by die hoë ag wat in die sosiologie geslaan word op die rol van sosiale wisselwerking: "Society thus exists only when large numbers

of persons are interacting; the limits of society are marked by the limits of social interaction".

Om weer aan te sluit by Merrill & Eldredge (1952, p.486) se beklemtoning van die bydrae wat die interaksieproses lewer tot die ontsluiting en besetting van sosiale rolle in enige sosiale sisteem, is dit vanselfsprekend dat die wis= selwerkingsproses veral aan die hand van sy kommunikatiewe faset 'n belangrike bydrae lewer tot die skep van onder= linge en wedersydse begrip by interaktiewe persone en groepe. In die ontwikkeling van sosiologiese teorieë aan die einde van die vorige en begin van hierdie eeu, het die hele aangeleentheid van die skep van wedersydse begrip, prominente aandag geniet, veral binne die metodologiese uitgangspunte van Charles H. Cooley (1864-1929) en Max Weber (1864-1920). Wat Cooley betref, poneer hy dat in= voeling (empathy) noodsaaklik is in enige sosiologiese onder= soek, hoofsaaklik a.g.v. die bydrae wat dit lewer tot "sym= pathetic understanding" (Timasheff, 1967, p.149).

Max Weber se beskouinge sluit by dié van Cooley aan in soverre dat hy onderlinge begrip koppel aan die subjektiewe intensies of betekenisse van sosiale handelinge. Die paral= lel met Cooley se beskouinge kom duidelik tot uiting in Weber se "understanding on the level of meaning" (Timasheff, 1967, p.167). Begrip word geskep deurdat een persoon 'n ander se handelinge begryp op grond van die subjektiewe betekenis wat hy daaraan heg, d.w.s. deur hom posisioneel

te verplaas in die plek van die handelende persoon. Hier=deur kom 'n mens agter die motief vir en intensies van 'n ander se handeling en selfs al sou dit 'n irrasionele hande=ling wees, kan die ander dit begryp en verklaar deur middel van "sympathetic participation" en invoeling. Kerckhoff (1972, p.57) verwys na hierdie eienskap van invoeling as *sosiale sensitiwiteit*, waarmee eenvoudig bedoel word die moontlikheid en neiging om die rol te neem van 'n ander in sosiale wisselwerking. Dit vereis 'n kognitiewe beeld van die self en die ander ten einde 'n rol te kan neem en 'n rol te kan speel. Die neem van die rol van 'n ander, sowel as die speel van die eie rol, is in die sosialiseringsge=beure dus 'n tweelingproses waardeur rolle aangeleer word. Dit is voorts belangrik om daarop te let dat veral t.o.v. die sosialisering van die kind, dit in en deur die prosesse van wisselwerking met sy sosiale omgewing is dat hy sy self-beeld ontwikkel en waarvan die inhoud onder andere insluit die self-evaluering van potensiaal en "achievement motiva=tion" (Kerckhoff, 1972, p.56-57).

Die wisselwerkingsproses tussen individue en groepe ontplooi in terme van 'n aantal basiese prosesse, of soos wat Merrill & Eldredge (1952, p.485) dit stel: "Social interaction refers to the contacts between socialized human beings, and social process refers to the forms that these contacts take". Op hierdie vyftal basiese wisselwerkingsprosesse of vorme van wisselwerking, word nie in besonderhede ingegaan nie, dog hulle word slegs kortliks genoem aan die hand van Cuber (1959, p.611-634) en Merrill & Eldredge (1952, p.485-

§11), waarvan ook Roode (1974, p.119-121) 'n beknopte weer=gawe gee:

Eerstens is daar kompetisie wat persoonlik of onpersoonlik kan wees, asook absoluut of relatief (Roode, 1970, p.102). Tweedens bestaan daar samewerking as vorm van wisselwerking. Dit is soms die resultaat van kompetisie, terwyl aspekte soos lojaliteit, gemeenskaplike bedreiging, afhanklikheid e.d.m. as motiveringselemente dien. Derdens is daar kon=flik, wat 'n voordelige sowel as afbrekende invloed vir die groep of die individu kan hê. Alhoewel nou verwant aan kompetisie, is dit meer intens. Vierdens bestaan daar ak=kommodasie as vorm van wisselwerking, wat neerkom op die inhibering van verskille met die oog op samewerking op sekere terreine. Laastens word assimilasie genoem waar=deur kulturele verskille daartoe geneig is om te verdwyn (Roode, 1970, p.104).

Die mens as sosiale wese is as aksiesentrum in enige sosiale sisteem en in die samelewing onderwerp sowel as voorwerp van beïnvloeding en dus ook van opvoeding. Die mens se verblyf in die wêreld is immers 'n aktiewe verblyf. Daarom is die mens altyd gesitueerd; hy is as relasionele wese inten=sioneel betrokke by sy omgewing. Die menslike eksistensie beteken 'n *in-die-wêreld-wees* as geskapene, geroepene en in Christus verloste om die sin wat God in die werklikheid gelê het, te ontdek. Die mens is dus nie soos 'n klip in die wêreld of soos 'n sigaar in 'n kissie nie. Dit sou 'n mis=kenning van sy eksistensie en 'n negering van sy geestelik=

heid en geroepenheid wees. Die wêreld waarin die mens woon, is 'n tydelike tuiste vir hom. "In-die-wêreld-wees, dit bewoon, tuis wees daarin, impliseer dus meer as net objek wees daarin. Dit impliseer onder andere in die wêreld ge=bore wees, hier liefdevol versorg wees, hier liggaamlik en psigies-geestelik tot persoonwording gekom het, hier opge=voed wees, hier besig te wees, ensovoorts" (Nel, 1969, p.49). Kragtens sy geskapenheid, geroepenheid en verlossing, is die mens in gesprek, in 'n dialoog met sy wêreld. Slegs so kan die mens uitvoering gee aan sy kultuuropdrag. Dit kan nie realiseer deur geslotenheid en afsydigheid en afgetrokken=heid nie, maar deur 'n openheid en 'n oop ingesteldheid jeens die wêreld. Wisselwerking is derhalwe 'n noodsaaklike en natuurlike produk van menslike assosiasies en verhoudinge (Kinneman, 1932, p.27). Die bostaande wil egter nie sê dat die Christen hom totaal versoen met die wêreld nie; die Christen het 'n reformatoriese roeping tot roepingsvervul=ling in die wêreld.

Ten opsigte van die posisie van die individu in die samele=wing sê Park (s.j., p.111) in hierdie verband: "Such an individual is an interacting member of the social order". Die mens staan nie passief teenoor sy sosiale omgewing nie en indien hierby in ag geneem word dat alle menslike kontak=te dele uitmaak van die opvoedingshandeling in sosiologiese konteks (Hayes, 1928, p.652), spreek dit vanself dat sosia=lisering en opvoeding die inhoud- en rigtinggewing aan die sosiale prosesse van wisselwerking is.

Dit is derhalwe duidelik dat die ganse opvoedings- en so=sialiseringsgebeure bewerkstellig word deur en vergestalt word binne die sosiale prosesse van wisselwerking.

Veral is t.o.v. sosialisering samewerking as vorm van wis=selwerking van belang. In die opvoedingsgebeure as sosiale gebeure (Durkheim, 1956, p.31), vereis die bereiking van gemeenskaplike doelstellings immers samewerking - nie slegs tussen opvoeder en opvoedeling nie, maar ook tussen opvoe=ders en opvoedingsinstansies onderling. Die opvoedingsak=tiwiteit tussen opvoeder en opvoedeling word as wisselwer=kingsproses gekoester binne en gebaseer op wedersydse same=werking. Indien enige van die partye samewerking sou weier, ly die opvoeding vanselfsprekend skipbreuk.

## 6.2 Die sosiale proses van verandering

Vroeër in hierdie hoofstuk is reeds gewys op die uitdagings wat sosiale verandering aan die opvoeding en sosialisering stel. Aanvullend daartoe word die volgende fasette kortliks toegelig aan die hand van Wirth (1951, p.199) se definisie van sosiale verandering wanneer hy die invloed daarvan analities beskou: "Social change and social disorganization, or the study of the broad transformations going on in so=ciety, the manner in which they affect institutions, atti=tudes, ideas and behaviour, and the problem situations which man confront". Merrill & Eldredge (1952, p.3) het reeds meer as twee dekades gelede die fenomenale betekenis van sosiale verandering soos volg uitgedruk: "The world is

changing. We live in a world in which change has become the rule, rather than the exception. Instability is more common than stability in the family, the church, the state, and the school". Hierby moet in ag geneem word dat die tempo van verandering op alle terreine van die lewe sedert=dien hand oor hand toegeneem het.

Die verskynsel van sosiale verandering in die sosiologie onderstreep dan ook die dinamiese aard daarvan en kan met reg die polsslag van die samelewing genoem word en die mense en instansies wat hulle vingers op die pols moet hou, is by uitstek diegene wat gemoeid is met sosialisering en op=voeding. In hierdie opsig bevind hulle hul in die voorste linie wat die massas moet voorberei om die felste aanslae van verandering te akkommodeer. Die geweldige tempo waar=teen die stroom van verandering in die huidige ekonomiese en tegnologiese masjieneeu van snelle verstedeliking, industri=alisasie en massifikasie voortstu, verloop nie sonder trauma nie en die samelewing met sy instellings word daagliks voor die uitdaging gestel van die skep van meganismes en metodes van beheer, kontrole en aanpassing. Tereg merk Merrill & Eldredge (1952, p.517) in hierdie verband op: "Social problems are the result of social change and cultural lag", en voeg dan by dat sosiale probleme 'n refleksie is van die verskil in tempo van verandering tussen die elemente van die samelewing, hoofsaaklik tussen sosiale gedrag en die waardes en norme wat dit definieer. Die samelewing plaas 'n hoë premie op die mate van sukses waarmee verandering ontwik=keling en vooruitgang meebring sonder dat beproefde norme

en waardes in ruil aangebied word. Indien byvoorbeeld maatskaplike patologiese toestande soos gesinsverbrokkeling, dwelmmiddelverslawing, vereensaming en selfmoord die tol is wat deur sogenaamde vooruitgang geëis word, dan wonder 'n mens of dit nie 'n té hoë prys is nie.

Die uitkringende effekte van verandering dring met ontse= nuende gevolge deur tot in die mees basiese menslike gedrag en verhoudinge en eventueel maak dit 'n dringende appèl tot gekoördineerde spanwerk deur alle sosialiserende instansies en individue om die aanvegtende stroom van verandering te trotseer, te kanaliseer en die mens op te voed en voor te berei om dit te assimileer en verwerk en nog staande te bly. Hierdie gedagte word treffend deur Dent (1945, p.235) uitge= druk: "When the great institutions of society begin to work together towards a common end, then at last we are on the road to the ideal of a society which is educative in all its parts and aspects". In hierdie opsig plaas die graad van sukses dus 'n hoë premie op die mate van same= werking. Scholtz (1973, p.36-37) betreur dit tereg dat die gemeenskap nog nooit tot orde geroep is of op georganiseerde wyse voorgelig is t.o.v. sy verantwoordelikheid nie en wys vervolgens op die onontbeerlikheid van die volksopvoeding. Dit verg 'n soepelheid en dinamiek van die samelewingsis= teem vir die effektiewe toerusting en weerbaarmaking van sy lede. Sisteemsosiologies beteken dit dat die samelewing as sosiale sisteem veral op adaptiewe funksionele vlak ef= fektiewe fasiliteite moet mobiliseer om die ingrypende uit= werking van verandering te akkommodeer. Kortom, "Man must

learn, in short, to control the society he has created" (Merrill & Eldredge, 1952, p.3). Met die toerusting van kennis wat die ruimere sosiologiese beskouing oor onderwys en opvoeding bied, d.w.s. met sosialisering, en as die samelewing dit geleer en bemeester het, kan die mense van die samelewing dit met sy groepe, sy kultuur, sy gedrag, sy verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op 'n gesonde wyse beheers en kontroleer.

Aangesien sosiale verandering egter universeel in die same=lewing afspeel, ontmoet dit die sosialiseringsgebeure op alle fronte en lewensterreine van die volkslewe: die op=voedkundige, ekonomiese, estetiese, juridiese, kulturele, etiese, religieuse e.d.m. Derhalwe is sosiale verandering 'n verskynsel wat, siende dat dit veral 'n appèl maak op die opvoedkundige sub-sisteem van die samelewingstruktuur, inter-funksioneel die hoof gebied moet word, aangesien dit ook universeel al die funksionele probleemareas van die samelewingsisteem deursny.

Vanweë die wye trefkrag van die begrip kultuur egter, wat in meer as een opsig in der waarheid as seismograaf dien waarop onder andere die skokke van verandering geregistreer word, moet ten slotte ook op die sosiale proses van kul=tuurvorming gewys word ten einde die prentjie oor sosiali=sering te voltooi. Soos aangetoon sal word, is kultuur=vorming 'n belangrike wisselwerkingsproses waardeur die sosialiseringsgebeure ontplooi. Parsons (1967, p.490) wys in hierdie verband soos volg op kultuurontwikkeling as

kousale faktor in sosiale verandering: "... *process of change* in the social system is exclusively determined by its culture and the configurational process of culture development". Daar is ook byvoorbeeld reeds op gewys dat sosialisering as leerhandeling in hoofsaak die aanleer van sosiale of kulturele rolle, rolinhoude en -oriëntasies behels. Waar die rolle en rolverwagtings normatief binne die kultuur van 'n gemeenskap geïnstitusionaliseer of voor= af uitgestippel is, of soos Ruddock (1971, p.25) dit stel: "... dat de rol de schakel is tussen persoonlijkheid en cultuur", spreek dit vanself dat 'n *sosiologiese kultuurbe= skouing* nodig is wanneer oor sosialisering besin word.

## 6.3 Die sosiale proses van kultuurvorming

Aangesien kultuur 'n poli-semantiese of meerduidige begrip is waarmee populêr sowel as interdissiplinêr geopereer word en waaraan gevolglik multi-kontekstuele konnotasies geheg word, is dit vooraf nodig om tot klaarheid te kom oor die betekenisonderskeiding(s) wat binne sosiologiese konteks ter sake is. Die betrekking van 'n sosiologiese kultuurbe= skouing by hierdie tema verg weinig indien enige betoog, aangesien daar by meer as een geleentheid reeds op gewys is dat Parsons se omvattende sosiale handelingsteorie waarom hierdie navorsing geweef is, opgebou is uit drie sisteme, naamlik die sosiale sisteem, die persoonlikheidsisteem en die kultuursisteem (Parsons, 1967, p.6). Sonder die kul= tuursisteem en die persoonlikheidsisteem kan daar ook van die sosiale sisteem geen sprake wees nie, aangesien die drie sisteme komplementêr tot mekaar staan en funksioneer.

Die belangrikheid wat 'n sosiologiese kultuurbeskouing besonderlik met die oog op die sosialiseringsgebeure inhou, word duidelik geïllustreer in Hobbs & Blank (1975) se ver= wysings daarna as "learned ways of behaving" (p.83); "a design for living" (p.85) en "the fabric of human society" (p.109).

### 6.3.1 Wat is kultuur?

Daar bestaan vele misvattinge en 'n groot mate van wanbegrip t.o.v. die betekenis van kultuur. Veral in die populêre gebruik van die begrip deur leke en nie-sosioloë, word die term kultuur dikwels gebruik om na die fynere gedrag of ma= niere van 'n persoon te verwys, of word dit in verband ge= bring met die sogenaamde hoëre vorme van samelewingspres= tasies soos die skilder- en beeldhoukuns, letterkunde, musiek e.d.m. (Chitamber, 1973, p.99).

Dit is stellig sô dat sommige kultuurfasette meer glansend op die oppervlakte lê, soos kuns, literatuur, wetenskap, tegniek e.d.m., dog ander lê dieper en is minder sigbaar, dog nie as gevolg daarvan minder belangrik nie.

Ten einde tot 'n sosiologiese presisering van die begrip kultuur te kom, is dit wenslik om vooraf enkele definisies en omskrywings onder die oog te neem, waarna die belang= rikste kenmerke en komponente uitgelig kan word.

Tylor (1924, p.1) se geykte definisie van kultuur lui: "... that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society". Hierdie definisie beklemtoon dat kultuur binne en deur die samele= wing tot manifestasie kom.

Folsom (1928, p.15) omskryf kultuur soos volg: "Culture is the sum total of all that is artificial. It is the com= plete outfit of tools and habits of living, which are in= vented by man and then passed on from one generation to another". Die belangrike kenmerk van kultuur, naamlik dat dit van geslag tot geslag oorgedra word, word deur hierdie definisie beklemtoon.

Bogardus (1932, p.68) se omskrywing van kultuur lui: "... the sum total of the ways of thinking and doing, past and present, of a social group. It is an integration of the traditions or handed-down beliefs and of customs or handed-down procedures ... Culture is human nature expressed ob= jectively. Culture is the value counterparts (objective) of human attitudes (subjective). It is composed of all the material and spiritual products of common human activities in terms of languages, artifacts, ideas and techniques". Twee belangrike aspekte word deur hierdie definisie bloot= gelê: Eerstens behoort kultuur hiervolgens nie slegs tot die verlede dinge nie, maar omsluit dit ook die hede en tweedens word daarop gewys dat kultuur die materiële sowel

as die nie-materiële skeppings van die mens insluit. Dit is dan ook veral die "spiritual products of common human activities" wat as kultuur vir die sosiologie ter sake is.

Sorokin (1962, p.2) gee die volgende kernagtige omskrywing van kultuur: "... in the broadest sense it may mean the sum total of everything which is created or modified by the conscious or unconscious activity of two or more individuals interacting with one another or conditioning one other's behaviour". Uit hierdie definisie blyk dat kultuur vir 'n groot mate die resultaat is van die wisselwerking tussen mense en dat dus ook "... conditioning one other's beha= viour ...", d.w.s. opvoeding en sosialisering, kultuurak= tiwiteit is. Daar is trouens reeds vroeër in hierdie hoof= stuk op gewys dat opvoeding as handeling of gebeure binne die historiese aspek van die werklikheid ontwaar word, d.w.s. die kultuurvormende mag.

Ook Gillin & Gillin (1948, p.139) verleen soos volg in hulle kultuurbeskouing erkenning aan die bostaande siening van Sorokin: "The customs, traditions, attitudes, ideas and symbols which govern social behaviour show a variety. Each group, each society has a set of behaviour patterns (overt and covert) which are more or less common to the members, which are passed down from generation to generation and taught to children, and which are constantly liable to change. These common patterns we call culture". Uit hier=

die definisie blyk verder dat ook waardes en norme soos wat dit in die groep en gemeenskap geïnstitusionaliseer is, substansieel deel vorm van daardie groep of gemeenskap se kultuur. Dit impliseer verder dat kultuurinhoude van gemeenskap tot gemeenskap verskil.

Volgens sy sosiale handelingsteorie omskryf Parsons (1967, p.327) kultuur soos volg: "Culture, in terms of the conceptual scheme of this work, consists, as we have seen, in patterned or ordered systems of symbols which are objects of the orientation of action, internalized components of the personalities of individual actors and institutionalized patterns of social systems", terwyl hy verder daarop wys dat "Culture, that is, is on the one hand the product of, on the other hand a determinant of systems of human interaction" (Parsons, 1967, p.15). Uit hierdie definisie blyk dat kultuur ter gelykertyd gemeenskaps- en persoonlike besit is; dat dit enersyds arbeid en resultaat en andersyds bepaler van menslike wisselwerking is en dat dit derdens veral kultuur as die simboliese, d.w.s. die nie-materiële is wat as geordende sisteem 'n rol speel in tussenmenslike verhoudinge, gedrag of handelinge en gebeurtenisse.

Vollers (1976, p.103) in sy kritiek op Bell se siening van sosiale verandering, wys daarop dat laasgenoemde die samelewing in drie sektore verdeel, naamlik die sosiale struktuur, die politieke struktuur en kultuur. Onder die kulturele sektor verstaan Bell "alle symbolische uitingen en zingevingen; het sleutelbegrip luidt 'zelfontplooiing'". Hierdie kultuurbeskouing vertoon merkwaardige ooreenkomste met dié van

Parsons soos hierbo uiteengesit. Selfontplooiing geskied immers binne en deur die gemeenskap deur opvoeding.

Kluckhohn & Kelly (1944, p.98) verleen eweneens soos volg erkenning aan kultuur as 'n sisteem: "A culture is a historically derived system of explicit and implicit de= signs for living which tends to be shared by all or specially designated members of a group" en verder (p.84): "By culture we mean those historically created selective processes which channel men's reactions both to internal and to external stimuli". As sisteem bied kultuur dus die plan of ontwerp vir die lewe, terwyl dit terselfdertyd menslike reaksies kanaliseer, d.w.s. rig en lei.

Bierstedt (1970, p.123) se bondige, dog omvattende defini= sie van kultuur sluit treffend aan by die bostaande: "Culture is the complex whole that consists of all the ways we think and do and everything we have as members of society", terwyl hy daarop wys dat sosioloë en antropoloë by wyse van 'n viertal sinonieme uitdrukking gee aan kul= tuur, naamlik kultuur as aangeleerde gedrag; as die sosi= ale erfenis; as die super-organiese en as "design for living" (Bierstedt, 1970, p.130).

Cuber (1959, p.80) beklemtoon in sy omskrywing van kultuur spesifiek die dinamiese of veranderlike aard daarvan en die feit dat dit aangeleerde gedrag is, wanneer hy sê kultuur is "... the continually changing patterns of learned be=

haviour and the products of learned behaviour ... which are shared and transmitted among the members of society". Uit hierdie definisie is verder duidelik dat aksent gelê word op kultuur as die nie-materiële of abstrakte skeppings van die mens, eerder as op die materiële of konkrete.

### 6.3.2 Gevolgtrekking

Samevattend kan uit bostaande definisies en omskrywings voorlopig die volgende konsensus geformuleer word t.o.v. die kenmerke van kultuur:

- Kultuur word deur die mens self geskep deur sy arbeid. Dit is die resultaat van sosiale wisselwerking en word as sodanig slegs in die veld van die superorganiese aangetref. Om hierdie rede dien kultuur ook as onder=skeidende faktor tussen mens en dier.

- Kultuur is die produk van aanpassing van die mens by sy omgewing; wat die natuuromgewing betref, is die resultaat hiervan hoofsaaklik konkrete kultuur en wat die sosiale omgewing betref, is die resultaat hoofsaak=lik nie-materiële kultuurskeppinge.

- Kultuur is aangeleerde gedrag. In die ontplooiing van die sosialiseringsgebeure is die handeling gerig op die kultuur van die gemeenskap. Hierdeur word die individu ingelei en ingelyf in en vertroud gemaak met die bestaande kultuur. Onder leiding en deur voorbeeld internaliseer die individu die in die kultuur

van sy gemeenskap geïnstitusionaliseerde waardes, norme en gedragsvoorskrifte vir gedragspatrone.

- Die gewoontes, tradisies, houdinge, idees en simbole wat sosiale gedrag beheer, toon variasies van groep tot groep en van samelewing tot samelewing. Elke groep, elke samelewing het so 'n stel gedragspatrone wat min of meer dieselfde vir alle lede is en wat van geslag tot geslag oorgedra word en aan die opkomende geslag geleer word. Hierdie algemene gedragspatrone word kultuur genoem.

- Kultuur is dinamies, d.w.s. dit verander voortdurend. Vroeër is reeds daarop gewys dat kultuur die seismo= graaf genoem kan word waarop die intensiteit van die skokke van verandering in die samelewing voortdurend geregistreer word. Dit bring ook mee dat kultuur akkumuleer, d.w.s. toeneem of ontwikkel.

- Kultuur vorm 'n sisteem in die samelewing, wat opge= bou is uit kultuurelemente as die kleinste eenheid van kultuur; die elemente word in kultuurkomplekse georganiseer, die kultuurkomplekse in kultuurpatrone en die kultuurpatrone konstitueer uiteindelik die kultuursisteem (Roode, 1974, p.51-52).

Aangesien enige samelewing egter gekenmerk word deur 'n ryke verskeidenheid lewens- en wêreldbeskouings waarvan, vanweë die radikale en integrale aard daarvan, die kultuur

nie vervreembaar is nie, sal 'n Christelike kultuurbeskou= ing uiteraard 'n aantal nuwe kultuurfasette aansny. 'n Christelike kultuurbeskouing word ten slotte as noodsaaklik geag, aangesien dit ook die bostaande kultuurkenmerke binne 'n bepaalde perspektief plaas. Dobriner (1969, p.72) wys onder andere treffend soos volg op die verweefdheid van lewensbeskouing en kultuur:

"Recall that two major components of culture are a system of basic ideas and a system of norms, rules and guides of conduct. Each culture, in the ideational dimension, answers the great questions. What is life ... time ... beauty ... death ...? Who are we and what are we doing in this place? What is good? What is justice? Why must I do this"? Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon, moet antwoorde op hierdie en ander vrae vanuit die mens se lewens- en wêreldbeskouing gevind word.

### 6.3.3 'n Christelike kultuurbeskouing

#### 6.3.3.1 Kultuurvorming as puur menslike aktiwiteit

Slegs die mens as eenheid binne die ryk van die kultuur, is kultuurvormer. Dit ontwaar ook onder andere die uniek= heid van die mens. Dit kan soos volg gemotiveer word: Die uniekheid van die mens lê daarin dat hy na die beeld van God geskape is (Duvenage & De Klerk, 1972, p.202). As kultuurvormer is die mens heer oor Gods skepping. Sy heersing en beheersing druk menslike heerlikheid uit. Juis

as heer van Gods skepping is die mens beeld van God (Stoker, 1969, p.191). Met die nodige piëteit kan dus gesê word dat in en deur sy kultuurskepping probeer die mens die beeld van God in hom vergestalt. Dobriner (1969, p.73) sluit hom soos volg hierby aan: "If men were bees, culture would be unnecessary because the primary relationships in the community would be determined by biology" en verder: "And the generic force of reality or principle that makes man unique we call *culture*".

Die mens is in 'n hoë mate vry van natuurdwang en is juis daarom geroepe om met die vermoëns waarmee God hom toege=rus het sy lewe self te reël deur besinning en eie wilsbe=sluit. Hy reël dus sy lewe binne sosiale verband deur selfkultivering en deur kultivering van sy omgewing, d.w.s. deur kultuurskepping en omvorming. Kultuur kan dus ook met reg getipeer word as die bedding waarin die stroom van die sosiale lewe ordelik vloei.

Lee (1971, p.12) gee 'n raak Christelike kultuurbeskouing wanneer hy kultuur soos volg definieer: "Baie (Christene) sal saamstem dat die woord 'kultuur' die betekenis het van die deur God verordineerde resultaat van die totale aktiwi=teit van die mens in sy ontplooiing, klassifisering en uitdrukking van die buitewêreld en van sy eie binnewêreld, gebou op die oorlewerings van die verlede en gedurig uit=gebrei tot nut van die huidige geslag en toekomstige ge=slagte".

6.3.3.2 Kultuurvorming is roepingsvervulling in opdrag van God

God het die mens opdrag gegee om Sy skepping te beheers, te bewerk en te bewaak. As kroon van God se skepping word die mens deur God self tot 'n taak geroep (Duvenage, B., 1972c, p.233). Sõ word die mens met sy roeping gekonfron= teer en is kultuurvorming dus roepingsvervulling. Coetzee (1973, p.5), wanneer hy kultuur vergelyk met 'n reuse-prisma wat die mens se lewe en strewe weerkaats, meld tereg dat kultuur maar net 'n antwoord van die mens op die roepstem van God is. Godgerigtheid is dus 'n onmisbare faset van kultuur. Maar God roep die mens op tot diens, daarom dra kultuurarbeid as roepingsvervulling oorspronklik hierdie twee belangrike kenmerke: Diens aan God en be= heersing van die skepping of natuur (Duvenage, B., 1972c, p.232). Dit word ook treffend geïllustreer aan die hand van die grondbetekenisse van die woord kultuur wat dui op die flikkerende fasette van die prisma (Coetzee, 1973, p. 6-7). Die woord kultuur kom van die Latynse grondvorm "colo" wat beteken: ek kweek; ek bewerk; ek versorg; ek vertroetel; ek toon eerbied; ek dien en vereer.

6.3.3.3 Kultuur en die sonde

Aangesien die ganse skepping onder die mag van die sonde gekom het, het die resulterende tweespalt ook die kultuur= ryk binnegedring. Die mens kan dus ook sondig deur kul= tuurvorming; hy eer God nie altyd nie, dog onteer God ook. Die mens verselfstandig byvoorbeeld sy kultuur teenoor God

en raak verslaaf aan sy kultuur. Die sonde verleen dus 'n ambivalente of tweeslagtige karakter aan die kultuur: dit kan in diens van of teen God wees (Duvenage, B., 1972c, p.232).

Soos hierbo aangetoon, is kultuurvorming as lewensuiting van die mens, ook religieus bepaald. Die Christen-gelowige wil God dus ook dien met en deur sy kultuur. Daarom is die Christelike kultuurvorming altyd ordenend-reformatories; dit vra na die norme en eise van die Woord van God. Dit impliseer egter nie dat slegs die gelowige kultuur kan vorm nie. Die ongelowige se kultuur is ook *egte*, dog nie *ware* kultuur nie; dit staan nie in bewuste diens van God nie. Volgens die definisies hierbo word immers tot kultuur gereken ook alle betrokke aktiwiteite en produkte wat op grond van menslike moontlikheid en keuse nie aan die be=trokke norme of behorenseise beantwoord nie - d.w.s. af=vallige kultuur. Stoker (1969, p.191) wys daarop dat die mens kan faal en wankultuur kan vorm. Die Christen is egter ook in sy kultuurvorming antiteties ingestel teenoor die in sonde gevalle werklikheid. Hy is as mens dus in die wêreld, want sy roeping kom *hier* tot hom, dog hy is nie van die wêreld nie. Die Christen leef nie identiteitsloos in die wêreld nie en word aan sy werke (kultuur) geken; hy gaan nie daarin op nie; hy het sy eie gestalte, hoop en leefwyse.

#### 6.3.3.4 Kultuur en godsdiens

Godsdiens is geen kultuur nie; insgelyks is kultuur nie godsdiens nie, dog wel religieuse diens aan God en reli= gieus bepaal of gekleur. Stoker (1969, p.190-191) stel dit ondubbelsinnig kortliks soos volg: Binne die kosmiese dimensies word kultuur binne die kosmiese dimensie van die modaliteite gereken tot die logiese; taal en kuns; die ekonomiese; reg en sedelikheid. Die pisteutiese hoort apart, aangesien die mens as kultuurvormer, d.w.s. as on= selfgenoegsame heer oor Gods skepping hom horisontaal na die onselfgenoegsame (gebroke) wetsonderworpe kosmos wend, d.w.s. na die stof, plant, dier en mens. In sy godsdiens wend die mens hom egter direk vertikaal na God as die Absolute, Algenoegsame, Almagtige Wetgewer van alle dinge. Met betrekking tot die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture, kan ons die verskillende sosiale same= lewingskringe dus ook kulturele samelewingskringe noem, waaronder huwelik, gesin, volk en staat. Die kerk is egter hierby uitgesonder, aangesien dit geen kultuurinstituut is nie, dog godsdiensinstituut.

Natuur- en kultuurobjekte kan egter as godsdiensobjekte dien, byvoorbeeld water, wyn en ook sekere afgodsdiensob= jekte. Dieselfde geld dan ook vir die kosmiese dimensies van gebeurtenisse en waardes waar onderskei word tussen kulturele en godsdienstige handelinge en godsdienstige en kulturele waardes.

Aangesien die calvinis egter in Christus sowel die begin=punt of grond as die eindpunt of doel van alle kultuurbe=oefening erken, is hy as Christen dus geroepe om sy hele lewe in diens en in dankbaarheid aan God te wy: sy hele lewe is dus eintlik een godsdiensoefening in religieuse sin. Viljoen (1970, p.15) sê in hierdie verband: "Ook ons kultuurbeoefening in al sy fasette behoort gesien te word as 'n uitoefening van ons amp as gelowiges" en merk verder op dat daar dienooreenkomstig derhalwe geen skeiding tussen godsdiens en kultuur behoort te wees nie, dog wel 'n onder=skeiding soos hierbo deur Stoker aangedui.

### 6.3.3.5 Kultuur en die verskeidenheidsbeginsel

Alhoewel kultuur in die algemeen die gemeenskaplike besit van die mensheid of samelewing is, word tog onderskei hier=tussen as "the ideational aspects of social life" en *a culture* as "the ideational aspects of a particular society" (Bottomore, 1971, p.130).

Kultuurverskeidenheid is die resultaat van die feit dat kultuur die stempel van sy tyd en sy eie gemeenskap vertoon. Dit beteken dat kultuur hierin nader aan 'n bepaalde volk staan; vandaar verskillende volkskulture (Duvenage, B., 1972c, p.228).

Coertze (1976, p.12) wys daarop dat die ganse mensdom aldus saamgestel is uit 'n groot verskeidenheid etnieë as af=sonderlike sosiaal-organiese menslike lewenseenhede. Kul=

tuur as 'n algemeen-menslike verskynsel het alleen gestalte in die kulture van die etnieë van die wêreld en elke kul=tuur het in elke besondere etnos 'n integrerende, dissi=plinerende en kultiverende funksie. Hy (Coertze, 1968, p.4) definieer dan ook kultuur in hierdie verband as "'n steeds veranderende, aanleerbare, logies-geïntegreerde, funksionele geheel waarin die waardesisteme van 'n etnos ingebed is en waardeur spontane en begripvolle kommunikasie tussen lede van 'n etnos moontlik gemaak word".

In die ontplooiing van die sosialiseringsgebeure as leer=handeling waarin en waardeur dit die kultuur is wat aange=leer word (Johnson, 1971, p.110), spreek dit dus vanself dat dit in elke geval die kultuur van 'n bepaalde etnos of lewenseenheid is wat aangeleer word.

Al sou dit so wees dat vir die huidige veral, a.g.v. die invloed van massakommunikasiemedia, geweldige momentum ver=leen word aan kultuurdiffusie, -verspreiding en -infiltra=sie, word die moontlikheid dat dit eventueel sal eindig in 'n kulturele nivelleringsproses, uiters gering indien nie algeheel onmoontlik geag nie (Roode, 1974, p.53-58). Wat 'n miershoop vir 'n mier en 'n byekorf vir 'n by is, is 'n etnos vir 'n mens: sy sosiale tuiste (Coertze, 1976, p.11). Die mens is nie slegs daartoe geneig nie, dog ook geroepe om sy eie (kultuur) te vertroetel, versorg, te kweek, te bevorder, uit te bou en oor te dra aan sy nage=slag. Dit is derhalwe die roeping van die Christen-gelo=

wige om toe te sien dat sy nageslag hom nie in 'n kulturele lugleegte sal bevind nie. Die opvoedings- en sosialiserings=gebeure dien as instrumentarium waardeur die individu in die kultuur van sy gemeenskap ingelei en ingelyf word. Dit vorm sy geestelike lewenskapitaal wat hy moet vernuwe en vermeerder om daarmee te arbei en te woeker. Hierdeur word die voortbestaan van die mens verseker.

## 7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die sub-tema naamlik die sosialise=ringsgebeure in die algemeen as sub-sisteem van die samele=wing belig. Ten einde tot 'n logiese ontplooiing van die tema te kom, is by wyse van vertrekpunt 'n aantal defini=sies van die begrip sosialisering ontleed, waarna enkele daaruit voortvloeiende aspekte nader belig is.

Uit die definisies het geblyk dat sosialisering die inly=wing van die individu in die gemeenskap is, d.w.s. sosiali=sering is 'n leerhandeling waartydens die individu enersyds op 'n bewustelike, formele wyse, d.w.s. deur die bybring van die een of ander vorm van kennis, dog andersyds ook informeel deur voorbeeld en tradisie, die waardes, norme en gedragsvoorskrifte wat in die kultuur van die gemeenskap geïnstitusionaliseer is, internaliseer of verinnerlik.

Die kind as onmondige en onkundige opvoedeling is uiter=aard by uitnemendheid voorwerp van opvoeding - ook en veral vanweë die sonde. Dit bring egter nie mee dat sosialise=

ring slegs tot kinders beperk is nie. Die kind ervaar dit slegs meer dramaties en skouspelagtig vanweë sy onvolwasse ontvanklikheid. Sosialisering word weliswaar juis van formele opvoeding onderskei deurdat laasgenoemde 'n af=handelbare gebeure is, terwyl sosialisering as lewensge=beure van die wieg tot die graf voortduur.

Vervolgens is aangetoon hoedat sosialisering as normerings=proses nie maar lukraak plaasvind nie, dog ordelik en ge=patroneerd in die samelewing ontplooi. Die inlywing van die individu in 'n tydelike lewenswerklikheid geskied immers in saamlewe en same-lewing. Binne 'n betrokke same=lewing of gemeenskap behoort konsensus te bestaan onder alle by die opvoeding belanghebbende partye en instansies oor wat as korrekte, begeerde, verwagte gedrag kwalifiseer. Dit is m.a.w. in ooreenstemming met die geïnstitusionali=seerde kultuur van die gemeenskap.

Met betrekking tot die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid in die samelewing en kultuur, is redelik breedvoerig stilgestaan. Na sy universaliteit ontplooi die opvoedings- en sosialiseringsgebeure twee-dimensioneel, d.w.s. binne ruimte en tyd. Ruimtelik is alle tussen-menslike kontakte sosiologies beskou, vorme van opvoeding en raak die opvoedingsgebeure ook die lewe inderdaad op alle terreine. Wat die tydsdimensie betref, is opvoeding na sy ruimere sosiologiese betekenis 'n onafhandelbare lewensgebeure waarin die ganse lewe as leerskool dien en

wat slegs by die dood eindig. Dit blyk dan ook dat, al sou sosialisering as funksionele sub-sisteem volgens die Parso=niese sisteemkonsepsie in hoofsaak figureer binne die funk=sionele imperatief van patroonhandhawing en spanningsbeheer, vorm dit juis as universele samelewingsgebeure die knoop=punt van al vier die funksionele probleemareas. Daarom ook het alle strukturele komponente van die samelewing=sisteem hiertoe 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid en roeping.

Aangesien die hele samelewing dus makro-sosiologies as verhoog dien waarop die sosialiseringsgebeure afspeel, verg hierdie tema ook 'n prinsipiële deurskouing van die same=lewingstruktuur. In hierdie navorsing geld 'n Christelike benadering tot die samelewingsorde en is gewys op die kosmiese dimensies waardeur die orde in die samelewing ontwaar word. Hieruit blyk dat die opvoedingsgebeure slegs grondig gekwalifiseer kan word indien dit as handeling van=uit die kosmiese dimensie van gebeurtenisse deurskou word, terwyl dit andersyds as universele gebeure egter deur al vier die kosmiese dimensies omsluit word, d.w.s. van ge=beurtenisse, van modaliteite, van idiostante strukture en van waardes.

As handeling vind sosialisering egter nie diskreet in die abstrakte plaas nie. Binne die ordelike samelewing vind dit doelgerig, situatief binne bepaalde lewenseenhede of gemeenskappe sinvol plaas ooreenkomstig die in daardie

gemeenskap geïnstitusionaliseerde kultuur waarby lewens- en wêreldbeskoulikhede en godsdienstige oortuigings inbe= grepe is. Die lewens- en wêreldbeskouing druk vanweë sy integrale en radikale aard as voortspruitende uit die reli= gie waarvan die hart van die mens die sentrum is, ook sy stempel op die kultuur van die gemeenskap af. Die impli= kasie hiervan is dat in 'n Christelike samelewing, die opvoeding primêr Christelik sal wees.

Ten slotte is gewys op die rol van enkele sosiale prosesse in die ontplooiing van die sosialiseringsgebeure in die samelewing. In hierdie verband is veral gelet op die sosiale prosesse van wisselwerking, verandering en kul= tuurvorming. Enige vorm van opvoeding is as gebeure of handeling op wisselwerking gebaseer en is weer eens gewys op die kenmerke van sosiale handeling. Die samelewing is egter dinamies en die sub-sisteem wat hom by uitstek rekening hiervan moet gee, is die opvoedkundige lewens= terrein. Die sub-sisteem waarbinne sosiale verandering egter die prominentste relevant figureer, is die kultuur= sisteem. Gevolglik is redelik breedvoerig gewys op die belangrike bydrae wat die sosiale proses van kultuurvorming as puur menslike aktiwiteit lewer tot die ontplooiing van die sosialiserings- en opvoedingsgebeure in die samelewing, aangesien dit per slot van sake die kultuur van die ge= meenskap is wat in en deur sosialisering aangeleer word.

# HOOFSTUK 6

# DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE HUISGESIN AS STRUKTURELE SUB-SISTEEM

## 1. INLEIDING

Sosialisering is een van die grondliggende funksionele sub-sisteme van die samelewing waarby die hele samelewing pro= fiteer, deurdat dit die voortbestaan van die samelewing verseker. Binne hierdie opvoedkundige sub-sisteem funk= sioneer etlike verbande of strukturele sub-sisteme as sosialiserende instansies. Van hierdie instansies word die huisgesin as natuurlike samelewingsverband allerweë uitgesonder as die primêre of basiese sosialiserende in= stansie (Roode, 1974, p.90).

Redes hiervoor is voor-die-hand-liggend. Van alle geskape wesens is die mens by geboorte seker die hulpbehoewendste en afhanklikste en die meeste op versorging aangewese en bly hy dit ook die langste (Cilliers & Joubert, 1968, p.149). Die kind is as opvoedeling op die drumpel van die lewe die onvolwassene, onontslotene en onmondige. Indien hierby in ag geneem word dat die mens die taak en roeping van Godsweë het om as volwassene, ontslotene en mondige, sy roeping as kultuurdraer te vervul deur God en sy naaste lief te hê en die kosmos te ontgin (Gen. 1:28; 2:19,20) tot eer van God en tot beswil van die mens in die diens van God, spreek dit vanself dat hy op opvoeding aangewese is.

Die kind is verder as opvoedeling opvoedingsbehoeftig, terwyl die ouers as volwasse, ontslote en mondige wesens, opvoedingsbevoeg is. Verder is die kind vanweë die sonde geneig tot die kwaad en om God en sy naaste te haat; der=halwe is hy op opvoeding aangewese en word die ouers ook kragtens die doopbelofte verplig om die kinders wat hulle uit genade geskenk is, op te voed en te onderrig. Die kind het 'n warm *nes* nodig waarin hy psigies kan ontwikkel, naamlik "... een in liefde en trouw hecht gezin, de soli=dariteit van broers en zuzters in de liefde van één en hetzelfde ouderpaar" (Häring, 1957, p.50). Al hou sosia=lisering as leerproses die hele lewe lank aan, word die primêre gesteldhede reeds gedurende die eerste paar jare in die ontwikkelende persoonlikheid vasgelê en dit is in hierdie sin dat sosialisering primêr 'n funksie van die huisgesin is (Cilliers, 1960, p.56). Gedurende die eerste aantal jare, wanneer die kind uitsluitlik aan die opvoe=dingstaak van die huisgesin toevertrou is, beleef hy enorme veranderinge op dramatiese wyse. "The first few years encompass the most impressive changes in a person's life. Anyone who observes children during the preschool years cannot help but be deeply impressed by the rapidity of their development ... the change during the first five years is dramatic" (Kerckhoff, 1972, p.39).

In hierdie hoofstuk word die struktuur, aard, plek en taak van die huisgesin ontleed ten einde aan te toon hoedat dit as sosiale sisteem en as die eerste lewensmilieu van die kind, nie slegs primêr daarvoor verantwoordelik is nie,

maar ook toegerus is vir die sosialiseringstaak.

## 2. OMSKRYWING VAN DIE HUISGESIN

Ten einde die struktuur van die huisgesin in die oog te kry, is dit raadsaam om vooraf enkele definisies daarvan te ontleed. 'n Erkende en algemeen-aanvaarde definisie van die huisgesin is dié van Van Dijk (s.j., p.80): "Het gezin is het intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlijke afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde". Hierdie definisie be= klemtoon die unieke aard en struktuur van die huisgesin vanweë die bande van bloed en liefde, wat die lede van die gesin tot 'n hegte, uniek-eiesoortige eenheid saambind.

In noue aansluiting by bostaande, is die volgende definisie van Spier (1950, p.187): "Het gezin is een constante indi= viduele liefdesgemeenschap op de grondslag van de natuur= lijke bloedbanden tussen ouders en kinderen". In hierdie definisie word eksplisiet die unieke individualiteit van die huisgesin as natuurlike lewensgemeenskap ontwaar.

MacIver & Page (1957, p.238) beklemtoon besonderlik die prokreatiewe en opvoedingsfunksie in hulle definisie van die huisgesin as primêre groep: "The family is a group defined by a sex relationship sufficiently precise and enduring to provide for the procreation and upbringing of children".

Coetzee (1953, p.370) verleen erkenning aan die instituêre karakter en primêre opvoedingstaak van die huisgesin wan= neer hy dit omskryf as "'n instelling van God en ook die eerste en oorspronklike opvoedingsinstelling", terwyl Bavinck (1912, p.146-147) hom soos volg hiermee vereensel= wig: "Het huisgezin is geen maaksel van menschenhanden; het is eene gave Gods, het wordt ons naar zijn welbehagen geschonken ... het is eene instelling, welke God alleen in stand houdt".

Timasheff & Facey (1949, p.48) beklemtoon pertinent die *sosialiseringstaak* van die huisgesin in hulle definisie: "The family, consisting of a married couple, their off= spring, and occasional accepted members durably living together in a home, is a primary, organized community which performs a combination of biological, economic, socializing and psychological functions".

Murdock (1949, p.1) wys daarop dat die huwelik lei tot die ontstaan van 'n sosiale groep wat gewoonlik 'n gesin genoem word wanneer die eerste kind in die huwelik gebore word, d.w.s. 'n groep persone wat bestaan uit 'n vader, moeder en kinders wat aan mekaar gebind word deur bande van bloed en die huwelik (Cilliers, 1960, p.50). Hy (Murdock, 1949, p.1) wys voorts daarop dat die huisgesin 'n sosiale groep is wat onder andere gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike woning, ekonomiese koöperasie en reproduksie. Dit sluit volwassenes van albei geslagte in, waarvan ten minste twee

'n maatskaplik-goedgekeurde geslagtelike verhouding hand= haaf, met een of meer kinders - eie of aangenome - van hierdie volwassenes. Elke normale volwassene in alle menslike samelewings behoort ten minste tot twee nukleêre gesinne, naamlik enersyds tot 'n gesin van oriëntasie waaruit hy/sy gebore is en wat bestaan uit sy/haar vader, moeder, broers en susters. Andersins behoort elke normale volwassene tot 'n gesin van prokreasie wat tot stand kom deur sy eie huwelik en wat bestaan uit sy/haar vrou/man, seuns en dogters.

Kane (1952, p.8), net soos Murdock, sluit ook *aangenome* kinders by sy definisie van die huisgesin in: "... a group of persons united by ties of blood, marriage or adoption, constituting a single household, interacting and communicating with each other in their respective so= cial roles of husband and wife, mother and father, son and daughter, brother and sister, and creating and maintaining a common culture".

Wat die bostaande omskrywing van die huisgesin betref, behoort daarop gelet te word dat volgens Van Dijk (s.j., p.80) se definisie van die huisgesin, die normatiewe struk= tuurprinsipe van die huwelik bepaal dat slegs die monogame huwelik aan die gesin oorsprong mag gee. Nie slegs is dit Skriftuurlik korrek nie, maar is dit ook die enigste huwe= liksvorm wat erken en toegelaat word in alle sosiale sis= teme. Van Dijk (s.j., p.72) haal Linton soos volg in hier= die verband aan: "The only form of marriage which is

recognised and permitted in all social systems is mono=gamy". Van Dijk (s.j., p.80) se omskrywing van die huisge=sin tipeer dit verder as 'n *natuurlike* samelewingsvorm, waartoe uitsluitlik albei ouers en "die uit hen eenwording ontsproten kinderen" behoort. Hierdie definisie sluit aan=genome kinders uit.

Ook Duvenage (1971, p.15) se omskrywing van die huisgesin beklemtoon die vaste struktuurprinsipe daarvan soos veranker in die bande van bloed en liefde: "Die huisgesin is en bly 'n liefdesgemeenskap op die grondslag van die innige ver=houding van man en vrou en die bande van bloed tussen ouers en kinders".

Aan die hand van bostaande enkele definisies kan nou oorge=gaan word tot 'n struktuuranalise van die huisgesin.

## 3. DIE UNIEKE STRUKTUUR VAN DIE HUISGESIN

'n Vraag wat hom sterk na vore dwing, is wat maak van die huisgesin 'n huisgesin, ondanks alle vorme-verskeidenheid daarvan in die mensegeskiedenis en ook vandag in ons ryke gedifferensieerde samelewing? Die antwoord op hierdie vraag word gevind in die opsporing van die normatiewe struktuurbeginsel van die huisgesin in die onverbreeklike korrelasie van funderingsfunksie en bestemmingsfunksie, ten einde te bepaal hoe hierdie struktuurbeginsel op eie kenmerkende wyse tot uitdrukking kom in al die interne funksies van die gesinsverband as sosiale sisteem. Tereg

meld Hart (1976, p.2) dat dit 'n baie besondere struktuur is wat normaalweg uit die huwelik groei. Dit wil sê dat die gesin twee belangrike oriënteringspunte het. In die eerste plek is daar die bande van die *trou* en in die tweede plek is daar die band van die *bloed*. Anders uitgedruk, bestaan daar geen verband op aarde wat mense só intiem bymekaar bring as die gesin nie, omdat mense daarin deur bloedbande en troubande saamgebind word wat wesenlik bete= ken die funderings- en bestemmingsfunksie respektiewelik van die huisgesin.

## 3.1 Bestemmings- en funderingsfunksie

Die huisgesin neem in die samelewing 'n besonder belangrike plek in. Daar word selfs na die huisgesin verwys as die grondleggende lewenskring (Dooyeweerd, 1936, p.209). Die samelewing op aarde het sy eerste oorsprong in die huisge= sin en die omvattender samelewingsverbande word hoofsaaklik uit hierdie fundamentele samelewingsvorm opgebou, of die huisgesin is ten minste op allerlei wyse daarmee vervleg. Dit staan in voortdurende kontak met die ander samelewings= verbande. Duvenage (1971, p.13) wys daarop dat die huisge= sin ook genoem word "die voedingsbodem, die kweekplek, die vormingskool, die groeikern van die hele volle menselewe". Tog waarsku Spier (1950, p.186) daarteen om die huisgesin te noem "de kiemcel der maatschappij", want indien daarmee bedoel word dat die huisgesin die grondpeiler van die tyde= like samelewing is, kan dit tot dié misvatting aanleiding gee dat die rykdom van die menslike samelewing met 'n orga=

niese begrip verklaar word wat aan die biotiese wetskring ontleen is. Indien, aan die ander kant, met hierdie aan= duiding bedoel word dat die hele samelewing uit die gesin as kiem ontspruit het, dat alle samelewingsverbande as't ware in die huisgesin opgesluit lê en daaruit ontwikkel het, sodat die huisgesin die oergemeenskap is - soos ook dikwels geponeer word - dan moet ons daarteen in verset kom, aangesien die verabsolutering van die gesinsverband die eie-aard van die ander verbande en aan hulle struktuur die normatiewe beginsel ontneem wat in die sosiale orde verankerd is.

Die huisgesin vind weliswaar sy funderingsfunksie in die biotiese aspek, aangesien dit op die bloedgemeenskap berus. "De natuurlijke afstamming en bloedgemeenschap der uit de geslachtelijke verbinding van een ouderpaar voortspruitende kinderen is het onafwijsbaar typisch structuur-fundament, waarop zich het gezin opbouwt" (Kalsbeek, 1970, p.209). Die huisgesin word dus wel saamgebind deur die bloedband, maar dié feit kan slegs waarlik sin en betekenis kry wan= neer dit ontsluit en verdiep word deur die onderlinge liefdesgesindheid van gesinslede teenoor mekaar (Mulder, 1969, p.109). Dit sou dus volgens Spier (1950, p.186-187) naturalisties wees om die normatiewe struktuur van die huisgesin uit die bloedgemeenskap te verklaar, d.w.s. van= uit die biotiese aspek, aangesien "de normen voor ons tijde= lijk bestaan niet van beneden, maar van Boven zijn". Die tipies-strukturele funderende funksie, wat ook tegelykertyd die sin uitmaak van die huisgesin, is derhalwe wel geleë

in die biotiese, die band van die bloed, die menslike voortplanting, dog daarmee is nie alles gesê in verband met die wesenlike funksie van die huisgesin nie. Op die grond=slag van die natuurlike bande van die bloed tussen ouers en kinders, is die huisgesin 'n tipiese normatiewe liefdesge=meenskap (Duvenage, 1971, p.15). Naas die funderingsfunksie moet dus ag gegee word op die leidende bestemmingsfunksie van die gesinsverband, wat geleë is in die etiese aspek. In die beoefening van die onderlinge liefde tussen die lede van die huisgesin, vind dit sy tydelike innerlike bestemming (Spier, 1950, p.187). Volgens sy bestemmingsfunksie is die huisgesin dus 'n konstante individuele sedelike liefdesge=meenskap op die strukturele basis van die natuurlike af=stamming (Dooyeweerd, 1936, p.215). Die huisgesin is der=halwe 'n samelewingsverband met sy eie individuele identi=teit omdat dit sy eie tipiese normatiewe struktuur vertoon waardeur al sy funksies bepaal word.

### 3.2 Die gesinsgesagstruktuur

God het elke ding na sy aard geskape en so het elke samele=wingsverband sy eie gesagstruktuur en nie minder nie die gesinsverband. Net soos alle ander samelewingsvorme, kan ook die gesinsverband nie sy taak en roeping in verant=woordelikheid volvoer sonder gesag nie. Die gesinsopvoe=ding kan sonder gesag nie slaag nie.

Met gesag word bedoel die reg om die handelinge van andere te rig en te beheer en wel soos verbind aan en verkry deur

'n bepaalde sosiale amp of posisie (Roode, 1974, p.93). Daarom het ons ook in die tipiese sin van die woord te make met *gesagsdraers*, te wete die ouers. Die gesagsamp van die ouers is wat die gesin betref, insgelyks ingeweef in die unieke struktuurprinsipe van die huisgesin en berus op die natuurlike afhanklikheid (liggaamlik en geestelik) van die kinders van die verantwoordelike sorg van die ouers (Van Dijk, s.j., p.66). Die ouer-kind-verhouding is 'n *gesagsverhouding*. Hierdie gesag in die gesinsverhoudinge is op bloedgemeenskap gegrond en behoort deur die liefde gelei te word by die gesagsdraers, terwyl hulle wat die ontsag moet bied, naamlik die kinders, dit ook met liefde moet doen. Die uniekheid van die gesinsgesagstruktuur is opgesluit in die uniekheid van die gesinsliefde. Dit is die tipiese biotiese fundering wat aan die morele liefdes=band 'n nadere bepaling en intensiteit verleen wat nie ge=lyk is aan enige ander morele verhouding nie (Kalsbeek, 1970, p.209). Die liefde in die huisgesin is die standhoudende liefde; het die ander as middelpunt en nie die ek nie; is altruïsties en nie egoïsties nie; is dus middelpuntvliedend en nie middelpuntsoekend nie (Heyns, 1971, p.17). Dit is hierdie liefde wat die gesag in die huisgesin begelei. Die gesagsfaktor is dus in die huisgesin 'n wesenlike en on=misbare struktuurelement. Dit berus op die bloedverwant=skap en word deur die etiese bestemmingsfunksie tot *liefde-gesag* gestempel (Spier, 1971, p.89). Waterink (1958, p.16) stel dit soos volg: "Het ouderlijk gezag berust op schep=pingsorde en op verbondsverhouding", waarby meteen ook die verantwoordelikheid van die ouers as mede-arbeiders van God

betrek word in soverre dit die uitoefening van ouerlike gesag betref. Die gesag in die huisgesin dra dus 'n gans besondere en unieke karakter. God eis in Sy Wet dat die kinders aan hulle ouers onderdanig en gehoorsaam sal wees en die ouers word kragtens die doopbelofte verplig om hulle kinders op te voed, waartoe hulle deur God self met ouer=like gesag beklee en toegerus word. Ouerskap is 'n roeping en ouerlike gesag impliseer ouerlike verantwoordelikheid. Die kind is egter die resultaat van die liefde tussen twee mense en die morele liefdesverhouding tussen ouers en kinders onderling behoort die hele gesinslewe te beheers (Kalsbeek, 1970, p.208). Die gesag in die huisgesin word as't ware deur die gesinsliefde tot liefde-gesag getemper. Gesagshandhawing in die huisgesin is ook liefdesinstrumen=tarium en staan net soos alle ander gesinsaktiwiteite onder die leiding van die gesinsliefdesnorm. Dit geld ook vir ouerlike tug. Ouerlike tug behoort in die huisgesin gerig te word deur en op die handhawing van die gesinsliefdesorde en is derhalwe 'n liefdevolle tugoefening wat van 'n heel ander karakter is as byvoorbeeld die krygstug en strafoefe=ning van 'n staatsregter (Van Dijk, s.j., p.81).

## 4. DIE FUNKSIES VAN DIE HUISGESIN

### 4.1 Interne en eksterne funksies

Daar is reeds op gewys dat die struktuurprinsipe van die huisgesin die onverbreeklike samehang tussen funderings- en bestemmingsfunksie waarborg. In hierdie verband moet daar onderskei word tussen die interne bestemming van die

huisgesin en die eksterne doelordening. Die interne be=stemming lê uitsluitlik in die liefde, terwyl onder ek=sterne doelordening verstaan word dat die huisgesin mede-diensbaar is aan die opvoeding tot staatsburger, kerklid=maat, bedryfswese e.d.m. (Spier, 1950, p.187).

Die mens is enkeling en sosiale wese en so die knooppunt van al die samelewingsverbande waarvan hy lid is (Van Wyk, 1973, p.6). Insgelyks is die huisgesin vervleg met kerk, staat, skool, bedryf e.d.m. Die verhoudinge wat die huis=gesin met hierdie samelewingsvorme het, is eksterne ver=houdinge. Dit bring mee dat die huisgesin meermale t.o.v. dieselfde aspek, interne sowel as eksterne funksies vervul. Aldus het die gesin byvoorbeeld sy eie gesags- en regsver=houdinge. Binne die gesinsfeer het die ouers en kinders hulle regte en pligte. Die kinders het reg op ouerlike versorging en liefde, maar die ander samelewingsvorme besit ook 'n juridiese kant. Dit is egter eksterne regsverhou=dinge wat nie hoort tot die individualiteitstruktuur van die huisgesin nie. Die staat bepaal byvoorbeeld op watter leeftyd jongmense 'n wettige huwelik kan sluit sonder die toestemming van hulle ouers (Spier, 1972, p.90-91).

Op hierdie wyse funksioneer die huisgesin binne en vind sy individuele uitdrukking ooreenkomstig sy interne bestemming in al die modale aspekte - van die geloofsaspek tot by die getalsaspek. In hierdie verband dien daarop gelet te word dat die taalfunksie (ook die simboliek of simboliese bete=kenis) *kommunikasiemiddel* is, d.w.s. sosiale instrumentarium

waardeur ouers leiding, onderwys en opvoeding aan hulle kinders gee in alle aspekte van die konkrete werklikheid binne en buite die huisgesin, m.b.t. die ontplooiing van die sosialiseringsgebeure. Alhoewel die opvoedingstaak van die huisgesin in 'n volgende paragraaf breedvoeriger toegelig word, kan hier slegs voorlopig gemeld word dat opvoeding en sosialisering juis vanweë die integrale en universele aard daarvan, m.b.t. die huisgesin intern na binne en ekstern na buite in al die aspekte plaasvind. "The child is never socialized only for and into his family of orientation, but into structures which extend beyond this family, though interpenetrating with it" (Parsons, 1956a, p.35). Intern kan daar dus onderskei word tussen godsdienstige, etiese, juridiese, estetiese, linguale, logiese, psigiese, liggaamlike ens. opvoeding (Van Wyk, 1973, p.8). Dit geskied intern na binne volgens die eise van die gesinsliefdesnorm, maar ook ekstern na buite vol=gens die eise van die kerk, skool, staat, bedryf en die samelewing en kultuur as geheel. Spier (1972, p.90-91) meld in hierdie verband dat van die huisgesin gesê kan word dat dit 'n *spesiale* eienskap vertoon wat dit ook nog van alle ander verbande onderskei, naamlik dat dit *mense* lewer wat vir alle ander vorme van samelewing nodig is, terwyl Parsons (1956b, p.16) eweneens na hierdie eksklu=siewe funksie van die huisgesin verwys wanneer hy van huisgesinne praat as "... factories which produce human personalities". Popma (Spier, 1972, p.91) praat met ver=wysing hierna van die gesin as die moederverband waaruit alle verbande gevoed word en Baber (1953, p.252) het stellig

hierdie funksie in gedagte wanneer hy die huisgesin noem "the halfway house between ego and society".

Goode (1966, p.17) verwoord die eksterne taak van die huis= gesin ooreenkomstig die eksterne doelordening daarvan, soos volg: "Verder is het gezin de wezenlijke *instrumentale* basis van de sociale struktuur in groter verband: alle andere instellingen zijn afhankelijk van de bijdrage die het gezin levert. Het gezin leert het individu hoe het zich in zijn sociale rol moet gedragen, en dit gedrag wordt op andere sociale gebieden ten voorbeeld gesteld. Wanneer het zijn taak niet naar behoren uitvoert, kan de maat= schappij haar doeleinden niet bereiken".

Parsons (1956b, p.16-17) sonder wat die primêre funksies van die huisgesin betref, byvoorbeeld slegs die twee ek= sterne funksies naamlik die sosialisering van kinders en die stabilisering van die volwasse persoonlikhede van die same= lewing uit: "We therefore suggest that the basic and ir= reducible functions of the family are two: first, the primary socialization of children so that they can truly become members of the society into which they have been born; second, the stabilization of the adult personalities of the population of the society".

## 4.2 Kern- en periferale funksies

As primêre mensegroep funksioneer die huisgesin uiteraard in al die modale werklikheidsaspekte, d.w.s. vanaf die ge=

talsaspekte tot by die geloofsaspek. Vanweë sy struktuur=prinsipe sentreer die wesenlike of sentrale funksies van die huisgesin egter om sy funderings- en bestemmingsfunksie. Wat die biotiese funderingsfunksie betref, gaan dit om die skepping van 'n lewensgemeenskap waarin kinders gebore word en wat die etiese bestemmingsfunksie betref, gaan dit om die realisering van die gesinsliefdesnorm. Dit impliseer dat die harmoniese gesinsliefde sy stempel afdruk op alle interne bestemmingsfunksies van die huisgesin.

Met betrekking tot die kernfunksies van die huisgesin sonder Van Dijk (s.j., p.86) veral die volgende drie uit:

- Die voorsiening in die materiële behoeftes van die opgroeiende geslag tot aan die volwassenheid binne die sfeer van liefdevolle versorging.

- Die oordrag van die sosiaal-kulturele verworwenhede (waarby godsdiens ingesluit is) van die ouere op die jongere geslag d.m.v. ouerlike opvoeding.

- Die instandhouding van 'n sfeer van sekerheid, in=tieme geborgenheid, simpatie en liefde. Met betrek=king tot hierdie derde funksie praat Van Dijk (s.j., p.87) van die huisgesin as die onvervreembare funksie daarvan om as vlugheuwel te dien binne 'n dikwels onsimpatieke samelewing - 'n laer van veilige spon=taneïteit waar die pretensies verdwyn en die maskers van skyn afgeruk kan word. Al sou dit dus so wees

dat die moderne huisgesin van vele van sy vroeëre funksies afstand gedoen het, maak dit die huisgesin juis los om hierdie funksie wat deur geen ander instituut vervul kan word nie, met groter oorgawe en toewyding te kan dien. As lewens- en liefdesge=meenskap is dit juis wat die huisgesin in der waar=heid is: 'n Godgegewe stukkie lewenswerklikheid waarin gedeelde leed halwe leed en gedeelde vreugde dubbele vreugde is. Tereg verwys Cronjé (1971, p.5) na die huisgesin as 'n lotsgemeenskap, wat tot hoogste roeping het die verwerkliking en verwesenliking van die liefdesverhoudinge tussen ouers en kinders in alle aspekte van die konkrete werklikheid.

As kern- of sentrale funksies van die huisgesin sonder Pieterse (1971, p.12-15) die volgende uit:

- Die voortplantingsfunksie.
- Die versorgingsfunksie.
- Die opvoedingsfunksie.
- Die nasionale funksie, wat veral 'n eksterne kern=funksie van die huisgesin is.
- Die godsdienstige funksie.

Roode (1974, p.136-139) beklemtoon veral die voortplantings=funksie, die versorgingsfunksie en die sosialiseringsfunksie as kernfunksies van die huisgesin, terwyl Cilliers (1960, p.50) die volgende uitsonder as universele basiese funksies:

- Biologiese reproduksie.
- Statusbepaling deur afkoms.
- Die biologiese (fisiese) instandhouding van die individu.
- Die sosialisering van die kind.
- Emosionele handhawing, wat aansluit by wat Van Dijk die "vlugheuwel" hierbo noem.
- Maatskaplike en geslagtelike beheer.

Indien 'n onderskeid getref kan word tussen die wesenlike of kernfunksies van die huisgesin aan die een kant en die meerder of minder noodsaaklike of periferale funksies aan die ander kant, dan is die kernfunksies immers daardie wat voortvloei uit die struktuur van die huisgesin en wat uiteraard nie oordraagbaar is nie, te wete die biotiese as funderingsfunksie en die etiese liefdesfunksie as be= stemmingsfunksie (Duvenage, 1971, p.15). Hierby moet egter steeds in gedagte gehou word dat alle ander (interne en eksterne) funksies van die huisgesin begelei word deur en nie losgemaak kan word nie van sy leidende funksie. Alle aktiwiteite van die huisgesin word immers gekoester in die strale van die gesinsliefde. Vele van hierdie funk= sies is weliswaar in die moderne tyd vir 'n groot mate oor= geneem deur of word ten minste gedeel met ander instansies, soos byvoorbeeld die funksie van behoeftebevrediging, die produktiewe funksie, die intellektuele opvoedingsfunksie, die funksie van vryetydsbesteding en ontspanning, die kul=

turele en sosiale funksie en die baie belangrike gods=dienstige funksie (Duvenage, 1971, p.15). In die huisgesin bly dit egter steeds arbeid met liefde; versorg met liefde; speel met liefde; ontspan met liefde; tug met liefde; opvoed met liefde. Wanneer die gesinsliefde maar funksio=neer, is dit 'n wesenlike, onvervreembare kernfunksie van die huisgesin: nêrens word sô gearbei; sô ontspan; sô getug; sô versorg; sô opgevoed nie. Ten spyte van die feit dat as gevolg van die atomisering of sogenaamde iso=lering van die moderne huisgesin, waardeur dit 'n sogenaamde *funksieverlies* ondergaan het, is daar sekere funksies waar=voor die huisgesin vanweë sy vaste struktuurprinsipe altyd die finale verantwoordelikheid sal hê. Een van hierdie onvervreembare funksies is die gesinsopvoeding en -sosia=lisering soos wat dit in die volgende paragraaf toegelig word.

## 5. DIE OPVOEDINGSTAAK VAN DIE HUISGESIN

In die formulering van Christelike opvoedingsteorieë is aan die gesinsopvoeding in die verlede groot prominensie ver=leen. Daar is in die vorige hoofstuk op gewys dat opvoeding na sy wydste sosiologiese sin 'n universele kontinue ge=beure is wat in al die kosmiese dimensies figureer. Wat die kosmiese dimensie van waardes betref, word onderskei tussen ware en valse opvoeding. Met betrekking tot die kosmiese dimensie van modaliteite onderskei ons onder andere tussen godsdienstige, juridiese, ekonomiese, estetiese, linguale, logiese, psigiese en liggaamlike opvoeding. Wat die dimen=sie van gebeurtenisse betref, is opvoeding en sosialisering

'n bewustelike, daadwerklike aktiwiteit, handeling of ge=beure en geen *proses* nie. Binne die kosmiese dimensie van strukture vind opvoeding en sosialisering plaas binne alle groepe, verbande en sisteme, byvoorbeeld binne kerkverband, skoolverband, bedryfsverband en gesinsverband (Van Wyk, 1973, p.7-11). Hier word gefokus op sosialisering as handeling binne gesinsverband, daarby in ag genome dat van=weë die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid, dit binne gesinsverband ook binne al die modale aspekte ontplooi, terwyl dit ook valse opvoeding kan wees, terwyl dit ware opvoeding behoort te wees, d.w.s. ooreenkomstig die norme daarvoor soos in die laaste instansie in die Bybel vasgelê.

Waterink (1958, p.11-21) plaas so 'n hoë premie op die ge=sinsopvoeding dat hy, bewus van die feit dat die begrip *opvoeding* op verskeie wyses gebruik kan word, dit juis be=grens deur dit te beperk tot die ouer-kind-verhouding. Volgens hom (Waterink, 1958, p.17) sou dan slegs gesinsop=voeding ware opvoeding wees, aangesien slegs ouerlike gesag direk van God afkomstig is en as sodanig alles-insluitend is. "Elke andere vorm van zogenaamde opvoeding (d.w.s. buite om die gesin) is in wezen geen opvoeding" (Waterink, 1958, p.17). De Graaff (1966, p.95) wys daarop dat Waterink dan ook enige teorie opponeer wat opvoeding as 'n lewens=lange gebeure beskou. Op hierdie beskouinge van Waterink en ook die kritiek daarop word hier nie verder ingegaan nie, aangesien dit nie ter sake is nie. De Graaff (1966, p.94-108) lewer egter insiggewende kommentaar hierop. In die

vorige hoofstuk is voldoende aangetoon dat sosiologies be= skou, alle tussenmenslike kontakte vorme van opvoeding en onderwys is en dat opvoeding en sosialisering van die wieg tot die graf duur. Sosioloë en opvoedkundiges deel egter Waterink se beklemtoning van die gesinsopvoeding en om hierdie rede word dit hier vermeld. Die ouers bly immers in alle gevalle en onder alle omstandighede in die eerste en laaste plek vir hulle kind se opvoeding en onderwys ver= antwoordelik (Joubert, s.j., p.1). Tereg sê Hart (1976, p.3): "... gesinslewe is opvoedingslewe ..."

Die huisgesin word allerweë beskou as die vertrekpunt van die opvoedings- en sosialiseringsgebeure. Dit vorm die eerste lewensmilieu van die kind waar hy aan die begin van 'n lang lewe gestel word en om hierdie lewe te kan leef en sy roeping as mens te kan vervul, moet hy leer (Heyns, s.j., p.4). Ottaway (1964, p.5) stel dit korrek: "Much of human behaviour has to be deliberately taught, and this process begins in the cradle". Daar is egter reeds aangetoon dat opvoeding en daarmee saam sosialisering nie maar 'n outo= matiese of outokinetiese vanself voortstuende *proses* is nie, maar 'n toerekenbare, verantwoordelike gebeure. Van= uit die biotiese lewegewende aspek, word die kind wel bio= logies toegerus met sekere noodsaaklike ingebore bio-fisiese en psigiese eienskappe, wat weliswaar 'n basiese gesinsfunk= sie is, dog dit eindig allermins hierby. Alhoewel nie met Hobbs & Blank (1975, p.40-41) saamgestem kan word dat "people are not born human; we become human through the process of interaction" en verder dat "the infant comes

into the world as a parasitic creature ... a biological organism and becomes human only as a result of the socia= lization process ... only time and human nurture can trans= form this creature into a complex human being" nie, kan tog met hulle saamgestem word dat onderskei moet word tussen "human nature" en "human nurture". Die ontwikkeling van die ingebore eienskappe kom nie vanself nie. Deur die prosesse van sosiale wisselwerking, wat aanvanklik t.o.v. die klein kind slegs binne die huisgesin realiseer, word die kind tot beskawingsmondigheid gelei en word hy tot deel= nemende lid van die samelewing ingelei en ingelyf in die kultuur. Hiervoor het die kind die liefde en leiding van sy ouers nodig, waartoe hulle ook geroepe is. "You can't be human all by yourself", (Hobbs & Blank, 1975, p.41) moet dus nie geïnterpreteer word as sou die kind nie as kind reeds volwaardig mens wees nie, want dit is hy immers (De Graaff, 1966, p.111). Sonder opvoeding en leiding, wat aanvanklik die uitsluitlike taak van die huisgesin is, kan selfs nie eens die natuursy van die kind se lewe ontwikkel nie - in elke geval nie bo dierlike bestaansvlak nie. Deur die aanvanklike gesinsopvoeding word die natuursy van die menselewe en daarmee saam die analitiese aspek in an= tisipatoriese rigting geopen en kultuurvorm daaraan gegee. Die formatiewe subjekfunksie van die ouers (opvoeders) realiseer dus die kulturele objekfunksies van die kind (De Graaff, 1966, p.130). Hiertoe is die huisgesin struk= tureel toegerus.

Bavinck (1912, p.146-147) noem dan ook tereg die huisgesin

opvoedingsinstituut by uitnemendheid. Deur die gesinslewe is daar 'n rykdom van verhoudinge, 'n veelheid van eien= skappe, 'n skat van gawes, 'n wêreld van liefde, 'n wonder= like verbinding van regte en pligte deur God byeengebring. Daarom dra ook die gesinsopvoeding 'n gans besondere karak= ter. Net soos die gesin nie vir namaak vatbaar is nie, so is daar ook geen kopie van huislike opvoeding moontlik nie (Bavinck, 1912, p.148).

Die gesinsopvoeding is egter nie slegs intern na binne gerig nie, maar volgens die eksterne doelordening van die huisgesin, is die ouers ook die verteenwoordigers van die samelewing en word van hulle verwag om die kind in konfor= miteit te bring met sosiaal, kultureel en godsdienstig goedgekeurde gedragspatrone en -norme (Baber, 1953, p.252). Soos Bavinck (1912, p.148-149) dit stel: Dit is die lewe self wat hier (in die huisgesin) opvoed - die ryke, onuit= putlike, alsydige, groot lewe. Die huisgesin is die skool van die lewe, omdat dit die bron en die haard daarvan is. Die huisgesin fragmenteer nie die opvoeding nie - dit is alles nog één - soos die blom in die knop. In die huisgesin het die menswording van die mens plek; hier word die grond= slag gelê vir die vorming van die toekomstige man en vrou, van vader en moeder, van die lid van die samelewing in sy ryke verbands- en verhoudingsverskeidenheid, van die staatsburger, van die onderdaan in die koninkryk van God.

As basiese sosialiserende instansie het die huisgesin die

klei in die hande en staan onder die mandaat van God om as ontsluitingsbron van die samelewing te dien. Aan moeders=hand word die kind met huiwerende en wankelende treetjies die samelewing binnegelei. Aan moedersknie, in stamelende gebed, prewel hy die eerste begeertetjies van sy ontvanklike kinderhart. En al meer word die raam wat toegang tot die volle lewe bied, opgeskuif, totdat die kind in die glans van die ryke lewe staan. Dit is derhalwe die eerste ver=antwoordelike taak van die huisgesin om vir die kind die norme te ontsluit wat geld in die orde van die samelewing. Dit geskied gepatroneerd deur opvoeding en sosialisering. Loop dit hier skeef, kan die onvermydelike gevolg 'n ont=spoorde, verwarde en ontredderde mens wees, wat moeilik sy weg deur die samelewing vind. Aan die ander kant, die kind wat in die huisgesin geleer het om te gee en te ontvang; om gehoorsaam te wees; gesag en leiding te aanvaar; spaar=saam te leef; die Here te dien; sy meerderes te respekteer; te wen en te verloor; dat arbeid adel is; kuis te lewe en sy eer te beskerm; te lei, maar ook te volg; sal 'n same=lewing waarin hierdie norme geld, minder traumaties betree.

Ten einde dit wat tot dusver omtrent die opvoedings- en sosialiseringstaak van die huisgesin gesê is, te klee in sisteem-sosiologiese konteks, verg uiteraard 'n sisteem=analise van die huisgesin en terselfdertyd 'n aanduiding van die geskikte toegerustheid van die huisgesin as sosiale sisteem, vir hierdie taak.

## 6. DIE HUISGESIN AS SOSIALE SISTEEM

Sisteem-sosiologies word alle menslike groepe struktuur-funksioneel as sosiale sisteme bestudeer en soos aangetoon, is die sosiale sisteem 'n handelingsisteem (Parsons, 1967, p.201) en 'n verhoudingsisteem (Cilliers, 1960, p.56) wat struktureel opgebou is uit norme, waardes, subgroepe en konkrete, interaktiewe en spesifieke rolle (Johnson, 1971, p.51). Die rolle is aan die normkomplekse gekoppel ten einde elke rol van 'n spesifieke rolinhoud te voorsien en op hierdie wyse ontstaan rolverwagtings waarop die handeling gerig word.

Andersyds bestaan die huisgesin as mikro-sosiale sisteem self uit sosiale sub-sisteme van verhoudings, byvoorbeeld dié van man-vrou; vader-moeder; ouer-kind, (Parsons, 1956a, p.37) wat die huisgesin na sy interne struktuur d.m.v. die verloop van die identifikasieprogram waarbinne elke rol vir die kind as rolmodel dien, by uitnemendheid geskik maak vir sosialisering. Dit is juis om hierdie rede dat Bavinck (1912, p.148-149) sê dit is die lewe *self* wat hier (in die huisgesin) opvoed en dat die opvoeding in die huisgesin nie gefragmenteer word nie, maar dat alles één is soos die blom in die knop. Op die uiters belangrike aspek van identifi= kasie word later meer breedvoerig gewys. Die feit egter dat die huisgesin enersyds as verhoudingsisteem 'n volledige eenheid op sigself vorm, ooreenkomstig sy interne bestem= ming, maar andersyds terselfdertyd op velerlei wyses ver= vleg is met groter omringende eenhede, verbande en sisteme, maak dit ook ooreenkomstig sy eksterne doelordening, uiters

geskik vir die vervulling van die sosialiseringstaak.

Die internalisering of verinnerliking van geïnstitusiona=liseerde rolinhoude begin dus in die huisgesin. Sosiali=sering kan hiervolgens in die huisgesin dusdanig geskied dat die kind as ontwikkelende persoonlikheid geleidelik aan meer komplekse en veeleisende strukture binne en buite die huisgesin blootgestel word (Cilliers, 1960, p.56). Dit is in hierdie verband dat Baber (1953, p.252) na die huis=gesin verwys as "the halfway house between ego and the society".

## 6.1 Basiese strukturele rolverdeling in die huisgesin

Parsons (1956b, p.22) onderskei vier hoof roltipes in die huisgesin, naamlik dié van vader, moeder, seun en dogter. Hierdie vier roltipes word onderskei op grond van twee kriteria, naamlik generasie (die kinders is verteenwoordi=gend van 'n jonger geslag) en geslag (vader en seun is manlik, terwyl moeder en dogter van die vroulike geslag is). Daar vind dus op tweërlei wyse 'n afparing van roltipes in die huisgesin plaas ten einde sub-sisteme te vorm: Enersyds word vader en moeder in 'n kategorie geplaas vanweë hulle volwassenheid en die kinders van albei geslagte word in 'n kategorie geplaas vanweë hulle kindskap of onvolwassenheid. Hier geld dus die generasiekriterium. Andersyds word vader en seun in dieselfde kategorie geplaas vanweë die feit dat hulle tot dieselfde geslag behoort en dieselfde geld t.o.v. moeder en dogter. Vir hierdie kategorisering geld dus die geslagskriterium.

Aangesien mag en gesag 'n integrale struktuurkomponent van die huisgesin is, vorm dit 'n differensiële as tussen ouers en kinders volgens die generasiekriterium, aangesien die generasiekriterium na sy sosiale rolbetekenis biologies ge=gewe is. Die kinders is magloos of gesagloos ten opsigte van die ouers, terwyl laasgenoemde albei as volwassenes, gesagsdraers is. Hierdie biologiese gegewenheid of intrin=siekheid is egter nie op dieselfde wyse wat gesagdistribusie betref, differensieel van toepassing op die geslagskrite=rium nie, aangesien albei ouers, alhoewel van verskillende geslagte, as volwassenes, met mag en gesag beklee is, terwyl die kinders insgelyks, alhoewel hulle van verskil=lende geslagte is, gelykweg mag- en gesagloos is.

Hierdie differensiasie in roltipes ontwaar verder 'n gene=rieke of geslagsverbintenis met die leierskapelement in die huisgesin. In hierdie verband dien die geslag-as as diffe=rensiële faktor tussen instrumentele leierskap en ekspres=siewe leierskap wat onderskeidelik gekoppel word aan die manlike en vroulike rolle, ten spyte van generasieverskille (Parsons, 1956a, p.45).

Op grond van die twee asse hierbo genoem, te wete die ge=slag-as en die mag-as, kan die vier fundamentele roltipes binne die huisgesin, diagrammaties soos volg voorgestel word:

FIGUUR 2: Rolverdeling in die huisgesin[1)]

| | leierskap: Instrumentele prioriteit | leierskap: Ekspressiewe prioriteit |
|---|---|---|
| superieur + (mag) | Instrumenteel superieur<br>man-vader | Ekspressief superieur<br>vrou-moeder |
| inferieur - (mag) | Instrumenteel inferieur<br>seun-broer | Ekspressief inferieur<br>dogter-suster |

(mag + as; geslag as)

1) Figuur verkry uit Parsons (1956a, p.46).

Verklaring van Figuur 2:

Volgens bostaande basiese rolverdeling word daar agt basiese tipes verhoudings in die huisgesin onderskei, naamlik die man-vrou-verhouding; die seun-vader-verhouding; die dogter-vader-verhouding; die seun-moeder-verhouding; die moeder-dogter-verhouding; die dogter-dogter-verhouding; die seun-seun-verhouding en die broer-suster-verhouding.

Wat die vier hoofroltipes betref, kan dit nou n.a.v. bostaan=de diagram, soos volg gedefinieer word: die rol van die man-vader is instrumenteel-superieur, d.w.s. na buite gerig en meerwaardig m.b.t. gesag of mag. Die rol van die vrou-moeder is ekspressief-superieur, d.w.s. na binne gerig en eweneens meerwaardig wat mag betref t.o.v. die benede mag-as-sektor, d.w.s. die kinders. Die rol van die seun-broer is, net soos die rol van die man-vader, instrumenteel na

buite gerig, dog ondergeskik m.b.t. mag. Die rol van die dogter-suster korrespondeer weer met die vrou-moederrol m.b.t. ekspressiwiteit of na binne gerigtheid, dog kor= respondeer met die seun-broerrol m.b.t. ondergeskiktheid wat mag betref.

Die betekenis van hierdie rolverdeling ooreenkomstig gel= dende rolverwagtings in die huisgesin vir die gesinsop= voeding en -sosialisering, word in die volgende afdelings toegelig wanneer die funksionele imperatiewe van die so= siale sisteem en die fases in die sosialiseringsgebeure ter sprake kom, tesame met die betekenis van identifikasie.

## 6.2 Die funksionele probleme van die huisgesin as sosiale sub-sisteem

Daar is in 'n vorige hoofstuk reeds aangetoon dat die same= lewing as makro-sosiale sisteem opgebou is uit verskillende funksionele en strukturele sub-sisteme wat as meso- of mikro-sisteme fugureer (Mitchell, 1970, p.8-9). Aldus is die verwantskapsisteem 'n strukturele sub-sisteem van die samelewing wat onder andere ook opereer binne die opvoed= kundige lewensterrein wat dan as 'n funksionele sub-sisteem bestaan saam met onder andere die ekonomiese, politieke, godsdienstige ens. funksionele sub-sisteme. Die verwant= skapsisteem is egter op sy beurt weer opgebou uit kleiner sisteme, waaronder huisgesinne wat as mikro-strukturele sosiale sub-sisteme optree, volgens struktuur en funksie binne die samelewing as omvattende makro-sisteem (Johnson,

1971, p.59). Die onderskeie strukturele sub-sisteme ope= reer dus onderskeidelik binne die funksionele sub-sisteme van die samelewing. Elke sosiale sisteem, hetsy groot of klein, is gekonfronteer met vier funksionele probleme of imperatiewe wat hy die hoof moet bied of moet oplos, ten einde sy eie voortbestaan en daardeur die voortbestaan van die samelewing, te verseker. Hierdie vier imperatiewe is aangedui as patroonhandhawing en spanningsbeheer, doel= bereiking, integrasie en aanpassing of adaptasie. Makro-funksioneel funksioneer die huisgesin saam met ander strukturele sub-sisteme in hoofsaak binne die funksionele imperatief van patroonhandhawing en spanningsbeheer, onder andere deur middel van sy sosialiseringsfunksie ten einde die voortbestaan van die samelewing te verseker (Johnson, 1971, p.58). Op samelewingsvlak fokus sosialisering as sub-sisteem op die geïnstitusionaliseerde kultuur wat sen= treer om die patrone van waarde-oriëntasies. Die handha= wing van hierdie patrone, tesame met die verwesenliking van alle ander funksies van die sisteem, bring egter span= ninge mee en ter wille van die ekwilibrium van die sisteem, moet daar voorsiening gemaak word vir 'n ommeswaai, d.w.s. fasiliteite geskep word vir emosionele afreageer en ontla= ding of die skep van 'n ekspressief-integratiewe situasie, waarna voortgegaan kan word met instrumenteel-adaptiewe aktiwiteite (Bales, 1953, p.123). Soos in die voorafgaande aangetoon, is die huisgesin by uitnemendheid struktureel hiertoe toegerus.

Die huisgesin moet egter sy eie voortbestaan as sosiale sub-sisteem ook verseker deur genoemde vier vraagstukke die hoof te bied. Dit is hier waar die interne rolverdeling van die huisgesin ter sprake kom. In hoofstuk 4, figuur 1 is aangetoon hoedat die vier funksionele probleme tweedimen= sioneel op die tyd- en ruimte-as geplaas word. Hiervolgens word die funksies van patroonhandhawing en spanningsbeheer en van integrasie onderskeidelik op die verlede en na binne gerig, terwyl die funksies van doelbereiking en aanpassing onderskeidelik op die toekoms en na buite gerig is (Joubert & Steyn, 1971, p.277). Die aktiwiteite in die gesin wat fokus op die funksionele probleme van doelbereiking en aanpassing, d.w.s. na buite en toekomsgerig is, definieer dus in 'n groot mate die vaderrol, aangesien die vader die instrumentele leier van die huisgesin as sisteem is. Parsons (1956a, p.50-51) verwys ook na hierdie aktiwiteite as instrumenteel-universalisties-adaptief. Deur die be= oefening van sy beroep word die status van sy gesin in die samelewing bepaal, d.w.s. deur aanpassing in die eksterne sisteem. Andersyds versorg hy sy gesin deur sy verdienste en handhaaf hy gesag, waarsonder die opvoeding en sosiali= sering van sy kinders onmoontlik is en die doelstellings van die gesin nie verwesenlik kan word nie (Parsons, 1956b, p.13).

Die ekspressiewe rol, aan die ander kant, word in hoofsaak deur die vrou-moeder vervul. Dit is meer partikularisties ingeklee en het betrekking op die interne aangeleenthede van die huisgesin, d.w.s. is gefokus op die interne funk= sionele imperatiewe van patroonhandhawing en spanningsbeheer

en van integrasie. Die rol van die vrou-moeder kan dus gedefinieer word as ekspressief-partikularisties-integra=tief, na binne gerig (Parsons, 1956a, p.50-51). Die vrou-moeder vervul hierdie rol deur emosionele ondersteuning aan haar man en kinders en deur hulle liefdevol te versorg (Cilliers & Joubert, 1968, p.156). Die moeder gee leiding in liefde aan haar kinders. Hierdie leiding is kennis van situasies in aspekte - dit is gesinsonderrig of -onderwys in rolle en dit is deel van die opvoedingsproses.

As gevolg van hierdie roldifferensiasie word die huisgesin 'n ware toevlugsoord en opvoedingsinstituut - in die woorde van Van Dijk (s.j., p.87) 'n vlugheuwel, 'n veilige hawe van vaste geborgenheid en in die volle sin van die woord 'n lewens- en liefdesgemeenskap waarbinne 'n warme sfeer van intieme en spontane verhoudinge gekweek word, wat dit by uitnemendheid geskik maak vir sy onvervreembare taak as opvoedingsinstituut.

Op die implikasies van hierdie struktuur van die huisgesin as sosiale sisteem vir sy sosialiseringstaak na binne en buite, word vervolgens gewys.

## 6.3 Die fases of stadia in die ontplooiing van die sosia=liseringsgebeure

In elke stadium van ontwikkeling waarin die kind hom vanaf geboorte bevind tot by volwassenheid, is hy georiënteer tot ander voorkeure en behoeftes. Behoeftebevrediging dien

onder andere as motivering vir menslike gedrag (Parsons, 1967, p.42); gevolglik is dit van belang om te ontleed hoedat die veranderende behoeftedisposisies van die ont=wikkelende kind van fase tot fase sodanig op sy sosialise=ringsprogram geprojekteer word, dat laasgenoemde eweneens in hierdie fases of stadia ingedeel kan word.

Parsons (1956a, p.42-44) onderskei vier fases in die so=sialisering van die kind en wys daarop dat elke fase in=gelei word deur 'n versteuring van die vorige en dat hier=die oorgangstadia van die een fase na die ander as krisisse ervaar word deur die opgroeiende kind. Hierdie fases word vervolgens afsonderlik bespreek.

### 6.3.1 Die oraal-afhanklikheidstadium gepaard met die orale krisis of geboorte

In die baarmoeder is die fetus warm en gemaklik. Met ge=boorte ervaar die kind sy eerste krisis. Voor geboorte is daar ook geen sprake van 'n sosiale verhouding nie. Vir die kind is die geboorte dus traumaties (Parsons, 1956a, p. 42). Direk na geboorte is die kind, hoewel aanvanklik on=bewustelik, in 'n bepaalde "verhouding" tot sy moeder (Cilliers & Joubert, 1968, p.184). Vir die pasgebore kind is sy mond die primêre orgaan van handeling met sy omringende buitewêreld - vandaar die benaming orale afhanklikheidsta=dium (Alford e.a., 1971, p.45). Hierdie stadium duur tot op ongeveer een jaar (Johnson, 1971, p.125) en die belang=rikste "ander" rol waarmee die kind in kontak kom, is sy

moeder (Alford e.a., 1971, p.44). Vir die ander lede van die huisgesin is die kind in hierdie stadium nie veel meer as 'n "besitting" nie (Johnson, 1971, p.124). Die moeder is die objek wat sy behoeftes bevredig. Die kind ontwikkel reeds 'n verwagtingsisteem deurdat hy *verwag* dat sy moeder sy behoeftes sal bevredig (Cilliers & Joubert, 1968, p.184). Die moeder-kind-sub-sisteem kry nou sy beslag binne die moeder-kind-identiteit en ontwikkel die kind 'n bepaalde gehegtheid aan sy moeder. Die kind se geïnterna= liseerde objek is nog enkelvoudig: sy moeder as bron van versorging (Joubert, 1973, p.187). Hierdie gehegtheid, soos uit die volgende fase duideliker sal blyk, dien egter as basis vir die aanleer van verwagtings en motiverings. Die kind leer al gou dat hy vir die bevrediging van sy eie be= hoeftes en die verwesenliking van sy eie doelstellings meesal afhanklik is van ander. Al is sy eie rol en die van sy moeder in hierdie stadium klaarblyklik vir die kind nie duidelik onderskeibaar nie, is daar egter tog sprake van primêre identifikasie (Johnson, 1971, p.125). Op hierdie wyse word 'n eenvoudige, beskeie, dog belangrike aanvang gemaak met die dramatiese sosialiseringsproses van die mens.

### 6.3.2 Die liefdesgehegtheidstadium gepaard met die anale krisis

Hierdie fase neem 'n aanvang op ongeveer een jaar en duur tot ongeveer die einde van die derde lewensjaar. Daar is nou nie slegs meer sprake van 'n moeder-kind-identiteit nie, dog die kind ontwikkel 'n bewustelike en daadwerklike lief=

desgehegtheid aan sy moeder. Die kind internaliseer in hierdie stadium twee duidelike rolle: sy eie en dië van sy moeder (Johnson, 1971, p.125). Die moeder voldoen nie slegs meer aan die verwagtings van die kind nie, dog begin ook eise aan hom stel. Omdat hierdie verwagtings aanvanklik veral in verband staan met eise vir beheer oor anale funk= sies, word die anale krisis beskou as die versteuring wat die tweede fase inlei. Die kind beskou sy uitskeidings as 'n geskenk aan sy moeder, terwyl weerhouding 'n uitdrukking van aggressie is (Johnson, 1971, p.125).

Die moeder gebruik die kind se liefdesgehegtheid aan haar om haar eise "af te dwing". Deur die betoning of weer= houding van haar liefde *dwing* sy die kind as't ware om aan haar verwagtings te voldoen en word die basis aldus gelê vir die motivering van die kind om te konformeer aan rolver= wagtings (Cilliers, 1960, p.58). Die kind *ontvang* dus nie slegs liefde nie en hy beskik ook nie slegs oor die vermoë om liefde te gee nie, maar hy *gee* ook daadwerklik liefde in hierdie stadium, alhoewel die prototipiese objek van gehegt= heid steeds die moeder is (Parsons, 1956a, p.43). Die klein kind het besondere behoefte aan geborgenheid en sekuriteit. Hy wil graag veilig voel en liefdevol versorg word en hom in 'n voorspelbare milieu bevind. Teenstrydige optrede deur ouers laat hom onveilig voel en allerhande vrese ontwikkel (De Wet & Van Zyl, 1974, p.26). Die kind wil dus *weet* wat om in bepaalde situasies te verwag; hy wil nie *wonder* nie. Die liefdesgehegtheid aan sy moeder verskaf aan hom hierdie sekuriteit.

Belangrik is dit om daarop te let dat die dubbele rol van die sosialiserende agent (in hierdie geval die moeder) nou duidelik na vore tree. Die moeder neem deel aan die be=perkte sosiale sub-sisteem wat bestaan uit die interaksie met haar kind, sowel as aan die gesin as geheel. In die sub-sisteem is sy die instrumentele leier met betrekking tot haar kind, aangesien sy in hoofsaak verantwoordelik is vir sy behoeftebevrediging. Die kind se bydrae tot die gesinsisteem is hoofsaaklik ekspressief: hy help om die gesin te integreer deur samewerking en die betoning van liefde (Johnson, 1971, p.125).

Die tweeledige rol van die moeder kan egter aanleiding gee tot rolkonflik, soos in 'n vorige hoofstuk uiteengesit, want sy verteenwoordig steeds die groter gesin as inslui=tende sisteem by die kleiner moeder-kind-sub-sisteem en andersom. In die groter gesin vervul sy immers steeds die rol van ekspressiewe leierskap. Op hierdie wyse beskerm sy ook haar kind teen die oormatige druk van die ander ge=sinslede. Sosialisering hou dus ook vir die moeder soms onaangenaamhede in, want ten spyte van die feit dat sy 'n dubbele rol moet vervul, waarvan die norme soms konflikteer, sien sy ook hoe haar kind ly en worstel met die leerproses. Hierin het sy gevolglik die simpatie, steun en begrip van haar gesinslede nodig om haar onder andere te vrywaar van oormatige rolkonflik. Hulle moet bereid wees om haar 'af te staan' vir haar taak m.b.t. haar kind, anders ly die sosia=lisering van die kind daaronder (Johnson, 1971, p.126).

Hierdie liefdesgehegtheidstadium is gevolglik 'n twee-eenheidsisteem - die moeder-kind-verhoudingsisteem. Die vroeëre geïnternaliseerde objek is nou gedifferensieer volgens die beginsel van gesag: 'n besef is by die kind tuisgebring dat sy moeder in 'n superieure magsverhouding teenoor hom staan (Cilliers & Joubert, 1968, p.185). Die belangrikste egter is dat die liefdesgehegtheid dien as basis vir motivering tot die internalisering van ander rolverwagtings en roloriëntasies wat as modelle dien - ook buite die gesin.

### 6.3.3 Die latente fase gepaard met die oedipale krisis: die betekenis van identifikasie

Hierdie fase neem 'n aanvang vanaf ongeveer die vierde le=wensjaar en strek tot in die puberteitsjare, d.w.s. onge=veer 12-13-jarige ouderdom (Johnson, 1971, p.126).

Tot dusver was die kind in die moeder-kind-sub-sisteem hoofsaaklik in 'n intieme verhouding tot sy moeder. Die *oedipale krisis* wat die latente fase inlei, dien as ver=steuring van die liefdesgehegtheidstadium (Cilliers & Joubert, 1968, p.185). Dit is gedurende die latente fase dat die kind se fisiologiese en kognitiewe moontlikhede reeds sodanig tot ontwikkeling gekom het, dat dit hom tot rolbesetting in staat stel (Alford e.a., 1971, p.49). Die oedipale krisis sentreer vir albei geslagte om die ver=steuring van die liefdesgehegtheid aan die moeder. Hierdie krisis word te bowe gekom in die latente fase as 'n aan=

vaarding van 'n nuwe vlak van integrasie in die gesin van oriëntasie as 'n sisteem, waarbinne die kind nou 'n meer onafhanklike en outonome rol begin speel - nie slegs teenoor sy moeder nie, dog ook teenoor die vader, broers en susters (Parsons, 1956a, p.44).

Die kind knoop nou nie slegs ander verhoudings aan nie, dog moet hom ook losmaak van die *erotiese gehegtheid* aan sy moeder en insien dat sy tot 'n ander geslag (in die geval van 'n seun) en in alle gevalle tot 'n ander generasie as hy/sy behoort (Cilliers & Joubert, 1968, p.185). Die kind word volwaardig lid van die hele gesin as sisteem, en moet hy al vier die basiese gesinsrolle internaliseer; bo alles moet hy homself identifiseer met sy sosiaal-toegeskrewe rol op die basis van sy biologiese geslag (Johnson, 1971, p.126) Op die betekenis van identifikasie word verderaan gewys.

'n Gevoel van jaloesie (ook genoem die oedipus-kompleks) ontwikkel by die seun teenoor sy vader a.g.v. hulle mede=dinging om die moeder se liefde, terwyl die korresponderende gevoel by die dogter a.g.v. haar liefde vir haar vader as die *elektra-kompleks* bekend staan (Johnson,1971, p.126-127). 'n Primêre funksie van die gesin in hierdie stadium is die opheffing van hierdie erotiese gehegtheid van die kinders aan die ouers (Cilliers & Joubert, 1968, p.185). Aan die ander kant gebruik die ouers (veral die moeder, aangesien seuns sowel as dogters hulle tot dusver eksklusief die al=leenreg op die 'besit' van die moeder toegeëien het en moeilik daarvan afstand doen) ook hierdie erotiese gehegthei

net soos in die geval van die liefdesgehegtheid in die vorige stadium, as 'n vorm van vergoeding en straf in gevalle van korrekte/verkeerde gedrag deur respektiewelik die beoefening/weerhouding van byvoorbeeld liggaamlike kontak met die kind (Johnson, 1971, p.127).

Dit is die oedipale krisis wat die aanvaarding van die *seksrol* vir die kind meebring. Die belangrikheid hiervan is voor-die-hand-liggend indien in ag geneem word dat biologiese geslagsdifferensiasie in 'n groot mate as basis dien vir differensiasie tussen die wye verskeidenheid sosiale en kulturele rolle in die samelewing - soveel so dat daar selfs sprake is van twee verskillende kulture: 'n manlike kultuur en 'n vroulike kultuur, elk met sy eie norme (Bier=stedt, 1970, p.359). Hierdie rolle word immers deur sosia=lisering geïnternaliseer of verinnerlik.

Die kind onderskei nou tussen die moeder- en vaderrol en besef verder dat sy/haar verhouding tot elkeen ook moet verskil. Hy/sy besef dat die moederrol meer affektief (emosioneel) is en dié van die vader meer instrumenteel, d.w.s. toegespits op werk, daadkrag en beroep. Die so=sialiseringstaak van die huisgesin kom hierin treffend na vore: Die moederrol is as skakel tussen die kind en die huisgesin ekspressief-intern van aard, d.w.s. vergestalt in 'n groot mate die funksies wat voortvloei uit die interne bestemming van die huisgesin, ooreenkomstig die strukturele liefdesnorm, terwyl die vader in sy rol as broodwinner in=strumenteel 'n skakel vorm tussen die huisgesin en die

buite-gesinstrukture, waarvoor die kind uiteraard ook gesosialiseer word ooreenkomstig die eksterne doelordening van die huisgesin (Cilliers & Joubert, 1968, p.186).

Ten einde die kind te motiveer om die korrekte seksrol te internaliseer, word baie vorme van druk uitgeoefen: seuns word vergoed vir korrekte seunsgedrag en dieselfde geld vir dogters. Die speelgoed wat gegee word, is meer aangepas by die geslagte, terwyl anatomiese verskille ook die korrekte identifikasie vergemaklik, dog die werklike korrekte ge= slagsrolidentifikasie, word deur sosialisering bereik (John= son, 1971, p.127). Die seun neem in hierdie stadium die vader as rolmodel en die dogter neem die moeder as rolmodel. Tog vind daar, ten spyte van sosiale druk en gesinsmotive= ring, soms 'n ambivalente identifikasie plaas wat kan re= sulteer in homoseksualiteit en aanverwante neurotiese ver= steurings wat indruis teen die geïnstitusionaliseerde norm- en waardepatroon (Johnson, 1971, p.128; Alford, 1971, p.50).

Gesien in die lig van die bostaande, is dit van die uiterste belang om te let op die betekenis van identifikasie in hierdie stadium. As gevolg van die veranderinge wat in die hedendaagse kerngesin ingetree het, in hoofsaak as 'n gevolg van snelle verstedeliking, wat in 'n groot mate bygedra het tot die sogenaamde atomisering van die huisgesin en die emansipasie van die vrou, word die kind se identifi= kasieprogram in die huisgesin dikwels versteur. Die ouer-kind-verhouding kom hierdeur sterk in die gedrang en dit is

een van die vernaamste knelpunte in die hedendaagse gesin (Steyn, Anna F., 1975, p.62-90). Die gebrek aan intieme en langdurige ouer-kind-kontak vanweë die uithuisigheid van ouers en kinders, asmede vanweë die hoë mate van mobi= liteit van die huisgesin en individuele gesinslede, maak identifikasie binne die gesinsfeer enigsins problematies.

Wesenlik beteken rolidentifikasie enersyds dat die kind nie slegs die rolmodel as vertrouensfiguur naboots nie, dog sy rol volkome internaliseer, verinnerlik, dit as sy eie aanvaar en dus daarna streef om die nodige kennis, kundighede en vaardighede wat deel van die rolverwagting is, te bemeester ten einde aan die norme vir die rol te konformeer. Andersyds identifiseer die kind hom egter ook met die huisgesin as groep in geheel. Die kind identifi= seer hom/haar dus met die vader/moeder; met die broers/ susters en met die huisgesin as geheel, d.w.s. internali= seer sy plek en rol as kind in die huisgesin as sosiale sub-sisteem (Johnson, 1971, p.128-129). Identifikasie het dus 'n selektiewe karakter en die rolmodel help die kind om die korrekte seksidentifikasie te maak en dusdanig word die kind deur sosialisering ook in staat gestel om *ander* noodsaaklike diskriminasies te maak. Identifikasie is immers nie slegs persoonlik van aard nie, dog ook posisio= neel, d.w.s. 'n rolmodel verteenwoordig nie slegs homself nie, maar ook 'n hele sosiale kategorie waaraan stereoti= piese verwagtings gekoppel is (Danziger, 1970, p.9).

'n Aantal faktore lewer 'n positiewe bydrae tot suksesvolle identifikasie, naamlik:

- Indien die rolmodel toegeneentheid teenoor die rolleerling openbaar.

- Indien die kind se vertroudheid met die rolmodel intiem, spontaan, ononderbroke en langdurig is.

- Indien ander (vir die kind) belangrike persone (byvoorbeeld die ouers onderskeidelik) die kind aanmoedig om die ander ouer as rolmodel te neem, want dan ontvang die kind dubbele beloning. Die moeder behoort byvoorbeeld vir die seun sy vader as ideale rolmodel voor te hou en dieselfde geld vir die vader t.o.v. sy dogter.

- Indien die rolmodel (byvoorbeeld die vader in die geval van 'n seun) die moeder goed behandel, aange=sien die seun steeds sy moeder liefhet en dus 'n begeerte sal ontwikkel om soos sy vader te wil wees.

Die teenoorgestelde van bogenoemde toestande het uiteraard egter ook die teenoorgestelde uitwerking (Johnson, 1971, p.130). Danziger (1970, p.5) beweer dat die volgende twee toestande of voorwaardes die effektiwiteit van die rolmodel maksimaliseer:

- Die mag of hoë status van die rolmodel.
- Die positiewe toegeneentheidsverhouding van die rolmodel t.o.v. die rolleerling.

Kinders toon die neiging om die dominante ouer, ongeag van watter geslag, as rolmodel te kies. Die implikasies hiervan in huisgesinne waar die vader-moeder-roldifferen= siasie nie duidelik is nie of selfs omgeruil is t.o.v. instrumentele en ekspressiewe rolaktiwiteite, is voor-die-hand-liggend: dit versteur die identifikasieprogram en kan tot gevolg hê dat ambivalente identifikasie plaasvind, d.w.s. die seun kan hom byvoorbeeld met die moederrol identifiseer indien sy moeder die dominante ouer is (Danziger, 1970, p.5). Die toestand lei tot 'n spanningstoestand in die huisgesin en vereis beheer van die ambivalente toestand.

Samevattend moet met nadruk gekonstateer word dat die bete= kenis van identifikasie in die huisgesin moeilik oorskatbaar is. Die besige lewe en uithuisigheid en afwesigheid van ouers in die moderne huisgesin, wek groot kommer in hierdie verband. Veral geld dit t.o.v. die vader. Op hierdie wyse ontstaan 'n *generasiegaping*. Daar ontstaan inderdaad tussen ouers en kinders binne die gesinsituasie 'n opvoedingsleegte of vakuum. Dit is vir die moeder onmoontlik om die rol van die vader heeltemal oor te neem. Dit word die beste ver= staan in die geval van seuns wat hulle van nature wens te identifiseer met die vader, dog dieselfde geld ook vir die puberteitsdogter wat haar insgelyks wens te identifiseer met

die vader en veral die norme van die vader tydens die puberteit (Sonnekus, 1976, p.108-109). Die onvermydelike (en dikwels ongelukkige) resultaat hiervan is dat identi= fikasie plaasvind met figure (rolle) buite om die huisgesin.

### 6.3.4 Die volwasse- of genetaliteitsfase gepaard met die adolessensiekrisis

Hierdie stadium neem 'n aanvang met die adolessensiekrisis teen die einde van puberteit, d.w.s. op ongeveer 13-14-jarige leeftyd en duur tot met die bereiking van volwas= senheid.

Allerweë word erken dat hierdie fase met 'n redelike mate van trauma gepaard gaan en word o.m. aan die volgende ge= kenmerk:

- Belangstelling in die teenoorgestelde geslag met 'n gepaardgaande gevoeligheid vir seksbepaalde kwaliteite soos die skoonheid van meisies en die manlikheid van seuns.

- Die daarstelling van 'n persoonlik betekenisvolle interseksverhouding (Cilliers & Joubert, 1968, p.187).

- Die ervaring van ambivalensie met die naderkomende volwassenheid a.g.v. 'n begeerte na onafhanklikheid tesame met 'n vrees vir die nuwe vryheid (Johnson, 1971, p.130).

Hierby noem Nel (1968, p.202-208) ook nog:

- Geslagtelike en psigies-geestelike ryping.

- 'n Strewe na selfverwesenliking en selfvervulling en die ontdekking van 'n *eie innerlike wêreld*.

- 'n Geleidelike losmaking van die ouers en ouerhuis, gepaard met 'n sterk eensaamheidsbelewing wat mani= festeer in *fyngevoeligheid* en *terughouding*.

- 'n Oormatige *kwesbaarheidstoestand* wat 'n *verset= houding* laat ontwikkel.

- Die hunkering om deur ander verstaan te word, wat uitloop op die sluit van *vriendskapsbande* waarin uitdrukking gesoek word van 'n *ontluikende selfver= troue*. Dit help die adolessent ook om 'n behoorlike seksrolidentifikasie daar te stel (Johnson, 1971, p.131).

Dit spreek vanself dat die sensitiwiteit van die ontluikende volwassenheid van die kind, veel liefde, begrip, deernis, simpatie en leiding van die ouers verg. Die ouers moet met groot omsigtigheid en aartsvaderlike wysheid hulle volwasse-wordende kind die alte dikwels wrede en onsimpa= tieke samelewing binnelei en hom/haar aanmoedig om aktief deel te neem aan aktiwiteite in groepe en strukture buite die gesin. Sodanige deelname aan groepsaktiwiteite kan

slegs 'n stabiliserende uitwerking hê.

In ons samelewing is dit sõ dat die kind tot selfs met die bereiking van volwassenheid in 'n groot mate die voor=werp van ouerseggenskap bly en dit beklemtoon andermaal die geweldige greep wat die huisgesin op die lewe van die kind het. Die ouers het dus ruim geleentheid om die ken=merke wat die huisgesin so uitmuntend tot primêre sosiali=seringsinstansie fasileer, te benut om hulle kind op in=drukwekkende wyse vir die diversiteit van volwasse lewens=rolle in 'n komplekse samelewing toe te rus (Goode, 1964, p.18).

Daar is nou reeds herhaaldelik aangetoon dat sosialisering ook veronderstel dat by die kind 'n motivering moet bestaan ter konformering aan die begeerde of gewenste gedragspatro=ne, d.w.s. die *wil* om ander rolle te aanvaar en te voldoen aan die verwagtinge van ander rolgenote (Cilliers, 1960, p.55). Ten slotte word derhalwe daarop gewys hoedat sekere leertoestande of -voorwaardes in hierdie verband as motiveringselemente dien.

## 7. LEERSTOESTANDE OF -VOORWAARDES

Aangesien die mens oor 'n *mnemiese vermoë* beskik, d.w.s. oor die vermoë om die vrug van sy ervarings in sy gees vas te lê (Roode, 1974, p.33), is leer in 'n sekere betekenis altyd aan die gang. Leer is in hierdie sin egter 'n neu=trale aktiwiteit, d.w.s. die mens is voorwerp van goeie

sowel as slegte beïnvloeding. As ontvanklike, sal die kind derhalwe alles aanleer wat hom aangebied word - hy sal goeie sowel as slegte of negatiewe gedragspatrone internaliseer, aangesien hy as ongesosialiseerde of slegs gedeeltelik ge=sosialiseerde, nog nie toegerus is om te kan onderskei nie. Sosialisering is egter, soos reeds aangedui, net soos op=voeding, positief gerig op 'n bepaalde doel, d.w.s. ingeklee met 'n bepaalde kwaliteit en geneig in 'n bepaalde rigting, ooreenkomstig die geïnstitusionaliseerde norm- en waarde=patroon van die gemeenskap. Derhalwe is dit toepaslik om vas te stel welke voorwaardes en toestande suksesvolle leer bevorder (Johnson, 1971, p.118-122).

## 7.1 Diskriminasie

Hiermee word bedoel dat die kind deur die sosialiserende agent(e) in staat gestel moet word om nuwe voorwerpe en gedragspatrone van daardie waarmee hy reeds vertroud is, te onderskei. Die kind is geneig om nuwe dinge met oues te assosieer, tensy die verskille opvallend groot is. Diskriminasie en assosiasie gaan dus hand-aan-hand. 'n Kind wat byvoorbeeld deur sy ouers goed behandel word, sal alle volwassenes vertrou, mits hulle nie te vreemd op=tree nie, terwyl die teenoorgestelde uit die aard van die saak ook waar is. Diskriminasie is egter ewe belangrik, byvoorbeeld: die kind behoort in staat te wees om te onderskei tussen sy eie troeteldier en ander diere, anders kan dit gevaarlik wees.

### 7.2 Vergoeding/beloning en straf

Geen van beide, straf sowel as vergoeding, hoef van 'n konkrete aard te wees nie. 'n Glimlag of enkele gebaar van welgevalle, kan vir die kind tot groter aanmoediging dien as 'n speelding of lekkers. "The child must feel that his efforts to learn what his parents expect him to learn have paid off. This does not mean he must receive candy or money or toys. The most important reward available to parents (or to any socializing agent) is a relational reward, that is, a favourable attitude" (Toby, 1971, p.110). Insgelyks kan die weerhouding van vergoeding 'n vorm van straf wees en hoef straf dus nie noodwendig lyfstraf te wees nie. 'n Gebaar van onbehae en afkeer en teleurstelling kan dikwels eerder die gewenste resultaat lewer as byvoor=beeld 'n pak slae. "Tug met die oog", is immers ook 'n vorm van straf. Feit bly: vergoeding en straf kan nie vermy word nie; trouens dit versterk die begeerde gedragspatroon, mits:

- dit konsekwent toegepas word;

- die verskil groot is tussen die satisfaksie wat die kind ervaar a.g.v. korrekte gedrag en die genoegdoening wat resulteer a.g.v. verkeerde gedrag tesame met straf, in dieselfde situasie;

- dit so spoedig moontlik realiseer na die betrokke gedrag (Olds, 1955, p.76-78).

Daar dien egter op gelet te word dat straf onder andere die gevaar van persoonlikheidskade inhou; dit kan byvoor= beeld haat opwek by die kind, of hom, soos wat Johnson (1971, p.119) dit stel, laat "overlearn", d.w.s. by hom/haar so 'n mate van angs laat ontwikkel in die gedragsveld waar= in oortree en gestraf is, dat dit die normale selfekspressie van die kind belemmer (Child, 1954, p.671).

Straf binne die huisgesin, soos toegedien deur die ouers, is egter *tug met liefde* en behoort nie die onbeheerste, buitensporige afreagering van emosies te wees nie. Straf moet dus altyd matig wees, soos grimeermiddels in die hand van 'n welopgevoede dame: net genoeg op die regte tyd en plek. 'n Onbeheerste, kwistige oordadigheid, boet in aan effek. Straf moet kwalitatief en kwantitatief proporsioneel korrespondeer met die oortreding, terwyl dit steeds getemper word deur en veranker bly in die liefde. Straf moet nie die kind se geesdrif demp nie, maar dit lei; nie hom breek nie, maar hom ontmoedig vir die verkeerde en motiveer tot die korrekte; nie afstand skep en mure bou nie, maar begrip skep, veeleer nader trek en liefde wek.

## 7.3 Beheer oor die effekte van frustrasie

Frustrasie is die onaangename gevoel wat 'n mens ervaar wanneer jy:

- gedwarsboom word in jou aktiwiteite;

- weerhou word van iets wat jy geniet;
- geweier word wat jy begeer.

Dit is derhalwe voor-die-hand-liggend dat frustrasie 'n onvermydelike newe-resultaat van sosialisering is. Die sosialiserende agent kan ewegoed die 'frustrerende' agent genoem word. Veral gedurende die eerste aantal lewensjare van die kind, kan frustrasie vir hom wreed wees, aangesien hy nie die redes verstaan nie. Indien die frustrerende (sosialiserende) agent, byvoorbeeld die moeder is wat, soos aangetoon, die lewe van die klein kind beheers, en wat hy terselfdertyd liefhet en vertrou, kan frustrasie by die kind angs wek - angs wat gebore is uit die vrees dat sy moeder besig is om haar (vir hom lewensnoodsaaklike) liefde te onttrek. Die gevolg is dan ook dikwels dat die kind uit aggressie sy verdere samewerking in die leertaak weier. Vir die suksesvolle verloop van die sosialiseringsgebeure is dit derhalwe noodsaaklik dat die sosialiserende agent iets moet doen en bedink om die effekte van frustrasie teen te werk en te minimaliseer, deur onder andere die kind telkens na frustrasie te herverseker van liefde en hom te beloon vir korrekte gedrag. Dit herbevestig die reeds gekonstateerde feit dat sosialisering in sosiale wisselwerking realiseer (Johnson, 1971, p.121).

Ook wat hierdie belangrike faset van sosialisering betref, blyk dit dus dat die huisgesin vanweë sy struktuur by uit=nemendheid toegerus is om alle moontlike fasiliteite daar te

stel wat as gunstige leertoestande en -voorwaardes die sosialiseringsgebeure inklee, kanaliseer en ontplooi. Die norme wat in al hierdie fasette geld, kan slegs deur die huisgesin maksimaal ontsluit word.

## 8. SAMEVATTING

Die sosialiseringstaak van die huisgesin as strukturele sub-sisteem is in hierdie hoofstuk aan die orde gestel.

Aangesien dit die unieke struktuur van die huisgesin is wat dit uitnemend geskik maak vir hierdie eksklusiewe en on=vervreembare taak, is op deduktiewe wyse 'n struktuuranalise van die huisgesin gemaak aan die hand van afleidings uit enkele aanvaarde definisies.

Die unieke interne struktuurnorm van die huisgesin, te wete die gesinsliefdesnorm, kwalifiseer alle interne gesinsfunk=sies en -aktiwiteite - ook en veral die opvoedingstaak. Die huisgesin beskik egter oor die besondere eienskap dat dit mense voortbring en toerus vir hulle lewenstaak en -roeping in die samelewing daarbuite. Hierin vind die huis=gesin dan ook sy eksterne doelstelling as knooppunt van die verskillende samelewingsverbande. In en vanuit die huis=gesin word die kind vertroud gemaak met die geïnstitusio=naliseerde norme wat ook in ander verbande geld. Vandaar dat die huisgesin met reg en sonder vrees vir veel teen=spraak die voedingsbodem en kweekskool van die samelewing

genoem kan word, m.a.w. dat die gesinsliefde die voedings=bodem is vir die wordende persoonsroeping van die kind deur verwerkliking van die interne doelstelling wat diensbaar gemaak word aan die eksterne doelordening vir toerusting en voltooiing van die persoonsroeping as individu en sosiaal as aktiewe lid van kerk, staat, skool, bedryf ensovoorts en die samelewing.

Vir die sinvolle ontplooiing van die onderhawige tema, moes 'n sisteem-sosiologiese ontleding van die huisgesin egter gemaak word. Dit is in hoofsaak gedoen aan die hand van die model van Talcott Parsons. Hieruit het geblyk dat die basiese strukturele rolverdeling binne die huisgesin, aan=sluiting vind by die vier funksionele imperatiewe, naamlik doelbereiking; patroonhandhawing en spanningsbeheer; adaptasie en integrasie. Die huisgesin beskik vanweë sy struktuur oor die fasiliteite om as ontsluitingsbron, die norme wat in die ordelike samelewing geld, maksimaal toeganklik te maak. Dit geskied wesenlik deur die sosialiseringstaak van die huisgesin.

Die veranderende behoeftedisposisies van die opgroeiende kind kan deur die verskillende ontwikkelingsfases binne die huisgesin bevredig word, terwyl meganismes ook bestaan om die kind deurentyd te motiveer tot konformering aan die wye spektrum van uiteenlopende rolverwagtings.

Die korrekte verloop van die identifikasieprogram is 'n

onmisbare element in die suksesvolle ontplooiing van die sosialiseringsgebeure. Loop dit hier skeef, kan wanaan=passing die ongelukkige, onvermydelike resultaat vir menige kind en jongmens wees.

Verskillende leertoestande of -voorwaardes onder leiding van liefdesgesag kan egter die leerproses positief bevorder. Die kind moet onder andere die gawe om te onderskei, be=meester deur diskriminasie en assosiasie, terwyl straf en vergoeding eweneens noodsaaklike motiveringselemente is, mits dit korrek toegepas word, d.w.s. soos vereis deur die gesinsliefdesnorm. 'n Belangrike newe-resultaat van so=sialisering, is egter die ervaring van 'n groot mate van frustrasie deur die kind. Deur liefdebetoning en beloning vir korrekte gedrag, kan die nadelige effekte van frustrasie egter geneutraliseer of ten minste geminimaliseer word, waardeur die gewenste gedragspatroon versterk word. Ook hiervoor is die huisgesin uitnemend toegerus.

## HOOFSTUK 7

## DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE SKOOL AS STRUKTURELE SUB-SISTEEM

### 1. INLEIDING

Alhoewel, soos reeds aangetoon, sosialisering en opvoeding die basiese, primêre en onvervreembare funksie van die huis=gesin is, is die huisgesin nogtans nie die enigste sosiali=serende instansie nie. Die skool speel hierin onder andere sy eie belangrike aanvullende rol (Bierstedt, 1970, p.201).

Dit is stellig sō dat die huisgesin in die tydsorde die eerste opvoedingsgemeenskap is. Dit het as natuurlike lewensgemeenskap in die geskiedenis bestaan voordat die skool daar was. Die skool was vroeër onbekend en alle op=voeding het deur middel van die ouers in die huisgesin ge=skied en sonder die opvoedende arbeid van die ouers sou daar weliswaar geen ontwikkeling plaasgevind het nie en sou die menslike geslag te gronde gegaan het. Weens die ver=menigvuldiging van die kultuurskatte, die komplisering van die lewe, kultuurontwikkeling, gepaard met die swaarder stryd om te bestaan, het die ouers hoe langer hoe minder oor die nodige tyd en bevoegdheid beskik om hulle kinders na behore en na die eise van die tyd op te voed en te onder=rig. Die moderne skool groei direk uit die huisgesin tydens die industriële revolusie a.g.v. kultuurontwikkeling. As gevolg hiervan het die skool ontstaan om in 'n dringender

wordende behoefte te voorsien (Greyling, 1941, p.17). Tereg vra Toby (1971, p.382) die vraag:

"Suppose there were no schools, and parents educated their children in accordance with their own notions of what a child ought to know. Would a child who depended on the version of the cultural tradition transmitted by his parents learn enough basic ideas and skills to function in a com= plicated society".

Breedt (1972, p.33) meen ook dat die huisgesin, alhoewel dit die vernaamste opvoedingsinstituut is, nogtans beperk is in die huidige samelewing en voortdurend deur die skool aan= gevul moet word. Opvoeding in die breedste sin van die woord kan omskryf word as die somtotaal van alle instruksie en informele aanleringe, d.w.s. ook informele aanleringe wat deel uitmaak van die normale roetine van sosiale verkeer, wat normaalweg as habituasie bekend staan, d.w.s. die proses waardeur die denkwyses en geloofspatrone van die groep op onbewustelike wyse aan die kind oorgedra word (Roode, 1974, p.92). Afgesien van hierdie informele wyses van opvoeding, is in alle samelewings egter ook die een of ander vorm van formele opvoeding aanwesig (Cilliers & Joubert, 1968, p.207).

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoedat die huisgesin struktureel gedifferensieerd en funksioneel gespesialiseerd geraak het en hoedat verskeie gesinsfunksies in en deur hierdie proses oorgedra is na ander instansies en sisteme.

Op hierdie wyse het die huisgesin veral die formele opvoe=ding en onderwys aan die skool oorgedra.

In hierdie hoofstuk word die skool ontleed ten einde te bepaal in welke opsig dit toegerus is om sy sosialiserings=taak uit te voer.

## 2. OMSKRYWING VAN DIE SKOOL

Alle opvoeding en onderwys vind plaas op basis van 'n bepaal=de kultuur wat onder leiding van bepaalde, aanwysbare, reli=gieuse grondmotiewe tot stand gekom het. Opvoeding en onder=wys bestaan nie in 'n religieuse en kulturele lugleegte nie (Fichter, 1971, p.38). Wanneer ons dus van die skool praat, het ons die skool met en binne 'n bepaalde kultuur in gedagte, waaraan 'n bepaalde religie ten grondslag lê en waarvan die skool die milieu vorm, dit ook pedagogies verwerk en aan die kinders oordra - hulle ook aanspoor tot die hand=hawing en uitbouing daarvan. Onderwys en opvoeding, d.w.s. sosialisering, kan dus geen sogenaamde "neutrale" aktiwiteit wees nie. In ons geval impliseer 'n omskrywing van die skool dus eerstens 'n Christelik-Afrikaanse skool wat die handhawing van die Afrikaanse kultuur nastreef; in sy on=derwys die aanvaarbare uit ander kulture selekteer en op ons Christelik-nasionale kultuurstam inent sonder die gevaar van skending van die Christelike Afrikanerdom se identiteit (Mulder, 1969, p.112).

Wat meer is, die Christelike huisgesin vereis 'n Christelike

skool en die voortplanting en uitbouing van die Christelike beskawing vereis 'n Christelike skool, aangesien die skool die kind in staat moet stel om sy beskawingserfenis in besit te neem en uit te bou (Venter, 1969, p.41).

Ottaway (1964, p.167) sê van die skool: "A school carries on an organized life of its own as a social group within the wider society around it ... a typical school of the present day is to be regarded as not merely 'a place of learning' but as a social unit or society of a peculiar kind in which the older and younger members, the teachers and the taught, share a common life, subject to a constitu= tion to which all are in their several ways consenting and co-operating parties ..."

Die skool staan dus in 'n funksionele verband en verhouding met die huisgesin en alle ander samelewingsvorme. Die ouer het 'n van God gegewe, natuurlike reg van seggenskap oor die opvoeding van sy kind (Greyling, 1941, p.18). Die skool is verder die resultaat van kultuurontwikkeling en is as sodanig instrument in diens van beskawingshandhawing (Venter, 1969, p.39). Die skool is dus nie 'n instituêre verband soos die kerk en die staat nie, en ook nie 'n na= tuurlike samelewingsverband soos die huisgesin nie, maar 'n eiesoortige, Godgewilde samelewingsverband met 'n eie ter= rein, taak en roeping binne die tydelike werklikheid (Van Wyk, s.j., p.3). Die skool is derhalwe 'n instituut met professioneel-opvoedkundige bevoegdhede wat die opvoeding

van die jeug van 'n kultuurgemeenskap onderneem (Mulder, 1969, p.112).

## 3. ONTLEDING VAN DIE SKOOL

### 3.1 Struktuur van die skool

Die skool rus op die fondament van die vormende historiese kennismag en vind ook sy bestemming in die historiese aspek van kultuurvorming (Venter, 1969, p.39). Die skool moet m.a.w. help om, deur die mededeling van kennis, jong manne en vroue te vorm om hulle kultuur- en beskawingstaak te kan volvoer. Met reg kan die skool egter sy bestemming ook in die etiese aspek vind, d.w.s. die etiese bande van onder=linge kameraadskap tussen die leerlinge, die band van onder=linge gehegtheid tussen leerlinge en onderwysers en 'n band van getroue en harmoniese samewerking tussen die onderwyser en die ouers-in-organisasie. Hierdie drie elemente vorm immers saam die skool (Van Wyk, s.j., p.3). Omdat skool en huis met die opvoeding van dieselfde kinders te make het, moet hulle innig saamwerk. Die grondslag van die skoolop=voeding moet dieselfde wees as dié van die huis wie se kinders in die skool onderrig ontvang. Daarom eis die Christelike huisgesin vanselfsprekend 'n Christelike skool. "Jy kan geen Christelike beskawing in stand hou met 'n 'neutrale' skool nie" (Venter, 1969, p.41). Die feit dat die ouers die doopbelofte afgelê het, impliseer hoegenaamd nie dat slegs die huisgesin 'n taak het t.o.v. Christelike opvoeding en onderwys nie. Hiertoe is alle samelewingsvorme in die samelewing gemeenskaplik en afsonderlik geroepe,

d.w.s. ook die skool. Die kind op wie die doopbelofte be= trekking het, leef in élke verband as Verbondskind, dit is "coram Deo", voor die aangesig van God. Vir die konsekwente Christendom is daar geen enkele lewensterrein waar God nie die gånse mens vir Hom opeis nie (Heiberg, 1969, p.50). Die gemeenskaplike opvoedingstaak lê dus die funksionele verband tussen die samelewingsvorme.

Geen onderwyser mag ooit uit die oog verloor dat elke kind primêr uit 'n gesinsverband afkomstig is nie (Venter, 1969, p.38). Tog, ooreenkomstig sy eie wesensaard en struktuur, wat aan hom 'n soewereiniteit in eie kring verleen, is die skool egter geen verlengstuk van die huisgesin of enige ander verband nie, alhoewel dit innig daarmee vervleg is (Mulder, 1969, p.113). As tipiese samelewingsvorm vertoon die skool 'n eie tipe idiostante strukturele eenheid; daarom is skoolopvoeding weer iets anders as gesinsopvoeding of kerklike opvoeding. Elke samelewingsvorm het sy eie taak ten opsigte van die opvoeding en die onderwys en moet daar= aan ooreenkomstig sy eie tipiese struktuurnorme uitvoering gee (Heiberg, 1969, p.50).

As mensegroep het die skool egter, soos alle samelewings= vorme, deel aan alle aspekte of synsnitte van die werklikheid binne die kosmiese dimensie van die modaliteite. Opvoeding en sosialisering behels immers die ontsluiting van die norme wat in alle modale aspekte geld. "Word so die *hart*, vanwaar die uitgange van die lewe is, in beslag geneem deur die

Christelike religie (grondmotief), dan sal dië opvoeder trag om in *alle* normatiewe funksies van die kinderlewe die kind te *ontsluit* en te *verdiep* onder leiding van dié *norme* wat in elk van die kaders of ook samelewingsverbande, geld" (Heiberg, 1969, p.53-54). Opvoeding bly altyd 'n *integrale* handeling, d.w.s. dit kom uit die *hart* van die opvoeder en kan sig vryelik wend en keer binne *alle* normatiewe funksies, welke dan ook. Opvoeding kan dus nie gereduseer word tot 'n "suiwer" *etiese* handeling, asof die hele normatiewe lewe van die kind wat ontsluit moet word, slegs *eties* is nie (Heiberg, 1969, p.54).

Vanweë sy integrale en universele aard en karakter, voltrek die opvoedingsgebeure hom ook in al die ander kosmiese dimensies. Wat die kosmiese dimensie van die gebeure betref, is die skool immers gemoeid met opvoeding en sosialisering as gebeure, handeling of akt. Geen ander samelewingsvorm is sô uitdruklik en in die besonder geroepe tot hierdie ontsluitings- en kultiveringstaak nie. Die skool is opvoe=dings- en onderwysinstituut en beoog die ontsluiting en ont=plooiing van die normatiewe *aktlewe* van die kind, sodat die kind by volwassenheid sy roeping tot eer van God en tot beswil van sy medemens in die diens van God kan verrig (Mulder, 1969, p.112). Wat die kosmiese dimensie van idio=stante strukture betref, is die skoolopvoeding eiesoortig van aard en m.b.t. die kosmiese dimensie van waardes, kan onderskei word tussen ware en valse opvoeding, d.w.s. wat die skool spesifiek betref, tussen 'n ware en 'n valse skool.

wat ontrou is aan sy struktuurnorm.

### 3.2 Die gesagstruktuur van die skool

Sonder gesag is opvoeding en onderwys onmoontlik. Die aard van elke samelewingsvorm bepaal ook die karakter van sy besondere gesag. "Geen verband kan sy taak, ook sy op=voedingstaak, in normgehoorsaamheid uitvoer wanneer dit die gesag wat aan die gesagsdraers *verleen* is, misbruik of in onbruik laat verval nie"(Heiberg, 1969, p.50). Hier word weer eens vermeld dat met gesag bedoel word die reg om die handelinge van andere te rig en te beheer (Roode, 1974, p.93). Al meld die Bybel nie eksplisiet dat die onderwyser in die skool sy gesag direk aan God ontleen nie, is dit tog sō dat "*all authority* is delegated by the Lord and *all* office-bearers are directly responsible to Him for the discharge of their duty" (De Graaff, 1966, p.97).

Vanweë die wesensaard en struktuur van die skool, moet daar dus teen gewaak word om nie die outonomie van die skool en die onderwyser aan te tas, te ondermyn en dit ondergeskik te maak aan byvoorbeeld die gesinsgesag nie. In die skool handhaaf die onderwyser die gesag wat hom kragtens sy outonomie toekom en sy gesag word gekwalifiseer deur die kwalifiserende funksie, naamlik die oordrag van kultuur=skatte binne die etiese funksie wat gemik is op die onder=linge gehegtheid tussen onderwysers en leerlinge. Waar nodig, moet die onderwyser sy gesag met tug handhaaf, waar die tug dan ook onder die etiese leidende funksie staan

(Van Wyk, s.j., p.4). Van der Walt (s.j., p.25-26) onder= skei in hierdie verband tussen "tug met die oog, tug met die woord en tug met die daad", terwyl hy dit eksplisiet stel: "Elke onderwyser moet self tug uitoefen, want hy alleen is die gesagsdraer" (Van der Walt, s.j., p.26). Alle vorme van straf moet egter as tugmiddel gesien word en nie as vergeldingsmiddel nie.

Wat egter wel waar is, is dat die onderwyser, alhoewel hy nooit die ouer vervang nie, d.w.s. nooit sogenaamde *locum parentus* kan wees nie, so goed as moontlik in gees en rigting by die onvervangbare oueropvoeding moet aansluit en die feit dat die onderwyser altoos in die oog moet hou dat elke kind primêr uit 'n gesinsverband afkomstig is, begrens dus radikaal die gesag van die skool (Venter, 1969, p.38). Ten opsigte van die gesagstruktuur van die skool, meld Kotzee (1967, p.17-18): "Hoewel die skool in 'n mate met gesag beklee is, dra hy nie sy gesag van buite soos 'n geleende kleed nie, maar kom sy gesag van binne en dien hy die swakkere uit sy eie innerlike sterkte en oortuiging", waarmee gesê is dat die gesag van die skool in sy struktuur setel.

## 3.3 Kenmerke van die Christelike skool

Die Christelike skool word in al sy aktiwiteite beheers deur die Christelik-religieuse grondmotief: die grondslag, doel, leerinhoud, metodes, tug, inrigting en beheer. Van Wyk (s.j., p.7-8) noem hiervolgens die volgende kenmerke van

die Christelike skool:

- Die Woord van God is die *grondslag* van die Christelike skool.

- Die uiteindelike *doel* daarvan is die kennis, liefde vir en die diens aan God tot Sy eer en die saligheid van die kind.

- Die Christelike skool handhaaf 'n Christelike *antropologie*.

- Die *inhoud* van die Christelike skoolopvoeding bestaan uit: Die kennis van God (godsdiensonderrig) en die kennis van mens en natuur (die ander skoolvakke). Die evangelie van Christus moet die hele skoolonder=wys en -opvoeding deursuur.

- Die *metodiek* van die Christelike skool is prinsipieel Christelik bepaal: dit berus op 'n Christelike an=tropologie, kosmologie en gnoseologie.

- Die algemene beginsels van die Christelike beskouing oor *tug* moet in die Christelike skool van krag wees. Die skooltug word gelei deur die Christelike liefde en het as oogmerk die eer van God en die behoud van die kind.

- Die Christelike skool hou in sy *inrigting* en *beheer* die Christelike beginsels in eer.

Bingle (s.j., p.4) sluit hom soos volg hierby aan: "Vol=gens die letter van die wet word die skool nou verklaar tot 'n christelike inrigting en dit kan niks anders bedui as dat letterlik alles in die skool positief op die christelike ingestel moet wees: doelstellings, mensbeskouing, inhoud, metode, tug, organisasie, selfs die buiteskoolse bedrywig=hede is hieronder ingesluit".

Wanneer Van der Walt (s.j., p.69) daarop wys dat die funk=sies van die skool verband hou met die doel, toon hy onder andere dat die einddoel, naamlik die *volkome* vorming en toerusting van die kind tot mens van God vir alle goeie werke volkome toegerus, ook die onmiddellike opvoedings=doeleindes bepaal en rig. Hierdie norme geld egter nie slegs vir die doel nie, "maar ook vir die inhoud van die leerstof, ontspanning en vryetydsbesteding, metodes van opvoeding en onderwys, tug, evaluering, personeel, admini=strasie, finansiering, beheer ensovoorts" (Van der Walt, s.j., p.69). Wat die kenmerke van die Christelike skool betref, blyk dit dus dat daar geen enkele faset of aktiwi=teit daarvan is wat buite die normgesag van die Woord van God staan nie. Slegs hierdeur word 'n ware opvoedingsmilieu geskep waarbinne Christelike opvoeding kan gedy.

## 3.4 Die funksies van die skool

Daar is reeds op gewys dat die skool 'n Godgewilde opvoedings instituut is wat as instrument in diens staan van beskawings ontwikkeling en -handhawing. Die skool is dus nie die

verlengstuk van die huisgesin nie, dog bou inderdaad voort op die gesinsopvoeding. Dit is verder ook só dat die aksent by die skoolopvoeding val op die formele onderrig, d.w.s. op die oordrag van formele kennis en die aanleer en bybring van kundighede en vaardighede (Kerckhoff, 1972, p.65). Die skool het egter nie slegs die oordrag van formele kennis aan die kind tot taak nie, dog hierdie oordrag van formele kennis geskied binne die breë opvoedingsraamwerk. Met ander woorde, die skool het in die laaste instansie die onderrig en opvoeding van die kind tot taak, waardeur die kind in staat gestel moet word om by sy gemeenskap in te pas en aan te pas (Roode, 1974, p.91). Dit wat in die skool gedoen word, het sosiologies op die oog die diens= baarmaking hiervan aan die samelewing, sodat die toerusting van die persoonswording van die kind in diens van 'n varia= sie van roepings in die samelewing en kultuur kan gedy (Van der Walt, 1969, p.129).

In die lig van die bostaande skyn dit egter dikwels asof die hedendaagse skool nie helderheid het aangaande sy wesen= like funksie nie. Die skool is geen primêre beroepsoplei= dingsinstituut nie. Kragtens sy eiesoortige struktuur, staan die skool primêr in diens van beskawingshandhawing, d.w.s. om die kind te lei tot beskawingsmondigheid (Venter, 1969, p.39). Beroepsoriëntering en beroepsleiding volgens aanleg en talent, behoort wel tot die taak van die skool, maar die eensydige toespitsing op die sogenaamde praktiese vakke moet afgekeur word (Van Wyk, s.j., p.6). Gous (1969,

p.131-132) waarsku soos volg baie nadruklik hierteen, wan= neer hy sê: "Ek wil ook met baie groot klem beweer dat die gedagtes en die leerplanne vandag oorlaai word met stoflike, wetenskaplike en tegnologiese inhoude tot so 'n mate dat ons gevaar loop dat ons onderwys 'n onderwys in dinge kan word en dat onderrig in die hoogste wetenskap, naamlik die wetenskap van mens-wees in die suiwerste Bybelse vorm wat u en ek ken, bykans in baie gevalle totaal ver= waarloos word. Die gevolg is dat ons skole en ons univer= siteite vandag reuse lewer van kennis en van vaardigheid, maar onbeholpe kinders in die kuns van mens-wees en van ouerskap; reuse wat harte kan oorplant, maar nie raad het vir die gebrokenheid van eie hart en van eie huis nie".

Hiermee is gesê dat daarteen gewaak moet word om die basiese funksie van die skool, naamlik leiding tot beskawingsmondig= heid deur primêr instrument te wees in diens van beskawings= handhawing ooreenkomstig sy eie wesensaard en struktuur, op te offer aan die blote bybring van kennis en die opleiding van beroepe.

Tereg meld Kotzee (1967, p.10-15) dat die skool sy horisonne verbreed het. "Dit het die hele wese en bestemming van die mens betrek. Dit sluit die onderrig *en* die opvoeding van die kind in die wydste betekenis van hierdie twee begrippe in. Die skool word al meer 'n vesting van die volk t.o.v. sy geestelike, morele, verstandelike slaankrag en algemene weerbaarheid." Voorts sê Van der Walt (1959, p.183-184) tereg

in hierdie verband dat die bestemming van die skool "oewer= loos" is, want dit vorm sosiologies gesien, alle fasette en eienskappe van die wordende persoonlikheidsvorming en ont= wikkeling van 'n groot verskeidenheid van persoonsrolle van die persoonsroeping in die samelewing met sy groepe en kul= tuur waarin sulke persone as goed toegeruste mense tot heil van hulle medemens en tot eer van God moet arbei.

Die funksies van die skool is dus verspreid oor die hele spektrum van menslike aktiwiteit, dog alle funksies kulmi= neer uiteindelik in die oorkoepelende, inklusiewe opvoedings= taak wat realiseer in die onmiddellike, verwyderde en eind= doel. Op hierdie wyse en in hierdie lig, bied die skool= opvoeding en -onderwys op sy eie wyse met sy eie doelstel= ling, inhoud, metodes, tug, meting, organisasie en admini= strasie, aan om sy doelstelling - intern en ekstern - te verwesenlik. Dit geskied deur die analitiese en estetiese aard van die interpretasie van die skoonheidstruktuur van die skepping wat op 'n besondere wyse in die variasie van skool= leerplanne vervat is en vir die leerling as leerstof aange= bied word. Dit is derhalwe duidelik dat binne die bestem= ming van die skool, met die bybring van kennis en vaardighede, 'n interne en eksterne doelstelling is. Die opvoedingsakti= witeit van die skool mond immers in die samelewing uit en op hierdie wyse bied die skoolopvoeding en -onderwys ook hulp en steun aan en kulmineer dit uiteindelik in die ge= loofsinterpretasie van die kerk as 'n heenwys en heenlei na Bo - dit is na God - want alle opvoeding is *finalitêr* Godgerig (Van der Walt, 1959, p.183-184).

Nou is dit juis hierdie omvattende funksie van die skool as instrument in diens van kultuurhandhawing, wat sy so=sialiseringstaak is en wat vervolgens aan die orde kom.

## 4. DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE SKOOL

Vir enige samelewing om in die tyd te kan voortbestaan, moet die waardes, gesindhede, gedragspatrone, geakkumuleer=de kennis, d.w.s. sy totale kultuurinhoud, voortdurend aan die opkomende geslagte oorgedra word. Dit geskied wesenlik deur sosialisering en is die primêre taak van die opvoed=kundige sub-sisteem van die samelewing. In die immer wyer uitkringende pedagogiese werksaamheid van die samelewing en kultuur, neem die skool derhalwe 'n besondere plek in. Alle gemeenskappe, selfs die eenvoudigstes, het formele skole ontwikkel om in hierdie behoefte te help voorsien deur onder andere kinders toe te rus vir die wye verskeiden=heid volwasse kultuurrolle wat hulle later in die gemeen=skap moet beklee (Alford e.a., 1971, p.301).

Vir die sosioloog is die vraag eerstens hoe die skool inpas in die sosiale struktuur en tweedens hoe die skool se rol daar uitsien in die sosialisering van die kind (Cilliers & Joubert, 1968, p.212).

Die skool ontvang die kind wanneer hy reeds oor 'n bepaalde toerusting beskik - 'n fondament wat primêr deur die huis=gesin gelê is. In die vorige hoofstuk is die beeld gebruik hoedat die kind m.b.v. 'n raam van die volle lewe en kul=

tuur geskei is. Stelselmatig, deur die ordelike proses van sosialisering, word die raam opgeskuif - aanvanklik deur die ouers in die huisgesin, maar later ook deur die skool en word die norme ontsluit totdat die kind uiteindelik in die glans van die volle en ryke lewe staan. 'n Groot deel van hierdie ontsluitingsproses word dus deur die skool behartig. "Geen ander samelewingsverband is so uitdruklik en in die besonder geroepe tot hierdie ontsluitings- en kultiveringstaak nie" (Mulder, 1969, p.112).

Indien die huisgesin, wat die aanvoorwerk in dié verband moes doen, in sy taak gefaal het, is sosialisering in die skool problematies. Gous (1969, p.133) lê soos volg be= sonderlik klem op hierdie fondament wat die huisgesin lê as voorwaarde vir suksesvolle sosialisering in die skool:

"Ek het nog nooit in 'n skool 'n probleemseun en -dogter gevind wat gesagsverhoudinge betref, wat by die huis 'n suiwer gesagsverhouding en 'n gesagservaring met hulle ouers handhaaf nie, en andersom. Ons kry dan ook 'n suiwer identifikasie, 'n suiwer identiteitsvorm. Hierdie seun word 'n man soos sy vader en hierdie dogter word 'n pragtige vrou soos wat haar moeder is en hierdie seun leer ook wat dit is om met 'n pragtige vrou in verbinding en in wissel= werking te lewe. En hierdie dogter leer ook die man ken deur die sieraad van haar vader wat sy rol suiwer beset het". Dit mag dus nie aan die skool oorgelaat word om daardie basiese toerusting vir daardie seun of dogter te gee nie. Hierdeur word 'n misdaad aan die kind en die

samelewing bewys. Indien die basiese toerusting reeds by skooltoetrede by die kind in beginsel aanwesig is, is so 'n kind gemotiveerd, 'n lus in die skool en het en skep min probleme.

### 4.1 Rolontsluiting deur die skool as sosiale sub-sisteem

Soos enige ander sosiale sisteem, kan die skool ontleed word ooreenkomstig die posisies wat die verskillende lede van die groep beklee. Hierdie posisies is gerangskik vol= gens die struktuurkomponente van die sosiale sisteem, wat bekend staan as norme, rolle, subgroepe en waardes (Johnson, 1971, p.51). Aangesien hierdie komponente in hoofstuk 4 volledig ontleed en toegelig is, word daar nie hier weer op besonderhede ingegaan nie, dog word slegs aangetoon hoe= dat die rolontsluiting as vorm van sosialisering d.m.v. hierdie struktuur ontplooi.

Aangesien leer, d.w.s. ook sosialisering, 'n individuele en sosiale proses of gebeure is wat in en deur die prosesse van sosiale wisselwerking realiseer, vorm hierdie sosiale proses ook die sosiale sisteem van die skool, d.w.s. die wisselwerking tussen onderwysers, hoofde, leerlinge en ouers (Brembeck, 1971, p.342). Die norme vir elke rol of kollektiwiteit van rolle is vooraf uitgestippel in die for= mele sosiale sisteem van die skool. Hierdie norme stel bykans bomenslike eise aan die onderwysers onder wie se leiding en deur wie se voorbeeld die sosialisering ont= plooi (Van den Berg, 1973, p.187-191). Die formele sosiale

sisteem van die skool is dus die hiërargie van posisies met toegeskrewe rolle en norme, soos o.a. bepaal deur gesag en verantwoordelikheid. In die klaskamer, terwyl met for=mele onderrig besig is, funksioneer die formele sosiale sisteem met sy toegeskrewe rolle.

Mense is egter nie uitsluitlik formele 'organisasie-mense' wat blindelings konformeer aan die formele verwagtings aan hulle rolle nie. "Teachers are both 'humans' and teachers" (Brembeck, 1971, p.352-353). Dit is veral in hulle hoeda=nigheid as 'humans' dat die onderwysers lede van die infor=mele sosiale sisteem van die skool is. Volgens die funk=sionele imperatiewe van die sosiale sisteem beteken dit dat die formele sosiale sisteem in hoofsaak figureer binne die im=peratiewe van adaptasie en doelbereiking, d.w.s. instrumenteel na buite, terwyl die informele sosiale sisteem in hoofsaak figureer binne die imperatiewe van integrasie; patroon=handhawing en spanningsbeheer, d.w.s. integratief-ekspressief na binne. Parsons (1965, p.39) wys immers daarop dat enige sosiale sisteem die neiging het om sy strukturele patroon te handhaaf en homself te stabiliseer deur die skepping van fasiliteite vir verandering in die rigting van integratief-ekspressiewe funksies. Hierdeur kom die sisteem in ekwili=brium.

Hierdie dubbele lidmaatskap, d.w.s. van twee sub-sisteme of meervoudige rolbesetting van die onderwyser, maak sy rol(le) egter besonder kwesbaar t.o.v. rolkonflik - 'n begrip wat in 'n vorige hoofstuk omskryf is. Aan die ander kant gee

die uiters gekompliseerde rolbesetting of rolstel van die onderwyser, d.w.s. sy rolrepertoire, daartoe aanleiding dat die kind die onderwyser in 'n wye verskeidenheid van *gedaantes*, d.w.s. rolle, ontmoet en telkens onder wisselende omstandighede en situasies, waar ander norme geld, met hom in kontak en wisselwerking tree: as onderwyser in die klaskamer onder formele omstandighede, soos voorgeskryf deur die formele sosiale sisteem in hulle toegeskrewe rolle; as Voortrekkeroffisier, ontspanne in die veld langs 'n kampvuur; as kadetoffisier, formeel aangetree op die paradegrond; as konsertmeester, as volkspeleleier, as sportafrigter, as toervader, as karaktervormer en ook buite die skool in menige leiersposisies (Van den Berg, 1973, p.209-222). Die kind kom dus telkens in 'n ander rolver= houding tot die onderwyser te staan. Die onderwyser beklee dus 'n wye spektrum van soms uiteenlopende rolle van waaruit hy die kind voorgaan en lei in verskillende subsisteme van die skool - formeel en informeel. Hierdie gediversiveerde rolrepertoire van die onderwyser, alhoewel dit hom blootstel aan rolkonflik, maak aan die ander kant van hom 'n besonder invloedryke en dominante sosialiserende agent. Die kind internaliseer dikwels die onderwyser se rol as heldefiguur, want die onderwyser is in alle opsigte sy meerdere, kan baie dinge doen en leer hom ook om baie dinge te doen: lees, skryf, sport beoefen en ander dinge wat vir die klein kind skouspelagtige prestasies is wat sy kinderverbeelding aan= gryp. Dit verbaas dus nie dat die kind dikwels eerder die onderwyser glo as sy eie ouers nie. Die onderwyser se rol leen hom uitstekend daartoe om as't ware op te tree tussen die wêreld van kind-wees en die wêreld van volwassenheid

wat hy verteenwoordig in die onderwyser-kind-sub-sisteem van die skool (Ottaway, 1964, p.185-189). Vir die suk= sesvolle sosialisering is die volwaardige onderwyser as invloedryke, navolgenswaardige en dominante rolmodel van besondere betekenis. Daar is reeds op gewys dat die kind die neiging het om die dominante rol te internaliseer. Oor rolidentifikasie in die skool, word later meer in besonderhede uitgewei.

Funksioneel beskou, is die skoolklas as subsisteem van die skool in die eerste plek 'n sosialiseringsagens waar= deur die individuele persoonlikheid aangeleer word om die nodige motivering en tegniese bekwaamheid te verkry om vol= wasse rolle te kan uitleef (Cilliers & Joubert, 1968, p.212). In hierdie verband dien die skool in toenemende mate as oorgangstadium waarin die kind blootgestel word aan die minder beskermende atmosfeer van die klaskamer as sub-sisteem, wat reeds meer georganiseer word volgens die beginsels wat die organisasie van die volwasse lewe beheers. Die waarde-oriëntasies en motivering van die rolle van die persone in die huisgesin self - veral dié van die ouers, is, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, partikularis= ties georiënteer. Daarenteen word die rolle buite die gesin, onder andere in die skool, al meer en meer beheers deur universalisties-georiënteerde waardes (Cilliers & Joubert, 1968, p.212-213).

Die kind maak ook in die skool kennis met 'n ander soort dissipline. Die pre-oedipale kind is in die huisgesin

toegelaat om sy gevoelens na willekeur uit te leef sonder enige mate van selfbeheer. Die oedipale kind egter, d.w.s. van skoolgaande ouderdom, leer om sy gevoelens te inhibeer ter wille van doelbereiking (Toby, 1971, p.388).

Nie slegs deur formele kurrikulêre aktiwiteite nie, dog ook informeel deur die beoefening van en deelname aan ekstra kurrikulêre aktiwiteite of buiteskoolse bedrywighede, leer die kind groepsverbondenheid en -solidariteit aan. In en deur die skool kry die kind onder andere toegang tot die *portuurgroep*. Deur die verskillende wisselwerkingsprosesse tussen hom en sy maats leer hy deur hierdie sub-sisteem van die skool deugde aan soos lojaliteit en mededeelsaam= heid; leer hy dat op die sosiale leer daar 'n paar skouers onder elke paar voete is; ontwaak sy sosiale instinkte; leer hy om mee te ding en om saam te werk; om te wen en te verloor; binne die 'reëls' te speel; sy man te staan e.d.m. (Kerckhoff, 1972, p.70). Binne die skoolomgewing word 'n appèl gemaak op die leierskapeienskappe van die kind en die gepaardgaande verantwoordelikheidsin word ge= prikkel deur hom/haar op te neem in die leerling- en pre= fekteraad; diens te laat doen in die skolierepatrollie waardeur hy padveiligheidsbewus gemaak word; hom te kies as kaptein van 'n sportspan en hom met verskeie ander ver= antwoordelikhede te beklee waarin en waardeur hy vertroud gemaak word met norme wat ook vir volwasse rolle in die samelewing geld. Dit geld ook vir gesag, orde, regulasies en reëls in die skool, wat niks anders is nie as die uit= vloeisels van die outoriteit van die volwassenes in die

samelewing.

Dit is immers binne die skoolomgewing, formeel en informeel waar die kind se volks- en nasietrots en 'n liefde vir sy eie kultuur geprikkel word deur die groepsbywoning van volks- en ander feeste. Dit is deur sy betrokkenheid by skooldebatte en deelname aan skoolkonserte en kunswedstryde en deelname aan verskillende ander kompetisies en uitstallings dat die kind se aanleg en talente op velerlei wyses tot uiting kom (Van der Walt, s.j., p.20-21).

Wat die funksionele imperatiewe betref, spreek dit vanself dat die skool, soos reeds aangetoon, ook op mikro-vlak sy eie voortbestaan as sosiale sub-sisteem moet verseker deur die vier funksionele vraagstukke van integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer, doelbereiking en adaptasie, op te los. Na binne moet die skool sy lede integreer deur onder andere sy eie meganismes van sosialisering, waardeur ook die spanninge beheer word deur die informele sub-sisteem (Brembeck, 1971, p.352-353). Verder moet die skool na buite aanpas en sy doelstellings verwesenlik deur onder andere die skep van effektiewe kommunikasiekanale met sy eksterne omgewing (Cilliers & Joubert, 1968, p.98-99). Ook Van der Walt (1959, p.212) sê i.v.m. die algemene doelstellings van die skool dat dit kinders in 'n samelewing moet leer om met mekaar te verkeer en deel te hê aan 'n gemeenskaplike kern van tradisies en waardes om uit te put. Wat sy interne integratiewe funksie betref m.b.t. sosialisering, help die daarstelling van 'n aangename werksmilieu wat egter ook 'n

gesagsgebied is, om die lede te integreer. Indien die skool in gebreke bly om kinders te motiveer om self onderwysersrolle te wil vervul, saboteer die skool homself en deur hierdie selfroof bewys hy ook 'n ondiens aan die samelewing, aangesien sy eie voortbestaan in die gedrang kom.

Makro-sosiologies egter, d.w.s. wat die samelewing as geheel betref, is reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon dat sosia= lisering die funksionele sub-sisteem is wat in hoofsaak figureer binne die twee probleemareas van integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer (Johnson, 1971, p.53). Deur die inbou van kultuurpatrone in die persoonlikhede van die sisteemlede, word die samelewing na binne geïnte= greer en die samelewingspatroon gehandhaaf. Saam met die huisgesin en alle ander samelewingsvorme wat 'n sosialise= rende funksie het, deel die skool hierdie taak as strukturele sub-sisteem. Dit sluit ook in die motivering van die indi= vidu om die waardes van die samelewing te internaliseer (Parsons, 1965, p.38). Dit is immers deur die prosesse van institusionalisering en internalisering waardeur die struktuur van die samelewing tot stand kom en gehandhaaf word deur die inbouing van die normatiewe patrone respektie= welik in die kultuur en in die persoonlikheid (Steenekamp en Du Plessis, 1972, p.35).

Soos in die voorafgaande aangetoon, is die skool as instru= ment in die diens van beskawingshandhawing en die samelewing, by uitnemendheid hiertoe geroepe en hiervoor toegerus.

Deur die formele onderrig word die kind nie slegs verstande= lik ontwikkel nie, dog ook deur die prosesse van indoktri= nasie en habituasie word hy op formele en informele wyse ingelei in en vertroud gemaak met volwasse rolle in die geïnstitusionaliseerde kultuur van die samelewing. Die ontsluitingsproses wat in die huisgesin begin het, word dus deur die skool voortgesit op sy eie kenmerkende wyse. Hierdie norm- en rolontsluiting vind oor 'n wye spektrum van formele en informele aktiwiteite in skoolverband plaas.

Indien die skool as instrument in beskawingshandhawing in sy taak misluk, is *kultuurregressie* die onvermydelike ge= volg en dit beteken uiteindelik die verval van die samele= wing. Sosialisering word trouens ook genoem 'kultuur= transmissie' (Alford, e.a., 1971, p.301). Dit beklemtoon juis die betekenis van hierdie funksionele sub-sisteem waarbinne die skool as strukturele sub-sisteem veral van= weë sy eiesoortige struktuur en funksionele verhouding en verband met ander sisteme binne die samelewing (Ottaway, 1964, p.13) 'n prominente rol speel.

Daar is reeds oorsigtelik verwys na die identifikasieprogram van die kind in die skool, dog die sosialiseringstaak van die skool sal nie voldoende omlyn wees indien nie breed= voeriger op hierdie belangrike aspek gewys word nie. Ver= volgens enkele opmerkings daaroor.

## 4.2 Die identifikasieprogram in die skool

Identifikasie kan genoem word die "tuisbring", die "eie maak",

die "op die hart betrek" van die rol van die ander, d.w.s. van die rolmodel. Dit is dus meer as bloot die nabootsing van die rolmodel; dit is 'n innerlike begeerte om die ander rol te verinnerlik. Alhoewel dit hier 'n "identifi=kasieprogram" genoem word, geskied identifikasie hoofsaaklik informeel. Nabootsing vind eers plaas nadat suksesvolle identifikasie plaasgevind het (Johnson, 1971, p.128). Die voorwaardes vir suksesvolle identifikasie is reeds in die vorige hoofstuk bespreek.

Sommige outeurs (Cilliers & Joubert, 1968, p.215) meen dat die ontwikkeling dat steeds meer en meer vroue tot die onder=wys toetree, groot voordele inhou vir die sosialisering van die kind, aangesien die onderwyser(es) se rol 'n be=langrike brug kan vorm vir die emosionele oorplasing van die gehegtheid aan die moeder in die eerste lewensjare van die kind. Wat getroude onderwyseresse betref, hou dit 'n dubbele voordeel in, aangesien sy nie slegs vanuit die oog=punt van die kind 'n simboliese moederfiguur is waardeur die sosialiseringsgebeure vergemaklik word nie, dog sy is self ook moeder en het gevolglik groter begrip vir die jong kind se probleme.

Wat die hoër klasse betref, moet egter in gedagte gehou word dat die kind hom ook met 'n vaderfiguur moet identifiseer, of dan met 'n manlike rolmodel, ten einde te verseker dat sy geslagsrolidentifikasie korrek verloop (Johnson, 1971, p.128). Veral in die hedendaagse tyd waar die manlike geslagsrol a.g.v. die atomisering van die huisgesin besig

is om binne gesinsverband te verskraal en te verskuif, kan die normale identifikasie versteur word of selfs ambivalent verloop indien die kind, veral die seun, hom by die skool ook hoofsaaklik met 'n vroulike geslagsrol identifiseer. Baie van die probleme wat in hierdie verband in die le= wenspraktyk ervaar word, ook wat gesagsverwerping betref, kan teruggevoer word na die verskuiwing van die rolbeset= ting van die ouers in die huis en veral in die eerste in= stansie van die verskuiwing van die vaderfiguur wat die instrumentele gesagsdraer in die huis moet wees, sodat sy plek beklee word deur 'n tweede gesagsfiguur, 'n sogenaamde manlike persoon wat dit nooit kan wees en kan volstaan nie, naamlik 'n vrou (Gous, 1969, p.132).

Durkheim (1965, p.865) waarsku nadruklik teen hierdie pas= siewe "verslawing" van die kind deurdat slegs een "kopie" van die onderwyser(es) aan hom voorgehou word:

"All sorts of precautions must be taken in order to protect the freedom of the child against the omnipotence of educa= tion. How can we think, as some did recently, of letting the child in the hands of a single teacher? Such an edu= cation is bound to become soul-crushing. The child could not fail to reproduce passively the only model under his eyes".

Dit is dus nie slegs wenslik dat daar voldoende mans in die onderwys en in die skool moet wees nie (ook in die primêre skool), dog dat die eksklusiewe dominantheid van die enkele

onderwyser in die klaskamer teengewerk moet word deur die wisseling van onderwysers. Die kind is geneig om die domi= nante rolmodel te internaliseer en indien dit in hoofsaak vroue is, spreek die implikasies vir hulle self. Ten opsigte van die vervrouliking van die onderwys, moet ook gelet word op die implikasies wat dit inhou t.o.v. die buitemuurse aktiwiteite en die betekenis van nabootsing en identifikasie wat daarmee gepaard gaan, asook met die handhawing van ge= sag in die skool (Cilliers & Joubert, 1968, p.215-216). Indien vroue hierin die rolle van mans neem, versterk dit juis die vrou se dominansie wat dit vatbaarder maak vir identifikasie. Weier die onderwyseresse om dit te doen, ly die sosialisering skade. Daar is in die vorige hoofstuk reeds aangetoon dat die identifikasie met instrumentele leierskapsrolle noodsaaklik is vir suksesvolle sosialisering.

## 5. SAMEVATTING

Sosiologies vind opvoeding en sosialisering plaas in alle groepe, verbande en sisteme binne die samelewingstotaliteit en kultuur. Alle verbande is egter in 'n funksionele ver= houding tot mekaar en innig met mekaar vervleg. Die ge= meenskaplike opvoedingstaak waartoe hulle afsonderlik en gesamentlik geroepe is, lê in 'n groot mate ten grondslag van hulle funksionele verbondenheid. Dit is juis daarom dat opvoeding en sosialisering as funksionele sub-sisteem hoofsaaklik 'n *integratiewe* funksie het binne die vier funksionele imperatiewe (Johnson, 1971, p.55).

Vroeër is hierdie taak uitsluitlik deur die huisgesin ver=

rig, dog a.g.v. kultuurontwikkeling en die toenemende kom= pleksiteit van die samelewing en kultuur, het die skool as kultuurverband met 'n opvoedingstaak uit die gesin ontstaan in diens van kultuur- en beskawingshandhawing in die same= lewing.

Dit bring egter nie mee dat die skool met ander samelewings= vorme op hierdie lewensterrein meeding nie, dog die skool het sy eie onskendbare struktuur volgens funderings- en bestemmingsfunksie, wat ook sy eiesoortige, onvervreembare taak en funksies definieer. As sodanig kan die skool dus nooit die verlengstuk van die huisgesin of enige ander samelewingsvorm wees nie. Skoolopvoeding is hiervolgens struktureel eiesoortig en radikaal anders as opvoeding in enige ander verband.

Struktureel is die skool as sosiale sub-sisteem uitnemend toegerus vir sy sosialiseringstaak. Aangesien sosialisering nie slegs op formele, klassikale basis in die skool geskied nie, dog ook informeel binne alle ander kontakte en vorme van wisselwerking binne skoolverband, leen die skool hom volgens sy sistemiese struktuur juis hiertoe. Die skool beskik naamlik oor 'n formele sosiale sisteem volgens toe= geskrewe norme en rolle en rolverwagtings. Hierbinne vind die formele toerusting van die kind deur onderrig plaas. Aan die ander kant beskik die skool egter ook oor 'n infor= mele sosiale sisteem wat weer opgebou is uit verskeie sub- sisteme binne die rykdom van die totale en insluitende skoolaktiwiteit.

Bestaande differensiasie in sub-sisteme raak eerstens die diffuse rolbesetting van die onderwyser. Enersyds verleen dit 'n enigsins ambivalente karakter aan sy rol, aangesien hy vanweë sy lidmaatskap van die formele sowel as die in=formele sosiale sisteem, in 'n groot mate blootgestel is aan rolkonflik. Andersyds, vanuit die oogpunt van die kind en sy sosialisering gesien, hou dit dié voordeel in dat die kind deur sy wisselwerking met die onderwyser onder wisselende omstandighede en situasies, in kontak gebring word met 'n redelike verskeidenheid van volwasse rolle.

Hierby moet egter in gedagte gehou word dat die hele aan=geleentheid m.b.t. rolidentifikasie, problematies kan wees a.g.v. die toenemende vervrouliking van die onderwys. Veral geld dit vir die identifikasieprogram van die seun in 'n tyd waarin die rolbesetting van die ouers binne die huisgesin besig is om te verskuif.

Feit bly egter: In en deur die skool as sosiale sisteem wat formeel en informeel as instrument in die diens van beskawingshandhawing staan, kry die kind voldoende geleent=heid om die rolle en die norme wat in die samelewing geld, te internaliseer. Deur die basiese taak van die skool, d.w.s. kultuurtransmissie, word die voortbestaan van die samelewing en kultuur andersyds verseker deur die proses van institusionalisering. Hiersonder sal 'n toestand van algehele kultuurregressie die einde van die samelewing beteken. Die skool sit in hierdie verband die ontsluitings=proses waarmee in die huisgesin 'n aanvang gemaak is, voort.

Dit is ook die skool wat vir die kind toegang verleen tot die portuurgroep waarin hy vertroud raak met kultuurnorme, deugde en eienskappe waarop die volwasse gemeenskap hoë prys stel.

## HOOFSTUK 8

## DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE KERK AS STRUKTURELE SUB-SISTEEM

### 1. INLEIDING

Daar mag diegene wees wat kan beweer dat dit aan heiligs=kennis grens om in navorsing van hierdie aard en oor hierdie onderwerp die kerk ook te betrek, as sou die kerk nie stu=dievoorwerp van die sosiologie wees nie. Teen hierdie op=vatting gaan die wekroep van die Reformasie van die 16$^{e}$ eeu op: "Weg met die onderskeiding priesterstand en leke; Christus het julle vrygemaak van die kerklike hiërargie". (Anon., 1972, p.2). Dit moet toegegee word dat die kerk nie in al sy fasette toeganklik is vir wetenskaplike deur=skouing nie, soos ook uit die verloop van hierdie hoofstuk sal blyk. Spier (1972, p. 96) waarsku tereg teen die feit dat die kerklike instituut in die daaglikse lewe kortweg die kerk genoem word en dat dit moontlik kan aan=leiding gee tot 'n vereenselwiging van die kerklike insti=tuut met die Kerk (met 'n hoofletter), d.w.s. die *Una Sancta*, die liggaam van Christus, die eenheid van alle ge=lowiges, wat, alhoewel dit 'n individuele karakter dra, nie oor 'n struktuur beskik wat ontleedbaar is nie, omdat dit op 'n dieper vlak as die modaliteite lê. Gevolglik word hierdie onderwerp met die grootste piëteit en selfs enig=sins skoorvoetend aangepak.

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat alhoewel die huisge=sin vanweë sy unieke struktuur die basiese sosialiserings=

instansie en ook tereg opvoedingsinstituut by uitnemend=heid is, sosialisering nie *uitsluitlik* die taak en ver=antwoordelikheid van die huisgesin is nie. Weer eens word in hierdie verband na die uitspraak van Danziger (1970, p.18) verwys: "Nothing could be more misleading that to treat the socialization of the child as though it were sim=ply a family process".

Wat die verbande betref, word die huisgesin saam met die skool en die kerk as die "major agencies of socialization" (Stewart & Glynn, 1971, p.76) uitgesonder, terwyl sosiali=sering egter ook in alle ander verbande en selfs in die losse en vrye verhoudingsgroepe plaasvind.

Dat die kerk saam met die huisgesin en die skool as sosia=liserende instansie uitgesonder word, is maklik te verstane en ook te verklaar. Daar is byvoorbeeld reeds uitgewys dat 'n Christelike huisgesin 'n Christelike skool vereis en indien die begrip *kerk*, in die woorde van Dreyer (1972, p.7) "'n spesifiek *Christelike* begrip" is, is die saam=groepering van hierdie drie verbande as die belangrikste sosialiserende instansies, 'n noodwendige vanselfsprekend=heid, wat geen betoog behoef nie.

Die kerk is dan ook saam met die huisgesin en die skool 'n strukturele sub-sisteem van die samelewing wat funksioneel 'n gemeenskaplike ekspressief-integratiewe taak te vervul het binne die opvoedkundige funksionele sub-sisteem (Johnson, 1971, p.57-58). Dit verklaar dan ook grootliks

die funksionele verband en verhouding tussen huisgesin, skool en kerk.

In die vorige hoofstuk is verwys na die aard van die onder= wys en opvoeding van die skool. Hierin is op duidelike en geen dubbelsinnige wyse nie, aangetoon dat met die anali= tiese en estetiese interpretasie van die skoonheidstruktuur van die skepping, die skool 'n bydrae lewer tot en kulmineer in die geloofsinterpretasie van die kerk as 'n heenwys en heenlei na Bo, d.w.s. na God. So gesien, is dit vervolgens nodig om die vraag na wat die kerk is, te beantwoord.

Aangesien elke samelewingsverband egter sy eie taak het t.o.v. die opvoeding en sosialisering, waaraan hy uitvoering moet gee volgens sy eie tipiese struktuurnorme (Heiberg, 1969, p.50), sal die tipiese struktuur van die kerk vooraf bepaal moet word. Ten einde hiertoe te kom, word enkele definisies en omskrywings van die kerk vooraf in die oog geneem.

## 2. WAT IS DIE KERK?

Helberg (1972, p.7) sê: "Die kerk is die volk van God uit alle volke en tale en nasies vergader in Christus, deur Sy Woord en Gees". Dit is duidelik dat hierdie definisie die kerk in ruimere sin in die oog het.

Die kerk word ook omskryf as "*geloofswerklikheid* - 'n werklikheid wat alleen deur die geloof te sien is; 'n ver= gadering van God; die liggaam van Christus" (Anon., 1972,

p.2-3). Ook uit hierdie definisie kan afgelei word dat die kerk meer as bloot die kerklike instituut is.

Cilliers (1969, p.117) tipeer die kerk as "'n religieuse of geloofs- en verbondsgemeenskap. Die kerk is 'n instelling van God, die liggaam van Christus, as instituut die plek waar gelowiges as 'n verbondseenheid saamkom om hul geloof te bely, God te loof en te aanbid, te luister na die ver=kondiging van Sy Woord, die sakramente te ontvang en hulle onder die kerklike vermaning en tug te stel". In hierdie definisie word die kerk as instituut afsonderlik vermeld.

Sonder om in hierdie stadium op verdere definisies van die kerk in te gaan, blyk dit duidelik dat 'n nadere onder=skeiding of kwalifisering van die begrip "kerk" nodig is ten einde dit m.b.t. die onderhawige sosiologiese tema be=tekenisvol en relevant te ontleed, anders realiseer die aanvanklik genoemde beskuldiging.

Etimologies is die woord *kerk* afgelei van die Griekse woord *kuriake* wat letterlik *wat aan die Here behoort* beteken (Van Wyk, 1972a, p.335). By die byvoeglike naamwoord *kuriake* of *kuriakon* wat *van die Here* beteken, moet die self=standige naamwoord *oikia* of *oikon* gelees word, wat *huis* beteken, d.w.s. *huis van die Here*, wat dus ook heenwys na die konkrete vergaderplek waar die gelowiges in gemeenskap vergader (Harrington, 1973, p.51).

Verder m.b.t. die woord of begrip *kerk*, word onderskei die *onsigbare* kerk, d.w.s. die kerk in sy bo-tydelike volheid, die bo-tydelike liggaam van Christus, die *ecclesia invisi= blis* of die transendente *corpus Christi*, waarvan slegs God as die enigste kenner van die harte, weet wie die lewende lede is (Kalsbeek, 1970, p.237).

Van die *ecclesia invisiblis* word egter onderskei die kerk in sy *sigbare* vorm - die *ecclesia visiblis* (Kalsbeek, 1970, p.237), wat identies is met die Koninkryk van God, wat dus alle verbande insluit in soverre dit leef uit Jesus Christus en diensbaar is aan Sy Koninkryk. Dit omvat dus die Chris= telike huisgesin, skool, staat e.d.m., asmede die tydelike kerklike instituut, wat 'n verdere onderskeiding van die sigbare kerk is (Spier, 1950, p.215). Die sigbare kerk, die *Una Sancta*, is dus ruimer van omvang as die kerklike instituut,wat elke kerklike instituut wat voor die Evangelie buig en die naam van Christus bely, omvat (Spier, 1972, p.97). Hierdie *Una Sancta* wat die liggaam van Christus is, is 'n groot misterie en is nie te begryp en te verklaar nie (Spier, 1972, p.96). Die kerklike *instituut* met sy erediens, kerkgebou, ampsdraers en spesifiek georganiseerde verbandskarakter, is dus maar *een* openbaring van die liggaam van Christus op aarde (Venter, 1969, p.35), aangesien die liggaam van Christus immers ook in ander vorme geopenbaar word (Spier, 1950, p.215) en mag nie vereenselwig word met die sigbare kerk,die *Una Sancta* nie (Spier, 1972, p.96). In die *Una Sancta*, die *sigbare* kerk, openbaar die liggaam van Christus hom dus in 'n veelheid van vorme, waaronder

in die vorm van die kerklike instituut. Na die omvattende sigbare kerk word soms ook verwys as die kerk as *organisme* (Harrington, 1973, p.51), waaronder ook verstaan word die lewe van die kerk soos dit spontaan en ongeorganiseerd tot openbaring kom in die alledaagse lewe van sy lidmate waar hulle op al die verskillende terreine van die lewe, elk op eie gebied, hulle Christelike geloofsoortuiginge uitlewe (Beukes, 1976, p.5).

Die begrip *kerk* verwys dus eerstens na die mense van God of die liggaam van Christus in sy totaliteit; ook genoem die *universele* kerk en tweedens na die plaaslike kerk of gemeente, aangesien elke plaaslike gemeente 'n manifestasie is van die liggaam van Christus (De Graaff, 1966, p.59). Die sigbare kerk, waarby die kerklike instituut ingesluit is en die onsigbare kerk, d.w.s. die kerk in sy bo-tydelike volheid, is egter nie *twee* kerke nie, maar twee sye van dieselfde kerk (Van Wyk, 1972a, p.336).

Met die kerklike instituut is dit anders gesteld as met die ander samelewingsverbande, al is dit koördinerend en newe= skikkend met al die ander verbande vervleg. Ander samele= wingsvorme, soos die huisgesin, skool e.d.m., hoef nie noodsaaklikerwys openbaring van die liggaam van Christus te wees nie. Selfs wanneer hulle 'n nie-Christelike karak= ter dra, behou hulle nog hul struktuurprinsipe, dog die kerklike instituut hou op om te bestaan wanneer dit geen openbaring van die liggaam van Christus is nie. 'n Nie-Christelike kerk, 'n valse kerk, is *geen kerk meer nie* (Venter, 1969, p.35).

Nou is dit *hierdie* kerk as *instituut*, as samelewingsvorm, waarmee die sosiologie te make het (Van Dijk, s.j., p.106) en wat hier ook as onderwerp van ontleding ter sprake is. Die kerklike instituut kan soos volg gedefinieer word: "Het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en cultusverband van Christ-gelovigen in de een=heid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde" (Van Dijk, s.j., p.106).

## 3. DIE STRUKTUUR VAN DIE KERKLIKE INSTITUUT

Die kerklike instituut is deur die geloofsfunksie gekwali=fiseer en vind derhalwe sy bestemming in die pisteutiese aspek. Die kerk is immers 'n *geloofsgemeenskap*. Die fun=deringsfunksie moet sonder twyfel in die historiese aspek gesoek word, aangesien die kerklike instituut geen natuur=noodwendigheid is nie en tog op 'n eie amptelike organisa=sievorm berus (Spier, 1950, p.220). Die funderingsfunksie kan verder omskryf word as die historiese, vormende en skeppende mag van die Woord van God, van Christus, wat deur Sy Woord en Gees Sy volk regeer (Venter, 1969, p.36).

As kerklike instituut, bestaande uit mense - die volk van God - is die kerklike instituut egter nie uitsluitlik 'n geloofsgemeenskap, gebaseer op die historiese mag van Gods Woord wat die norm vir ons geloof is nie, want die kerk as geloofsverband besit ook subjeksfunksies in alle ander werklikheidaspekte, d.w.s. vanaf die geloofsaspek tot by

die getalsaspek (Spier, 1972, p.98-99). Al is die kerk dus *godsdiensinstituut* en nie *kultuurinstituut* soos wat die huwelik en gesin, volk en staat ook kulturele samele= wingskringe genoem kan word nie, aangesien hulle struktuur deur die kultuurmodaliteite bepaal word, terwyl godsdiens geen kultuur is nie (Stoker, 1969, p.190), is die kerklike instituut egter net soos alle samelewingskringe, 'n sosiale struktuur met 'n eiesoortige eenheid of geheelsbepaling waarbinne die betrokke individue of lede hul betrokke plekke (posisies), funksies (rolle) en take het (Stoker, 1969, p.171). Gevolglik kan die kerk ook net soos alle ander verbande, as *sosiale sisteem* bestudeer en ontleed word.

Na sy struktuur funksioneer die kerk dus binne die kosmiese dimensie van die modaliteite binne al die aspekte onder leiding van die pisteutiese geloofsfunksie. Die kerk werk, handel, verrig, "laat gebeur" egter ook binne die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Godsdiensoefening is immers 'n gebeurtenis, 'n handeling of akt en dieselfde geld vir Woordverkondiging, bediening van die sakramente, die bewys van barmhartigheid e.d.m. Na sy struktuur is die kerklike instituut egter ook 'n sosiale struktuur, 'n verband en gemeenskap van mense en kan dus bestudeer word vanuit die kosmiese dimensie van die sosiale strukture. Met betrekking tot die kosmiese dimensie van waardes, word onderskei tus= sen die ware en valse kerk. Die kerk voer die stryd tussen waar en vals; tussen waarheid en leuen; tussen reg en onreg. Die dimensie van waardes tref dus, net soos die ander dimensies, die hele kosmos - ook die kerklike insti=

tuut (Stoker, 1969, p.164-182).

## 4. DIE GESAGSTRUKTUUR VAN DIE KERK

Net soos alle verbande, beskik ook die kerklike instituut oor 'n eiesoortige gesagstruktuur soos bepaal deur sy struk=tuurprinsipe. Kerklike gesag is dienend omdat dit onder leiding van die pisteutiese staan (Van Dijk, s.j., p.107). In die kerk, waar ampsgesag altyd Woordgesag is, behou die Christen-gelowige sy vrye reg tot kritiek. Daarom tug die kerk met die Woord en is die doel van kerklike tug, berou en bekering (Van Dijk, s.j., p.107). Kerklike tug is geen *straf* nie, maar word begelei en beheers deur die liefde van God in Christus. Die doel van kerklike tug is dus die handhawing van die eer van God, bevordering van die welsyn van die gemeente en die behoud van die sondaar. Tug word uitgeoefen volgens Christus se voorskrif (Matt. 18:15-17) en word opgehef na ware berou (Van Wyk, 1972a, p.340). Van ampsdraers en gemeentelede word verwag om hulle te onderwerp aan Hom wat ten diepste gesag uitoefen oor die gemeente, naamlik Christus, wat Profeet, Priester en Koning van Sy kerk is (Spier, 1972, p.98).

## 5. DIE FUNKSIES VAN DIE KERK

Die kerk moet vir die wêreld 'n seën wees; die sout van die aarde en die lig van die wêreld; *vir* die volk, maar nooit *van* die volk nie; vir die volk tot seën en redding en moet die Evangelie aan die hele wêreld verkondig. Só moet die kerk *getuie* van Christus op aarde wees (Van Wyk, 1972a, p.339).

Kragtens sy struktuurprinsipe is die kerk *geloofsgemeenskap* en dit is dus nie die taak van die kerk om maatskaplike verenigings of politieke partye te stig, onderwys- en kul=tuurliggame tot stand te bring, sake te bedryf of koerante uit te gee nie. Soos later aangetoon sal word, het die kerk wel 'n opvoedingstaak wat wyd strek en laat deur die verkondiging van die Woord die lig van die Evangelie oor al hierdie terreine val en beïnvloed sy lidmate om die Ko=ningskap van Christus oor al die lewensterreine te prokla=meer. Dit moet soos 'n suurdeeg werk - alle lewensterreine moet dus deur die toedoen van die kerk *verchristelik* word, dog mag nooit *verkerklik* word nie (Van Wyk, 1972a, p.339). Die kerk moet daarteen waak om hom nie sodanig te bemoei met allerlei aspekte van kultuur dat 'n gevaar van *verkul=tisering* van die kerk nie denkbeeldig is nie. Die opvoe=dingstaak van die kerk lê in hierdie verband eerder daarin dat hy sy lidmate in die amp van die gelowige sal skool en oefen en voorberei om op hierdie terreine te beweeg (Viljoen, 1970, p.15).

Volgens sy struktuurprinsipe is die kerk geloofsgemeenskap en as sodanig is sy terrein en roeping dus 'n Evangeliese, 'n herderlike, 'n religieuse (Cilliers, 1969, p.117). Op hierdie terrein funksioneer die kerk soos volg deur sy ampte (Van Wyk, 1972a, p.339-340):

## 5.1 Die Koninklike amp

Dit word vergestalt in die stryd teen die sonde, die hand=hawing van die kerklike orde en die uitoefening van die

kerklike vermaning en tug. Die ouderlinge of opsieners kan die strukturele sub-sisteem van die kerk genoem word wat uitvoering aan hierdie taak moet gee.

### 5.2 Die Profetiese amp

Dit behels die Woordverkondiging - die suiwere uitdra van die Evangelie, wat ook die katkisering van die jeug, evan= gelisasiewerk, sakramentbediening en sendingwerk insluit. Hierdie amp word deur die leraar beklee.

### 5.3 Die Priesterlike amp

Dit is die barmhartigheidsdiens, uitsonderlik aan die huisgenote van die geloof, maar ook aan *alle* mense, of hulle lidmate van die kerk is of nie. Dit word in hoofsaak deur die diakonie as strukturele sub-sisteem behartig.

### 5.4 Die amp van die gelowige

In die kerk as instituut bestaan, benewens die besondere ampte, ook die amp van die gelowige. Kragtens hierdie amp moet alle lidmate meewerk aan vorming en hervorming van die kerk en die Koninkryk van God.

## 6. DIE KERK AS SOSIALE SISTEEM

Van Eeden (1973, p.1) meld tereg dat 'n geldige en beteke= nisvolle wyse waarop die kerk sosiologies ontleed sou kon word, in terme van die *sisteembenadering* is. In hierdie geval kan die kerk as strukturele sub-sisteem mikro-sosio=

logies ontleed word na struktuur en funksie, sowel as makro-sosiologies, d.w.s. die funksionele verband van die kerk tot die wyere samelewing as makro-sisteem.

## 6.1 Mikro-sosiologies

### 6.1.1 Struktuur of strukturele komponente

Wat die struktuur van die kerk as sosiale strukturele subsisteem betref binne die godsdienstige funksionele subsisteem van die samelewing, beskik dit soos enige sosiale sisteem oor die vier basiese struktuurkomponente, naamlik rolle, subgroepe of kollektiwiteite van rolle, norme en waardes (Johnson, 1971, p.51).

Wat die rolle betref, word die volgende onderskei: die rol van predikant, ouderling, diaken en die amp of rol van die gelowige. Vir elk van hierdie rolle of ampte bestaan daar norme soos hierbo uiteengesit. Hierdie rolle groepeer soos in enige sosiale sisteem saam ten einde subgroepe of kol=lektiwiteite van rolle te vorm. As subgroepe kan dienoor=eenkomstig onderskei word: die diakonie, die kerkraad of ouderlinge, die lidmate (amp van die gelowige), terwyl verskeie subgroepe weer binne die *lidmaatsisteem* onderskei kan word, byvoorbeeld die sustersorganisasie of susters-hulpdiens, jongeliedevereniging, Bybelstudiegroepe e.d.m. As sosiale sisteem beskik die kerk ook oor die vierde struktuurkomponent, naamlik waardes. Die kerk as instituut het ook deel aan die kosmiese waardedimensie (Stoker, 1969, p.179). Indien enige rol, sub-sisteem of kollektiwiteit

van rolle, of die kerk as geheelsisteem aan sy taak, doel of funksie, d.w.s. aan sy struktuur beantwoord of voldoen, kry dit waarde; andersom verkry dit onwaarde en is dit dus vals.

### 6.1.2 Funksionele probleme

Mikro-sosiologies gesien, moet die kerk as sosiale sisteem eweneens aan die vier basiese funksionele voorvereistes of imperatiewe, naamlik patroonhandhawing en spanningsbeheer, doelbereiking, adaptasie en integrasie voldoen ten einde as sisteem te bly voortbestaan in die samelewing (Johnson, 1971, p.52-53). Hierdie vier funksionele voorvereistes word vervolgens afsonderlik toegelig en aangedui hoedat die kerk as sosiale sisteem dit die hoof bied. Hierdie uiteen=setting word in hoofsaak gedoen aan die hand van die be=skouinge van Van Eeden (1973, p.4-6).

#### 6.1.2.1 Patroonhandhawing en spanningsbeheer

Dit is die ekspressiewe funksie van die sisteem en het te doen met sy interne samehang en orde. In enige sisteem moet die waardes en norme d.m.v. sosialisering in die per=soonlikhede van sy lede ingeskerp word en oor tyd gehandhaaf word. Verder moet spanning, 'n normale verskynsel in enige interaksiesisteem, effektief beheer word. Hierdeur word die *ekwilibrium* van die sisteem gehandhaaf en word hy in staat gestel om voort te gaan met instrumenteel-adaptiewe aktiwiteite (Bales, 1953, p.123). Wat die kerk betref, hang hierdie funksionele voorvereiste saam met wat deur teoloë bedoel word as hulle praat van *kerugma*, d.w.s. die verkon=

diging van die Evangelie aan die gemeente (erediens) en *pastoraat*, d.w.s. die verkondiging aan die individu. Laas= genoemde geskied waarskynlik hoofsaaklik deur huisbesoek. Die pastorale gesprek is dikwels 'n onderskatte instrument t.o.v. sosialisering, wat veral in die stadsgemeentes dik= wels nie tot sy reg kom nie.

6.1.2.2 Doelbereiking

Hierdie voorvereiste hang saam met die effektiwiteit of doeltreffendheid van die sisteem en hou verband met die be= hoeftes van die sisteem as geheel, asook met die behoeftes van die lede afsonderlik, maar word na *buite* bereik in dié sin dat sekere fasiliteite, hulpbronne en bydraes van buite nodig is om die doelstellings te bereik. Dié voorvereiste hang ten nouste saam met die amp of rol van die *diakonie* as sub-sisteem.

6.1.2.3 Adaptasie of aanpassing

Dit het te make met die aanpassing van die sisteem by die omgewing en die aanpassing van die lede onderling by mekaar. Die amp van die gelowige, die gemeenskap van die heiliges, sluit nou aan by hierdie funksionele voorvereiste.

6.1.2.4 Integrasie

Dit behels die onderlinge ordening van die eenhede of sub-sisteme in terme van dié se bydraes tot die hele sisteem. Integrasie is die wydlopendste of mees diffuse funksionele probleem van enige sosiale sisteem. Die interne sosialise=

ring van sy lede is 'n belangrike taak wat die sisteem in hierdie verband het, dog daarmee hang ook ten nouste saam die gesagstruktuur van die sisteem, want gesag integreer (Johnson, 1971, p.55 & 58). Die koninklike amp, die kerk=regering, d.w.s. die ouderlinge, funksioneer in hoofsaak op hierdie terrein, d.w.s. die van toesig en tug, terwyl die diakonale liefdesdiens van barmhartigheid, d.w.s. die priesterlike amp, eweneens integratief funksioneer.

### 6.2 Makro-sosiologies

Makro-sosiologies is die kerk die strukturele sub-sisteem binne die godsdienstige funksionele sub-sisteem wat 'n ekspressief-integratiewe funksie in die samelewing vervul, d.w.s. wat in hoofsaak opereer binne die funksionele impera=tiewe van integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer. Dit impliseer dat die kerk inderdaad ook 'n sosialiserings=taak het (Johnson, 1971, p.53-59; Van Eeden, 1973, p.6).

## 7. DIE SOSIALISERINGSTAAK VAN DIE KERK

Alhoewel die kerk se primêre taak volgens sy struktuur ge=leë is in die verbreiding van die Evangelie, het die kerk as instituut 'n eiesoortige belang by die opvoeding van *sy* lidmate. Intern doen die kerk dit direk deur die katege=tiese verbondsonderrig van sy jongmense (De Graaff, 1966, p.1 & 29). By die doop van die kinders van belydende lid=mate, eis die kerk 'n belofte van die ouers dat hulle sal toesien dat hulle kinders in ooreenstemming met die geloofs=belydenis van die kerk opgevoed sal word. Die kerk vergewis hom ook steeds of die doopbelofte tuis en in die skool

nagekom word (Van Wyk, 1972a, p.338). Afgesien van die feit dat die Woordverkondiging in die erediens altyd 'n sosialiserende uitwerking het, omdat die norme van die Bybel vir die lewenspraktyk onder andere daardeur voort=durend ingeskerp word, omlyn Venter (1976, p.2 & 6) die uitkringende sosialiserende invloed van die prediking soos volg: Die doel van die prediking moet wees die eer van God; die plant en onderhouding van die geloof in die hart van die gelowige; die opbou en *toerusting* van die ver=bondsgemeente vir hulle roeping vandag; aktuele prediking moet 'n dubbele gerigtheid vertoon, naamlik 'n gerigtheid vanuit die teks en sentrale inhoud van die Skrif op die lidmaat as verbondskind in sy *totaliteit* in die *hede*.

Vanweë sy funksionele verband met die ander samelewingsver=bande en sy noue vervlegtheid met hulle, het die kerk 'n be=langrike taak t.o.v. die opvoeding van sy jeug (Cilliers, 1969, p.117). Die skool se kinders, personeel en ouers, is ook die kerk se lidmate vir wie se sieleheil hy in die eerste instansie verantwoordelik is en hy durf uit die aard van sy roeping en geroepenheid nie onverskillig staan teen=oor die skool as instelling nie, wat insluit die onderwysers wat as belydende lede sy dooplidmate moet onderwys en opvoed, die inhoud van die leerstof wat daar aangebied word en die manier waarop en die gees waarin dit geskied nie. Hierdie verantwoordelikheid voer die kerk langs twee weë uit: indirek deur middel van sy lidmate en direk deur sy amptelike optrede as instituut. Elke lidmaat van die kerk van Christus is as verloste en as Christen-gelowige persoonlik geroepe

om deur woord en daad 'n lewende getuie van en vir Christus te wees (Cilliers, 1969, p.117)..

Uit die bostaande is dit reeds duidelik dat die sosiali= seringstaak van die kerk nie soos in die geval van die huisgesin en die skool, beperk is tot die sosialisering van onmondige kinders nie, maar dat die opvoedende en sosialise= rende invloed van die kerk deur Woordbediening, huisbesoek, handelinge op kerklike gebied, waardeur die Bybelse waarhede en norme telkens opnuut ingeskerp word, asook deur die amp van die gelowige in sy daaglikse omgang met ander mense, vir die *hele lewe* van die mens duur. Die roepstem van Christus deur Sy kerk, gaan nie slegs tot kinders uit nie.

De Bruyn (1976, p.1-2) wys ook daarop dat die kerk, sonder om hom só met die konkrete situasies van die breedgeska= keerde samelewing te bemoei dat daar uiteindelik geen ver= skil is tussen die kerk en enige ander sosiale organisasie nie, tog 'n *opvoedingstaak* in die maatskaplike lewe het. Daar is 'n Christelike solidariteit van die kerk met die volk, al is die kerk nie *van* die volk nie en vir die kerk beteken dit dat die nood van die wêreld en die nood van die samelewing, ook die nood van die kerk is (Brillenburg Wurth, 1951, p.290).

Op grond hiervan meld De Bruyn (1976, p.2) onder andere die volgende as deel van die taak van die kerk, wat wesenlik niks anders as 'n opvoedingstaak is nie:

- Die kerk moet die wêreld wys op die eintlike rede vir sy nood en probleme, naamlik die sonde.

- Die kerk verkondig die koninkryk van God en *sy geregtigheid*. Daarom moet die kerk ook protesteer teen alle maatskaplike onreg.

- Die kerk moet *wagter* wees wat waarsku teen onchris=telike ideologieë en tegelykertyd moet die kerk ook *herder* wees wat die swakkere versterk, die sieke genees en die gewonde verbind.

- Hoewel dit nie die taak van die kerk is om sosiaal-ekonomiese programme op te stel nie, moet die ge=tuienis van die kerk tog heilig-konkreet wees sodat hy nie daarvan beskuldig kan word "dat ze algemeenhede stamelt. Ze zal geen poging onbeproefd dienen te laten om het werkelijke leven der maatschappij vandaag met zijn benauwende problematiek te leren kennen en scherp inzicht erin te krijgen, waar het in de sociaal-economische strijd van onze dagen precies om gaat" (Brillenburg Wurth, 1951, p.294).

De Bruyn (1976, p.2) vat bogenoemde taak van die kerk soos volg saam:

"Ons kan dus sê dat die *positiewe* taak van die kerk in die maatskaplike lewe is om wat goed en reg is voor God en vir die mense na te streef en te bevorder. Na die *negatiewe* kant moet die kerk optree teen alles in die maatskaplike

lewe wat in die lig van die Christelike etiek verkeerd en skadelik is. Deur hom met dergelike misstande nie te bemoei nie, kan die indruk geskep word dat hy maatskaplike onreg goedkeur. Dit kan weer lei tot vervreemding tussen die kerk as instituut en die lidmate wat gebuk gaan onder so 'n onreg". Volgens Van der Walt (1959, p.552-559) is die taak van die kerk om die Bybelse prinsipes eksegeties-Skriftuurlik te verklaar en die toepassing hiervan vir die praktyk van die lewe met al sy terreine en situasies op 'n doeltreffende, verhelderende en eenvoudige wyse te doen sodat elke amp weet en verantwoordelik besef wat dit is en hoe dit vereis word by die toepassing daarvan.

Venter (1969, p.36) omlyn ook in soveel woorde die op=voedingstaak van die kerklike instituut na buite wanneer hy sê dat die invloed wat van hom uitgaan op die breë lae van die volk metterdaad vir die *hele volk* tot seën kan wees, want kerk en volk staan nie los van mekaar nie, al is die kerk nie aan die volk gebind nie.

Wanneer Spier (1972, p.99) die subjekfunksies van die kerk in al die werklikheidsaspekte bespreek, wys hy daarop dat tot die historiese funksionering van die kerk behoort ook die *vormende invloed* wat die kerk het op die lewens van lidmate, asook in 'n mate op die persoon *buite* sy interne bereik. Indien hierby aanvaar word dat die historiese aspek ten grondslag lê van alle pedagogiese aktiwiteite, d.w.s. dat opvoeding altyd beteken die uitoefening van formatiewe mag oor die individuele ontwikkeling van die

mens se lewe (De Graaff, 1966, p.124), dan definieer die historiese (formatiewe) funksionering van die kerk sy om= vattende opvoedingstaak.

Hierdie omvattende opvoedings- en sosialiseringstaak van die kerk is dus nie beperk tot slegs sy interne struktuur d.m.v. onder andere Woordverkondiging, katkisasie, evange= lisasie, sending e.d.m. nie, maar "die kerk is die krag= sentrale waaruit deur bediening van die Woord mondige en *toegeruste* lidmate voorberei word om elkeen op sy besondere terrein van die kultuurlewe toe te sien dat die kultuur= beoefening staan onder gesag van Gods Woord en geskied as 'n godsdiensoefening tot Sy eer" (Viljoen, 1970, p.15).

Die mens is immers 'n religieuse wese. Hierdie religie setel in die hart van die mens en uit die hart is die uit= gange van die lewe (Kock, 1970, p.13), en die lidmate lewe hulle religie, hulle geloofsoortuiginge, uit op al die verskillende terreine van die lewe. Só, op hierdie wyse, deursuur die kerk se sosialiserende invloed deur die amp van die gelowige, die hele samelewing in al sy vertakkinge en moet die hele samelewing in al sy fasette, ook in sy kultuurbedrywigheid en opvoedingsbedrywigheid, sodoende nie *verkerklik* word nie, maar tog wel *verchristelik* word (Beukes, 1976, p.5).

Groenewald (1972, p.13) vat hierdie omvattende sosialise= ringstaak van die kerk raak saam en sluit dit onder die roeping van die kerk in wanneer hy daarop wys dat die kerk

nie sonder die wêreld aan sy roeping gehoorsaam kan wees nie. Hy is geroepe om die Koninkryk van God te verkondig, d.w.s. die boodskap van die volstrekte koningsheerskappy van God oor alle dinge. Daar is nie 'n enkele terrein wat uitgesonder is nie. God is oor alles Koning, maar nie alles wil dit erken nie. Daarom is dit die roeping van die kerk om in die wêreld in te gaan en selfs in te dring in plekke wat vir hom gesluit is, om daar mense te beweeg tot erkenning van die koningskap van God en die heerskappy van Christus. Die kerk moet deur Woord en Gees die verwêreld=liking van die wêreld en die ontmensing van die mens, teen=staan. Dit bring mee dat die kerk nou in veel moeiliker omstandighede as voorheen 'n ligkring in die donker wêreld moet probeer skep waar die kinders van die lig ten volle en gelukkig as volwaardige mense kan bestaan. Daarom kan die kerk hom nie afsydig van kultuuraangeleenthede hou nie en as hy 'n bondgenoot vind, al is dit uit 'n ander hoek, moet hy daarvan die hand vat om hom te sterk in sy stryd om die opbou van 'n Christelike lewensbeskouing en 'n kernge=sonde kultuur.

Op hierdie wyse kulmineer die sosialiseringsgebeure in sy hoogste doel in en deur die kerk as strukturele sub-sisteem binne die funksionele godsdienstige sub-sisteem van die samelewing "sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (Beukes, 1976, p.5).

In antwoord op die vraag hoe dit alles geskied, meld Van der Walt (1959, p.555-558) onder andere die volgende:

Die geloofsleiding wat die kerk aan die mens as instrument in die hand van God gee, is 'n beroep op menseharte d.m.v. sy kategetiese onderwys, die verkondiging van die Evangelie in die openbare erediens en by die huisbesoek. Hierdie kennis is in die eerste plek *geloofskennis* en die onderrig van die kerk is *geloofsonderrig*, waarin die kerk altyd egter getrou moet bly aan sy bestemming as *geloofsgemeenskap*. Daarom sal hierdie kennis altyd 'n kerklik-konfessionele karakter dra. Die kerklike opvoeding neem 'n aanvang by geboorte en die Heilige Doop, mettertyd deur die aflegging van belydenis van die geloof waarmee 'n persoon gereken word tot volwassene met sy geloofsgenote. Vanuit die ouer=huis kom die belydenis van die kerk na die kind as waaragtige en onwrikbare groothede via die ouers en vervolgens deur die verskeidenheid van kerkaktiwiteite in woord, waardeur kennis deur Sondagskool, katkisasie, preek, huisbesoek, sakrament en tug stap vir stap aan hom oorgedra word. Hierdeur word dus opvoedingswerk in 'n vaste tradisie gedoen. Die kerk=opvoeding moet op hierdie wyse innerlik oortuigde kerklid=mate oplewer. Die kerk as liefdesgemeenskap tussen gelo=wiges is 'n binding aan God deur Jesus Christus, en die Heilige Gees en vereis gehoorsaamheid aan die Godgegewe wette en norme. Saam hiermee het ons 'n naasteliefde wat horisontaal gerig is: gesinsliefde op die grondslag van die bloedbande; huweliksliefde op die grond van die seksuele bindinge e.d.m. en ook maatskapsverhoudinge.

Ten slotte moet daar nog op gewys word dat veral in die kontemporêre Amerikaanse neutrale sosiologiese lektuur veelal m.b.t. die sosialiseringsgebeure, klem gelê word

op die funksie van die *godsdiens* en nie van die *kerk* nie. Dit kan verklaar word aan die hand van die feit dat die beskouinge omtrent die kerk se sosiale en welsynsaksie, van 'n uiteenlopende en selfs strydige aard is (Swart & Lamont, 1973, p.104) en ook nog vir 'n groot mate klaarblyk=lik gekleur word deur die Roomse dualistiese beskouing van natuur en genade en van die kerklike diktatuur, terwyl daar 'n groter mate van konsensus bestaan oor die spesifieke funksies van die *godsdiens* in die algemeen.

Dit sou egter heeltemal verantwoordbaar wees om binne die raamwerk van die onderhawige tema, te wys op die sosiali=serende invloed van die godsdiens en veral om twee redes:

Eerstens is die godsdiens wel onderskeibaar van die kerk, dog nie te skei daarvan nie, aangesien die kerk immers die enigste *godsdiensinstituut* is, d.w.s. die plek, inrig=ting, waar die godsdiens georganiseerd beoefen word, waar die lidmate se godsdienssin ingeskerp word, die kerk die kragsentrale of dinamo is van die godsdiens. Dit wil nie sê dat die godsdiens nie persoonlik deur die Heilige Gees in die hart van die mens geplant word nie, maar dat in en deur die gemeenskap van die heiliges (gelowiges), die be=diening van die Woord en die deel aan die genademiddels, die geloof van die mens immers versterk word, want dit geskied in en deur die kerk.

Durkheim (1969, p.46) omlyn die verbintenis tussen die kerk as strukturele sub-sisteem en die godsdiens as funk=

sionele sub-sisteem soos volg:

"A religion is a unified system of beliefs and practices relative to sacred things, that is to say, things set apart and forbidden - beliefs and practices which unite into one single moral community called a Church, all those who adhere to them".

Tweedens is die godsdiens immers ook 'n sisteem, te wete 'n funksionele sub-sisteem van die samelewing en by name 'n integratiewe sub-sisteem. Binne hierdie sub-sisteem word die volgende dikwels onder andere as funksies van die godsdiens uitgesonder (Cole, 1958, p.278 e.v.):

- Dit verklaar die misterie van die lewe.
- Dit bied ondersteuning in krisissituasies.
- Dit bied sosiale instandhouding en sosiale beheer of kontrole. Deur die oordrag van godsdienstige waardes word die etiese norme van die gemeenskap van een geslag na die ander oorgedra. Soos reeds aangetoon, is dit wesenlik 'n sosialiseringstaak.
- Dit dien 'n sosialiseringsfunksie.
- Die godsdiens integreer die mens en die samelewing.
- Die godsdiens motiveer die mens.

Cilliers & Joubert (1968, p.243-244) sluit in 'n groot mate

by die bostaande aan en beklemtoon veral die integratief-patroonhandhawende funksie van die godsdiens waardeur dit ook 'n kultuurhandhawende funksie verkry omdat dit as ken=nissisteem sekere waarde-oriëntasies kognitief legitimeer. Hierdie funksie is ten nouste verbind met die sosialise=ringstaak van die godsdiens.

Hobbs & Blank (1975, p.284) beklemtoon eweneens soos volg die sosialiserende funksie van die godsdiens: "Since religionists usually define what is moral and immoral, it might be said that religion *creates* a moral order", terwyl die funksies van integrasie en sosiale beheer in die same=lewing volgens Berger (1973, p.309-312) in hoofsaak deur die godsdienstige sub-sisteem behartig word.

In verskeie van die werke hierbo aangehaal word *kerk* en *godsdiens* m.b.t. funksies en terreine alternatiewelik as sinonieme hanteer, terwyl dit ten aanvang van hierdie hoof=stuk eksplisiet gestel is dat die kerk as *instituut*, d.w.s. as verband, sy eie terrein en taak het volgens sy struktuur en die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Die gods=diens daarenteen as komende uit die *hart* van die mens, be=heers *al* sy lewensuitinge en is universeel, d.w.s. tot geen enkele terrein beperk nie.

Aldus beskou, is alle lewensuitinge van die mens, religieuse diens aan God, want God eis die *hele* lewe en werklikheid vir Hom op, dog die *kerk* mag dit nie doen nie. Hierdie samehang, verskeidenheid en geskeidenheid, lewer klaarblyk=

lik heelwat knelpunte op, soos onder andere ook deur Van der Vyver (s.j., p.1-14) uitgewys word, dog wat die sosia=liserende invloed van kerk en godsdiens betref, hoef daar geen onduidelikheid te bestaan nie.

## 8. SAMEVATTING

Die kerk is die derde en laaste strukturele sub-sisteem in hierdie navorsing, waarvan die sosialiseringstaak ontleed is.

Daar mag geargumenteer word dat die kerk sy eie taak en terrein as godsdiensinstituut het en as sodanig 'n mis=plaaste onderwerp vir analise in hierdie navorsing is, aangesien dit hierin gaan om die ontplooiing van die *sosialiseringsgebeure* in die samelewing. Tog word die huisgesin, skool en die kerk normaalweg in dieselfde asem uitgesonder wanneer gehandel word oor belangrike sosiali=serende instansies.

Die vraag *òf* die kerk 'n sosialiseringstaak het, hoef egter nie gediskusseer te word nie, aangesien die kerk as instituut subjeksfunksies in al die modale werklikheidaspek=te het. Onder andere is die kerk in die historiese aspek gefundeer, d.w.s. die kerk vind sy fundering in die vormende Mag van die Woord. Andersyds is dit egter sô dat die his=toriese aspek ten grondslag lê van *alle* pedagogiese akti=witeit.

Die vraag wat egter beantwoord moet word, is *hoe* die kerk uitvoering gee aan sy sosialiseringstaak. Ten einde hierdie

vraag te beantwoord, is dit wenslik om vooraf enkele defi= nisies van die kerk in oënskou te neem. Hieruit blyk dat die ongekwalifiseerde gebruik van die begrip *kerk*, nie noodwendig die kerk as *instituut* bedoel nie, dog ook kan heenwys na die totale of universele kerk, d.w.s. die totale sigbare kerk as die openbaring van die liggaam van Christus en selfs kan heenwys na die onsigbare kerk in sy bo-tydelike volheid. Op hierdie wyse kan beland word in die vaarwater van die onverklaarbare misterie van die kerk, wat nie vir menslike wetenskaplike studie en navorsing toeganklik is nie.

Die sosiologie bestudeer egter die kerklike instituut as net nog *een* vorm waarin die liggaam van Christus op aarde geopenbaar word. Alle ander Christelike menslike verbande is immers ook vorme van die openbaring van die liggaam van Christus, al hoef hulle dit nie noodsaaklikerwyse te wees nie (Venter, 1969, p.35).

Die kerkinstituut beskik soos al die ander verbande oor sy eie struktuurprinsipe en dienooreenkomstig ook oor sy eie, onvervreembare taak en terrein. Hiervolgens is die kerk= instituut primêr 'n godsdiensinstituut soos deur God self ingestel en onderhou. Dit bring mee dat die kerk ook oor sy eiesoortige gesagstruktuur beskik wat ook van die kerklike tug 'n eiesoortige tug maak, wat radikaal van straf te onderskei is.

Wat die funksies van die kerk betref, is sy primêre funksie

volgens sy struktuurnorm, die geloofsfunksie, wat saamgevat kan word met Woordbediening, d.w.s. preek en Evangelie=bediening en -verbreiding. Hierdie funksie realiseer in en deur die ampte van die kerk.

As sosiale strukturele sub-sisteem beskik die kerk ook, mikro-sosiologies, net soos enige ander sosiale sisteem, oor vier basiese struktuurkomponente en moet dit as sisteem ook die vier basiese funksionele vraagstukke oplos ten einde sy voortbestaan as instituut te verseker. Binne die kerk is sekere subgroepe onderskeibaar wat elk meer spesifiek binne 'n bepaalde funksionele imperatief figureer.

Makro-sosiologies het die kerk egter ook 'n eksterne funk=sie in die samelewing as makro-sisteem. As strukturele sub-sisteem funksioneer die kerk naamlik op godsdienstige ge=bied binne die integratief-patroonhandhawende imperatief, d.w.s. sy funksies kan makro-funksioneel as hoofsaaklik ekspressief-integratief gekwalifiseer word.

'n Ontleding van die sosialiseringstaak van die kerk bring aan die lig dat hierdie funksie intern sowel as ekstern beoefen word. Intern moet die kerk sy eie dooplidmate op=voed deur onder andere kategetiese Verbondsonderrig, dog ook vir sy volwasse lede moet hy voortdurend die Skrifwaar=hede en Bybelse norme inskerp soos wat dit ook geld vir die Christelike lewenspraktyk.

Funksioneel is die kerk egter met die ander samelewingsver=bande verbind en vervleg. Die lede van die ander verbande is immers die kerk se lidmate vir wie se sieleheil hy ver=antwoordelik is. Dit bring nie slegs mee dat die kerk 'n wakende oog hou oor hierdie lidmate nie, maar dat hulle ook kragtens die amp van die gelowige roeping het om oor alle lewensterreine die lig van Gods Woord te laat skyn. Al is dit dan nie die taak van die kerk om hom oral in te meng nie bly dit nogtans 'n funksie van die godsdiens as funksionele sub-sisteem, waarvan die kerk die strukturele sub-sisteem of die instituut is. Die kerk is immers die wagter op Sions mure en die bewaker van die sedes van die volk. Dit kan beskou word as die omvattende sosialiseringstaak van die kerk en die godsdiens.

Dit is dus wel deel van die roeping van die kerk, al is dit dan indirek, deur sy lidmate, wat hy ook daartoe moet opwek, om die hele samelewing in al sy fasette te *verchristelik*. Di moet baie duidelik gestel word dat hiermee nie bedoel word dat die kerk na die Roomse model die ander verbande moet *verkerklik* nie. Die kerk moet dan ook steeds daarteen waak om hom nie dermate met ander verbande en terreine, byvoor=beeld die kulturele, te bemoei dat 'n verkultisering en versosialisering van die kerk uiteindelik plaasvind nie.

Op hierdie wyse, ook deur die onmisbare toedoen van die kerk kulmineer die sosialiseringsgebeure dan uiteindelik in die hoogste doel van die lewe.

## HOOFSTUK 9

## SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING

### 1. INLEIDING

Soos in die inleidende hoofstuk aangetoon is, val hierdie navorsing basies uiteen in drie afdelings, naamlik 'n his= toriese gedeelte, 'n prinsipieel-teoretiese gedeelte en 'n empiriese gedeelte. Hierdie indeling is die logiese resul= taat van die aard van die navorsing. Hierin is naamlik gebruik gemaak van 'n bepaalde sosiologiese teorie, te wete die sosiologiese sisteemteorie om die ordelike ontplooiing van die sosialiseringsgebeure as funksionele sub-sisteem soos wat dit in en deur enkele samelewingsvorme of struktu= rele sub-sisteme in die samelewing plaasvind, te ontleed. Anders gestel kom dit daarop neer dat die sosiologiese sisteemteorie van toepassing gemaak is op die sosialise= ringsgebeure in die algemeen as 'n funksionele sub-sisteem van die samelewing, asmede op die huisgesin, die skool en die kerk as die vernaamste strukturele sub-sisteme van die samelewing wat sosialisering ten taak het.

Gevolglik was dit noodsaaklik om die ontwikkeling van die sosiologiese sisteemteorie vooraf in oënskou te neem by wyse van 'n historiese oorsig oor die pre-sosiologiese tyd= perk van die sosiale denke. Dit is opgevolg met 'n ontle= ding van hierdie teorie sedert die ontstaan van die sosiolo= gie as selfstandige vakwetenskap, tot in die hede.

Vervolgens is die huidige stand van die sisteemteorie ont=leed, hoofsaaklik aan die hand van die sosiologiese be=skouinge van die Amerikaanse sosioloog Talcott Parsons wat, soos allerweë erken word, die meeste slypwerk aan hierdie teorie gedoen het en die toepassingsmoontlikhede daarvan vir sosiologiese struktuur-funksionele analise ryklik geëksploiteer het (Dixon, 1973, p.38).

Ten einde by die toepassing van die sisteemteorie op enkele sosialiserende sub-sisteme te kom, was dit vervolgens nood=saaklik om 'n uiteensetting te gee van wat onder sosialise=ring verstaan word binne die sosiologiese beskouing van die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid in die samelewing en kultuur. Anders gestel beteken dit dat die opvoedkundige lewensterrein in oënskou geneem moes word ten einde aan te toon hoedat dit eweneens as 'n funksionele sub-sisteem van die samelewing daar uitsien vir die siste=miese ontplooiing van die sosialiseringsgebeure.

Ten slotte is die huisgesin, die skool en die kerk as die vernaamste sosialiserende sub-sisteme afsonderlik sisteem-sosiologies ontleed, die sosialiseringstaak van elkeen omlyn en vasgestel hoedat elk as sosiale sisteem toegerus is vir hierdie taak. Hierdie drie samelewingsvorme word immers allerweë uitgesonder as die drie strukturele sub-sisteme wat as sosialiserende instansies die prominentste binne die opvoedkundige funksionele sub-sisteem of opvoedkundige lewensterrein van die samelewing funksioneer.

## 2. INHOUDELIKE OORSIG

### 2.1 Die historiese ontwikkeling van die sisteemteorie

Retrospektief kom dit in die eerste gedeelte van hierdie navorsing aan die lig dat die sisteemteorie sy wortels reeds so ver terugvind as die klassiek-Griekse sosiale denke, terwyl die moontlikheid dat dit selfs verder terug dateer, nie uitgesluit is nie. Alhoewel minder gedetail= leerd en ook minder geskakeerd, kom die sosiologiese struktuur-funksionele benadering van die samelewing, waar= van die sosiologiese sisteemteorie slegs 'n verdere ab= strahering is, onder andere duidelik na vore in die volgende uitspraak van Plato (427-347 v.C.): "God created him (*man*) for the whole, not the whole for the sake of him" (Chambliss, 1954, p.166). Onmiskenbaar is hierin ook die organiese holistiese karakter van die sisteemteorie, 'n eienskap wat vandag nog vanuit sekere (fenomenologiese) oorde as 'n belangrike punt van kritiek teen die sisteem= teorie geopper word (Maritz, 1967, p.144), aanwesig.

'n Verdere kenmerk van die sisteemteorie, naamlik die hoë prys wat dit op *orde* stel, is ook reeds deur Plato geponeer (Chambliss, 1954, p.166): "There can be no freedom, for the individual or for the group, he (Plato) believed, with= out order ... the society which fosters, in the name of liberty, an excessive individualism invites chaos. Plato's insistence on the harmony of the whole, whether individual or social, is the key to his conception of morality".

Dit is derhalwe duidelik dat die latere epogmakende sosio=

logiese organisisme wat as direkte voorloper gedien het en die weg berei het vir die struktuur-funksionalisme en huidige sosiologiese sisteemteorie, as uitgangspunt gedien het vir die Platoniese samelewingsleer. "To Plato the whole is greater than the parts. Society is an organism, characterized by differentiation, by subordination, and, above all, by integration. Some organs of the body are more important than others; most of the organs are indispensable ... but all are necessary to the whole society. Unity grows out of diversity. A healthy society is one in which each organ performs its proper function and in so doing promotes the harmony of the whole (Chambliss 1954, p.168).

Die Romeinse Epicureaanse en Stoïsynse sosiale filosofie sou op die vooraand van die Christelike era vir 'n groot mate 'n voortbouing wees op die Griekse sosiale nalatenskap. Polybius (204-122 v.C.) (Chambliss, 1954, p.210) beklemtoon onder andere die struktuur en funksies van politieke instel= lings. Steeds staan die ordebegrip sentraal, dog word die natuurmodel waarin die sosiale beskouinge van die veel latere denkers van die verligting en sosiologiese pioniers verankerd sou wees, reeds aangewend vir die illustrasie van orde in die samelewing.

Zeno (Chambliss, 1954, p.213) beklemtoon onder andere dat mense geluk ondervind wanneer hulle in harmonie met die natuur leef. Die natuurlike, organiese harmonie word die model vir die harmoniese samehang van die politieke *sisteem*

terwyl Cicero (106-43 v.C.) reeds daarop wys dat die ekwi=librium van die politieke sisteem gewaarborg word deur die balans van "rights, duties, and functions" (Chambliss, 1954, p.219-220). Die bewaring van hierdie delikate balans is moeilik en onseker en kan slegs realiseer indien die regte (statusse) en pligte (rolle) van elke tak van die regering duidelik gedefinieer is. Die huidige sisteemteo=retiese benadering gaan eweneens uit van die standpunt dat 'n posisie in enige sosiale sisteem bepaal word deur 'n stelsel van samehangende regte en pligte. In die era van die Romeinse denke word dus reeds met sekere begrippe na elemente van die organiese geheel verwys, wat vandag steeds gebruik word in die teoretiese analise van die struktuurkom=ponente van sosiale sisteme.

Dit is opvallend hoedat die voorafgaande leerstellinge van die Grieke en die Romeine as voorbereiding gedien het vir die inslag van die analogie tussen die Koninkryk van God en 'n lewende organisme, soos verkondig deur Jesus en die apostels met die aanvang van die Christelike era. Die Koninkryk van God is die allesinsluitende, ordelike, orga=niese geheel; die makro- ekumeniese sisteme van interaf=hanklike dele met elk 'n taak en roeping in diens van die geheel. Die bou-sel of eenheid van die Koninkryk is die individu, want die Koninkryk van God begin in die hart van die individuele mens. In Sy laaste onderwysing aan Sy dissipels illustreer Jesus self hierdie organiese eenheid van Sy kerk:

"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wyn=stok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie" (Joh. 15:4-5). In die laaste inhoudelike hoofstuk oor die sosia=liseringstaak van die kerk, is onder andere aangetoon dat die kerk as organisme identies is met die Koninkryk van God.

Met die aanvang van die vroeg-middeleeuse Christendom en die skolastiek, ontvang die ordebegrip andermaal prominente aksent en wel as reaksie op die verwarde toestand van die sosiale denke in 'n op daardie tydstip dekadente Rome. Die invloedryke kerkvaders waaronder Augustinus (354-430 n.C.) het die leisels vir sosiale beheer opgeneem, waardeur die fondamente gelê is vir die onbuigsame magstruktuur van die dominante middeleeuse kerkinstituut.

Augustinus poneer opnuut dat die mens van nature sosiaal is en vervat hierdie beskouings in sy monumentale *Stad van God* - 'n liggaam van mense en 'n leefwyse (Chambliss, 1954, p.240). Die ordelike verhoudinge tussen die konstituerende dele van die organiese sisteem, wat in hierdie geval 'n teokratiese staat is, vereis gehoorsaamheid en die erken=ning van die regte van andere (Chambliss, 1954, p.253 & 256).

In Thomas Aquinas (1225-1274) realiseer die skolastiek deur sy verinnerliking van die Aristoteliaanse leerstellinge.

Chambliss (1954, p.269) verwoord Aquinas se omskrywing van die samelewing soos volg in sisteem-teoretiese konteks: "... a society is a *system* of personal relationship arising out of common action for common ends", waarvan die huisge= sin die bou-sel of -eenheid is.

In die tydperk van die renaissance en reformasie word beslag gegee aan die wortels van nasionalisme. Machiavelli (1469-1527) bepleit die diktatuur van die nasionale staat as die organiese geheel wat hom moet bevry van die heerskappy van die kerk (Bierens de Haan, 1959, p.17). Dit is egter in die daaropvolgende sogenaamde verligtingsperiode dat die natuuranalogie sterk in die brandpunt van aktualiteit te staan sou kom. Die revolusionêre deurbrake op natuurweten= skaplike gebied sou as 'n stroomversnelling deur die are van die eeue bruis. Die blootlegging van natuurwette in die bepaling van die natuurlike orde het die verbeelding van die sosiale denkers aangegryp. Die samelewing word nou be= skou as 'n natuurlike, ordelike geheel; die natuurlike orde lê die grondslag vir die samelewingsorde; die samelewing moet hom spieël in die orde van die natuur (Maus, 1965, p.4). Dit het hier reeds duidelik geword dat die natuur= analogie met sy twee vertakkinge, naamlik die organiese en die anorganiese of fisiese, as modelle t.o.v. struktuur en funksie vir die bestudering van die superorganiese of die sosiale, kan dien.

Veral sou dit egter die organiese analogie wees wat deur die pioniers van die sosiologie as model gebruik sou word

vir die bestudering van samelewingsverskynsels. Auguste Comte in mindere mate, dog veral Herbert Spencer, sou die organiese analogie in 'n *organismiese* analogie m.b.t. die delikate samehang tussen struktuur en funksie (Spencer, 1966, p.617-623) vir sosiologiese analise en sintese uitbou tot die status van 'n verreikende sosiologiese teorie.

Trots sekere absurde parallellisme wat in die organismiese analogie opgeneem is t.o.v. bepaalde ooreenkomste tussen die samelewing en 'n lewende organisme, is hierdeur die grondslag gelê vir 'n bepaalde sosiologiese *teorie*, naamlik die struktuur-funksionele teorie. Die bioloog sowel as die sosioloog sou voortaan met groot vrug van dieselfde tipe teorie, naamlik die struktuur-funksionele teorie, ge= bruik maak vir wetenskaplike analise (Schneider, 1969, p.23).

Die sosiologiese sisteemteorie, wat 'n verdere abstrahering en verbesondering van die struktuur-funksionele teorie is, vind derhalwe sy beslag in die organiese analogie. Al is die organiese tipe sisteem die primêre model van funksionele interpretasie, lê die radikaliteit van die wegbreking of loswikkeling van die organisisme af, egter juis daarin dat die *organiese sisteem* eerstens veralgemeen is deur die implementering van die *sisteembegrip*, waardeur aan die sisteem eksplisiet sentrale teoretiese status verleen is en dit ook nie geïdentifiseer word met bepaalde historiese gemeenskappe nie (Martindale, 1967, p.448-450). Na die veralgemening van die sisteemteorie, soos in die volgende

paragrawe aangetoon word, kon verdere verbesonderinge die teorie van toepassing maak op verskeie vakwetenskappe, waaronder ook die sosiologie.

## 2.2. Teoreties-prinsipiële uiteensetting

### 2.2.1 Algemene sisteemteorie

Dit is foutief om te beweer dat die *sisteemteorie* uitsluit= lik die sosiologiese sisteemteorie behels of om te aanvaar dat die sosiologie as vakwetenskap die alleenprerogatief of monopolie het op die gebruik van die sisteemteorie. Soos aangetoon, was dit aanvanklik as organiese sisteem slegs van toepassing op die organiese, dog juis as gevolg van die veralgemening van die teorie deur die loswikkelings= proses weg van die organiese, het die sisteemteorie die gemeenskaplike metodologiese teorie van verskeie vakweten= skappe geword. "Probably the most important intellectual tool in the sociologist's kit is the idea of society as a *system*. Many departments of knowledge make use of this idea" (Mitchell, 1970, p.8).

Vanweë die feit dat die begrip *organisasie* op die studie-objekte van die meeste van die wye verskeidenheid vakwe= tenskappe van toepassing is en die sisteemteorie in staat is om met die kenmerke van *organisasie* te handel, is die sisteemteorie ongekwalifiseerd dus eintlik 'n *algemene* sisteemteorie of interdissiplinêre metodologiese teorie. Aldus is 'n atoom, kristal, molekule of 'n organisme, elk na eie wyse 'n *organisasie*, gekenmerk aan eienskappe soos

heelheid, groei, differensiasie, orde, dominansie, beheer e.d.m. (Von Bertalanffy, 1967, p.117 & 127). Insgelyks bestudeer die kristallograaf 'n kristal as 'n sisteem van molekules en die fisioloog beskou 'n organisme as 'n sis= teem van selle of organe en is 'n fiets op dieselfde wyse 'n meganiese sisteem, d.w.s. 'n sisteem van meganiese dele (Mitchell, 1970, p.8).

Die bruikbaarheidsbeginsel van die sisteemidee lê egter in die interverhoudinge tussen die dele van die geheel. Die openheid van die sisteem van 'n organisme teenoor die geslotenheid van die meganiese of fisiese sisteem, verklaar dan ook juis waarom die organiese analogie as grondslag dien vir die sosiologiese sisteemteorie of vir die sosiale sisteem. Elke lewende organisme is wesenlik 'n oop sisteem, aangesien dit sigself onderhou deur invloei en uitvloei; die opbou of afbreek van komponente deur onder andere die proses van *metabolisme* (Von Bertalanffy, 1967, p.120) en die proses van *homeostasis* of temperatuurbeheer deur "negative and positive feedback" (Dixon, 1973, p.38) - 'n beginsel wat deur Parsons van toepassing gemaak is op die wyse waarop die sosiale sisteem sy ekwilibrium handhaaf en as oop sisteem nie geïsoleerd is van sy eksterne omge= wing nie (Von Bertalanffy, 1967, p.120).

### 2.2.2 Die sosiologiese sisteemteorie en sosialisering

Die sosiologie opereer uiteraard met sosiale sisteme in onderskeiding van byvoorbeeld die organiese of fisiese sisteme en beskou *enige* groep, van die kleinste, d.w.s.

mikro-sosiologies, of tussengroepe, d.w.s. meso-sosiologies, tot by die samelewing as geheel, d.w.s. makro-sosiologies, as *sosiale* sisteme.

Daar dien egter op gelet te word dat nie slegs konkrete groepe as sisteme kwalifiseer nie, dog ook instellings en funksies. 'n Konkrete groep word egter as 'n *sosiale* sisteem beskou, dog makro-sosiologies kan die samelewing beskou word as 'n sisteem van sosiale instellings soos die ekonomie, verwantskap, die reg, die politiek, ekonomie, onderwys, godsdiens e.d.m. Soos aangetoon, kan hierdie instellings ook lewensterreine genoem word en die interverhouding of funksionele verband tussen hierdie instellings kan soos 'n wiel voorgestel word: Die verwantskapsinstelling as die eerste en primêre instelling vorm hiervan die naaf, terwyl die onderwys, godsdiens, politiek, ekonomie e.d.m. die verskillende speke vorm en weer buite omsluit word deur die velling as die samelewing waarbinne die verskillende in= stellings funksioneer (Hewitt, 1970, p.24). Na hierdie in= stellings kan egter goedskiks as strukturele en/of funksio= nele sub-sisteme van die samelewing verwys word, wat elk in hoofsaak binne 'n bepaalde funksionele probleemarea funksioneer. Die funksionele sub-sisteem is meer abstrak, terwyl die strukturele sub-sisteem uit konkrete groepe saamgestel is, wat elk ook as 'n sosiale sub-sisteem funk= sioneer. So byvoorbeeld is die ekonomie 'n funksionele sub-sisteem wat in hoofsaak te make het met die adaptiewe funksionele probleem van die samelewing. Alhoewel sake= ondernemings byvoorbeeld as konkrete groepe binne die

ekonomie as funksionele sub-sisteem funksioneer, bestaan die ekonomie uit meer as bloot die konkrete groepe daar= binne wat dienste en goedere produseer, anders sou die huisgesin, wat immers ook dienste en goedere produseer, as deel van die ekonomiese sub-sisteem moes kwalifiseer. 'n Strukturele sub-sisteem is daarenteen saamgestel uit konkrete groepe, byvoorbeeld die verwantskapsisteem is aldus opgebou uit *clans*, families, huisgesinne e.d.m. (Johnson, 1971, p.57 & 59).

Dit is derhalwe duidelik dat ook iets kleiner as die hele samelewing as 'n sosiale sisteem bestudeer kan word. 'n Bepaalde funksionele sub-sisteem kan vir analise uitge= sonder word, byvoorbeeld die onderwys of opvoedkundige sub-sisteem. Die onderwys as funksionele sub-sisteem hoef egter ook nie in geheel bestudeer te word nie, dog byvoor= beeld slegs 'n skool, in welke geval dit dan ook as 'n sosiale sisteem kwalifiseer en bestudeer word (Mitchell, 1970, p.9).

Elke sosiale sisteem is funksioneel gekonfronteer met die vier funksionele imperatiewe, naamlik doelbereiking, pa= troonhandhawing en spanningsbeheer, integrasie en adaptasie of aanpassing. Makro-sosiologies figureer die onderwys as funksionele sub-sisteem, d.w.s. ook sosialisering as funk= sionele sub-sisteem, in hoofsaak binne die integratiewe probleemarea, aangesien dit te make het met die internali= sering en institusionalisering van onder andere kulturele waardes waardeur die samelewing in staat gestel word om

te funksioneer sonder oormatige interne konflik en ander mislukte koördinasies (Parsons & Smelser, 1967, p.132).

Mikro-sosiologies sal dit beteken dat die groepe of struk= turele sub-sisteme wat gemeenskaplik hoofsaaklik 'n inte= gratiewe funksie in die samelewing vervul, d.w.s. die huis= gesin, die skool en die kerk, as sosialiserende instansies funksioneer. Die huisgesin het 'n integratiewe funksie binne die verwantskapsisteem; die skool het 'n integra= tiewe funksie binne die onderwyssisteem en die kerk het 'n integratiewe funksie binne die godsdienssisteem. Om dit anders te stel: die verwantskap-, onderwys- en godsdiens= sisteem is elkeen met opvoeding en sosialisering gemoeid, dog binne elk van hierdie onderskeie sub-sisteme is daar bepaalde groepe of strukturele sub-sisteme wat die werk doen, naamlik onderskeidelik die huisgesin, die skool en die kerk. Die gemeenskaplike integratiewe opvoedkundige funksie verklaar dus die funksionele verband en verhouding tussen hierdie drie sub-sisteme.

Struktureel is elke sosiale sisteem opgebou uit rolle, norme, subgroepe en waardes. Aangesien die sosiale sisteem as sodanig 'n abstrakte handelingsisteem is, neem sosiale handeling 'n prominente plek in binne die sosiale sisteem. Sosiale handeling realiseer egter slegs wanneer dit die resultaat van menslike aktiwiteit is. Derhalwe bestaan die posisie in 'n sisteem uit 'n posisionele(statiese) en 'n prosessionele (dinamiese) aspek. Hierna word ook onderskeidelik as status en rol verwys. Status behels die

regte (en voorregte) van 'n persoon in 'n sosiale sisteem en rol behels sy pligte. Status en rol is dus nie te skei nie, aangesien dit gesamentlik die posisie bepaal. Van Doorn & Lammers (1972, p.361) definieer in hierdie verband byvoorbeeld 'n *sosiale posisie* as "het om een bepaalde per= soon gecentreerd 'knooppunt' van de sociale betrekkingen en verhoudingen". Die posisie in 'n sisteem is dus geheel en al normatief bepaal en die norme is so nou aan die rolle gekoppel dat daar dikwels na die normkompleks van 'n rol as die rol self verwys word. Dit spreek egter vanself dat die posisie eers werklik in beweging kom wanneer iemand die rol daadwerklik beset of speel, gevolglik word onderskei tussen die formele en informele rol. Geen twee individue in verwante posisies gee op identiese wyse uitdrukking aan die rolverwagtinge van daardie rolle nie. Dit blyk dus dat die rolkonsep 'n sentrale plek beklee in die sosiologiese sisteemteorie.

Aangesien ook die klein sosiale sisteem genoemde vier funk= sionele probleme moet oplos ten einde te kan voortbestaan, bestaan daar binne die sisteem roldifferensiasie en -groepe= ring ooreenkomstig die norme vir die funksionele vereistes. Hiervolgens kan daar dus bepaalde subgroepe of kollekti= witeite van rolle binne 'n sosiale sisteem saamgegroepeer word ten einde aan bepaalde norme te konformeer of 'n bepaalde funksie of funksies te vervul. Die basiese rol= verdeling binne die huisgesin, die skool en die kerk is by= voorbeeld van besondere belang met die oog op die sosia= liseringstaak.

Binne die ordelike samelewing is sosialisering binne die tydsdimensie 'n kontinue lewensgebeure. Dit begin by ge=boorte en eindig by die graf. Dit is derhalwe nie slegs kinders wat gesosialiseer word nie, alhoewel die kind vanweë sy onvolwassenheid en ontvanklikheid, die sosiali=seringsgebeure meer dramaties en skouspelagtig beleef. Die indrukke wat tydens die kinderjare ervaar word, is van 'n blywender aard. Daarom is sosialisering tydens die kinderjare van besondere belang en beklemtoon dit eweneens die taak van die huisgesin as die eerste lewensmilieu van die kind.

Die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid word egter ook ruimtelik geïllustreer deurdat alle tussenmens=like kontakte vorme van opvoeding is en alle groepe dus afsonderlik en gesamentlik 'n opvoedingstaak en -funksie het.

As universele gebeure het sosialisering deel aan alle kosmiese dimensies, d.w.s. van modaliteite, gebeure, struk=ture en waardes. Aangesien opvoeding en sosialisering die stempel van die lewens- en wêreldbeskouing van die mens dra, het dit 'n integrale karakter wat na vore kom in alle lewensuitinge van die mens. Daarom is dit die domein van die ganse samelewing waarby hy in geheel baat of verloor en sy voortbestaan dietengevolge ten nouste geraak word. In die samelewing is dan ook sekere prosesse aktief ten einde sosialisering te rig en te lei. Hierdie prosesse vorm eintlik die bedding waarin die stroom van die opvoeding

vloei, naamlik die verskillende prosesse van wisselwerking, van verandering en van kultuurvorming. Basies geskied opvoeding en sosialisering deur wisselwerking, d.w.s. sosiale handeling; trouens sosialisering kan slegs gron= dig verklaar word as *handeling*, d.w.s. vanuit die kosmiese dimensie van die gebeure. Wat die sosiale proses van ver= andering betref, dien die opvoedkundige sub-sisteem in meer as een opsig as seismograaf waarop die skokke van snelle verandering geregistreer word en is dit juis deur die pro= sesse van internalisering en institusionalisering waardeur die massas voortdurend voorberei word vir aanpassing by veranderde omstandighede. Met betrekking tot die sosiale proses van kultuurvorming, is dit die kultuurinhoude van die gemeenskap wat die vrug van 'n bepaalde religieuse grondmotief is, wat deur sosialisering verinnerlik word.

### 2.3 Empiries: die sosialiseringstaak van die huisgesin, skool en kerk

Al is dit waar dat alle groepe en sisteme 'n gemeenskaplike sosialiseringstaak het, bestaan die funksionele verband tus= sen die huisgesin, skool en kerk t.o.v. hulle gemeenskaplike sosialiseringstaak juis daarin dat al drie hierdie struktu= rele sub-sisteme, soos reeds aangetoon is, 'n integratiewe funksie te vervul het binne hulle onderskeie funksionele sub-sisteme, naamlik die verwantskap-, onderwys- en gods= dienstige sisteem.

Al geskied die sosialiseringsgebeure gemeenskaplik tussen hierdie drie sisteme, beteken dit egter nie 'n skending van

die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie. Binne die strukturele orde van die samelewing het elke verband sy eie tipiese normatiewe struktuur wat sy funksies bepaal. Hierdie verbande is egter gekoördineerd en innig met me= kaar vervleg. Ooreenkomstig die eksterne doelordening van die huisgesin, lewer dit byvoorbeeld ook toekomstige skoolkinders, kerklidmate en staatsburgers.

Elk van hierdie drie sisteme beskik derhalwe nie slegs oor die normatiewe strukturele toerusting om uitvoering aan die sosialiseringstaak te gee nie, dog het dit ook inder= daad ten taak. Sisteem-sosiologies figureer al drie ge= noemde sisteme binne hulle onderskeie funksionele sub-sisteme op integratiewe vlak waarbinne sosialisering as funksionele sub-sisteem ressorteer. Verder, volgens hulle sisteem-strukturele analise, beskik elkeen as mikro-sosiale sisteem oor die gedifferensieerde struktuurkomponente wat hulle in staat stel om elkeen ook afsonderlik al vier funk= sionele imperatiewe te ontmoet waardeur hulle eie voort= bestaan verseker word en hulle aldus gesamentlik voldoen aan die lewensnoodsaaklike behoefte van opvoeding en sosia= lisering.

## 3. BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

3.1 In verreweg die meeste van die beskikbare literatuur word aanvaar dat dit algemeen bekend is wat die leerhande= ling behels - 'n leemte wat die navorser op 'n vroeë stadium in die navorsing reeds ontdek en aandag aan gegee

het. Hiermee hang ook ten nouste saam die aangeleentheid van *gesag*, waarsonder die leerhandeling, d.w.s. ook alle vorme van onderwys en opvoeding, onmoontlik is.

3.2 Veelal word aanvaar dat die sosialiseringsgebeure af= sluit sodra kinders volwassenheid bereik of die ouerhuis min of meer permanent verlaat. Dit laat 'n gemis aan die deurskouing van die sosialiseringsgebeure as kontinue *lewensgebeure*, d.w.s. van die wieg tot die graf.

3.3 Die sosialiseringsgebeure word meesal in die algemeen uiteengesit. Die resultaat hiervan is 'n *fragmentariese* beskouing van die sosialiseringsgebeure, aangesien die model wat vir die algemene gestel word, nie sonder meer op al die fundamentele groepe van die samelewing toegepas word nie. Hierdie fragmentering van sosialisering dra verder daartoe by dat sosialisering nie geplaas en bestudeer word binne die ruimere sosiologiese siening van die universali= teit van die pedagogiese werksaamheid in die samelewing en kultuur nie.

3.4 Die navorser het genoem dat hy hom skoorvoetend waag aan 'n ontleding van die sosialiseringstaak van die kerk. Die vraag kan in hierdie verband gestel word waarom sosioloë in die algemeen slegs praat van die funksies van die gods= diens en nie van die sigbare kerkinstituut nie. Sosiolo= gies figureer die kerk immers binne die godsdienstige lewensterrein of godsdienstige funksionele sub-sisteem van die samelewing. Dit dwing onvermydelik die vraag na vore of

dit nie te wyte is aan 'n gebrek aan prinsipieel-teoretiese en sosiologiese agtergrondskennis omtrent die kerk nie. Dit wil m.a.w. blyk dat die beoefenaar van die godsdiens=sosiologie oor 'n deeglike kennis van die kerk en sy amp=telike vakke en as instituut moet beskik.

3.5 Samevattend is die groot leemte in alle onderwys- en opvoedingstelsels en -teorieë dat heeltemal te min aandag aan die ruimere sosiologiese opvatting van die onderwys en opvoeding gegee word. Hoofsaaklik word hier byvoorbeeld verwys na die opleiding van predikante, onderwysers, ver=pleegsters, prokureurs, medici, tandartse, aptekers, argi=tekte, beplanners en alle ander beroepe en professies, want "education touches life at every point" (Ottaway, 1964, p.5) en meer gepresiseer in alle gevalle, vir alle mense, want "all contacts are parts of a process of education" (Hayes, 1928, p.652).

3.6 Die tyd het ryp geword dat veral betreffende die op=leiding van onderwysers vir pre-primêre, primêre en sekon=dêre onderwys, dosente benoem behoort te word met 'n deeglike akademiese kennis van die hele sosialiseringsgebeure in die samelewing. 'n Bekende opvoedkundige poneer dit soos volg: "... that education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, or in other words that especially *the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of sociology*" (Mannheim, 1944, p.4).

3.7 In die bestaande beskikbare sosiologiese lektuur word konstant na die sosialiserings*gebeure* as 'n *proses* verwys. Dit geskied waarskynlik steeds onder die invloed van die naturalistiese, organismiese beskouing van die samelewing as 'n organisme. Dit behoort egter duidelik te wees dat die woord *proses* nie geskik is om na sosialisering as onafhandelbare, bewustelike *gebeure*, *handeling* of *akt* te verwys nie. Deur hierdie wangebruik van die woord *proses* word 'n ondiens aan die suiwer sosiologiese beskouing van die sosialiseringsgebeure as kontinue en universele hande=ling bewys. "The naturalist (who simply regards man as a bio-social organism) will view education and teaching as a *process* in which the correct milieu is supplied for the *growth* and *development* of the organism (child) according to its pre-determined natural character" (Van Wyk, 1976, p.271-272).

3.8 Uit die navorsing het geblyk dat ten minste die volgende twee temas of onderwerpe binne hierdie terrein met groot vrug bestudeer kan word:

3.8.1 'n Sosiologiese sisteemanalise van die verskillende samelewingsvorme met verwysing na die bydrae van elk tot die sosialiseringstaak en met besondere verwysing na die pedagogiese lewensterrein.

3.8.2 'n Toepassing van die sosiologiese sisteembenadering m.b.t. vrye tyd en ontspanning as funksionele sub-sisteem van die samelewing, met besondere verwysing na die sosia=

liseringstaak.

## 4. TEN SLOTTE

Die sosiologiese sisteemteorie as 'n verbesondering en kontekstualisering van die algemene sisteemteorie, is 'n teorie met 'n eeue-oue stamboom en is as sodanig in sy huidige vorm die resultaat na 'n lang inkubasieperiode gevul met die breinaktiwiteit van intellektuele meesters.

Gedurende sy wordingsgeskiedenis het die sosiologiese sisteemteorie hom dermate losgewikkel van die natuurana= logie dat die kritiek daarteen as sou dit té organisties geslote wees en nie voldoende voorsiening maak vir ver= andering nie, klaarblyklik nie steek hou nie.

Die sosiologiese sisteemteorie is juis gebaseer op die *organiese* model van die natuuranalogie wat gekenmerk word aan openheid, deurdat dit in voortdurende wisselwerking verkeer met sy omringende eksterne omgewing waarby dit ook voortdurend aanpas (Von Bertalanffy, 1967, p.116). Dit is juis hierdie dinamiese soepelheid en vitale veerkragtig= heid van die sisteemteorie wat dit by uitnemendheid geskik maak vir analise van die superorganiese of sosiale sub= straat van die werklikheid in al sy skakeringe en rykdom van fasette.

Veral wat die sosialiseringsgebeure betref as die polsslag of slagaar van die samelewing, wat as interkosmies-

dimensionele gebeure hom universeel in alle vertakkinge, lewensterreine en strukturele en funksionele sub-sisteme van die komplekse samelewing afspeel, kan daar nouliks 'n teorie bestaan wat hom beter en doeltreffender leen vir die blootlegging en ontleding hiervan, as die sosiologiese sisteemteorie.

## BRONNELYS


ABERLE, D.F. 1961. Culture and socialization. (*In* Hsu, F.L.K., red. 1961. Psychological anthropology. Illi= nois, Dorsey, p.381-399).

ABRAHAM, J.H. 1973. The origins and growth of sociology. Middlesex, Penguin Books Ltd.

ABRAMS, P. 1968. The origins of British sociology, 1834-1914. Chicago, University of Chicago Press.

ACHTERBERG, L.J. s.j. Achtergronden van prestige-kwesties. 2e hersiene uitgawe. Haarlem, Uitgeverij De Toorts.

ALFORD, R.R. e.a. 1971. Society today. Del Mar, California, Communications Research Machines, Inc.

ALLYN, C. 1972. Sociology. An introduction. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

ANDRESKI, S., red. 1969. Herbert Spencer. Principles of sociology. London, MacMillan & Co., Ltd.

ANON. 1972. Wat is die kerk? *Loog. Maandblad van jonger mense in Suid-Afrika*, 3:2-4.

ARON, R. 1974. Main currents in sociological thought. Deel I. Harmondsworth, Middlesex, Penguin Books.

BABER, R.E. 1953. Marriage and the family. New York, McGraw-Hill Book Co., Inc.

BAILEY, J. 1975. Social theory for planning. London, Routledge & Kegan Paul.

BALES, R.F. 1953. The equilibrium problem in small groups. (*In* Parsons, T., Bales, R.F. & Shils, E.A. 1953. Working papers in the theory of action. New York,

The Free Press, p.111-161).

BANNING, W. 1960. Moderne maatschappij-problemen. Een beschrijvende analyse van krachten en processen in de hedendaagse maatschappij voornamelijk ten dienste van de practische arbeid. Haarlem, De Erven F. Bohn, N.V.

BANTON, M. 1965. Roles. An introduction to the study of social relations. London, Tavistock Publications.

BARNES, H.E. 1958a. Ancient and medieval social philoso= phy. (*In* Barnes, H.E., red. 1958. An introduction to the history of sociology. Chicago, University of Chicago Press, p.3-28).

BARNES, H.E. 1958b. Social thought in early modern times. (*In* Barnes, H.E., red. 1958. An introduction to the history of sociology. Chicago, The University of Chi= cago Press, p.29-78).

BARNES, H.E. 1958c. The social and political philosophy of Auguste Comte : positivist utopia and the religion of humanity. (*In* Barnes, H.E., red. 1958. An intro= duction to the history of sociology. Chicago, Univer= sity of Chicago Press, p.81-109).

BARNES, H.E. 1958d. Herbert Spencer and the evolutionary defence of individualism. (*In* Barnes, H.E., red. 1958. An introduction to the history of sociology. Chicago, University of Chicago Press, p.110-137).

BAVINCK, H. 1912. Het christelijk huisgezin. Kampen, J.H. Kok.

BERGER, P.I. 1973. Religious institutions. (*In* Smelser, N.J., red. 1973. Sociology. An introduction. New York, John Wiley & Sons, p.303-346).

BERTRAND, A.L. 1958. Rural sociology. An analysis of contemporary rural life. New York, McGraw-Hill Book Co.

BEUKES, D.P.M. 1976. Die handhawing van die Afrikaner en sy kultuur in die stad : kerklik-godsdienstig beskou. *Handhaaf*, 8:4-6.

BIERENS DE HAAN, J. 1959. Sociologie. Ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire.

BIERSTEDT, R. 1970. The social order. New York, McGraw-Hill Book Co.

BIESANZ, M.H. & BIESANZ, J. 1973. Introduction to sociolo= gy. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

BINGLE, H.J.J. s.j. Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 22.

BOGARDUS, E.S. 1932. Contemporary sociology. Los Angeles, University of Southern California Press.

BOGARDUS, E.S. 1957. The development of social thought. New York, Longman's, Green & Co., Inc.

BOSKOFF, A. 1972. The mosaic of sociological theory. New York, Thomas Y. Cromwell Co., Inc.

BOTHA, P.J. 1974. Natuurwetenskap en kultuur met besondere verwysing na natuurwetenskaplike wêreldbeeld en wêreld= beskouing. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 80.

BOTTOMORE, T.B. 1971. Sociology. A guide to problems and literature. London, George Allen & Unwin Ltd.

BREDEMEIER, H.C. & STEPHENSON, R.M. 1962. The analysis of social systems. New York, Holt, Reinhart & Winston, Inc.

BREDENKAMP, I.M. 1975. Die rolkonsep gesien vanuit orga=nisasie-perspektief. *Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 11:94-109.

BREEDT, A. 1972. Die gesin en skool as medewerkers op die jeugterrein. *Onderwysblad*, 841:32-34, deel LXXX.

BREMBECK, C.S. 1971. Social foundations of education. New York, John Wiley & Sons, Inc.

BRILLENBURG WURTH, G. 1951. Het christelijk leven in de maatschappij. Kampen, J.H. Kok.

BRIM, O.G. jr. 1966. Socialization in later life. (*In* Brim, O.G. jr. & Wheeler, S. 1966. Socialization after childhood. New York, John Wiley & Sons, p.18-33).

BROOM, L. & SELZNICK, P. 1968. Sociology. A text with adapted readings. New York, Harper & Row, Inc.

BUCKLEY, W. 1967. Sociology and modern systems theory. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

CAPLOW, T. 1975. Sociology. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

CARNEIRO, R.L. 1968. Herbert Spencer (*In* International encyclopedia of the social sciences, 15:121-128).

CHAMBLISS, R. 1954. Social thought. From Hammurabi to Comte. New York, Holt, Reinhart & Winston, Inc.

CHILD, I.L. 1954. Socialization. (*In* Lindzey, G., red. 1954. Handbook of social psychology. Vol. 2. Massa=chusetts, Addison-Wesley, p.655-692).

CHINOY, E. 1967. Society. An introduction to sociology. New York, Random House.

CHITAMBER, J.B. 1973. Introductory rural sociology. A synopsis of concepts and principles. New Delhi, Wiley Eastern Private Ltd.

CILLIERS, D.H. 1969. Die rol van die kerk in die opvoe=dings- en onderwyspraktyk. (*In* 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Referate en besluite van die volkskongres vir opvoeding en onderwys, 29 Sept. - 2 Okt. 1969. Pretoria, Interkerklike uitgewerstrust, p.116-119).

CILLIERS, S.P. 1960. Gesonde gesinsbou : Riglyne vir die gesinslewe in die hedendaagse samelewing. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk.

CILLIERS, S.P. & JOUBERT, D.D. 1968. Sosiologie. 'n Sistematiese inleiding. Stellenbosch, Kosmo-uitgewery (Edms.) Bpk.

CLAUSEN, J.A., red. 1968. Socialization and society. Boston, Little, Brown & Co.

COETZEE, J.C. 1953. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk.

COETZEE, J.C. 1965. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk.

COETZEE, J.C. 1969. Die plek van die lewensopvatting in ons onderwysbeleid. (*In* 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Referate en besluite van die volkskongres vir opvoeding en onderwys, 29 Sept. - 2 Okt. 1969. Kaapstad, Interkerklike uitgewerstrust, p.16-23).

COETZEE, W.N. 1973. Kultuurfasette. *Colamus. Amptelike orgaan van die Colamus-studentevereniging, P.U. vir C.H.O.*

COERTZE, P.J. 1968. Akkulturasie. (*In* Cronjé, G. 1968 (red.) Kultuurbeïnvloeding tussen blankes en bantoe in

Suid-Afrika. Pretoria, Van Schaik.

COERTZE, P.J. 1976. Die noodsaak van afsonderlike ont=wikkeling. *Tydskrif vir rasse-aangeleenthede*, 1:11-24.

COHEN, P.S. 1968. Modern social theory. London, Heineman Educational Books, Ltd.

COLE, W.E. 1958. Urban society. Cambridge, Massachusetts, The Riverside Press.

COOLEY, C.H. 1967. Human nature and the social order. New York, Schocken Books.

COSER, L.A. 1971. Masters of sociological thought. Ideas in historical and social context. New York, Harcourt Brace Jovanovich, Inc.

COSER, L.A. & ROSENBERG, B., red. 1966. Sociological theory : a book of readings. New York, The MacMillan Co. Ltd.

CRONJÉ, G. 1971. Die oorgang van die patriargale huisgesin na die klein gesin by die Afrikaner. *Handhaaf*, 10: 4-5 en 15.

CUBER, J.F. 1959. Sociology. A synopsis of principles. New York, Appleton-Century-Crofts.

DAHRENDORF, R. 1965. Homo sociologicus. Hilversum-Ant=werpen, Paul Brand.

DANZIGER, K. 1970. Conceptions in socialization. (*In* Danziger, K., red. 1970. Readings in child socializa=tion. London, Pergamon Press, p.1-38).

DAVIS, K. 1949. Human society. New York, The MacMillan Co.

DAVIS, K. 1961. The myth of functional analysis as a special method in sociology and anthropology. (*In* Lipset, S.M. & Smelser, N.J., red. 1961. Sociology. The progress of a decade. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., p.46-62).

DAVIS, K. 1967. The myth of functional analysis as a special method in sociology and anthropology. (*In* Demerath, N.J. & Peterson, R.A. 1967. System, change, and conflict. A reader on contemporary sociological theory and the debate over functionalism. New York, The Free Press, p.379-402).

DAVIS, K. & BLOMSTROM, R.L. 1975. Business and society : environment and responsibility. New York, McGraw-Hill Book Co.

DE BRUYN, P.J. 1976. Kerk en industrie. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 106.

DE GRAAFF, A.H. 1966. The educational ministry of the church. A perspective. Delft, N.V. Verenigde Drukke=rijen Judels & Brinkman.

DE JONG, N. 1969. Education in the truth. New Jersey, Presbyterian & Reformed Publishing Co.

DE KLERK, W.J. 1972. Lewensbeskouing en roeping. (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B.& Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., p.11-23).

DENGERINK, J.D. 1961. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok N.V.

DENT, H.C. 1945. Education in transition. London, Kegan Paul & Co.

DEVEREUX, E.C. jr. 1961. Parsons' sociological theory. (*In* Black, M., red. 1961. The social theories of Talcott Parsons. A critical examination. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., p.1-63).

DE WET, J.J. & VAN ZYL, P.J. 1974. Inleiding tot die psigologiese opvoedkunde. Johannesburg, McGraw-Hill Boekmaatskappy (S.A.) Edms. Bpk.

DEWEY, J. 1916. Democracy and education. New York, The Macmillan Company.

DIXON, K. 1973. Sociological theory. Pretence and possi= bility. London, Routledge & Kegan Paul.

DOBRINER, W.M. 1969. Social structures and systems. A sociological overview. California, Goodyear Publishing Co., Inc.

DOOYEWEERD, H. 1936. De wijsbegeerte der wetsidee. Boek III. De individualiteits-structuren der tijdelijke werkelijkheid. Amsterdam, H.J. Paris.

DREYER, P.S. 1972. Oor die kerk. *Loog. Maandblad van jonger mense in Suid-Afrika*, 3:7-9.

DU PREEZ, D.C.S. 1954. Watter bydrae kan die sosiologie lewer tot doeltreffender opleiding van onderwysers? *Onderwysblad*, 654:36, deel LVIII.

DURKHEIM, E. 1956. Education and sociology. Illinois, The Free Press.

DURKHEIM, E. 1965. On the learning of discipline. (*In* Parsons, T., Shils, E., Naegele, K.D. & Pitts, J.R., red. 1965. Theories of society. Foundations of modern sociological theory. 2 dle. in 1. New York, The Free Press of Glencoe, p.860-865).

DURKHEIM, E. 1969. The social foundations of religion. (*In* Robertson, R., red. Sociology of religion. Selected readings. Harmondsworth, Middlesex, Penguin Books Ltd., p.42-54).

DU TOIT, J.B., STEYN, ANNA F. & RIP, C.M. s.j. Afwykende gedrag : 'n studie van enkele maatskaplike probleme. 2e hersiene uitgawe. Kaapstad, Nasou Bpk.

DUVENAGE, B. 1972a. Die liberalistiese lewensbeskouing. (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., p.81-105).

DUVENAGE, B. 1972b. Calvinistiese normeleer (deontologie). (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., p.212-226).

DUVENAGE, B. 1972c. Lewensbeskouing en kultuur. (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., p.227-234).

DUVENAGE, B. 1975. Inleiding tot die Calvinistiese werk=likheidsleer. 11/75, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

DUVENAGE, B. s.j. Ons roeping en ons norme. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 59.

DUVENAGE, B. & DE KLERK, W.J. 1972. Die Calvinistiese antropologie. (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchef=stroom Herald (Edms.) Bpk., p.191-211).

DUVENAGE, B., DE KLERK, W.J. & VAN WYK, J.H. 1972. Die Christelike wetenskap. (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., p.262-291).

DUVENAGE, S.C.W. 1971. Christelike lewenstyl in ons kul= turele lewe met besondere verwysing na die huisgesin. *Handhaaf*, 5:12-17.

DUVENAGE, S.C.W. 1975. Die dekor van die Nuwe Testament. 'n Kultuur-historiese agtergrondstudie. Potchefstroom, Pro Rege.

ELKIN, F. 1960. The child and society : The process of socialization. New York, Random House.

ELOFF, D.J. 1963. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing. Onge= publiseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom.

FAIRCHILD, H.P. 1967. Dictionary of sociology and related sciences. New Jersey, Littlefield Adams & Co.

FICHTER, J.H. 1971. Sociology. Chicago, The University of Chicago Press.

FOLSOM, J.K. 1928. Culture and social progress. New York, Longmans, Green.

GIELEN, J.J. 1968. Het sociale in opvoeding en opvoedkunde. Hertogenbosch, L.C.G. Malanberg's.

GILLIN, J.L. & GILLIN, J.P. 1948. Cultural sociology. New York, MacMillan.

GODDIJN, H.P.M. 1963. Het funktionalisme in de sociologie. Assen, Van Gorcum & Comp. N.V. - Dr. H.J. Prakke & H.M.G. Prakke.

GOLDTHORPE, J.E. 1969. An introduction to sociology. Cambridge, The University Press.

GOODE, W.J. 1964. The family. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

GOODE, W.J. 1966. Sociologie van het gezin. Utrecht, Prisma-boeken.

GOUS, A.G.S. 1969. Die ouer en die onderwys. (*In* 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Referate en be= sluite van die volkskongres vir opvoeding en onderwys, 29 Sept. - 2 Okt. 1969. Pretoria, Interkerklike uitge= werstrust, p.129-134).

GREYLING, E. 1941. Christelike en nasionale onderwys. Deel II. Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk.

GROENEWALD, E.P. 1972. Die kerk en die F.A.K. *Handhaaf*, 4:12-13.

GROSHEIDE, F.W. 1934. Korte Christelijke encyclopaedie. Kampen, J.H. Kok N.V.

HALL, R.H. 1972. Organizations : Structure and process. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

HÄRING, B. 1957. Sociologie van het gezin. Utrecht, Uitgeverij Het Spectrum.

HARRINGTON, E. 1973. 'n Sosiologiese studie van die funksies van kerkbesoek in die Ned. Geref. Kerk volgens die klassifikasie van R.K. Merton met spesiale verwysing na dienspligtiges in die Suid-Afrikaanse Weermag. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom.

HART, H. 1976. Die gesin van die toekoms. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 103.

HAYES, E.C. 1928. Introduction to the study of sociology. New York, Appleton.

HEIBERG, P.J. 1969. Die grondslag van christelike opvoe= ding en onderwys in Suid-Afrika. (*In* 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Referate en besluite van die volkskongres vir opvoeding en onderwys, 29 Sept. - 2 Okt. 1969. Kaapstad, Interkerklike uitgewerstrust, p.32-61).

HELBERG, J.L. 1972. Oor die kerk. *Loog. Maandblad van jonger mense in Suid-Afrika*, 3:7-9.

HERSEY, P. & BLANCHARD, K.H. 1969. Management of organi= zational behavior. Utilizing human resources. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

HEWITT, MARGARET. 1970. Social institutions. (*In* Mitchell, G.D., red. 1970. Sociology. An outline for the in= tending student. London, Routledge & Kegan Paul, p.18-52).

HEYNS, J.A. 1971. Wat is 'n christelike huwelik? *Handhaaf*, 10:16-18.

HEYNS, J.A. s.j. Opvoeding as fenomeen soos gesien vanuit 'n christelike standpunt. Potchefstroom, *COVSA-studie= stuk*, no. 14.

HINKLE, R.C. jr. & HINKLE, GISELA J. 1967. The development of modern sociology. Its nature and growth in the United States. New York, Random House, Inc.

HOBBES, T. 1971. Leviathan. London, Collins.

HOBBS, D.A. & BLANK, S.J. 1975. Sociology and the human experience. New York, John Wiley & Sons, Inc.

HOMANS, G.C. 1965. The human group. London, Routledge & Kegan Paul.

HOOS, I.R. 1972. Systems analysis in public policy : A critique. Berkeley, University of California Press.

HORTON, P.B. & HUNT, C.L. 1972. Sociology. New York, McGraw-Hill Book Co.

HOUSE, F.N. 1936. The development of sociology. New York. McGraw-Hill Book Co.

INKELES, A. 1964. What is sociology? An introduction to the discipline and profession. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

JOHNSON, H.M. 1971. Sociology : a systematic introduction. London, Routledge & Kegan Paul Ltd.

JOUBERT, D.D. 1973. Sosiologies gesproke. Die aard van sosiologiese interpretasies. Stellenbosch, Universi= teitsuitgewers en -boekhandelaars.

JOUBERT, D.D. & STEYN, ANNA F. 1971. Groepsdinamika. 'n Inleiding tot die studie van klein groepe. Stellen= bosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk.

JOUBERT, J.J. s.j. Ouerverantwoordelikheid : Komplikasies en implikasies. Potchefstroom, *COVSA-studiestuk*, no. 16.

KALSBEEK, L. 1970. De wijsbegeerte der wetsidee. Proeve van een christelijke filosofie. Amsterdam, Buijten & Schipperheijn.

KANE, J.J. 1952. Marriage and the family. New York, The Dryden Press.

KERCKHOFF, A.C. 1972. Socialization and social class. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

KEYTER, J. DE W. 1936. Opvoeding en onderwys. Bloem=fontein, Nasionale Pers.

KEYTER, J. DE W. 1942. Dringende vraagtekens in ons op=voeding en onderwys. Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk.

KILZER, E. & ROSS, E.J. 1954. Western social thought. Milwaukee, U.S.A., The Bruce Publishing Co.

KINNEMAN, J.A. 1932. Society and education. New York, MacMillan.

KLUCKHOHN, C. 1962. Culture and behavior. New York, The Free Press of Glencoe.

KLUCKHOHN, C. & KELLY, W.H. 1944. The concept of culture. (*In* Linton, R., red. 1944. The science of man in the world crisis. New York, Columbia University Press, p.78-106).

KOCK, P. DE B. 1970. Christelike wysbegeerte. Inleiding. Bloemfontein, Sacum Bpk.

KOOISTRA, R. 1955. De gereformeerde teoloog en de socio=logie. Franeker, T. Wever.

KOTZEE, A.L. 1967. Die ideaal in ons onderwys. Pretoria, Voortrekkerpers.

KRECH, D., CRUTCHFIELD, R.S. & BALLACHEY, E.L. 1962. Individual in society. A textbook of social psycho=logy. New York, McGraw-Hill Book Co.

KRUGER, J.E. 1972. Anomie : 'n Kritiese ontleding van die teorie met verwysing na enkele sosiaal-patologiese ver=skynsels. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Pot=chefstroom.

KRUYSKAMP, C. 1961. Van Dale. Groot woordenboek der Nederlandse taal. 's-Gravenhage, Marthinus Nijhoff.

KUYPERS, A., WIELENGA, G. & WIJNGAARDEN, H.R. 1951. Feest=bundel uitgegeven ter gelegentheid van het vijfentwin=tigjarige jubileum als hoogleraar van doctor Jan Water=ink. Amsterdam.

LEE, N. 1971. Kultuur. 'n Teologiese en wysgerige ont=leding van die oorsprong, verspreiding en doel van die kultuur. *Handhaaf*, 8:12-17.

LENNARD, H.L. & BERNSTEIN, A. 1969. Patterns in human interaction. San Francisco, Jossey-Bass Inc., Publi=shers.

LINTON, R. 1968. From the study of man. (*In* Ross, H.L., red. 1968. Perspectives on the social order. Readings in sociology. New York, McGraw-Hill Book Co., p.226-242).

LINTON, R. 1973. The study of man : An introduction. (*In* Abraham, J.H. 1973. The origins and growth of sociology. Middlesex, Penguin Books, Ltd., p.484-513).

LONGMAN'S ENGLISH LAROUSE. 1968. London, Longman's Green & Co. Ltd.

LOOMIS, C.P. & LOOMIS, ZONA K. 1961. Modern social theo=ries. Selected American writers. New York, D. van Nostrand Co., Inc.

LOWRY, R.P. & RANKIN, R.P. 1972. Social science and social concern. New York, Charles Scribner's Sons.

MACIVER, R.M. & PAGE, C.H. 1957. Society. An introductory analysis. London, MacMillan & Co. Ltd.

MANNHEIM, K. 1944. Sociology for the educator and the sociology of education. (*In* Sociology and education. Addresses given at the Winter School of Sociology and Civics, organized by the Institute of Sociology at St. Hilda's College, Oxford, Jan., 1943. Malvern, Le Play House Press).

MARITZ, F.A. 1967. Die betekenis van die fenomenologie vir die sosiale wetenskappe. (*In* Meyer, A.M.T., Muller, A.D. & Maritz, F.A. 1967. Die fenomenologie. Sy werkwyse en metode. Pretoria/Kaapstad. Academica (Edms.) Bpk., p.121-164).

MARTINDALE, D. 1967. The nature and types of sociological theory. London, Routledge & Kegan Paul.

MARTINDALE, D. 1975. Prominent sociologists since World War II. Columbus, Ohio, C.E. Merrill Publishing Co.

MARTINEAU, H. 1855. (Vert.) The positive philosophy of Auguste Comte. New York, Blanchard.

MAUS, H. 1965. A short history of sociology. London, Routledge & Kegan Paul.

MERRILL, F.E. & ELDREDGE, H.W. 1952. Culture and society. An introduction to sociology. New York, Prentice-Hall, Inc.

MERTON, R.K. 1957. Social theory and social structure. Illinois, The Free Press.

MERTON, R.K. 1966. The role-set : problems in sociological theory. (*In* Coser, L.A. & Rosenberg, B., red. 1966. Sociological theory : a book of readings. New York, The MacMillan Co., p.376-387).

MERTON, R.K. 1968. Social theory and social structure. Toronto, Collier-Macmillan.

MEYER, A.M.T. 1969. Die idioom van die geesteswetenskappe. (*In* Meyer, A.M.T. & Nel, B.F. 1969. Die wetenskap as ontwerp. Pretoria, Academica, p.6-19).

MITCHELL, G.D. 1968. A hundred years of sociology. Chica= go, Aldine Publishing Co.

MITCHELL, G.D. 1970. Introduction. (*In* Mitchell, G.D., red. 1970. Sociology. An outline for the intending student. London, Routledge & Kegan Paul, p.1-17).

MORSE, C. 1961. The functional imperatives. (*In* Black, M., red. 1961. The social theories of Talcott Parsons. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., p.100-152).

MULDER, J.J. 1969. Die verhouding gesin, staat en skool in die opvoeding en onderwys met verwysing na die rol wat elkeen in die volksopvoeding vervul en die nood= saaklikheid van koördinasie van hierdie samelewings= verbande in die opvoedings- en onderwyspraktyk. (*In* 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Referate en besluite van die volkskongres vir opvoeding en onder= wys, 29 Sept. - 2 Okt. 1969. Pretoria, Interkerklike uitgewerstrust, p.105-115).

MURDOCK, G.P. 1949. Social structure. New York, Mac= millan.

NEL, B.F. 1968. Grondslae van die psigologiese pedago= giek. Deel I. Fundamentele oriëntering in die psi= gologiese pedagogiek. Stellenbosch, Universiteits= uitgewers & -boekhandelaars, (Edms.) Bpk.

NEL, B.F. 1969. Die krisis in die psigologie. (*In* Meyer, A.M.T. & Nel, B.F. 1969. Die wetenskap as ontwerp. Pretoria, Academica, p.31-51).

NISBET, R.A. 1953. The quest for community. A study in the ethics of order and freedom. New York, Oxford University Press, Inc.

NISBET, R.A. 1970. The social bond. An introduction to the study of society. New York, Alfred A. Knopf, Inc.

OBERHOLZER, C.J. 1960. Enkele grondstellinge van die op=voedkundige sosiologie. Ongepubliseerde M.A.-verhande=ling. Potchefstroom.

OLDS, J. 1955. The growth and structure of motives : Psychological studies in the theory of action. Illinois, The Free Press.

OTTAWAY, A.K.C. 1964. Education and society. An intro=duction to the sociology of education. London, Rout=ledge & Kegan Paul.

PARK, R.E. s.j. An outline of the principles of sociology. New York, Barnes & Noble.

PARK, R.E. & BURGESS, E.W. 1924. Introduction to the science of sociology. Chicago, University of Chicago Press.

PARSONS, T. 1949. Essays in sociological theory : pure and applied. Illinois, The Free Press of Glencoe.

PARSONS, T. 1956a. Family structure and the socialization of the child. (*In* Parsons, T. & Bales, R.F. 1956. Family, socialization and interaction process. London, Routledge & Kegan Paul Ltd., p.35-131).

PARSONS, T. 1956b. The American family. (*In* Parsons, T. & Bales, R.F. Family, socialization and interaction process. London, Routledge & Kegan Paul Ltd., p.3-33).

PARSONS, T. 1965. An outline of the social system. (*In* Parsons, T., Shils, E., Naegele, K.D. & Pitts, J.R., red. 1965. Theories of society. Foundations of modern sociological theory. New York, The Free Press of Glencoe p.30-79).

PARSONS, T. 1967. The social system. London, Routledge & Kegan Paul.

PARSONS, T. 1969. Politics and social structure. New York, The Free Press.

PARSONS, T., SHILS, E.A. & OLDS, J. 1951. Values, motives and systems of action. (*In* Parsons, T. & Shils, E.A., red. 1951. Toward a general theory of action. Deel 2. Cambridge, Harvard University Press, p.47-243).

PARSONS, T. & SMELSER, N.J. 1967. The primary sub-systems of society. (*In* Demerath, N.J. & Peterson, R.A., red. 1967. System, change and conflict. A reader on contem= porary sociological theory and the debate over func= tionalism. New York, The Free Press, p.131-140).

PERRIN, R.G. 1976. Herbert Spencer's four theories of social evolution. *American journal of sociology*, 6:1339-1359.

PIETERSE, J.E. 1971. Ek en my huis. *Handhaaf*, 10:10-15.

POPITZ, H. 1972. The concept of social role as an element of sociological theory. (*In* Jackson, J.A., red. 1972. Sociological studies, 4. Role. London, Cambridge University Press, p.11-39).

RECKLESS, W.C., DINITZ, S. & MURRAY, ELLEN. 1962. Sociali= zation and personality. (*In* Young, K. & Mack, R.W. 1962. Principles of sociology. A reader in theory and research. New York, American Book Company, p.91-94).

REX, J. 1970. Key problems in sociological theory. London, Routledge & Kegan Paul.

ROGERS, A.K. 1913. A student's history of philosophy. New York, The MacMillan Co.

ROODE, C.D. 1970. Inleiding tot die sosiologie. Kaap=stad, A.A. Balkema.

ROODE, C.D. 1974. Inleiding tot die sosiologie. Hersiene uitgawe. Kaapstad, A.A. Balkema.

ROSS, H.L. 1968. Statuses. (*In* Ross, H.L., red. 1968. Perspectives on the social order. Readings in socio=logy. New York, McGraw-Hill Book Co., p.224-226).

ROUCEK, J.S. & WARREN, R.L. 1963. Sociology. An intro=duction. New Jersey, Littlefield, Adams & Co.

RUDDOCK, R. 1971. Mens en medemens. Rolgedrag en rela=tionele patronen. Utrecht, Uitgeverij Het Spectrum, N.V.

SCHAEFER, D. 1974. Social institutions. (*In* McCabe, R.H. & Mines, R.F., red. 1974. Man and environment. Vol. 2. New Jersey, Prentice-Hall, Inc., p.242-272).

SCHNEIDER, E.V. 1969. Industrial sociology. The social relations of industry and the community. New York, McGraw-Hill, Inc.

SCHOLTZ, I.P. 1973. Die plek en taak van die ouer in die opvoeding en onderwys. Ongepubliseerde M.Ed.-verhan=deling. Potchefstroom.

SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1965. HAT Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg/Pretoria, Voortrekker=pers.

SELZNICK, GERTRUDE J. 1968. Socialization. (*In* Broom, L. & Selznick, P., red. 1968. Sociology. A text with adapted readings. New York, Harper & Row Publishers, p.84-119).

SMELSER, N.J. 1963. The sociology of economic life. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

SMELSER, N.J. 1973. Introduction. (*In* Smelser, N.J., red. 1973. Sociology. An introduction. New York, John Wiley & Sons, p.1-20).

SONNEKUS, M.C.H. 1976. Ouer en kind. 'n Handleiding oor opvoeding en opvoedingsprobleme. Johannesburg, Perskor-Uitgewery.

SOROKIN, P.A. 1928. Contemporary sociological theories. New York, Harper & Row, Inc.

SOROKIN, P.A. 1947. Society, culture, and personality. New York, Harper.

SOROKIN, P.A. 1962. Social and cultural dynamics. New York, Bedminster Press.

SPENCER, H. 1966. Social structure and social function. Uittreksel uit Spencer, H. 1897. The principles of sociology, vol. I, p.471-489). New York, Appleton-Century-Crofts, Inc. (*In* Coser, L.A. & Rosenberg, B., red. 1966. Sociological theory : a book of readings. New York, The MacMillan Co. Ltd., p.617-623).

SPENCER, H. 1968. Growth, development, structure, and function. (*In* Abrams, P., red. 1968. The origins of British sociology : 1834-1914. Chicago, The University of Chicago Press, p.199-210).

SPENCER, M. 1976. Foundations of modern sociology. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

SPIER, J.M. 1950. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee. Kampen, J.H. Kok. N.V.

SPIER, J.M. 1972. Oriëntering in die Christelike wysbe= geerte. Vertaal deur Strauss, H.J. & Strauss, D.F.M. Bloemfontein, Sacum Bpk.

STEENEKAMP, C.S. & DU PLESSIS, J.L. 1972. Struktureel-funksionalistiese fundering van die politieke stelsel as maatskaplike subsisteem. *Die Suid-Afrikaanse tyd= skrif vir sosiologie*, 4:29-40.

STEWART, E.W. & GLYNN, J.A. 1971. Introduction to socio= logy. New York, McGraw-Hill, Inc.

STEYN, ANNA F. 1975. Knelpunte in die hedendaagse wes= terse gesin. *Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosio= logie*, 11:62-69.

STOKER, H.G. 1933. Die wysbegeerte van die skeppingsidee of grondbeginsels van 'n Kalvinistiese wysbegeerte. Kaapstad, H.A.U.M.

STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg, Boekhandel De Jongh (Edms.) Bpk.

STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en rigting. Deel II. Kaap= stad, Tafelberg-uitgewers.

STRAUSS, H.L. 1969. Christelik-nasionaal en C.N.O. Bloemfontein, Sacum.

SWART, C.F. & LAMONT, A.M. 1973. Die stad. Sosiologie en beplanning. Johannesburg, McGraw-Hill (S.A.) Bpk.

TALJAARD, J.A.L. 1963. Kursus in lewens- en wêreldbe= skouingsleer en menslike samelewingsverbande. Pot= chefstroom, Pro Rege-pers Bpk.

TAUTE, B. 1955. Opvoedende onderwys. 'n Handleiding vir studente in die algemene metodiek van die onder= wys. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers & -boek= handelaars.

THOMAS, W.I. 1923. The unadjusted girl. Boston, Little, Brown & Co.

TIMASHEFF, N.S. 1967. Sociological theory. Its nature and growth. New York, Random House, Inc.

TIMASHEFF, N.S. & FACEY, P.W. 1949. Sociology. An intro= duction to sociological analysis. Milwaukee, Bruce Publishing Co.

TOBUREN, R.K. 1974. Toward a developmental social science : implications of the rejection of conservative bias. Michigan, Xerox University Microfilms.

TOBY, J. 1971. Contemporary society. An introduction to sociology. New York, John Wiley & Sons, Inc.

TYLOR, E.B. 1924. Primitive culture. New York, Brentano's.

VAN DEN BERG, J.H. 1973. Die veranderde en veranderende status en rol van die blanke onderwyser in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom.

VAN DEN BERGHE, P.L. 1963. Dialectic and functionalism : Toward a theoretical synthesis. *American sociological review*, XXVIII:696.

VAN DER VYVER, J.D. s.j. Staat, kerk en godsdiens. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 65.

VAN DER WALT, J.P. 1959. 'n Histories-prinsipiële beskou= ing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die be= tekenis van die opvoedkundige sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool. Ongepubliseerde D.Phil.- proefskrif. Potchefstroom.

VAN DER WALT, J.P. s.j. Kliniekskool Loopspruit. 'n Ge= vallestudie. Potchefstroom, Wesvalia Boekhandel.

VAN DIJK, R. s.j. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmij.

VAN DOORN, J.A.A. & LAMMERS, C.J. 1972. Moderne sociolo= gie. Systematiek en analyse. Utrecht/Antwerpen, Uitgeverij Het Spectrum N.V.

VAN EEDEN, I.J. 1973. Die funksie van die christelike kerk in die moderne samelewing. *Die Suid-Afrikaanse tydskrif vir sosiologie*, 7:1-8.

VAN HOUTE, I.C. 1949. Over den opvoeder. (*In* Mededelingen van het Nutseminarium voor paedagogiek aan de Universi= teit van Amsterdam. Groningen-Batavia, Wolters' Uit= geversmij. N.V.).

VAN RENSBURG, H.C.J. 1975. Mediese sosiologie vir ver= pleegsters. Pretoria/Kaapstad, Academica.

VAN WYK, J.H. 1972. Enkele inleidende opmerkings in ver= band met Christelike wetenskap met die oog op die be-oefening van die Christelike opvoedkunde. Potchefstroom P.U. vir C.H.O.

VAN WYK, J.H. 1972a. Die kerk. (*In* De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. Roeping en werk= likheid. Handboek vir interfakultêre wysbegeerte. Potchefstroom, Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., p.335-344).

VAN WYK, J.H. 1973. Wat is opvoeding? Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

VAN WYK, J.H. 1976. Christian pedagogy, education and teaching. *Koers*, 5/6:263-290.

VAN WYK, J.H. s.j. Die christelike skool. Potchefstroom, *COVSA-studiestuk*, no. 7.

VENTER, C.J.H. 1976. Aktuele prediking. Potchefstroom, *I.B.C.-studiestuk*, no. 108.

VENTER, E.A. 1969. Die gelowige in die samelewing. Bloemfontein, Sacum Bpk.

VENTER, E.A. s.j. Wysgerige temas. 'n Keur van Chris= telik-wysgerige opstelle uit die pen van wyle prof. dr. Erasmus Albertus Venter. Bloemfontein, Sacum Bpk.

VILJOEN, G. VAN N. 1970. Godsdiens en kultuur. *Handhaaf*, 3:14-18.

VINE, MARGARET W. 1966. An introduction to sociological theory. New York, David McKay Co., Inc.

VLOEMANS, A. 1947. Leven en leer der groote denkers. Geschiedenis van de wijsbegeerte. 's-Gravenhage, H.P. Leopolds uitgeversmaatschappij N.V.

VOLLERS, J.L. 1976. Bells venture in social forecasting. *Sociologische gids. Tijdschrift voor sociologie en sociaal onderzoek*, 2:103.

VON BERTALANFFY, L. 1967. General system theory. The quest for a general system theory. (*In* Demerath, N.J. & Peterson, R.A. 1967. System, change and conflict. A reader on contemporary sociological theory and the debate over functionalism. New York, The Free Press, p.115-129).

VON GIERKE, O. 1900. Political theories of the middle age. Cambridge.

WATERINK, J. 1958. Theorie der opvoeding. Kampen, J.H. Kok, N.V.

WILLIAMS, D. 1972. Trousered apes. New York, Arlington House.

WILLIAMS, T.R. 1972. Introduction to socialization. Human culture transmitted. Saint Louis, The C.V. Mosby Co.

WILSON, L. & KOLB, W.L. 1949. Sociological analysis. New York, Harcourt, Brace & Co.

WIRTH, L. 1951. The significance of sociology. *International social science bulletin*, 2:197-202.

WORSLEY, P. 1974. Introducing sociology. Middlesex, Penguin Books, Ltd.

WRONG, D.H. 1971. The oversocialized conception of man in modern sociology. (*In* McNall, S.G., red. 1971. The sociological perspective. Introductory readings. Boston, Little, Brown & Co., p.120-131).

ZEITLIN, I.M. 1968. Ideology and the development of sociological theory. New Jersey, Prentice-Hall, Inc.

ZELDITCH, M. jr. 1956. Role differentiation in the nuclear family : a comparative study. (*In* Parsons, T. & Bales, R.F., red. 1956. Family socialization and interaction process. London, Routledge & Kegan Paul Ltd., p.307-351).